# DOGMATIEK

**PROF. P.J. COETZEE**

**INHOUDSOPGAWE**

Elektroniese weergawe ... 6
Inleiding en voorwoord ... 8
Inleiding. ... 10
Die Dogmatiek is van groot betekenis. ... 10
Die Dogmatiek hou hom in 'n belangrike opsig besig met die dogma. ... 11
Dogma en Dogmatiek. ... 12
Dogmatiek en religie ... 13
Wese en begrip van Openbaring. ... 15
Slotsom: ... 17
DIE ALGEMENE OPENBARING ... 19
DIE BESONDERE OPENBARING ... 24
Wat verstaan ons daaronder? ... 24
Die besondere openbaring het 'n geskiedenis. ... 24
Die besondere openbaring en die Heilige Skrif. ... 25
Alles in God se Woord is geskrywe om ons die verlossing in Christus te leer ken. ... 25
Die inspirasie van die Heilige Skrif. ... 26
DIE TEOPNEUSTIE VAN DIE HEILIGE SKRIF. ... 27
LOCUS DE DEO ... 32
Ons bely deur geloof ... 32
God is onbegryplik. maar Hy kan geken word. ... 33
Daar gaan vandag ander klanke op. ... 34
God se Wese. ... 37
Die Name van God ... 40
DIE HEILIGE DRIE-EENHEID ... 45
God die Vader: ... 47
God die Seun: ... 47
God die Heilige Gees. ... 48
Die verhouding tussen die drie Persone. ... 48
DIE UITVERKIESING ... 50
Inleidend ... 50
Locus de Dacretis Dei ... 50
God se raad. ... 54
LOCUS DE CREATIONE ... 62
Die skepping is die werk van die Drie-enige God. ... 63
Die skeppingsdae ... 63

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD ..... 68
Wat dit is ..... 68
Dit gaan oor die ganse skepping (Ps. 103:19) ..... 68
Hierdie werk het 'n drievoudige karakter: ..... 68
LOCUS DE PECCATO ..... 70
Wese en oorsprong van die sonde. ..... 70
Die Pelagianisme en die sonde. ..... 72
Die oorsprong van die sonde. ..... 74
Die verbreiding van die sonde. ..... 77
Die straf op die sonde. ..... 78
Die liggaamlike dood. ..... 79
Van nature verkeer ons onder die mag van die duiwel en sy trawante. ..... 80
Die onderwysing van die Skrif word deur die ervaring bevestig. ..... 80
Die straf op die sonde vind sy kulminasiepunt in die ewige dood ..... 80
DIE LEER VAN DIE VERBOND ..... 81
By die heidendom ..... 81
Die verbondsgedagte ..... 81
Die werkverbond ..... 81
Die werkverbond het nie verval nie ..... 83
Die genadeverbond ..... 83
DIE PACTUM SALUTIS ..... 83
Die bedelinge van die genade verbond ..... 85
Die sg. verbondsvoorwaardes. ..... 86
LOCUS DE CHRISTO ..... 88
Sy Persoon ..... 88
Die vereniging van die goddelike en die menslike natuur is 'n misterie. ..... 90
Die state van Christus ..... 91
Die werk van die Verlosser (sy ampte). ..... 95
DIE LEER AANGAANDE DIE HEILIGE GEES ..... 98
Dwaalleer ..... 98
Maak ons genoeg erns met wat die Bybel ons a.g. die Heilige Gees leer? ..... 99
Die Charismatiese Beweging (Pentakostalisme). ..... 100
Die redes vir die ontstaan van die Pentakostalisme. ..... 100
Wat is nou die "eie aard" van die Pentakostalisme? ..... 100
Neo-Pentakostalisme ..... 101
Die leer aangaande die Heilige Gees ..... 105
Die Heilige Gees is nie net 'n Persoon nie, maar Hy is ook waaragtige God. ..... 106

Die Heilige Gees gaan uit van die Vader en die Seun.................. 106
Die werk van die Heilige Gees.................. 107
Die uitstorting van die Heilige Gees. .................. 109
Daar was op die Pinksterdag sekere tekens.................. 111
Dae laster teen die Heilige Gees. .................. 112
Die Ordo Salutis .................. 114
DIE ROEPING.................. 117
Die noodsaaklikheid van die gratia interna.................. 119
Die wedergeboorte.................. 120
Die geloof.................. 123
BEKERING.................. 127
Daar is ook so iets as 'n uitwendige, skynbekering.................. 130
Die regverdiging.................. 131
Die regverdigmaking neem die sondeskuld weg; die heiligmaking neem die sondesmet weg. 135
Die heiligmaking en die volharding van die heiliges. .................. 135
Die onderskeid tussen regverdiging en heiligmaking.................. 136
Die heiligmaking as werk van die gelowige of die aktiewe sy van die heiligmaking.................. 137
Die volharding van die heiliges. .................. 138
LOCUS DE ECCLESIA.................. 140
Die kerk ken tweërlei gestalte:.................. 145
Die kerk as organisme en as instituut.................. 146
Plaaslike en algemene (universele) kerk: .................. 147
Die attribute of eienskappe van die kerk .................. 147
Ware en valse kerk. .................. 148
Die regering van die kerk. .................. 149
Christus regeer sy kerk deur die diens van mense. .................. 151
Daar is kerkrade en meerdere vergaderings. .................. 152
Die mag (roeping, taak) van die kerk. (potestas ecclesiae). .................. 152
Ons onderskei wat die diens, die bediening deur die ampte betref .................. 153
Wat behels die drie dienste?.................. 154
Die genademiddels.................. 154
Die verkondiging van die Woord as genademiddel. .................. 156
Die Sakramente .................. 159
Die naam Sakrament.................. 159
Die betekenis van die Sakramente.................. 160
Die Woord en die Sakramente.................. 161
Die aantal Sakramente. .................. 164

Die heilige DOOP ........ 165
Die verband tussen die doop van Johannes en die van Jesus. ........ 166
Die instelling van die Christelike doop. ........ 167
Besprenkeling en onderdompeling. ........ 168
Wie mag die doop bedien? ........ 171
Vir wie is die doop bedoel? ........ 171
Die Skriftuurlike grond vir die kinderdoop. ........ 172
Die Heilige Nagmaal ........ 179
DIE LEER VAN DIE LAASTE DINGE. ........ 192
Eskatologie in filosofie en religie. ........ 192
Die eskatologie in die geskiedenis van die Christelike kerk. ........ 193
Die individuele eskatologie. ........ 195
Die band tussen die sonde en die dood. ........ 196
Die betekenis van die dood van die gelowiges. ........ 196
Die dood is nie letterlik ’n slaap nie, maar soos ’n slaap. ........ 197
Die onsterflikheid van die siel. ........ 198
Die getuienis van die algemene openbaring oor die onsterflikheid van die siel. ........ 199
Getuienis van die besondere openbaring aangaande die onsterflikheid van die siel. ........ 200
Die Roomse leer aangaande die verblyf van die siel na die dood. ........ 205
Na die dood voer die siel ’n bewuste bestaan. ........ 208
Die leer van die sieleslaap (psychopannychia). ........ 208
Die leer van vernietiging en van kondisionele onsterflikheid. ........ 209
Die dwaling van die "nuwe liggaamlikheid". ........ 211
Die wederkoms van Christus ........ 212
Die wederkoms is één gebeurtenis. ........ 214
Gebeurtenisse wat die wederkoms vooraf gaan. ........ 215
Die paronsia - die wederkoms van Christus ........ 223
Die doel van sy wederkoms. ........ 225
Die Millenialisme ........ 225
Die opstanding van die dooies. ........ 226
Die finale oordeel (die supremum ju dicium). ........ 229
Die finale staat ........ 231
Skrifindeks ........ 236

## Elektroniese weergawe

Die gedrukte teks is geskandeer en omgeskakel na 'n Word dokument om dit te kan redigeer.

Daar is opgemerk dat die afkortings van die belydenisskrifte nie konsekwent in die teks is nie. Dit is as volg verander:

Nederlandse Geloofsbelydenis: N.G.B.
Heidelbergse Kategismus: HK.
Dordtse Leerreëls: DL. (behalwe waar dit reeds voluit geskrywe is)

Die teks gebruik ook verouderde afkortings vir die Bybelboeke, dit is verander om ooreen te stem met die jongste afkortings van die Bybelgenootskap:

| | |
|---|---|
| Gen. | Genesis |
| Eks. | Eksodus |
| Lev. | Levitikus |
| Num. | Numeri |
| Deut. | Deuteronomium |
| Jos. | Josua |
| Rig. | Rigters |
| Rut | Rut |
| 1 Sam. | 1 Samuel |
| 2 Sam. | 2 Samuel |
| 1 Kon. | 1 Konings |
| 2 Kon. | 2 Konings |
| 1 Kron. | 1 Kronieke |
| 2 Kron. | 2 Kronieke |
| Esra. | Esra |
| Neh. | Nehemia |
| Est. | Ester |
| Job. | Job |
| Ps. | Psalms |
| Spr. | Spreuke |
| Pred. | Prediker |
| Hoogl. | Hooglied |
| Jes. | Jesaja |
| Jer. | Jeremia |
| Klaagl. | Klaagliedere van Jeremia |
| Eseg. | Esegiël |
| Dan | Daniël |
| Hos. | Hosea |
| Joël | Joël |
| Am | Amos |
| Matt. | Matteus |
| Mark. | Markus |
| Luk. | Lukas |
| Joh. | Johannes |
| Hand. | Handelinge |
| Rom. | Romeine |
| 1 Kor. | 1 Korinthiërs |
| 2 Kor. | 2 Korinthiërs |
| Gal. | Galasiërs |
| Ef. | Efesiërs |
| Fil. | Filippense |
| Kol. | Kolossense |
| 1 Thess. | 1 Thessalonisense |
| 2 Thess. | 2 Thessalonisense |
| 1 Tim. | 1 Timoteus |
| 2 Tim | 2 Timoteus |
| Tit. | Titus |
| Filem. | Filemon |
| Heb. | Hebreërs |
| Jak. | Jakobus |
| 1 Pet. | 1 Petrus |
| 2 Pet. | 2 Petrus |
| 1 Joh. | 1 Johannes |
| 2 Joh. | 2 Johannes |
| 3 Joh. | 3 Johannes |
| Jud. | Judas |
| Openb. | Openbaring |

| | |
|---|---|
| Ob. | Obadja |
| Jona | Jona |
| Miga | Miga |
| Nah. | Nahum |
| Hab. | Habakuk |
| Sef. | Sefanja |
| Hag. | Haggai |
| Sag. | Sagaria |
| Mal. | Maleagi |

H. Gees is telkens voluit geskrywe as Heilige Gees.

H. Skrif is telkens voluit geskrywe as Heilige Skrif

Waar Griekse en Hebreeuse woorde getranslitereer aangehaal word, is telkens 'n poging aangewend om die woord ook in Griekse en Hebreeuse lettertipe in vierkantige hakies aan te haal.

# Inleiding en voorwoord

Volgens my kennis, bestaan daar nie 'n een volume uitgewerkte sistematiese teologie oftewel gereformeerde dogmatiek handboek (soos bv. Louis Berkhof se 'Systematic Theology') deur 'n GKSA teoloog nie, vanaf 1859 tot op hede nie. Daar is natuurlik wel heelwat artikels deur verskillende dopper teoloë en predikante wat die verskillende dogmatiese onderwerpe (*loci theologici*) aanspreek, sien bv. al Totius se artikels wat in sy 'Versamelde Werke' verskyn, 'Kosbare Goud' deur 'n aantal gereformeerde teoloë en predikante, asook die 'klein dogmatiek' van B. Duvenhage, 'Gereformeerde Geloofsleer'.

Daarom was ek dankbaar dat ek op prof. PJ Coetzee se 'Dogmatiek' afgekom het, uitgetik in  bladsye, wat sy klasaantekeninge was vir die dogmatiek klasse wat hy gegee het by die GKSA se teologiese skool in Potchefstroom, waar hy geleer het vanaf 1970-1980.

Na my mening is die drie belangrikste dogmatiek teoloë en hul belangrikste dogmatiese werke wat die gereformeerde Afrikaner se teologiese denke gevorm het of behoort te vorm, die volgende:

Johannes Calvyn, *Die Institusies van die Christelike Godsdiens.*

Wilhelmus a'Brakel, *De Redelijke Godsdienst.*

Herman Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek.*

In my lees van prof. PJ Coetzee se *Dogmatiek*, vind ek die lyne van veral Calvyn en Bavinck gereeld in sy werk.  Sy werk sal daarom as goeie oorsigtelike inleiding dien om opnuut al die oorspronklike gereformeerde bronne te herontdek waarin ons gereformeerde voorvaders gevoed is vanuit die Heilige Skrif.

'n Baie groot woord van dank aan **Willem Swanepoel** (Gereformeerde Kerk Wilropark) wat sy gawes en diens gratis beskikbaar stel om hierdie kosbare werk (asook baie ander gereformeerde werke wat al uitdruk gegaan het), weer vir ons en ons nageslag beskikbaar te stel in elektroniese formaat.

Mag hierdie elektroniese bekendstelling en beskikbaarstelling van prof. Coetzee se werk vir alle predikante, teoloë en lidmate 'n kosbare (stukkie) goud wees om ons te bevestig in die bybels-gereformeerde geloof wat ons ontvang het, en ons deur sy Gees en Woord sal laat aanhou reformeer, ook midde en vir ons tye:

“Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. EK besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en

lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening." (2 Timoteus 3:14–4:5)

Slabbert Le Cornu<br>Gereformeerde Kerk Carletonville<br>April AD 2021

nota: ons vra dat u enige spelfoute of verbeterings onder ons aandag sal bring, sodat ons hierdie dogmatiek boek nog meer kan verbeter vir gebruik, dankie.

"Die beoefening van hierdie wetenskap raak die wel en weë van die kerk. Deur verwaarlosing en miskenning van die dog-ma word die ruggraat van die kerk gebreek (Het Dogma der Kerk, p. 7). Die kerk staan dan weerloos in 'n vyandige wêreld, die prediking word uitgehol en die geloofslewe van die lidmate aan verskraling prysgegee. Ook wie met Dog-matiek besig is, moet waak en bid. Die Dogmatiek kan vir die kerk 'n bron wees van reformatoriese lewe, maar ook 'n invalspoort vir verleidende geeste. *Die Dogmatiek is van wesenlike belang vir die kerk in al sy dienste*." - prof. PJ Coetzee (*Dogmatiek*, bl. 8)

# DOGMATIEK

## Inleiding.

Die Dogmatiek is van groot betekenis.

(1) Vir die teologie.

Ensiklopedies gaan die eksegese daaraan vooraf - na die resultate van die Skriftuurlike eksegese moet fyn geluister word. Die Kerkgeskiedenis is vir die Dogmatiek nodig – ten einde die dwaalweë en die suiwere koers skerp te onderskei. Sonder die diakonia van die kerk sou die Dogmatiek nie in die praktiese lewe veel deurwerking vind nie. In hierdie opset het die Dogmatiek ’n eie plek. Dit vorm die sluitsteen, die saambinding en gee stuur "aan geheel het theologische bedryf" (K. Dijk).

(2) Vir die kerk.

Die beoefening van hierdie wetenskap raak die wel en wee van die kerk. Deur verwaarlosing en miskenning van die dogma word die ruggraat van die kerk gebreek (Het Dogma der Kerk, p. 7). Die kerk staan dan weerloos in ’n vyandige wêreld, die prediking word uitgehol en die geloofslewe van die lidmate aan verskraling prysgegee. Ook wie met Dogmatiek besig is, moet waak en bid. Die Dogmatiek kan vir die kerk ’n bron wees van reformatoriese lewe, maar ook ’n invalspoort vir verleidende geeste.

Die Dogmatiek is van wesenlike belang vir die kerk in al sy dienste.; Dit het alles te maak

a) met die Woordbediening in die erediens. Vgl. G.C. van Niftrik, Kleine Dogmatiek, p. 13/14, oor die Skelet en die bakens in die see.

b) Verder, met die kategese (die Dogmatiek gee beslag aan die onderwysing en die pastoraat op hierdie vlak -daarom moet dit bo verdenking Bybels-verantwoord wees.

c) Met die hele herderlike sorg«. Suiwer dogmatiese besinning is nodig om die regte weg te wys en nie dwaalweë te betree in mistisisme en intellektualisme, in praktisisme en indifferentisme nie.

d) Die dogma en dogmatiese besinning moet ’n duidelike beslag gee aan die liturgiek (inrigting van die erediens). Vgl. die essensiële teenstellings tussen die Roomse Kultus as diens van die offer en die gereformeerde as diens van die Goddelike Woord.

Die credo moet die hele liturgie bepaal.

(e) Ook aan die diakonale sorg word ’n bepaalde stempel gegee. Basies is bv. die visie of dit ’n diens van die kerk is wat Christus beveel het, en of dit ’n orgaan is (die kerk) wat net ’n sosiale taak het, ’n taak wat maatskaplike werkers ook kan verrig. M.a.w. die hele kerk en al sy arbeid is aan die

dogma gebonde. Dit vind sy hoogtepunt in die woordbediening.

(3) Vir die persoonlike lewe van die Christene. Die geloofslewe verkeer onder bedreiging. Vir die oefening van die geloof het die dogma, die belydenis van die kerk en die verdere bestudering van hierdie dogma, die sistematiese bewerking van die openbaringsgegewens, groot waarde.

(1) Elkeen vaar nie onder sy eie vlag nie. Die dogma van die kerk kom met die eis van saambinding en word gedra deur wat Paulus in Ef. 3:18 skrywe. Die Dogmatiek met sy bevrugtende arbeid vir die kerk stimuleer die gemeenskap van die heiliges. Vgl. Het Dogma der Kerk, p. 12.

(2) Daar is die gevaar dat deur eensydigheid ons geestelike lewe of verstar of vervloei of opgaan in ongesonde bevinding, of verswelg raak in die drukte van die lewe. Die dogma en die Dogmatiek lei ons na die Heilige Skrif. So leer ons dat die geloofskennis die geloofservaring eis, dat die regverdiging in die heiliging vrug dra, dat die stuk van die dankbaarheid noodwendig volg op die stuk van die verlossing. So word die weg suiwer gesien, en kan ook gewaak word teen wat van die suiwere belydenis kan vervreem (die apostels waarsku ernstig in Kol. 2:4 e.v.; 2 Thess. 2:1 e.v.; 1 Tim. 1:3 e.v.; 2 Tim. 2:14 e.v.; 2 Pet. 2:1 e.v.; 1 Joh. 4:1 e.v. (Vgl. ook Christus se vermaning in Op.2:6, 10, 13, 24; 3:3, 8, 10, 11).

Daar moet dus wisselwerking wees tussen Kerk en teologie. Vgl. G.C. van Niftrik. a.w., p. 9/10 oor die eksistensiële toespitsing van die Dogmatiek. Ons is nie neutrale toeskouers nie. Dit is ’n geloofsdaad - luister, nadink, naspreek, terugwys na God se Woord.

Die Dogmatiek hou hom in ’n belangrike opsig besig met die dogma.

Die woord Dogmatiek is immers van dogma af gelei.

Die betekenis van ’n dogma. In die teologie beteken dogma nie die mening (mera opinio) of insig van ’n teoloog of van ’n teologiese rigting nie. Dit is nie slegs ’n opinio fidelium nie, maar ’n decretum ecclesiae. Dit is ’n deur die Kerk onder die leiding van die Heilige Gees en dus met die aan die Kerk verleende outoriteit, uitgevaardigde leerstuk (A. Kuyper, Enc. der Heilige Godgeleerdheid, III, p. 396). Die uitgangspunt vir die Christelike spraakgebruik is Hand. 16:4 vergeleke met Hand. 15:28. (Vgl. ook Luk. 2:1 en Kol. 2:14). Ons lees hier van dogmata en van edokse. Dit blyk: die Sinode te Jerusalem gee nie net ’n opinie of rig ’n versoek waarby die kerke "vryblywend" is nie, Nee, daar is gestaan in die oortuiging dat die uitspraak geskied onder dekking van die gesag van die Heilige Gees. Kragtens die belofte van die Hoof van die kerk (Joh. 16:3a) kan die kerk oortuig wees dat die leerstukke (dogma's) wat hy vasstel met gesag beklee is omdat die kerk by die vasstel daarvan deur die Heilige Gees gelei is.

Die woord dogma (dit word gebruik om die belydenis van die waarheid van God

deur die kerk aan te dui) kom van die Griekse woord dokein [δοκεῖν]; dit kan goed dink, of besluit beteken. In lg. sin word dogma gebruik vir in uitspraak van die Kerk. Sodanige uitspraak is 'n menslike woord, maar 'n gekwalifiseerde woord. Dit is tegelyk 'n "formulering" wat "vrug is van die besinning op God se Woord, en dit dra 'n gesagskarakter. Dit steun vir hierdie gesag op die woorde van God wat aan die kerk toevertrou is. By Plato ontleen die dogma sy gesag aan die geestelike oorwig van die denker, by die Romeinse Keiser aan sy wêreldlike mag. Die kerklike dogma rus egter in die openbaring van God en mag sy gesag alleen hierin grond. Wie hom nie deur die kerk laat bind as hy suiwer volgens die Skrif spreek, laat hom ook nie deur Christus bind nie. (Het Dogma der Kerk, p. 14).

Ons kan die dogma dus so omskrywe: Dit is die uitspraak van die deur God se Gees geleide kerk, wat hom op die waarheid van God besin (die kerk se refleksie), en die resultaat neerlê in sy reproduksie, in sy belydenis.

Dogma en Dogmatiek.

Die dogma is die reproduksie van die refleksie van die kerk op die waarheid van God - altyd in kerklike sin. Die Dogmatiek is die wetenskaplike arbeid, wat hom met die dogma van die kerk volgens die maatstaf van die Heilige Skrif besig hou. Dit is dus arbeid met 'n dogmatiese gerigtheid. Tussen die Dogmatikus en die Skrif lê in 'n sekere sin die dogma, wat die waarheid van die Skrif suiwer wil uitdruk. (K. Barth: "Das Wort Gottes ist über dem Dogma wie der Himmel über der Erde ist.") Op die Dogmatikus rus die plig om te ondersoek of dit so is, en vir so ver dit blyk, te bewys dat dit so is (A. Kuyper, a.w., p. 411).

Die Dogmatikus probeer langs hierdie weg kom tot 'n sistematiese weergawe van die geopenbaarde kennis of waarheid van God. Dit spreek vanself dat die Dogmatiek daarby rekening hou met die historie-ontwikkeling in die dogma-vorming en die stryd wat die kerk in hierdie opsig gevoer het; die Dogmatiek het nie net met één eeu te doen nie, al moet dit self die dogma enkel en alleen uit die Skrif opbou. Vgl. G.C. van Niftrik, a.w., p. 15/16 oor die Dogmatiek as 'n kritiese wetenskap. Verder: Het Dogma der Kerk, p. 17/18, ook i.v.m. die teëpool van die konfessionalisme, die anti-konfessionalistiese Biblisisme (p. 18/19).

A. Kuyper: Die Dogmatiek is die sisteem van die kennis van God, dit is die studievak wat die aan ons geopenbaarde waarheid, in die vorm van ons eie bewussyn, uiteensit (a.w., P. 347, 395).

H. Bavinck: "Dogmatiek is alzoo en kan niet anders bestaan dan als wetenschappelijk systeem der kennisse Gods, dat is nader op Christelijk standpunt, van die kennis, welke Hij aangaande Zichzelf en aangaande alle schepselen als staande in relatie tot Hem in Zijn Woord aan de Kerk heeft geopenbaard" (Geref. Dogm. I, 15).

Die naam:

In 1659 het Lukas Reinhardt se Synopsis theologiae dogmaticae verskyn. Die naam Dogmatiek toe vir eerste keer op voorgrond. Voorheen was daar ander name soos

Sententiae, Summa Theologiae, Loci Communes, Institutio religionis christianae, Synopsis puris theologiae; later is ook van Christliche Lehre (Geloofsleer) gespreek.

Dogmatiek en religie

Die dogma en die dogmatiek wat hom met die dogma besig hou, bring ons by die breë veld van die religie. Eerbied betaam die beoefenaar van hierdie wetenskap.

Bavinck: "Die misterie is die lewenselement van die dogmatiek". Die woord religie: etimologies af te lei van relegese (herlees, jou noukeurig besin — dus ernstige bepeinsing van die Goddelike dinge), of van religare (vasheg, vasbind - lê alle nadruk op die gebondenheid aan God) of van ligere of deligere (terug sien of opsien - spreek dus van die vrees en die eerbied vir God.

I Wese van die religie:

(a) religio objectiva. O.T. leer d.i. die verbond van God met sy volk. Uitvloeisel van daardie verbond is God se woorde, gebooie, insettinge van die Here - dit vorm saam die thora, die onderwysing, die wetboek van Jahwe. Dit is die verhouding tussen God en mens wat deur God Self verordineer is. Die religio objectiva is volgens die Heilige Skrif die kennis wat God a.g. Homself aan sy skepsele geskenk het; sy wette; die wyse waarop Jahwe volgens sy eie woord gedien wil word. God laat dit nie a.d. willekeur van sy skepsel oor hoe Hy gedien wil word nie. Die religio objectiva bereik sy hoogtepunt in die openbaring van God in Jesus Christus.

(b) religio subjectiva. D.i. die religieuse gesindheid van die hart, waar geloof, hoop en liefde die vernaamste komponente moet wees. Die Reformatore laat die religio subjectiva uit die wedergeboorte opkom, meer bepaald uit die geloof, en het skerp onderskei tussen die subjektiewe gesindheid, cultus internus (aanbidding, vertroue, gehoorsaamheid, onderwerping) en die sig na buite openbarende diens van God, cultus externus (die erediens in engere en wyere sin). Die religio subjectiva is 'n habitus, 'n sekere aanleg in die mens wat onder die invloed van die religio objectiva in dade oorgaan. Hierdie "aanleg" by elke mens. (Calvyn: "semen religionis omnibus inditum", Inst. I, 4, 1). Dit vind uiting in die liefde tot God en die naaste (Matt. 22).

II Setel van die religie. Dit omvat die hele mens. Die intellektualiste beweer dat die setel van die religie in die verstand is, die moraliste soek dit in die wil, die sensualiste in die gevoel. Die religie is 'n saak van verstand., wil en gevoel; die hele mens word opgeëis met al die gawes en kragte wat God geskenk het.

III Oorsprong van die religie. Daar was geen aanvangsperiode waarin die mens sonder religie was, sonder gemeenskap met God, sonder kennis van God, sonder dat die mens in sy diens gestel was nie. Die mens was nie oorspronklik neutraal of indifferent teenoor God nie. Die religie is met die skepping gegee - die mens na God se beeld en gelykenis. Adam - seun van God (Luk. 3:38). Wie die religie

wil vernietig, maak ’n aanslag op die menslike natuur self.

(Daar is beweer dat die religie uit priesterbedrog te verklaar is - dat priesters hulle as tussengangers tussen die mense en onsigbare wesens of "gode" kom opwerp het - so het godsdienste en priesterklasse, word beweer, ontstaan. Dit is al dwaas genoeg om so ’n algemene en magtige verskynsel as die religie op die manier te wil verklaar).

IV Uiting van die religie. Die religie mag nie verborge bly in die intimiteit van ons innerlike lewe nie. Dit begin wel daar. Dit kom van binne uit, uit die wedergebore hart (die verstand verlig, die gevoel en die wil vernuut en geheilig). Die religie tree aanbiddend na buite. Die cultus internus dring tot cultus externus, die openbaring na buite, die hoorbare gebed, die onderhouding van God se gebooie, die belydenis van sy Naam, die saamkom in sy voorhowe (kortom: die private en die publieke erediens).

Deur die sonde is die religie bederwe (vgl. gruwels in heidenwêreld by die verering van hulle gode). Die religie - ontaard, maar nie vernietig nie. Deur die verlossing in Jesus Christus word dit in beginsel herstel en geheilig.

In die ware religie gaan dit om die juiste kennis van God (vr. 122, HK.: "Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee ons eerstelik dat ons U reg ken ...") en dan om die suiwere belydenis van sy Naam (vr. 99, HK.: ..... "kortom, dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word").

Om hierdie kennis en belydenis is dit in die dogma van die kerk en in die dogmatiek as teologiese wetenskap te doen.

Die dogma kom uit die religie op en kan sonder die religie nie bestaan nie. Ondertussen is die dogma die inhoud en lewenskrag van die dogmatiek. Daar is drie principia waaruit die religie opkom:

(1) As daar religie sal wees, dit is gemeenskap met God en diens aan God en kennis a.g. Hom. God moet bestaan. Sonder sy bestaan kan daar van sy diens geen sprake wees nie. Hierdie principium essendi vorm die grondslag van die religie en die dogma - dit beheers dus ook die dogmatiek.
(2) Die principium cognoscendi externum - dit behels dat as daar van religie (en ook van dogmatiek) sprake kan wees, God nie alleen moet bestaan nie, maar dat Hy ook kenbaar moet wees.
(3) Hiermee moet gepaard gaan die principiun cognoscendi internum (in subjecto) d.w.s. as die mens God kan ken en dien, moet hy ook self die innerlike orgaan besit om die kennis te gryp en te belewe. God moet bestaan Hy moet geken kan word, ons moet Hom kan ken.,

D.i. die onmisbare uitgangspunte vir die religie en die dogmatiek.

Wese en begrip van Openbaring.

(a) Openbaring is eie aan die religie. Dit geld die Christendom, maar ook ander godsdienste. Die besef ook by heidene: die "gode" moet hulle bekend maak indien die mens iets van die bonatuurlike dinge sal weet. Geskiedenis van die godsdienste laat blyk: alle godsdienste berus op Openbaring - ’n kenmerkende, wesenlike bestanddeel, Soveel sg. "heilige boeke":

(1) In die sg. natuurgodsdienste - die "gode" openbaar hulle deur orakels, profete, tekens en wonders wat die mense waarneem of meen om waar te neem in die natuur - boweal aan die hemelgewelf of in al wat afwyk van die gewone loop van die dinge.

(2) In die sg. etiese godsdienste. Volgens Tiele (Inl. tot die godsdienswetenskap) word hier persoonlike "gode" aangeroep. Maak daarop aanspraak dat hulle deur ’n middelaar gestig is aan wie die "godheid" die hoogste openbaring aan die mensheid bekend gemaak het. Zarathustra sy roeping tot profeet in ’n droom ontvang - hy sou menigmaal deur engele in die hemel gebring gewees het - daar in gesprek met Osmuzd. Mohammed sy eerste openbaring, 40 jaar oud, daarna telkens openbaringe - die inhoud in die Koran. Die Grieke en Romeine glo die gode is redders, helpers, raadgewers van die mense - moes wil van die gode aflees van die vlug van voëls, uit die ingewande van diere, verskynsels aan die hemeltrans. In hierdie godsdienste ’n nabloei van die paradysheerlikheid, soos naglans na sononder.

(b) Dat Openbaring eie is aan die religie is begryplik.

Die godsdiens stel die mens in ’n verhouding, nie eerstens tot die wêreld of tot die medemens, maar tot ’n bonatuurlike, onsienlike, ewige mag hoe die mens hom hierdie mag ook al indink. Sommige wil hierdie verhouding ontken, bv. Fenerbach wat sê: God is niks anders as die hipostasering van menslike begeertes, drome en verlangens nie - die godsdiens het te doen met die mens se verhouding tot homself; Comte sien dit as die verhouding tot die mensheid; Strauss: die mens se verhouding tot die wêreld geheel; Haeckel: tot die ware, die goeie en die skone; spiritisme.: tot afgestorwe geeste.

Godsdiens word in bygeloof omgesit, ’n waan.

Die agnostisisme (leer van die onkenbaarheid van die bosinnelike dinge, meer bepaald van God, van sy bestaan en sy wese) lynreg in stryd net die wese van die religie (terwyl die ateïsme God se bestaan loën, onthou die agnostisisme van Huxley, Spencer, Darwin e.a. hulle van ’n besliste uitspraak (abstentionisme). Die Heilige Skrif leer egter sowel die onbegryplikheid van God vanweë sy oneindige grootheid (Joh. 11:7; 26:14; 36:26; Joh. 1:18; 1 Tim. 6:16), asook sy kenbaarheid o.g.v. sy algemene en besondere Openbaring. (Hand. 14:17; Rom. 1:19, 20, Joh. 1:18).

Die skeptisisme. die wysgerige standpunt dat kennis van die dinge nie moontlik is nie - die moontlikheid van ’n objektiewe kennis is dus uitgesluit, (Hulle saag

die tak af waarop hulle sit).

Ook by die primitiefste, laagste vorm van natuur godsdiens reeds geloof aan gode, hul transendensie, en aan die mens se verwantskap aan hulle. Alle godsdienste is supra-naturalisties in die sin dat 'n goddelike mag aanvaar word wat van die wêreld onderskeie en daarbokant verhewe is en desnietemin langs een of ander weg daarin neerdaal en so die beoefening van gemeenskap moontlik maak (panteïsme - God één met kosmiese werklikheid). Merendeel godsdienste rus op openbaring, op die geloof aan 'n bewuste, vrywillige, opsetlike bekendmaking van God aan die mens. Die naturalis (die mens wat net die werklikheid van hierdie natuur, van die natuurlike wêreld erken, sal van 'n bonatuurlike openbaring nie wil weet nie. Die naturalisme val saam met die materialisme wanneer alleen die stoflike werklikheid erken word, die selfstandige realiteit van die geestelike geloën word, en die psigiese uit die materiële verklaar word. Tweedens kan ook naturalisme genoem word elke stroming wat wel die werklikheid van die geestelike erken, wat ook in hierdie wêreld onderskei tussen stof en gees, maar 'n transendente God bo hierdie wêreld verwerp - dan is die naturalisme eintlik dieselfde as panteïsme wat alleen wil weet van onpersoonlike, ewige, goddelike kragte in die wêreld.

Die Heilige Skrif leer dat God en wêreld nie een is nie, maar twee. God is voor, bo en onafhanklik van die wêreld (transendensie) en tegelykertyd is Hy in alle dinge teenwoordig (immanensie); hierdie teenwoordigheid is dan nie van so 'n aard dat God en wêreld ineenvloei nie, dat die grense tussen God en wêreld uitgewis word nie, maar so dat God onafhanklik van die wêreld bestaan. Teïsme teenoor panteïsme (Spinoza: God en wêreld is nie wesenlik nie, maar slegs in ons denke onderskeie. God, die ewige grondwese, die oneindige substansie, openbaar Hom sonder om self gees of stof, denke of uitgebreidheid te wees, in tallose vorme in die geestelike wêreld as denke, in die stoflike wêreld as uitgebreidheid).

Fichte: die sedelike wêreldorde is God. Schopenhauer: die wêreldgrond is die bewustelose, blinde wil (panteïstiese inslag - God nie 'n selfbewuste en willende wese wat voor, bo en onafhanklik van die kosmos bestaan nie.

Die deïstiese naturalisme bely nog wel in persoonlike God, erken ook 'n algemene openbaring van God in die natuur, die geskiedenis en die innerlike lewe (verstand en hart) van die mens, maar verwerp die moontlikheid en selfs die noodsaaklikheid van 'n besondere, bonatuurlike openbaring. Herbert (oorlede 1648), John Locke (oorl. 1704) e.a. wil alleen weet van 'n natuurlike openbaring en nie van 'n geopenbaarde supra-naturele religie nie. Hierdie naturalisme het tot rasionalisme gelei wat nie alleen die openbaring van God maar ook alle religie verwerp het. Die rede doen ook uitspraak oor die inhoud van die openbaring; die openbaring mag nie met die rede in stryd kom nie, mag niks bevat wat nie prinsipieel en potensieel in die rede aanwesig is, en dus ook deur die rede beoordeel kan word nie. Die rasionalisme het ten slotte gehandhaaf

dat daar geen ander openbaring as deur die natuur en die geskiedenis is nie. Die humanisme hier aan die woord: God openbaar Hom in die ontwikkeling van die menslike gees. Dit borrel op uit 'n innerlike, skeppende bron, soos bv. die geniale, die originele, die gawe van poësie openbaringe van God genoem word (Herder, Jacobi, Schelling, Duitse wysgeer van die Idealisme).

Schelling; "Die menslike gees skep vir hom sy wêreld, en die verhewe idees wat uit die altoos worstelende en skeppende gees opstyg, is openbaringe: God openbaar Hom dus nie aan die mens nie, maar in hom,

Wie die supra-naturele openbaring van God loën, wie die natuurlike wêreld die een en al ag, wie alles wat bo die natuur uitgaan, misken, sien hierdie wêreld as synde selfstandig en onafhanklik van God; kan ten slotte die geloof in God nie meer handhaaf nie. Religie en bonatuurlike openbaring hang ten nouste saam, die een is sonder die ander nie moontlik nie; daarom het ook elke poging om die openbaringsfeite en die heilswonders naturalisties te verklaar, uitgeloop op loëning van hierdie feite en het hierdie resultaat duidelik in die lig gestel dat die naturalisme hom teen oor die Heilige Skrif stel, Die wonder, die genade word oorbodig geag, natuurkrag en s.g. natuurlike Godsdiens is alles - maar daarmee verval die waaragtige religie wat sy grond in die God van die Skrifte vind, wat nie met die natuur saamval nie, maar wat, hoewel Hy ook immanent in hierdie wêreld is, tog transendent daarbokant verhewe is en Hom in sy genade, in die Persoon van Jesus Christus openbaar.

Die Teïsme staan teenoor die Deïsme wat God van die skepsel losmaak en die mens van God se gemeenskap beroof; en teenoor die Panteïsme wat die gemeenskap skynbaar laat bestaan, maar dit vereenselwig Skepper en skepsel., dit beskou die skepsel as deel van die Skepper en laat in die Al - "één die goddelike en menslike lewe saamvloei. Die Deïsme weet van die transendensie van God, die Panteïsme van sy immanensie - beide opereer met 'n deel van die waarheid, vat dit eensydig op en werk dit gebrekkig uit. Die Teïsme handhaaf dat God geskeie van en verhewe bo al die geskapene in Homself bestaan en dat God nou met die skepping verbonde is en in die skepsel woning maak. Die Teïsme ken beide waarhede (God se transendensie en sy immanensie), sien hulle in 'n juiste verband, hou hulle in die regte ewewig en bring hulle tot 'n harmoniese ontwikkeling.

Ons bely as Gereformeerdes die Naam van dié God wat die wil en die vermoë het om die kennis wat Hy van Homself het (d.i. theologia archetypa) aan die mens in die nate wat vir die mens genoegsaam sal wees, mee te deel, sodat die mens Hom sal ken (sodat daar dus by die mens sprake van theologia ectypa sal wees) en die mens Hom sal liefhê, dien en verheerlik

Slotsom:

Openbaring (oopdekking, onthulling) is in die algemeen mededeling of bekendmaking van dit wat nog nie bekend is nie. Dit sluit in die religie drie

elemente in:

(1) die bestaan van ’n persoonlike, goddelike Wese wat Hom bekendmaak.
(2) ’n waarheid, ’n feit, ’n gebeurtenis wat dusver nog nie bekend was nie.
(3) ’n menslike wese aan wie die bekendmaking geskied.. Op die standpunt van die naturalisme kan daar, as ons hierdie drie elemente in gedagte hou, geen sprake van openbaring wees nie. Openbaring en religie onderstel dat God en mens onderskeie is en desnietemin in ’n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Die religie is, soos die historiese ondersoek van alle. godsdienste leer, ’n relasie van die mens tot ’n persoonlike God, en hou om die rede op om te bestaan as God en mens in wese den is, Die openbaring is ’n daad van God waardeur Hy Hom aan die mens meedeel en bekend maak.

# DIE ALGEMENE OPENBARING

Die mens kan nie na God opklim nie. God wat ’n ontoeganklike lig bewoon kom na ons - so reeds na die sonde val. "Waar is jy?" (Gen. 3:9). Dit doen Hy in sy openbaring (apokalupsis - wegneem van die omhulsel; epiphaneia - die verskyning, die helder in die lig kom). Hy laat Hom ken so vêr ons dit kan en mag weet. Langs die weg maak Hy gemeenskap met Hom en diensbetoning aan Hom moontlik. Bavinck se: Die openbaring van God is en omvat alle handeling wat van God uitgaan om die mens te bring en te hou in die eienaardige relasie tot Hom wat met die naam religie aangedui word.

Op welke manier laat God die bg. aksie na ons uitgaan? Dogmatici het al onderskei tussen die objektiewe media buite ons en die subjektiewe in ons. Daar is ook onderskei tussen die teofanie (Godsverskyning), die profesie (Woord openbaring) en die wonder (God se werke). Ook in die paradys geen kennis van en geen gemeenskap met God behalwe d.m.v. sy openbaring. God se woord en daad gaan telkens saam. Vgl. Jes. 6: die majestueuse verskyning, met ’n opdrag. Hy spreek soos Hy doen, en Hy handel soos Hy spreek. God openbaar Hom deur sy Woord in sy spreke tot en met die mens in en buite die paradys. Hy doen dit direk, maar Hy doen dit ook langs die middellike weg in die droom (Gen. 28:12 e.v.) in ’n diepe slaap (Gen. 15:12); in ’n visioen (Jes. 6); deur die Urim en Tummim (Eks. 28:30); deur die inspraak van die Heilige Gees (2 Pet. 1:21) ens. Daarmee verbind Hy sy openbaring deur die daad vgl. sy verskynings begelei deur verskillende tekens (Gen. 15:17 e.v.; Eks. 19:18 e.v.; Luk. 2:8 e.v.) en ten hoogste in Jesus Christus wat die vleesgeworde Woord is, God met ons, Immanuel (Joh. 1:14; Jes. 7:14).

Hy openbaar Hom, stel Hom bekend in en deur al die werk van die skepping en die herskepping, deur sy groot wonders in die natuur en in die genade. Hy doen dit veelkleurig en oorweldigend veelsydig. Hierdie skepping is die terrein van sy openbaring. Waar Hy skep en dra, waar Hy onderhou en regeer, waar Hy oordeel en verlos, waar Hy skoonheid ten toon sprei en sy ontferming bewys werk Hy openbarend. Daar is in die werke van sy hande geen plek aan te wys waar die strale van sy heerlikheid nie deurdring nie. Die terreine van sy openbaring moet onderskei, maar mag nie geskei word nie. God se openbaring in sy skeppingswerk en in die onderhouding van alle dinge in die regering van die wêreldlewe is anders as in die werk van die verlossing deur Jesus Christus, God se "genade" werk anders in die koringaar wat, ondanks die vloek, uit die aarde opspruit, as in die sondaarshart wat Hy wederbaar. So is die openbaring in groot trekke geneem tweërlei, tewete Sy algemene en Sy besondere openbaring. Polman sê in Het Dogma der Kerk dat daar heel vroeg in die Christelike jaartelling agtergekom is dat daar in die Heilige Skrif van tweërlei openbaring van God gespreek word. Die naamgewing het net probleme gegee. Daar is gespreek van natuurlike en bonatuurlike, middellike en onmiddellike, algemene en besondere openbaring. Polman verkies om te spreek van die fundamentele en die besondere openbaring, alhoewel hy erken dat hierdie terminologie ook aanvegbaar is.

Die algemene openbaring:

(Hierdie term word gebruik om te kan onderskei. Die revelatio in Christus het natuurlik ook sy algemene sy), Vgl. Art. 2 N.G.B.: "Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos ’n mooi boek waarin alle skepsele groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien naamlik sy ewige krag en Goddelikheid soos die apostel Paulus sê, Rom. 1:20; dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem.

Wat die Bybel in hierdie verband leer:

(1) Die skepping van die mens na die beeld van God (Hand. 17:28) is die basis vir alle kennis van God, Vgl. vr. 6, HK. Hierby kom dat die algemene openbaring onmoontlik sou wees as God dit nie deur die Heilige Gees vir ons ontsluit het nie.

(2) Die algemene openbaring in die skepping, die geskiedenis en in die gewete kan nie reg verstaan word nie, behalwe in die lig van die besondere openbaring.

Ps. 35:9: Denn bei dir ist die Quelle des Lebens, mid in deinen Licht sehen wir das Licht.[1]

Job 38: ’n Lied oor die grootheid van God soos in sy skepping ten toon gesprei. Dit blyk ook in hierdie hf.: Job sou die verhouding tussen God en die skepping nie verstaan het as God dit nie blootgelê het nie, nog meer duidelik in Jesaja 40. In Ps. 19 miskien die sterkste grond om aan te dui dat die besondere openbaring nodig is vir die regte verstaan van die alg. openb.

(3) In die N.T.: die algemene openbaring spesiaal in verband gebring met die sending. Die waarhede wat die heidene ken deur die algemene openbaring is die aanrakingspunt in die eerste verkondiging van die evangelie aan hulle. In daardie sin is die algemene openbaring die vertrekpunt, aanknopingspunt vir die sending. Hand. 14:17: algemene openbaring spreek van l) die bestaan van God 2) die feit dat reën en vrugbare tye van die hemel kom, van God 3) dit spreek daarvan dat God goed is: deur ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul. Hand. 17:15 e.v. Pl. verwys na die altaar "vir die onbekende God", daarby sluit hy aan om die ware God aan die Ateners te verkondig, Vgl. die mooi boek van J.H. Bavinck: Religieus Besef en Christelijk Geloof.

Merkwaardig dat die Heilige Gees met alle openbaring alles te make het, dus ook met kennis en verstand in die heidenwêreld (Calvyn, Instit. II, 2, 15 en 16). Die beeld van God is in die breëre sin nie deur die sonde uitgewis nie: "man has a disposition to receive this revelation, an adaptability." Calvyn spreek van die semen religionis, die sensus divinitatis. Dit behels ’n sekere kennis van God en van die sedelikheid. Wat hier op die voorgrond moet staan, is nie die mens se

[1] In die 1953 vertaling is dit Ps. 36:10: Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.

disposisie, sy natuur, sy aanleg nie, maar die werking van die Heilige Gees in God se algemene openbaring.

Ons opvatting van hierdie ingesteldheid, disposisie, moet nie te intellektualisties wees nie. God se algemene openbaring rig hom nie uitsluitlik tot die intellek nie. Dit het ook sy werking t.o.v. die wil en die emosies.

In hierdie opsig 'n trek van ooreenkoms tussen die algemene en besondere openbaring. In die algemene en besondere openbaring rig God Hom deur sy Gees tot die hele mens. Hoe dit presies op die menslike natuur inwerk bly 'n verborgenheid. Soos die misterieuse die werk van die Heilige Gees in die besondere openbaring kenmerk, so ook wat die algemene openbaring betref.

Die algemene openbaring is ontoereikend.

Die genoegsaamheid van die algemene openbaring is deur die Pelagiane geleer. Hulle bou daarop die religio naturalis. Die volkome genoegsaamheid van die algemene openbaring en van die natuurlike religie is in die agtiende eeu geleer deur die deïste en rasionaliste (o.a. Rousseau, Kant). Hulle wil deur die ratio uit die algemene openbaring van God 'n religio naturalis af lei.

Ons handhaaf die insufficientia van die algemene openbaring. (H. Bavinck, Geref. Dogmatiek I, p. 284 e.v.).

(1) Die algemene openbaring verskaf hoogstens 'n mate van kennis a.g. die bestaan van God - kennis van sommige van sy eienskappe, soos sy goedheid en geregtigheid. Kan egter uit die algemene openbaring nie die leer a.g. die Drie-eenheid vind nie. Kan nie uit die natuur aflei dat die Seun die tweede Persoon in die Drie-eenheid is en dat Hy die Middelaar van die verbond is nie. Die algemene openbaring bring nie die boodskap van genade en vergiffenis nie - dit vir die gevalle mens die hoofinhoud van die religie. Dit kan vrees inboesem, maar nie vertroue en liefde nie.

(2) Die kennis wat die algemene openbaring kan verskaf is nie alleen gering en onvoldoende nie, maar is ook onseker, steeds met dwaling vermeng (vgl. in die wysbegeerte die weg van die Griekse skeptisisme, die Middeleeuse nominalisme wat by vele in agnostisisme geëindig het). Deur die sondeval is die vermoë (aanleg) om die algemene openbaring te ontvang nie uitgewis nie, maar dit is deur die sonde bederwe. Deur hierdie disposisie wat die natuurlike mens nog besit, ten spyte van die sonde, sal die verloregaande mens in die hel die volle openbaring van God se geregtigheid en toorn ontvang.

(3) Die algemene openbaring kam tot ons deur die uiterlike (eksterne) media van natuur en geskiedenis. Die natuur is bedorwe - die aarde bring dorings en distels voort. (vgl. Rom. 8 'n sugtende skepping). Ook die geskiedenis bedorwe.

(4) Die algemene openbaring is onvoldoende omdat nóg die natuur nóg die geskiedenis suiwer verstaan kan word sonder die lig van die besondere openbaring. Vgl. Calvyn oor die bril (Art. 2, N.G.B.). Ook die geskiedenis: Op.5,

die boek van die geskiedenis, met sewe seëls verseël, en die Lam wat waardig bevind is om die sewe seëls te breek, die boek oop te maak, laat ons die geskiedenis as eenheid sien, stuur op voleinding af.

Die betekenis van die algemene openbaring (H. Bavinck, a.w. I. p. 286 e.v.)

1. Die algemene openbaring is die kontakpunt vir die sending. Vgl. G.C. Berkouwer, De alg. openb. (in reeks Dogm. Studieën p. 116 e.v.). Deur die algemene openbaring het die heidene nog 'n vae, grootliks verwronge konsepsie dat daar 'n God is. Paulus sluit hierby aan. Hand. 14:17.
2. Die algemene openbaring het betekenis vir die besondere openbaring. Die skepping en die geskiedenis word nie opsy geskuiwe of vernietig nie. Dit moet voortgang hê. So werk God sy plan uit.
3. Algemene en besondere openbaring vul mekaar aan. Die besondere openbaring is in die saamwerk van historiese gebeurtenisse en situasies geplaas. Die besondere openb. nie losmaak van die algemene openbaring nie. Die Algemene openbaring mag ook nie verselfstandig word teenoor die "besondere openbaring nie. Die besondere openbaring gee ons die sleutel om die betekenis van die algemene openbaring in natuur en geskiedenis te ontsyfer. Die besondere openbaring maak nie die boek van die algemene openbaring toe nie, maar dit gee die nodige lig om dit te verstaan. Ons mag dan ook nie net die boek van die algemene openbaring deurblaai nie - ons moet dit lees!
4. Die algemene openbaring is nodig om in hierdie wêreld die kennis a.g. God lewend te hou. Johannes se in Joh. 1 dat die lig van die Logos nog in hierdie wêreld skyn. Die bewussyn a.g. God word gehandhaaf d.m.v. die algemene openbaring. Daarsonder sou die wêreld onmiddellik in absolute ateïsme versink. Alle idealisme sou by die heiden uitgesterf het, want idealisme kan nie sonder 'n godsbesef bestaan nie.
5. Die algemene openbaring hou ook die vuur van die sedelikheidsbesef brandende in die wêreld. Vgl. Rom. 2:14 e.v. Die heiden het nog 'n aanvoeling vir goed en kwaad - sondig nie sonder reserwe nie. Dit sou ook in stryd wees met die geregtigheid van God. In die oordeel sal die goddelose rekenskap moet gee. God gee sy algemene openbaring sodat elkeen toerekenbaar sal wees. Rom. 1:21.
6. Die algemene openbaring is nodig om as 'n basis te dien vir die algemene genade. Alle kennis a.g. God is die gevolg van algemene openbaring. Algemene openbaring was daar voor die algemene genade - dit was immers daar vóór die val. Die algemene openbaring hou nooit op nie. Dit gaan voort na die val in die sonde en dit sal voortgaan na die herskepping. Deur algemene openbaring bestaan daar kennis a.g. God. Na die val is hierdie kennis a.g. God wat deur die algemene openbaring kom, verwronge a.g.v. die sonde. Die algemene genade temper die resultate van die sonde.

Die beeld van God in breër sin sal selfs in die hel nog daar wees. Daar word die

algemene genade ingetrek wat die besoedeling in die siel van die mens teëhou. Daarom bestaan die algemene openbaring van God se geregtigheid in die hel in ’n openbaring van sy toorn. Selfs in die hel is daar nie alleen ’n besef van God se bestaan nie, maar ook van sy heiligheid en onaantasbare geregtigheid. Dit sal die pyniging van die gewete in die hel as folterende ervaring onafgebroke laat voortgaan.

# DIE BESONDERE OPENBARING

Wat verstaan ons daaronder?

Bavinck omskrywe dit so: Die besondere openbaring is ..... die bewuste en vrye daad van God waardeur Hy in die weg van 'n historiese geheel van besondere middele (teofanie, profesie en wonder) wat saamtrek in (as konsentrasiepunt het) die Persoon van Christus Homself, bepaaldelik in sy deugde
van geregtigheid en genade, in die afkondiging van wet en evangelie, aan die mens bekend maak ..... (Geref. Dogm. I, p. 367).

God het na die sondeval met die mens kom spreek, soos Hy ook voor die sondeval in die paradys gedoen het (Heb. 1:1). Deur die sonde het die mens dwaas geword, hy kan God se algemene openbaring nie meer deurgrond nie. Maar God het die blye boodskap, die evangelie van genade in Jesus Christus kom bekend maak. Dit kan ons nie uit die natuur of die geskiedenis te wete kom nie. Alle openbaring van God aan sy skepsele is neerbuigende onverpligte goedheid en guns van sy kant. Dit is Sy liefde; Hy het ons eerste in Jesus Christus liefgehad; Hy wil red van die sonde en die dood. Genesis 3:15.

In die openbaring van God is altyd drieërlei betrokke;

(1) God Self (Hy tree op, maak Homself aan ons bekend;

(2) Sy Woord (deel aan ons mee wat ons uit onsself nooit sou kon weet nie) en

(3) Sy daad (Hy doen wat Hy sê, voer sy plan of gedagte in die geskiedenis uit).

Die besondere openbaring hierin van die algemene te onderskei dat God ná die sondeval opnuut verskyn, die genade boodskap aankondig en die heilswerk dan ook in die geskiedenis uitvoer. Hy sluit hierin aan by die algemene openbaring; die algemene openbaring kry selfs 'n nuwe betekenis in die lig van die besondere. Die besondere openbaring is heilsopenbaring; alleen vir die gelowiges. Dit raak ook die ongelowiges, maar alleen tot verswering van hulle oordeel, aangesien hulle dit verwerp.

Die besondere openbaring het 'n geskiedenis.

Dit bestaan nie uit 'n aantal los en onsamehangende woorde en gebeurtenisse nie; dit is 'n magtige organiese ontwikkeling van wat sentraal in Christus geopenbaar is en uit Hom na die wêreld vloei. Dit het by die moederbelofte begin (moederbelofte, omdat dit die moeder van alle beloftes is, die eerste) in Gen. 3:15. Vandaar loop dit oor die sondvloed heen na die roeping van Abraham uit Ur van die Chaldeërs en sy afsondering in Kanaän. Langs omweë lei God sy volk deur Egipte, oor Sinai na Sion, waar die tempeldiens en die koningskap 'n profesie en aanvanklike vervulling was van die ewige Vrederyk wat God oor Golgota heen oprig en bevestig en wat sal kulmineer in 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel waarop geregtigheid sal woon.

Alles wat vóór Christus gebeur het, wys heen na Hom; en alles wat na Hom gebeur,

wys terug na Christus. Hy is die middelpunt die aanvang en die eindpunt van alle dinge. In die geskiedenis van Israel tree sy gestalte altyd duideliker na vore (vgl. bv. wat Jesaja in hf. 50-55 a.g. die Kneg van die Here profeteer). Maleagi, die laaste van die profete wys veral in hf. 3 en 4 na die komende Christus. As Christus in die volheid van die tyd kom en sy werk volbring het, getuig die apostels van Hom en wys op sy wederkoms. Die hele besondere openbaring verkondig die Christus van God Hy is die sentrale figuur in Wie ons al die rykdom van God se genade leer ken en deelagtig word.

Die besondere openbaring en die Heilige Skrif.

Ons ken die besondere openbaring vandag net uit die Skrif. Die besondere openbaring en die Skrif is nie gelyke groothede nie. Dit is twee konsentriese sirkels. Die openbaring is ouer as die optekening in die Heilige Skrif. Soms het eeue verloop voordat die gegewe openbaring neergeskrywe is soos ons dit vandag in die Skrif besit. Vgl. art. 3 N.G.B.: God het eers sy openbaring gegee en dit daarna laat opteken, laat te boek stel. Dit was noodsaaklik dat die openbaring in Skrif vasgelê moes word om dit teen vervalsing te bewaar, duursaam te maak en oral te versprei.

Dit is seker dat alle openbaring wat God gegee het, nie in skrif bewaar gebly het nie. Die profete het bv. meer geprofeteer as wat in hulle profetiese boeke in die Bybel staan. Ons lees bv. van Salomo dat hy 3,000 spreuke en 1,005 liedere gemaak het. Daarvan is maar 'n klein gedeelte in die Bybel opgeteken. So ook het Christus veel meer gesê en gedoen as wat in die evangelies beskrywe is (Joh. 21:25). Wat neergeskrywe is, is die kern wat vir alle tye nodig is. Ons glo dat die essensiële in die Skrif opgeteken is; ons besit dus 'n volledige en afgeronde beeld van die inhoud van God se besondere openbaring in die Skrif. Die skrywers was nie altyd dieselfde persone wat die openbaring ontvang het nie. God het Hom bv. aan Adam, Noag, Abraham e.a. geopenbaar, maar hulle het dit nie in skrif vasgelê as Bybelskrywers nie. Al die skrywers was nie profete en apostels nie en al die profete en apostels het ook nie geskrywe nie. Die Heilige Gees het gewaarborg dat wat in Skrif vasgelê moes word, sou plaasvind. Daar is openbaringsorgane wat openbaring ontvang, dit uitgespreek en geskrywe het. Daar is persone wat geroep was om die openbaring uit te spreek, soms was ander geroepe om dit in skrif vas te lê. Lukas het, ten einde dit te kon doen, vooraf nagevors (Luk. 1:3).

Alles in God se Woord is geskrywe om ons die verlossing in Christus te leer ken.

Vgl. Joh. 20:31. In en deur die Bybel word Christus aan ons bekend gemaak; die Bybel bevat nie net God se openbaring nie, maar dit is sy openbaring aan ons. Die versoeningswerk leer ons nêrens anders as in die Bybel ken nie. Joh. 5:39; 1 Pet. 1:10, 11; Op.19:10. In die Bybel word niks verhaal wat nie in die grond van die saak met Christus en die koms van sy koninkryk in verband staan nie. Dinge wat in die profane geskiedenis van belang geag word, soos bv. die opkoms van die Griekse kultuur of die Romeinse imperium bring die Heilige Gees slegs binne die gesigsveld vir so ver dit Christus en die koms van sy koninkryk in die volle openbaringslig help plaas.

Die inspirasie van die Heilige Skrif.

A.D.R. Polman beklemtoon in Het Dogma der Kerk, p. 92 e.v. vier hoofpunte:

(1) Die feitelikheid van die inspirasie.

Die Heilige Skrif getuig duidelik van sy goddelike karakter, dit dien hom aan as deur die Heilige Gees onfeilbaar ingegee. God het nie alleen self verskyn nie, maar Hy het ook die heilige profete en apostels laat spreek en Hy het sy openbaring deur die wonder verseël. In drome, engeleverskyninge, gesigte, goddelike aanspreking, ingewinge van die Heilige Gees, en eindelik deur die sending van die Seun in die wêreld (Heb. 1:1). Die Openbaring volgens die Skrif is ’n historiese proses, ’n organiese sisteem, ’n voortdurende goddelike aksie tot breking van die mag van die sonde, tot stigting van sy ryk, tot herstel van die kosmos. In die teofanie (verskyning van God) stel God Homself weer as die enige en waaragtige God teenoor die afgode van die mens se eie versiering; in die profesie plaas Hy sy gedagte as die waarheid teenoor die leuen van satan en in die wonder betoon Hy sy goddelike krag teenoor alle werke van die ongeregtigheid. (H. Bavinck).

Deurslaggewend is die getuienis van Jesus Christus, in Wie se mond daar geen bedrog gevind is nie. Hy het wel net die Ou Testament besit, maar die volledige aanvaarding daarvan as die onfeilbare Woord van God sluit die erkenning deur ons van die Nuwe Testament in. Jesus Christus gaan steeds van die gedagte uit dat die bundel geskrifte, uit vele eeue en van verskillende skrywers afkomstig, wat die Ou Testament vorm, één geheel is en één sentrale getuienis bevat. Hy spreek meermale van "die Skrif" (Joh. 10:31; Matt. 21:42), siteer dit met die gesaghebbende formule "daar staan geskrywe" (Matt. 4:4), skrywe dit aan God as eerste Outeur toe (Matt. 15:4; Markus 12:26), en verklaar dat dit één sentrale boodskap bevat (Joh. 5:39; Luk. 24:25). Hy ken aan die Skrif Goddelike gesag toe. Die Skrif kan nie gebreek word nie (Joh. 10:35). Hemel en aarde sal verby gaan, eerder as dat één tittel van die wet sal verval (Luk. 16:17). Hy het gekom om alles te vervul (Matt. 5:17). Alles wat in die Ou Testament st;aan, moet tot in die kleinste besonderheid vervul word (Luk. 22:27). Daar is by Christus geen sprake van kritiek nie. Daar is geen teken van ’n skeiding tussen historiese en religieus-etiese waarhede by Hom nie. Hy haal talle historiese figure en gebeurtenisse met gesag aan. Hy spreek van die skepping van die mens (Matt. 19:4, 5), van die moord op Abel (Matt. 22:25), van die sondvloed (Matt. 24:37-39), die verwoesting van Sodom en Gomorra (Matt. 11:23; Luk. 17:28-33), die brandende braambos (Luk. 20:37) ens. Hy erken dit alles as volstrek geloofwaardig. Hy aanvaar prinsipieel en feitelik die skrif as die onfeilbare gesaghebbende Woord van God. Ons aanvaar dankbaar die apostoliese beligting van die wonder van die Skrif dat dit deur die inspirasie van die Heilige Gees ontstaan het (2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:19-21), maar die feit self staan vir ons a.g.v. Christus se getuienis onwrikbaar vas.

# DIE TEOPNEUSTIE VAN DIE HEILIGE SKRIF.

In "Het Probleem der Schriftkritiek" wy Berkouwer ’n hele hoofstuk aan "het isolement der Gereformeerde Schriftbeschouwing" (p.296-384). Hy waarsku,"dat rondom die belijdenis der Heilige Schrift steeds weer gevaren rijzen, waardoor het isolement dreigt te worden doorbroken en een synthese met het Schrift-kritisch denken onvermijdelijk wordt" (p. 363). Hierdie isolement - aldus Berkouwer - word meermale geteken "als een zich isoleeren van den stroom der wetenschap of als een ampst voor het 'waagstuk' des geloofs, als een zich meester maken van het Woord Gods of - nog scherper - als het raffinement van het zichzelf veilig-stellen tegenover het actueele Woord des Heeren", Wie dié isolement so besien - so gaan Berkouwer voort - gee slegs ’n karikatuur daarvan. Dit gaan hier immers om ’n belydenis, wat alleen dan "waarlijk geloofsbelijdenis is, als ze wordt aanvaard en uitgesproken in de geloovige onderwerping aan het gezag van het Woord des Heeren" (p. 383, 384).

Berkouwer se waarskuwing van 1929 is vandag nodiger as ooit. Drs. H.A.L. van der Linden, ’n Geref. predikant, skrywe bv. in Vragen rondom Genesis en de Natuurwetenschappen (p. 49 ): "Wij zullen, naar het my toeschijnt, niet mogen nalaten te zoeken naar een Schriftuurlijke Schriftkritiek".

Die Skrifbeskouing, waarvan die opvatting a.g. die Teopneustie die kern uitmaak, staan in die brandpunt van belangstelling. Die locus classicus is 2 Tim. 3:1-6. Prof. Schrenk sê (Kittel se Theo.Logisches Wörterbuch zum Neuen Testament); "am umfassendsten ist die eigentlich lehrhafte Pormulierung der Inspiration zum Ausdruck gebracht in 2 Tim. 3:16"

Scheeben skrywe in sy Handbuch der Katolischen Dogmatik: "Der Ausdruck theopneustos als Attribut von Buchern kommt mir hier vor ..... Belangrik is prof. Stauffer se opmerking in Kittel se Wörterbuch dat theopneustos in Neuen Testament auf die graphé (2 Tim. 3:16) bezogen" is.

H. Bavinck(Geref. Dogm., I, p. 394/395) skrywe: "Gewoonlijk wordt in het woord theopneustie of inspiratie saamgevat wat de Schrift aangaande zichzelven leert. Het woord theopneustos dat in de Schrift alleen in 2 Tim. 3:16 voorkomt, kan beide actief en passief worden opgevat en dus de beteekenis hebben van: God ademend, als: door God geademd. Maar de laatste beteekenis verdient, ofschoon Cremer in zijn Wörterbuch het tegendeel beweert, ongetwyfeld de voorkeur". Hieruit blyk dat die graphê, die Skrif self voorwerp van die beademing deur God is. 2 Tim. 3:16 word in die nuwe Nederlandse vertaling so weergegee: "Elke van God ingegeven Schriftplats is ook nuttig om te onderrichten" .

Die woord teopneustie (aldus Otto Walser. Grundlagen der Dogmatik, I, p. 256) verdien voorkeur bo inspirasie. Lg. term het ook ’n breër betekenis. In sy algemene genade inspireer die Gees van God mense soos Basaleël en Oholiab tot kunswerke, (Ex. 31:2-6; 36:1 en 2). Die teopneustie is ’n gans besondere werk van die Heilige

Gees - die produk is ook iets unieks, tewete sy Woord.

God bedien Hom hierby van mense. Hy het hulle op besondere wyse begiftig, voorberei en geroep; as organe het hulle onder die drywing van die Heilige Gees verkeer. Die Here het hulle meermale beveel om te skrywe, ens.

Ons noem net die belangrikste opvattinge i.v.m. die teopneustie (Vir 'n nadere uiteensetting van die besinning hieroor sien o.a. H. Bavinck. Geref. Dogm. I, p. 372 e.v., 39S e.v.; Karl Barth, Kirchliche Dogmatik I, II, p. 573 e.v.; Otto Weber. Grundlagen der Dogmatik I, p. 253 e.v.).

1. Die meganiese opvatting: die aanleg en vorming van die openbaringsorgane word heeltemal misken sodat hulle by die teopneustie geen ander funksie het as dié van willose en selfs bewustelose middele nie. Die nadruk word eensydig gelê op die nuwe, die bonatuurlike element in die inspirasie en die aansluiting daarvan by die oue en voorhandene oor die hoof sien. Die Bybelskrywers word dan van hulle eie persoonlikheid losgemaak en uit hulle tydsomstandighede gelig. Hulle is, volgens hierdie teorie, willose instrumente in die hand van die Gees (H. Bavinck, I, p. 401). Skrywers soos 'n tikmasjien, fluit, siter.
2. Volgens die "dualistiese inspirasieleer" is alleen dié deel van die Skrifopenbaring wat op die godsdiens betrekking het, onfeilbaar geteopneusteer, en moet dit as sodanig van die geografiese, historiese, chronologiese en dergelike elemente geskei word. Alleen die godsdienstige-sedelike waarhede in die Bybel is dus geïnspireer; die ander elemente (geskiedkundig, ens.) is aan dwaling onderhewig. Op hierdie gebiede het die Bybelskrywers net soveel of net so min as hulle tydgenote geweet. "Het Woord. Gods is te onderscheiden van de Heilige Schrift" (H. Bavinck, a.w., p. 386). Die Remonstrante huldig hierdie standpunt. Bavinck lê die vinger op die gronddwaling van hierdie teorie dat nl. die Bybel God se Woord bevat, en daarnaas allerlei menslik-feilbare en miskien onjuiste woorde en gedagtes: "De scheiding tusschen hetgeen ter zaligheid noodig is en het bykomstig historische is onmogenlijk, wijl leer en geschiedenis in de schrift geheel zijn dooreengeweven." Wie 'n historiese gebeurtenis soos die opstanding wankelstel, tas die Christendom in sy hartaar en die Christus self in die waaragtigheid van sy woorde aan.
3. Hierdie teorie het in 'n groot mate vir die dinamiese van Schleiermacher plek gemaak. Sy standpunt is dat die skrywers wel geïnspireer was, maar nie hulle geskrewe woord nie. Die Bybelskrywers het geleef in die sfeer van die openbaring; dit het 'n heiligende invloed op hulle lewens gehad. Die inspirasie is 'n soort geestelike insig of intuïsie en verskil slegs in graad van die verligting van die Heilige Gees waaraan elke gelowige deel het. Aan die een kant bevat die Bybel dus die hoogste waarheid, aan die ander kant is dit vol dwaling. Hierdie inspirasie is, volgens Schleiermacher nie essensieel verskillend van die verligting deur die Heilige Gees van alle gelowiges nie. Hierdie leer van die inspiratio personalis bevat wel die waarheidselement dat dit persone is wat by die teopneustie deur die Heilige Gees in diens geneem is, maar die Heilige Skrif leer uitdruklik dat dit die Skrif self

is wat teopneust is (2 Tim. 3:16).

Let nou verder op die belangrike woorde van H. Bavinck, a.w., I, p. 352/353. In sy kommentaar op 2 Pet. 1:21 skrywe Calvyn: Hy (Petrus) sê dat hulle (die mense van God) gedryf is, nie dat hulle in beswyming geraak het nie (soos die heidene omtrent hulle profete voorgegee het); maar omdat hulle nie durf waag het om iets uit hulleself te verklaar nie, en die Gees gehoorsaam gevolg het as hulle Leidsman wat in hulle mond as in sy eie heiligdom geheers het. Die verbale teopneustie is heeltemal verenigbaar met die organiese. Die Bybelskrywers met hul karakter, temperament, gawes, talente, woordkeuse, taal en styl - terwyl wat hulle neerskrywe nie hulle eie woord is nie, maar Woord van God.. Die bonatuurlike en natuurlike faktore is dus verbind in ’n heerlike harmonie.

Die "organiese" is die aanneemlikste opvatting. Ons moet egter onthou: die werk van God laat hom nie in ’n menslike teorie opvang nie. Moet let op die wonderlike verskeidenheid in die groot eenheid van die openbarings die openbaringsorgane met hulle eie persoonlikheid, werksaamheid (navorsing, Luk. 1:1) ens. Die historiese gedeeltes, die digterlike, die wysheidsleer ens. sprei saam die menigvuldige deugde van God ten toon. As ons wil vra waar die goddelike ophou en die menslike begin, of omgekeerd, kan ons net sowel vra waar die liggaam ophou en die siel begin.

Vir afwykende standpunte kan o.a. nageslaan word:

(a) Dr. F.W. Buytendach: Aspekte van die vorm/inhoudproblematiek.

(b) F.F. Venema: Wat is een Christen nodig te geloven?, p. 9-18.
(Die Skrifbeskouing van die Dialektiese teoloë, ens.).

Karl Barth oor die teopneustie.

Vgl. wat hy oor die begrip inspirasie skrywe in Kirchliche Dogmatik, III, 1, 2, p. 571: "In der sog. Inspirationslehre ging und geht es ja darum, inwisfern, d.h. auf, Grund welcher Beziehung Zwischen dem Heiligen Geist als dem dem Menschen für sein Wort die Ohren und den Mund Offnenden Gott und der Bibel diese als menschliche Zeugnis von seiner Offenbarung als Gottes Wort und in diesem strengen sinn als heilige Schrift zu lesen, zu verstenen und zu erklären ist". Dit gaan ten slotte vir Barth om God se soewereine daad in sy openbaring - slegs as "Zeugnis", as medium het die Bybel as menslike geskrif "Priorität vor allen anderen Schriften und Instanzen". Wanneer dit God behaag maak Hy hierdie menslike "Zeugnis" deur die getuienis sy Woord (vgl. ook K..D. 1, 1, bl. 112). Barth sê: Ondanks die feit dat die Bybelskrywers die Heilige Gees ontvang het in hulle roeping as getuies van God se openbaring, was die profete en apostels ook as sodanig, ook in hulle amp, ook in hulle funksie as getuies, ook terwyl hulle die handeling van "Niederschrift" volbring het van hulle getuienis., "sündige und in ihrem gesprochenen und geschriebenen

Wort irrtumsfähige und tatsächlich irrende Menschen wie wir alle". Gevolglik staan daar aanvegbare dinge in die Bybel.. Daar is "Irrtumsfähigkeit" ook wat sy "religiösen" en "theologischen Gehalt" betref. Dit is 'n "fehlbaren und fehlenden Menschenwort". Tog het die profete en apostels hiermee "Gottes Wort geredet". Dit kan alleen God se Woord word in God se aktuele gebruik daarvan om daarna weer terug te val in die doodgewone status van 'n gewone menslike geskrif. Die Bybel is dus nooit 'n "Datum" as Woord van God nie, maar dit kan telkens 'n "Dandum" word.

Ons stem op die punt saam dat die Heilige Skrif nooit sonder die Gees waarlik ontvang en gelees kan word, maar wat Barth uit die oog verloor is dat dit Gees en Woord is wat hier werksaam is. Die Gees "cum verbo". Volgens H. Bavinck is "de kracht, die het Woord-uitoefent, daarin gelegen .... dat het dank zij de permanente theopneustie het Woord Gods is en altyd blijft ..... De H. Schrift is niet slechts eenmaal van God ingegeven, maar word voortdurend als zoodanig onderhouden door zyne almachtige en alomtegenwoordig kracht..... Het is een woord dat voortdurend van Gods mond uitgaat, in Christus tot ons komt,en door den Geest van Christus in ons hart of geweten betuigd wordt".

Barth erken nie dat die Skrif self volgens 2 Tim. 3:16 voorwerp van teopneustie is nie. Dit is die Achilleshiel van sy hele beskouing. Ons sê: die geskrewe woord is self geteopneusteer. Die getuienis van die Heilige Gees is noodsaaklik (testimonium spiritus Sancti speciale internum) in die harte van hoorders en lesers, maar dit is nie deel van die teopneustie nie. Inspirasie en illuminasie moet nie verwar word nie. Die inspirasie was deel van sekere persone (openbaringsorgane), illuminasie van alle gelowiges.

Barth het dit teen die "Inspiriertheit" van die Skrif, die objektivering van die Woord. Sodanige geïnspireerdheid kom, volgens hom, neer op die daarstelling van 'n statiese gegewendheid, terwyl hy 'n dinamiese inspirasie voorop wil stel (vgl. K.D. I, 2, p. 574- 575).

Ons sê die Woord is inderdaad dinamies - die organies - verbaal (grafies) geteopneusteerde Woord. Met die gepaardgaande werking van die Heilige Gees, Wie se Skepping en instrument die Woord is, werk dit kragdadiglik (vgl. Paulus oor die werkende Woord, 1 Thess. 2:13). Vgl. Calvyn, Inst. 2, 10, 7: "Ek beskou dit as 'n uitgemaakte saak dat in die Woord van God so 'n kragtige werking van die lewe is, dat dit die siele van die wat God die deelgenootskap daaraan waardig ag, lewend maak".

Die Skrif moet gesien word as 'n wondergeheel wat deur die werking van die Heilige Gees tot stand gekom het. "Heilige en Goddelike geskrifte" (Art. 3, N.G.B.), "Dat de Bijbel Gods Woord is, is een daad, en act van God" (Van Niftrik: Kleine Dogmatiek, p. 303). Dit is goddelike genademiddel. Calvyn skrywe dat die Skrif 'n "eie majesteit" het en dat ons deur die getuienis van die Heilige Gees "bokant die menslike oordeel uit sekerder as seker vasstel (asof ons dáár die Godheid van God

Self aanskou) dat dit deur die diens van mense, van God se eie mond self na ons gekom het (Inst. 1, 7, 5 en 3:20, 14).

Selfs die feit dat die Skrif in die verswakte menslike taal gestel is, ontneem dit sy majesteit nie, net soos Christus ook in dienskneg gestalte sy majesteit behou het (vgl. Joh. 1:14; Matt. 7:29; 9:6; 27:50; Luk. 4:32; 9:1). Die teopneustie het ook die taal geheilig, d.w.s. dit van die werking van die sonde gereinig, sodat die Skrif ook volgens sy selfgetuienis die heilige Skrifte is (Rom. 1:2; 2 Tim. 3:15).

D.J. de Groot oor Calvyn se standpunt: "Het staat voor hem (Calvyn) vast: heel de Schrift is zonder uitzondering van Hem (die Heilige Gees) uitgegaan en niets is aan zijn auteurschap onttrokken. Calvyn beperkt de auteurswerkzaamheid van den Heiligen Geest niet tot den zakelijken inhoud der Schrift, maar hij neemt haar ook aan voor den vorm waarin de inhoud is gegoten, voor de woorden en den stijl". Die hele Skrif kom vir die rekening van die Heilige Gees en moet as sy werk aanvaar word. "Als absolute Auteur der inspiratie is Hy niet alleen verantwoordelyk voor de doctrina, die de Schrift bevat, maar mede haar taal en styl en woorden. Daarom kunnen we geen enkel element der Schrift verwaarloozen, zonder in conflict te komen met zyn hooge autoriteit".

"As the principle of vegetable life pervades the whole plant, the root, stem, and flower; as the life of the body belongs as much to the feet as to the head, so the Spirit of God pervades the whole Scripture and is not more in one part than in another ..... the life of the body is as truly in the hair as in the brain ..... The organic unity of the Scriptures proves them to be the product of one mind". (Hodge).

Die Skrif is God se Woord én as geheel, én in sy dele (A.Kuyper), op organiese wyse, tot in die woorde daarvan toe. Dit is ’n organiese eenheid, ’n geestelike organisme waarvan Christus die middelpunt is. Kuyper sê dat hierdie graphê wat die produk is van die Heilige Gees as Auctor Primarius deur menslike bemiddeling heen feilloos op ’n organies-verbale, geteopneusteerde wyse geïnskriptureer is.

D.W. Kerr gee die volgende woorde van Augustinus weer: The Bible is to be believed because it is authoritative, it is authoritative because it is inerrant, it is inerrant because it is inspired, it is inspired because holy men of old spake as they were moved by the Holy Ghost.

(a) Vir die verskillende vorme van (soorte) inspirasie moet u p. 112-114, A. G. Hönig, Handboek van de Geref. Dogmatiek in die kop sit.

(b) Die middele waarvan God by die besondere openbaring gebruik maak (bv. die teofanie, profesie, die wonder ens.) moet u self goed nagaan. U vind dit bv. in Hönig, a.w., p.79 e.v.

(c) Dit geld ook van die affectiones Sacrae Scripturae (Hönig, a.w. p. 116-125).

# LOCUS DE DEO.

In die Dogmatiek kon die woord ook te pas dat uit, deur en tot God alle dinge is. In die Dogmatiek word oor God gehandel in casu recto en in casu obliquo. Hieruit vloei voort dat onderskeid gemaak moet word tussen die Locus de Deo en die ander Loci. In die Locus de Deo word gespreek van die Ewige Wese as sodanig en op sigself, wel nie geheel af gedag van sy werke nie, maar dan tog só soos Hy vóór, bo en onafhanklik van alle skepsele bestaan. Waar alle dinge uit en deur en tot God is, sou sonder die Locus de Deo die ander Loci hul uitgangspunt en grondslag mis. Aan die ander kant is dit wel waar dat die ander Loci ons Godskennis nog tot op sekere hoogte vermeerder, maar dit is nie ’n rede om eers aan die einde oor die volsalige God te handel en as "allererst Gegebene" van "das mensliche Selbstbewustsein" uit te gaan soos Sehleiermacher en andere doen nie. Die Locus de Deo moet die uitstralingspunt wees. Die mens (antropologie.) kom bv. net aan die orde as skepsel van God en in relasie tot Hom, sowel in sy oorspronklike as in sy gevalle staat. Die Christologie wil kennis aangaande Christus bied as die Seun van God in die vlees, die openbaring van die God van ons verlossing in Wie al die volheid van God liggaamlik woon. Die soteriologie het te maak met die redding van die mens, maar alleen as openbaring van die lewende God wat nie alleen die dinge wat nie bestaan roep asof hulle daar is nie, maar wat ook die dode opwek, lig uit duisternis laat kom en skande in ewige heerlikheid verander. Die ekklesiologie handel oor die toevergadering, bewaring en voltooiing van die 'Kerk, maar dan as die verwesenliking van God so ewige voorneme, sy uitverkiesing en die voltooiing van sy tabernakel, die huis van God waar Hy met sy volk in verbondsgemeenskap woon vir ewig. .Die eskatologie hot te maak met die finale openbaring van Jesus Christus en die volkome saligheid en verlossing van alle dinge, maar net as die voleinding en voltooiing van die werke van God. Dit moet in die Dogmatiek met al sy fasette dus gesien word "<u>sub specie Dei".</u>, as openbaring van die lewende God.

<u>Ons bely deur geloof</u>

<u>Ons bely deur die geloof</u> God se bestaan. Anders sou dit geen sin hê om van kennis aangaande God te spreek nie. Vgl. art. 1 N.G.B. A. Kuyper skrywe (Dict. Dogm., De Deo I, p. 77): Die poging om die bestaan van God te bewys is of doelloos of dit misluk. Dit is doelloos indien die ondersoeker glo dat God ’n beloner is van diegene wat Hom soek. En dit misluk as jy vir iemand wat hierdie <u>pistis</u> mis, deur argumentasie die bestaan van God so wil bewys dat hy in logiese sin tot erkentenis gedwing sal kan word. Die geloof waardeur ons die bestaan van God aanvaar is nie ’n blinde geloof nie, maar ’n geloof wat op getuienis berus; hierdie getuienis vind ons primêr in die Heilige Skrifte as die geïnspireerde Woord van God en tweedens in God se openbaring in Sy werke. In die eerste woorde van die By bel (Gen. 1:1) word die bestaan van God reeds geïmpliseer. God word nie alleen as die skepper van alle dinge geopenbaar nie, maar ook as die onderhouer en die Regeerder van die lotgevalle van individue en nasies. Dit bevestig dat God alle dinge werk volgens die raad van sy wil en dat Hy die verwerkliking van sy weg tot verlossing gaandeweg laat

plaasvind. Die voorbereiding, veral in die verkiesing en leiding van die ou verbondsvolk Israel, word duidelik in die O.T. gesien en die aanvanklike kulminasie daarvan in die Persoon en werk van Christus tree duidelik in die N.T. in die lig. God openbaar Hom op elke bladsy van die Heilige Skrifte in sy woorde en handelinge, Hierdie openbaring van God is die grond van ons geloof in sy bestaan. Deur die geloof alleen (Joh. 7:17). Hosea bedoel hierdie persoonlike, intensiewe kennis as vrug van intieme gemeenskap met God as hy sê: "En laat ons ken - laat ons dit najaag om die Here te ken." Die openbaring het nie 'n werklike suiwere begrip van die Woord van God nie (1 Kor. 1:20, 21).

<u>God is onbegryplik. maar Hy kan geken word.</u>

<u>Onbegryplik:</u> Sofar stel die vraag: Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige? (Job 11:7).

Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons (Job. 36:26). In die Geloofsbelydenis van Athanasius word dit só uitgedruk: Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape; <u>onmeetlik</u> is die Vader, <u>onmeetlik</u> is die Seun, <u>onmeetlik</u> is die Heilige Gees. <u>God kan egter geken word.</u> "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die ewige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3). "En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken..."

Die vroeë kerkvaders het bely dat God Hom in die Logos geopenbaar het en dat Hy daarom tot ons redding geken kan word. Die Gereformeerdes ontken nie dat die mens iets van die wese van God uit sy skepping tewete kan kon nie, maar handhaaf dat ons net ware kennis van Hom uit sy besondere openbaring kan bekom onder die verligtende werking van die Heilige Gees. Onder die invloed van die immanensieteologie van die panteïsme (geïnspireer deur Hegel en Schleiermacher) word die transendensie van God ontken. God word in die geheel neergetrek na die aarde waarmee Hy saam op weg is. Besondere openbaring in die sin van 'n direkte mededeling van God aan die mens word ontken. Die mens kan God in die diepte van sy eie wese, in die stoflike wêreld en boweal in Jesus Christus ontdek aangesien dit alles uiterlike manifestasies van die immanente God is. Hierteen het Barth in reaksie gekon deur te leer dat God nie in die natuur, in die geskiedenis of in die menslike ervaring gevind kan word nie, maar net in die besondere openbaring wat ons in die Bybel bereik. In sy sterk stellinge a.g. die Deus absconditus gebruik hy meer die taal van Luther as van Calvyn.

Ons sê dat ons ware, <u>suiwere</u> kennis van God kan hê, al is dit nie uitputtende kennis nie.

"Finitum non possit capere infinitum". Die kennis wat die mens van God kan verkry, is geheel-en-al genoegsaam om die weg deur die lewe in God se diens te kan vind tot in die ewige lewe. Hierdie kennis kan slegs uit die besondere openbaring verkry word, deur die geloof (vgl. HK., Sondag 7, vr. 21).

Sonder die kennis kan daar geen eerbied, geen godsvrug, geen vrese van die Here,

geen gehoorsame diensbetoon wees nie.

Die kenbaarheid van God word geloën deur o.a. die agnostisisme (Huxley, Hume, Hamilton e.a. vgl. invloed van Kant net sy "Kritik der Reinen Vernunft" en die positivisme (Comte, Herbert Spencer e..a.). Die positivisme probeer net streng logiese redenering bewys dat as daar ’n God is en as Hy waarlik God is, Hy uit die aard van die saak onkenbaar moet wees, d.w.s. dit moet ’n onuitgemaakte saak bly of Hy bestaan en Wie Hy is.

Ons sou nog na ander Rasionalistiese opvattinge kan verwys. Die fundamentele dwaling van die rasionalisme is dat dit die openbaring opsy sit, ignoreer., ontken en weerspreek. Dit is ’n houding en daad van ongeloof en ongeloof is sonde. Die antitese tussen die Christelike geloof en die wysgerige konklusies van die Rasionalisme is nie die antitese tussen geloof en rede nie, want dit sou ’n teenstelling sanksioneer tussen genade en natuur. Die ware antitese is die tussen geloof en ongeloof, tussen genade en sonde.

Ons aanbid die God wat in alle dinge is, onder alle dinge, bokant alle dinge, anderkant alle dinge. Jeremia 23:23, 24: "Is Ek ’n God van naby, spreek die Here, en nie ’n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek, dat Ek hom nie sien nie? Spreek die Here. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? Spreek die Here." Niks sluit Hom in nie en Hy is nie begrens deur tyd of ruimte nie. 1 Kon. 8:27: "Die hemel, ja die hoogste hemel kan U nie bevat nie....." Ps. 145:3: "Die Here is groot en baie lofwaardig, en sy grootheid is ondeurgrondelik". Vgl. Jes. 40:15-l8, 28; Rom. 11:33-36. In Job 11:7-9 vind ons nie ’n koue, filosofiese ontkenning (negasie) wat God vir ewig buite bereik van menslike kennis plaas nie, maar ’n positiewe belydenis van God se onmeetlike grootheid en die mens se nietige klein-heid, van God se soewereiniteit en die mens se volslae afhanklikheid, ’n belydenis wat die mens in die stof werp in nederige aanbidding voor die grootheid van God se glorieryke majesteit. Die nadruk wat ons dus laat val op die onbegryplikheid van God is nie ’n blote ontkenning of negasie nie, maar dit behels ’n positiewe verklaring aangaande God, gegrond op sy eie openbaring. Ons bely as die eerste en vernaamste artikel in die apostolicum: "Credo in Deum!"

Daar gaan vandag ander klanke op.

Van de Pol sê: Die Godsgeloof self is in die geding; S.M. Daecke: "Der Glaube an Gott ist in die Krise geraten;" H. Zahmt: "Es geht heute nicht um dies oder das an christlichen Glauben, nicht um Einzelnes, um Jungfrauengeburt, Gotrtessohnschaft oder Himmelfahrt, sondern es geht um das Ganze, um die hauptsache — um die Sache mit Gott!" V G. Koch: "Die einstige Selbstverstandlichkeit eines hochsten Wesens hat sich in tiefe Fragwürdigkeit verwandelt". R. Adolfs: "Wij kunnen dus vasstellen dat het Godsprobleem in onze tijd vrij snel tot een algemeen probleem is geworden voor de Christen". P. Smits: "Men behoeft niet tot het gilde van de vaktheologen to behoren om ook als sogenaamde 'leek' getroffen te worden door de hoogst kritische wijze waarop tegenwoordig in toenemende mate God in het geding

word gebracht." J.C. Murray: "Die, Formulierung, das Gottesproblem ist entschieden modern".

Ps. 14 sê dit is die dwaas wat God se bestaan in die geding bring. Vandag is dit in die teologiese wêreld haas mode om die letterlike bestaan van God twyfelagtig te stel. Sartre betoog in <u>Existentialism and Humanism</u> dat die gedagte van die bestaan van God absurd is. Die stem van Friedrich Nietzsche in "Die Fröhliche Wissenschaft" klink hier deur. Reeds in 1882 het hy die dood van God deur ’n waansinnige laat aankondig. Hy roep uit: "Hoor ons nog niks van die lawaai van die doodgrawers wat God begrawe nie? Ook gode gaan tot ontbinding oor! God is dood! God bly dood! En ons het hom doodgemaak!" Hy sê die kerke is niks anders as die grafte en graftekens van God nie.

Nietzsche verraai die indruk dat sy boodskap nie goed inslaan nie: "Ek kom te vroeg, dit is my tyd nog nie; hierdie verskriklike gebeurtenis is nog onderweg".

Dit lyk of die tyd wat Nietzsche voorsien het nou aangebreek het. Krete soos "The death of God"; "God has died" is aan die orde van die dag. In 1965 verskyn hierdie doodsberig in ’n Amerikaanse tydskrif: "Atlanta, Ga., Nov. 9 - God, creator of the universe, principal deity of the world's Jews, ultimate reality of Christians, and most eminent of all divinities, died late yesterday during major surgery undertaken to correct a massive diminishing influence. Reaction from the world's great and from the man in the street was uniformly incredulous.....

From Independence, former president Harry S. Truman, received the news in his Kansas City barbershop, and Said, I'm always sorry to hear somebody is dead. It's a damn shame".

Nietzsche was waansinnig, maar vandag is "teoloë" (!?) aan die woord. G. Vahanian laat in 1961 sy boek "The death of God" verskyn. (Sartre vertolk die gedagte van die dood en die afwesigheid van God so: ...... "we are now upon the plane where there are only men"). Szczesny skrywe oor "Die Zukunft des Unglaubens."

H. Berkof verklaar: "Wij geven tegenwoordig college aan atheisten". W. von Loewenich: "Der Atheismus ist heute die grosze Frage an die Christenheit, ob "sie wirklich an Gott glaubt oder ob sie nur das Wort im Munde führt. Es geht in der Frage nach Gott nicht um Worte und Begriffe, sondern um ein Sein und um die Wahrheit".

Vir ons as gelowiges was die inhoud van die <u>Locus de Deo</u> nog nooit van meer aktuele betekenis nie, gedagtig aan <u>1 Pet. 3:15:</u> Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees.

<u>Bonhoeffer:</u> Die mens het geleer "to cope with all questions of importance without recourse to God as a working hypothesis ..... God is being more and more edged out of life, losing more and more ground..... We are proceeding towards a time. of no religion at all: men as they are now, simply cannot "be religions anymore".

Die astronoom De Laplace antwoord op Napoleon se vraag of hy in sy teorie nog ruimte vir God het.: "Sire, ek het hierdie hipotese nie meer nodig nie". Wanneer, volgens van de Pol, aan sekere mense die vraag gestel word.: "wat is er met God gebeurt?", antwoord hulle dat met die God van die konvensionele Christendom in ons twintigste eeu dieselfde gebeur het as met die gode en godinne van die toenmaals konvensionele Grieks-Romeinse godsdiens in die vierde eeu. Soos destyds die nie-Christelike volke die onvoorsiene dood beleef het van hulle gode en godinne, so beleef die Christelike volke in ons tyd die onvoorsiene dood van God": onvoorsien, behalwe deur enkele visioenêre digters en filosowe in die vorige eeu,"

Bornhoeffer: God allows Himself to be edged out of the world and onto the Cross. God is weak and powerless in the world and that is exactly the way, the only way, in which He can be with us and help us".

Gogarten: Sekularisasie is "eine nachtchristliche, das heiszt durch den christlichen Glauben hervorgerüfene Erscheinung, dit is "eine legitime Folge des christlichen Glaubens." Gogarten se grondgedagte is dat God nooit sonder die mens is nie (vgl.. Kuitert oor God as bondgenoot).

Bultmann se "Erledigt"; Geen volwasse mens stel hom God nog voor as ’n Wese in die hemel nie - die hemel in die ou sin van die woord geld net nie meer nie; en net so weinig die begrip van die hel onder die grond waarop ons met ons voete staan. Daarmee saam is "erledigt" die geskiedenis van die helle - en hemelvaart van Christus.. "Erledigt" is die verwagting van die op-die-wolke-komende Menseseun en die wegraping van die gelowiges die lug in; "erledigt" is d.m.v. die kennis van die kragte en die wette van die natuur, die geloof aan geeste en demone — Kan die Christelike verkondiging dit vandag van die huidige mens verwag om die mitiese wêreldbeeld van die Nuwe Testament as waar te erken en te aanvaar? Dit sou sinloos en onmoontlik wees, "unverständlich", "nichtssagend" vir die moderne mens.

Braun: God is "eine bestimmte art der Mitmenschlichkeit". Hy gaan ’n stap verder as Bultmann: God moet ook "ontmitologiseer" word, Hy is ’n soort medemenslikheid. (Feuerbach het ook reeds geleer dat God net ’n stuk menslikheid is, niks meer as ’n menslike voorstelling nie).

Karl Barth het glo aan Bultmann gesê (en hierin vertolk hy waar die eksistensie-teologie op uitloop): "dann bin ich allein".

J.A.T. Robinson.,: "Our image of God must go". Die tradisionele beeld van God as ’n bonatuurlike wese moet hersien word... "the whole scheme of a supernatural Being coming down from heaven to 'save' mankind from sin, in the way that a man might put his finger into a glass of water to rescue a struggling insect, is frankly incredible to man, 'come of age', who no longer believes in such a dens ex machina".

Jürgen Moltmann; God is nie êrens nie, Hy kom: "Der Gott, von dem hier geredet wird, ist kein innerweltlicher oder auszerweltlicher Gott, sondern der 'Gott der Hoffnung', ein Gott mit Futurum als Seinsbeschaffenheit" ..... "Gott ist nicht jenseits irgendwo, sondern er kommt und als der kommende ist er gegenwärtig."

Dit is 'n reaksie teen die eksistensie-teologie, maar dan met 'n ander eensydigheid: die teenwoordigheid van die heil word verbygesien. God word so radikaal in die toekoms "geplaas" dat Hy 'n Deus absconditus is.

Die Godsleer van Otto en Barth: A.G. Hönig, Handboek van de Geref. Dogmatiek, p. 151 e.v.

God se Wese.

Niemand kan met matematiese sekerheid God se bestaan vasstel of met die rede, met 'n sillogistiese betoog sonder meer by Hom uitkom nie. Dan sou ons bly steek op die vlak van ons begripsvermoë en van die ervaring. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, sonder geloof is daar geen persoonlike, bewuste gemeenskap met Hom nie. Hy openbaar Hom en laat Hom nie onbetuig in die bewussyn van die mens nie.

Wat as "bewyse" vir God se bestaan aangevoer word, aanvaar ons slegs as heenwysinge:

(1) Die kosmologiese. Alles het 'n oorsaak, dus ook die kosmos as organiese geheel. Die grondoorsaak is God. Ons sê: met hierdie sillogisme kan nie bo die wêreld van oorsaak en gevolg uitgestyg word nie. God se betrekking met die universum is dié van vryheid en soewereiniteit, terwyl die van 'n oorsaak berus op noodsaaklikheid en afhanklikheid. Die geloof kom nie by God uit langs die weg van logiese argumentasie nie, maar leef by die lig van die openbaring.

(2) Die ontologiese argument wil uit die idee van God in ons die bestaan van God aflei. Ook hier word die openbaring, die testimonium Spiritus Sancti, misken.

(3) Die teologiese. Dit wil ons bring nie net by 'n Super-mag oor alles of 'n finale oorsaak nie, maar by 'n persoonlike Beplanner en Ontwerper van alle dinge, met verstand en wil, kennis en wysheid. In die wêreld om ons heen en in ons eie bestaan sien ons beplanning en doelmatigheid. Ps. 104:24 is openbaring -- dit wil nie die bestaan van God bewys nie, maar dit vloei voort uit die sekerheid van sy bestaan. Die teleologiese kan nie as bewys geld nie. Dit kan net sowel deur die panteïstiese evolusionisme gebruik word om te probeer bewys dat die "natuur" self intelligent is en dat God en wêreld één is en dat die wêreld God is wat sy hoogste bewustheid van sy bestaan in die mens bereik. Die teleologiese sou ook weerlê kon word deur die verskynsels van wrywing, konflik, dood, afbraak, dwaasheid ens.

(4) Die morele "bewys". Vgl. Kant se kategoriese imperatief. Elke mens het 'n pligsgevoel, 'n besef van wat reg en verkeerd is, gepaardgaande met 'n gevoel van verantwoordelikheid om te doen wat reg is en 'n sin vir selfveroordeling wanneer hy doen wat verkeerd is. Daar is in hom 'n stem wat bly sê: "Du sollst." Dit veronderstel 'n spreker, een wat gesag het. En hierdie outeur van die bevel, "Du sollst" in die mens se sedelike bewussyn is God. Ons erken dat die mens se besef van goed en kwaad en sy pligsgevoel van God is, Vgl. Rom. 2:15. Ons sê dit is

onmoontlik om met hierdie argument die bestaan van God vir iemand te bewys wat nie in God glo en sy openbaring aanvaar nie. Spencer toon in sy "Data of Ethics" aan dat hierdie "Du sollst" niks te make het met die stem van ’n hoogste wese nie, maar dat dit, volgens hom, sy oorsprong het in die maatskappy waar dit op baie maniere die mens se selfliefde aan bande lê. Die humanisme ontwikkel ’n etiek van sy eie, los van die kennis van God en sy bevele.

(5) Dieselfde kan gesê word van die sg. historiese argument. Dit gaan uit van die algemene verskynsel van religie onder alle nasies, of van die duidelike doelgerigte gang van die geskiedenis. Maar só sal nie genoegsaam grond gevind kan word om God se bestaan te bewys vir iemand wat weier om voor die openbaring van die lewende God Self te buig en wat sy Woord verwerp nie, Vgl.. K. Dijk. Korte Dogmatiek, p. 111.

.J.G. .Feenstra, Leer en Lewe, p.. 32 e.v. Hierdie sg. "bewyse" is van betekenis vir die gelowige. Die dwaas sal egter in sy hart bly sê dat daar geen God is nie (Ps. 14:1), die van nature sondige, onwedergebore mens sal nog weier om Hom te verheerlik en Hom te aanbid. Net deur die geloof, in kinderlike gehoorsaamheid aan sy Woord, kan ons bely: "Credo in Deum!"

God kan met niks vergelyk word nie (Jesaja 40:25).. God is Één; al sy deugde is een in Hom, al word dit in ryke verskeidenheid aan ons geopenbaar.

By die lig van sy openbaring kan ons se Wie en hoe God is (dit teenoor die agnostisisme), sowel in Homself en in sy verhouding tot die skepping (dit teenoor alle konsepsies van God wat nie op openbaring gegrond is nie, en wat daarom noodwendig vals is). God spreek van Homself direk deur die vleesgeworde Woord (Heb. 1:1, 2). Nie o.g.v. die filosofie, die menslike rede of religieuse ervaring nie, maar by die lig van die openbaring alleen kan ons van God se Wese spreek. Teenoor die panteïsme en die deïsme spreek - ons van die transendensie en die immanensie van God. Pss. 29; 33:10, 13-19; 95:4, 5; 97:4, 5; 104; 145:16; 146:7-9; 147:8, 9, 16-18; Jes. 40:22, 26; Matt. 5:45; Matt. 6:26-30. Die hare van ons hoof is almal getel (Matt. 10:29, 30).. Hy beslis ook oor die lot (Spr. 16:33); die hart van die koning is in sy hand (Spr. 21:1). God is aanwesig, Hy hou alles in stand as soewereine, almagtige Regeerder en Beskikker.

God stel Hom aan ons bekend as die Een wat naby is. In hierdie opsig is Hy nie die "Ganz Andere" soos Barth sê nie. Hiermee hang die antropomorfismes in die Heilige Skrif saam: sy "aangesig" (Eks. 33; Ps. 17:15); die engel van sy aangesig (Jes. 6319); sy oë (Ps. 11:4; 32:8; 34:18; Spr. 24:18; Heb. 4:13); selfs sy ooglede (Ps. 11:4); sy oogappel, sy ore, neus, mond, lippe, nek, arm, regterhand, hand, sy vinger, hart, ingewande, bors, voet. Daar word gesê dat Hy Hom verheug, dat Hy beproef word, liefhet, haat, toorn, jaloers is, berou het, vergeet, Hom wreek ens. Hy daal neer en kyk af, Hy sit en staan, Hy werk en rus, Hy kom en gaan, Hy loop en ontmoet die mens, Hy gaan verby, Hy skrywe, verbind wonde, Hy lag, spot, praat, sien, neig sy oor, maak dood en lewendig, ens. Vgl. H. Bavinck. Geref. Dogm. II, p. 78-80. So

naby het Hy gekom dat die Woord vlees geword het (Joh. 1:14). God het alles geskape, en Hy laat daarin 'n weerkaatsing gesien word van sy wese en deugde. Die antropomorfismes is beeldspraak. God is Gees. Wat in die skepsel aanwesig is, is op goddelike wyse in Hom aanwesig. God is naby - in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons (Hand. 17:27, 28).

As ons van die transendensie en immanensie van God spreek, moet ons dit nie doen in tyd-ruimtelike kaders nie. Dan sou God vir 'n deel binne en vir 'n deel daarbuite wees in 'n oneindig uitgebreide ruimte. Ruimte is geskape - die idee van ruimte is op God nie toepasbaar nie, ook nie kosmiese tyd tussen die alpha van Genesis 1 en die omega van die dag van Christus nie. Tyd is ewe-eens geskapenheid, nie op God toepasbaar nie. God is as God in geheel die Verhewene en die aanwesige. Ons lees Job 22:12; Jes. 66:1; Matt. 5:34; Jak. 5:12 en Ps. 115:3, maar moet daarmee saam ook 1 Kon. 8:27 en 2 Kron. 2:6 lees. Daar is nie menslike taal wat die "geheel andersheid" van God voluit kan beskrywe nie. Ons spreek van God in terme van ruimte en tyd. Selfs die term <u>transendent</u> is antropomorfisties. Vgl. die HK. vr. 121; Art. 1, N.G.B.

God is Gees. Dit word geïmpliseer in die tweede gebod (Eks. 20:4; Deut. 5:8). Vgl. Deut. 4:12, 15, 16 e.v.; Rom. 1:23. N.B. ook Joh. 4:24. God is die onsienlike (Joh. 1:18; Rom. 1:20; Kol. 1:15; 1 Tim. 1:17). N.B. ook 1 Tim. 6:16, God is dus nie soos die sigbare, stoflike skepping, ingeperk deur vorm of uitgebreidheid nie. Hy is die onsienlike, onderskeie ook van die engele wat ons wel nie kan sien met die vleeslike oog nie, maar wat tog 'n geskape en nie 'n goddelike onsienlikheid besit nie (net soos God goddelik ewig is, en die mens as skepsel ewig is). Dat God onsienlik is, is nou verwant aan sy simplicatas (nie saamgesteld nie). Hy en sy deugde is één; nie soos ons wie se attribute hulle substratum daarin het dat ons psigosomatiese wesens is nie). God <u>is</u> lig, liefde en lewe; Hy <u>is</u> wysheid, kennis, regverdigheid, heiligheid, ens. Hy <u>is</u> genade en ontferming en waarheid, actus purissimus ens.

Hy is één God, nie drie nie. Van die Vader, deur die Seun, in die Heilige Gees, die salige en enigste Heerser, die Koning van die Konings en Here van die here (1 Tim. 6:15).

Sy wese is pure volmaaktheid, volkome goedheid in al sy deugde (Matt. 19:17). God is lig en in Hom is geen duisternis nie (1 Joh. 1:5). Hy is die enigste Bron van al wat goed is. Sy goedheid is absoluut. Hy is nie eers die <u>hoogste</u> goed (summum Bonum) nie.

Hy is die Goeie, die absolute Goed. God wat God is, is die Heilige, die selfgenoegsame, "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge, Syne is die heerlikheid in der ewigheid, Amen."

Die Name van God

In die Heilige Skrif is name iets meer as blote onderskeidingstekens:

Wanneer God aan die mens ’n naam gee, is dit ’n aanduiding van wat die mens is. Dit geld ook van die name van die diere wat Adam op bevel van die Here aan hulle gegee het (Gen. 2:19, 20). Die woord "naam" kom in die Hebreeus van ’n woord wat "ingraveer" beteken. Dit is dus ’n stempel waardeur ’n persoon aangedui word. Dit is beskrywend, tiperend van sy persoonlike eienskappe en individualiteit. Die name aan die diere moes aandui wat die eienaardigheid van elke dier is en waarin hy van ander diere verskil. Die stamwoord "naam" beteken ook ’n portret of die ophang van ’n beeltenis. Die naam van ’n persoon is sy portret. Die naam roep die persoon in gedagte. Adam beteken mens, van adamah - grond, aarde; Eva = lewe, of die moeder van die lewendes (Gen. 3:20). Kaïn = ek het (’n man) verwerf (Gen. 4:1); Noag = rus (Gen. 5:29); Jesus = Saligmaker (Luk. 1:31-33); Petrus = rots (Matt. 16:18) ens. Soms word name verander. Dit staan meermale in verband met iemand se plek en roeping in die openbaringsgeskiedenis. Abram word Abraham (vader van ’n menigte - Gen. 17:5): Sara word Sarai (vorstin - Gen. 17:15); Jakob (bedrieër) word Israel (vors van God of worstelaar met God - Gen. 32:28). Vgl. ook Rut 1:20; Dan. 1:7 ens. Die Jode het ook aan proseliete wat uit die heidendom oorgekom het, ’n nuwe naam gegee. Ons lees ook van ’n nuwe naam (Fil. 2:9; Op.2:17).

God se name in die By hel vorm deel van die Openbaring.

In die name sê Hy Wie Hy is; dit druk sy wese uit in betrekking tot sy skepsele, en meer bepaald tot sy volk. In sy Naam het ons met God self te doen. In ’n naam is daar iets persoonliks. ’n Mens se naam is jou eer, wat jy nie maklik laat aanrand nie (Pred. 7:1). As Jesus sê dat Hy die naam van die Vader aan sy dissipels bekend gemaak het (Joh. 17:6), beteken dit dat Hy die lewende God persoonlik aan hulle bekend gemaak of geopenbaar het. As daar in Lev. 24:10-23 staan dat ’n jong man "die Naam" gelaster het, en daarom gestenig moes word, beteken dit dat hy God Self persoonlik onteer en aangerand het, God as't ware in die gesig geslaan het. God is dieselfde as sy Naam, (Deut. 28:58). As God se Naam op die kinders van Israel gelê word (Num. 6:27), dan is dit nie maar ’n goeie wens dat God met hulle mag wees nie, maar dan gee God Homself in drievoudige verbondseën aan sy volk (vs. 23-26). Wanneer God Sy Naam op ’n sekere plek onder Israel vestig; dan beteken dit dat Hy Self daar woon (Deut. 12:5). Lastertaal of vloek word in die derde gebod streng verbied.

God Se Naam moet met vrees en eerbied vervul.

Die Bybel waarin God so geopenbaar word, moet ons met die grootste respek behandel. God het die plae oor Egipteland gebring sodat sy grote Naam oor die hele aarde verkondig kan word (Exod. 9:l6; Deut. 28:58 e.v.). Veral in sy huis word sy Naam verkondig (l Kon. 8:29); daarom hou Hy die wag oor sy kerk. In die Naam van die Here moet ons juig voor sy aangesig (Ps. 5:12; 34:4); in sy huis moet ons saam met sy gemeente sy Naam groot maak (Ps. 122:1-4). Sy Naam moet orals bely

word. Sondag 36 en 37 HK. Waar twee of drie in sy Naam byeen is, is Hy onder hulle (Matt. 18:20). In die Naam van die driemaal-heilige Verbondsgod is ons gedoop (Matt. 2-8:1, 9). Elkeen wat die Naam van Christus noem, moet afstand doen van die ongeregtigheid (2 Tim. 2:19). In die ewige heerlikheid sal sy Naam op ons voorhoofde geskrywe staan (Op.22:4); die beeld van God sal ten volle herstel wees.

Dit is ’n wonder van God se genade dat Hy Hom in ons menslike denkvorme en begrippe aan ons bekend maak; daarby moet ons egter onthou dat die wesenlike van die dinge juis dit is wat ons nie sien nie (Heb. 11:1-3), sodat ons uit die skaduagtige mense-kennis wel deeglik die ware God leer ken. As God bv. Vader genoem word, is dit nie maar ’n vae analogie van wat ons vaderskap noem nie, maar dan is die ware en egte vaderskap juis in God te vind. (Het Dogma der Kerk, p. 124/125). Alle name van God is antropomorfismes. As God op Goddelike wyse oor Homself gespreek het, sou ons daar nie kon bykom nie. Hy kom ons te hulp en ontleen die name (bv. die Almagtige, Vader, Seun en Heilige Gees ens.) waarmee Hy Homself noem, aan ons aardse verhoudinge.

Die hele kosmos is van die begin af daarop aangelê om die deugde van God te openbaar. Die aardse verhoudinge is dus nie eerste nie, maar eerste is die Goddelike verhoudinge; daarvan is die aardse ’n afspieëling. Die aardse herder is ’n onvolkome afskaduwing van die hemelse Ps. 94:9. God druk sy selfbewussyn quod ad nos in so ’n vorm uit dat ons dit in ons kreatuurlike bewussyn kan opneem. Kragtens ons skepping besit ons so ’n vorm van bewussyn dat ons die uitgedrukte selfbewussyn van God ons eie kan maak. Ons kennis van God is altyd analogies, d.w.s. dit is gevorm na analogie van wat van God in sy skepsele te bespeur is.

Die indeling van die Name van God

H. Bavinck onderskei tussen nomina propria (eiename), nomina [2] essentialia (wesensname of attribute) en nomina personalia (persoonlike name soos Vader, Seun, en Heilige Gees). A. Kuyper verklaar in sy Locus de Deo I, p. 159 dat die Naam van God in die Heilige Skrif op drieërlei wyse voorkom: as Naam sensu absoluto, d.i. sonder enige nadere bepaling, as essensiële benoeming van die wese van God en kwalitatief as benoeming van die ewige wese deur eienskappe soos die Heilige, die Regverdige, die Almagtige, ens. Hiervan moet dan nog onderskei word die nomina appellativa Elohim en Adonai omdat dit, se Kuyper, geen openbaringsname is nie, maar nomina appellativa univoca.

In die O.T. noem ons die Name: (1) 'El, 'Elohim en 'Elyon. God as die Hoë en Verhewe, die Skepper en Onderhouer (K. Dijk Korte Dogmatiek, p. 115). (2) Adonai: God as die almagtige Regeerder. (3) Shaddai en 'EL-Shaddai (van shadad, om magtig, sterk te wees). God as die Almagtige in die hemel en op die aarde. Ander

[2] Tussen "essentialia (wesensname of attribute) en nomina personalia" en "(persoonlike name soos Vader, Seun en Heilige Gees" wat op aparte lyne in die oorspronklike is, is ingevoeg: "(in die sin van hoedanighede)". Dit is nie seker waar dié ingevoegde woorde hoort nie.

lei dit af van shad, heer. Dit openbaar God as die Een wat alle magte van die natuur beheers en diensbaar maak aan die werk van goddelike genade. Terwyl die grootheid van God hier na vore tree, word Hy hier nie geopenbaar, as ’n voorwerp van vrees en verskrikking nie, maar as ’n bron van seën en blydskap. So het God aan Abraham, die vader van die gelowiges verskyn (Eks. 6:2).

(4) Jahwe (Eks. 3:14 e.v.). Die God van genade, die onveranderlike in sy betrekking met sy volk, sy verbondstrou (Eks. 15:3; Ps. 83:19; Hos. 12:6; Jes. 42:8). Ons lees ook, veral by Jesaja (1:24; 51:15 e.v.) van Jahwe Sebaoth. Leërskare sien nie op die leërmag van Israel of op die sterre soos sommige beweer nie, maar op die engele (bv. 1 Sam. 4:4; 2 Sam. 6:2; Jes. 37:16; Hos. 12:4, 5; Ps. 80:1, 4 e.v.; Ps. 89:6-8). Die engele word dikwels gesien as ’n leërskare rondom God se troon (Gen. 28:12; 32:2; Jos. 5:14; 1 Kon. 22:19; Ps. 68:17; 103:21; 148:2; Jes. 6:2). Dit is God as die Koning van heerlikheid, wat van engelemagte omring is, wat regeer oor hemel en aarde ten goede van sy volk en wat deur al sy skepsele verheerlik moet word.

In die N.T.:

(1) Theos. In die N.T. vind ons die ekwivalent van die O.T. name. Vir 'El, 'Elohim en 'Elyon: Theos. 'Elyon = Hupsistos Theos [ὕψιστος θεός] (Mark. 5:7; Luk. 1:32, 35, 75; Hand. 7:48; 16:17; Heb. 7:1). Shaddai en 'El-Shaddai = Pantokrator [παντοκράτωρ] en Theos Pantokrator [θεός παντοκράτωρ] (2 Kor. 6:18; Op.1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7, 14).

(2) Kurios. Jahweh meermale as variasies van ’n beskrywende aard, soos "die Alpha en Omega", "wat is en wat was en wat kom", "die begin en die einde", "die eerste en die laaste". (Op.1:4, 8, 17; 2:85; 21:6; 22:13). Nie presies dieselfde kosmotasie as Jahwe nie; openbaar God as die sterke, die Here, die Besitter, die Regeerder met wetlike mag en gesag. Dit word nie alleen van God gebruik nie, maar ook van Christus..

(3) Vader. Gee uitdrukking aan die heilsverhouding waarin die geredde mens mag weet Wie God vir hom is (Deut. 32:6; Ps. 103:17; Jes. 63:16; 64:8; Mal. 1:6; Matt. 6:9; 1 Kor. 8:65 Rom. 8:155 Ef. 3:15; 1 Joh. 2:13 e.v.). In die benoemingsname vind ons ’n opklimming en ontwikkeling. In die eerste naam Elohim lê ’n volheid van lewe en heerlikheid opgesluit wat in die ander name ontplooi. (K. Dyk, a.w., p. 116).

God se eienskappe (hoedanighede).

K. Dijk, a.w., p. 116 e.v.; J.G. Feenstra. Leer en Lewe, p. 37 e.v.; A.G. Hönig, Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek, p. 182 e.v.; F.F. Venema, Wat is een Christen nodig te geloven?, p. 42 e.v.

God openbaar Hom baie duidelik ook aan ons deur ons bekend te maak met sy deugde, sy volmaakthede. Hierdie benaminge is gebrekkig om aan te dui Wie God is. Die Heilige Skrif spreek van God se deugde (1 Pet. 2:9). Die deugde staan in God se Wese nie naas mekaar nie, nog minder teenoor mekaar. Hy openbaar in al sy

volmaakthede sy Wese op 'n wyse dat ons Hom kan ken en Hom duidelik van alle skepsele te kan onderskei. Sy deugde is Hyself. Hy het nie net liefde nie, Hy is liefde (1 Joh. 4:8). Hy is waarheid (Deut. 32:4). Daar is geen verdeling of splitsing in die Goddelike Wese nie.

Venema (a.w. p. 46) het besware teen die onderskeiding van mededeelbare en onmededeelbare eienskappe. God se eienskappe, sê hy tereg, is almal volstrek enig en goddelik. As ons dit maar só verstaan dat God sekere deugde besit wat by die mens wat na sy beeld geskape is nie op skepselmatige wyse weerkaatsing vind nie, soos sy soewereiniteit (onafhanklikheid), sy simplicitas (enkelvoudigheid), sy ewigheid in die sin van sonder begin, sonder wisseling, sonder einde, sy alomteenwoordigheid, terwyl ander deugde by die mens wel aan die lig kom kragtens die feit dat hy die beeld van God is, soos God se verstand, sy wysheid (in die skepping, onderhouding, werk van verlossing, bewaring en instandhouding van sy kerk), sy wil, sy goedheid, heiligheid, geregtigheid ens. Die mens bly egter skepsel, ook wanneer daar geskrywe staan van 'n deelagtig word van die goddelike natuur ( 2 Pet. 1:4). Spoor nog skaduwee van iets goddeliks is by enige skepsel te vind.

God is onafhanklik, in sy Wese algenoegsaam, sy bestaan hang van niemand en niks af nie. Hy is vrymagtig die bron, die oorsaak: Hand. 17:25. Hy is eenvoudig - in Hom is geen samestelling van verskillende bestanddele nie. Alles in Hom is één (1 Joh. 1:5). Hy is ewig, ken aanvang, geen voortgang, geen einde van die bestaan nie. Ps. 90:2; 2 Pet. 3:8, Hy is alomteenwoordig. deur geen ruimte beperk, meer met sy Wese en met sy werke op alle plekke eweseer teenwoordig, ofskoon Hy die teenwoordigheid op die een plek meer openbaar as op die ander - meer in die hemel as op die aarde, en op die aarde soms meer by besondere geleenthede en op bepaalde plekke. Daar word gespreek van "neerdaal", "verby gaan" en dat God "woon". Hand. 17:28; Jer. 23:24. God is onveranderlik. Jak. 1:17; Jes. 48:12. God se berou - dit beteken geen verandering in sy Wese nie; d.i. antropomorfisme; God is nie ongevoelig, afsydig t.o.v. die sondige mens verbrou nie. 1 Sam. 15:29»

Die sg. mededeelbare eienskappe word onderskei in eienskappe van Verstand, wil en mag. In die redelike sedelike skepsele word hulle gevind nie op die wyse waarop dit in God aanwesig is nie, maar op 'n wyse wat ooreenkom met hulle aard as skepsele. Ons wys hier net op 'n paar hoof sake: God se verstand Ps. 147:5. Deur sy alwetendheid weet, ken en bepaal Hy alle dinge onmiddellik, volmaak en van ewigheid af. Heb. 4:13» 1 Joh. 3:20, Hieraan nou verwant: sy wysheid waardeur Hy sy hoogste doeleindes met die suiwerste middele bereik. Job 12:13; Rom. 11:33. God se wil is sy alleenwyse en heilige selfbepaling waardeur Hy Homself en alles wat met sy heilige Wese ooreenstem, bemin. Ps. 115:3. Hierdie wil is in God één, maar word t.o.v. die sake wat Hy wil en die wyse waarop Hy dit wil, onderskei in 'n "wil des besluits" op 'n ver-borge wil en 'n "wil des bevels" op 'n geopenbaarde wil. In die wil van God lê die diepste grond van alle ontstaan en bestaan van die skepsele; in die wil vind alles sy verklaring en bestemming. Ps. 33:9.

Onder die wil des besluits, of die verborge wil verstaan ons sy ewige voorneme

waarvolgens Hy alles in die tyd doen. Ef. 1:11. Die wil des bevels (geopenbaarde wil) is alles wat Hy in sy Woord aan ons voorskrywe en wat Hy deur ons gedoen wil hê. Rom. 12:2; Deut. 29:29. Al is dit soms vir ons duister, weet ons dat die verborge en geopenbaarde wil van God nooit met mekaar in stryd kom nie. Job 26:14.

Tot God se wil behoort ook die eienskappe van sy goedheid, heiligheid en regverdigheid.

God is goed, vir sy skepsele, insonderheid sy uitverkorenes (Ps. 145:9; Ps. 73:1). Hierdie goedheid is liefde wat hom op die hoogste openbaar in die sending van sy Seun in die wêreld.

1 Joh. 4:9. Die goedheid openbaar hom as genade jeens skuldiges, as barmhartigheid jeens ellendiges, as lankmoedigheid omdat Hy nie lus het in die dood van die sondaar nie. Ef. 2:8, 9; Ef. 2:4; Rom. 2:4.

Deur sy heiligheid haat God die kwade en bemin Hy die goeie omdat dit ooreenstem met die suiwerheid van sy Wese, Ps. 99:9. Deur sy heiligheid openbaar Hy sy heerlikheid d.i. die luister van sy deugde wat deur sy heiligheid van Hom afstraal. Jes. 6:3. Deur sy regverdigheid beloon en straf Hy elkeen volgens sy werke. Rom. 2:6; Ps. 8:9-15; 1 Thess. 4:6. Wanneer God toorn, stry dit nie teen sy goedheid nie. Sy liefde is ywer en toorn teenoor die sonde, wat sy heilige majesteit aanrand en stry teen sy Wese en sy wet. Gal. 3:10; 2 Tim. 2:13b. Ook in die sending en in die werk van Christus handhaaf God sy regverdigheid en sy toorn; met die las van ons sondes het Hy die toorn van God gedra. Rom. 3:25, 26; 1 Thess. 1:10. Vgl. N.G.B., Art. 20; HK. vr. en antw. 17; Dordtse Leerreëls, II, 1, 2.

God se mag is sy volmaaktheid waardeur Hy alles kan wat Hy wil. Jes. 14:27. Deur sy mag het Hy aan alle dinge hulle aard, hulle wet, hulle lewensverband en doel gegee. Dan. 4:35; Luk. 1:37. In al hierdie eienskappe is God die volsalige en algenoegsame, van Wie Paulus getuig: Rom. 11:36.

# DIE HEILIGE DRIE-EENHEID

Die Kerk van onse Here Jesus Christus bely sy geloof in God, één in wese, drie Persone. Dit is ’n misterie. Dit is nietemin ’n leerstuk. Dit is een van die eerste dogmas wat die kerk vasgestel het. In die stryd teen dwaalleer het ’n duidelike formulering uitgekristalliseer. Die stryd het rondom die vraag gesentreer oor die ware godheid en Persoon van die Seun. Reeds vóór die Ariaanse stryd is die onderskeid in die Wese van God ontken. Die Patripassisiane leer dat God één is, die Vader. Hierdie een God is Vader in sy ondeelbare Wese, maar Hy is Seun in sy openbaring. In die vleeswording het; hierdie Vader — God ’n menslike liggaam van ’n siel voorsien en in daardie liggaam het Hy gely en aan die kruis gesterwe; vandaar die naam Patripassiane wat hulle opvatting aandui dat die Vader gely het. Andere is bekend as nominale trinitariërs, in onderskeiding van diegene wat die ontologiese Triniteit bely het. Hulle het ook die persoonlike bestaan van die Seun en die Heilige Gees ontken. Van een God, die Vader emaneer twee kragte of uitvloeisels: die verligtende krag, die wysheid, of die Logos; en die lewewekkende, tewete die Gees. Albei hierdie ketterye het egter nog ’n sekere goddelikheid aan Christus toegeskrywe, alhoewel sy ware goddelike natuur ontken is. Arius het albei geloën. Volgens hom is Christus ten volle mens, in geen opsig God nie. Hy is die eerste en hoogste van alle skepsels. In 321 is Arius se leer op die Konsilie van Alexandrië verwerp. Op die Konsilie van Nicea, 325, is die positiewe leer a.g. die Triniteit vasgestel. Vgl. die Belvdenis van Nicea. Daar word dus bely dat die Seun van God nie maar ’n blote emanasie of persoonlike uitvloeisel van die Godheid is nie, maar ’n Persoon. Daarmee saam word bely dat die Seun nie geskape is nie, maar só gegenereer is dat Hy waaragtige God is, van dieselfde wese as die Vader, ’n Persoon in die goddelike Wese deur ewige generasie.

Die Ariane was net so ketters in hulle opvattinge oor die Heilige Gees. Spoedig ná Nicea het sommige van die semi-Ariane wat nog ’n sekere goddelikheid (divinity, not deity - godheid) aan Christus toegeskrywe het (homoiousion, nie homoousion nie), die godheid van die Heilige Gees openlik ontken. Hulle leier was biskop Macedorius - vandaar die naam Masedoniane. Volgens hulle is die Heilige Gees nie eenswesens met die Vader en die Seun nie, maar ’n dienskneg, In 381 het die Konsilie van Konstantinopel, in aansluiting by Nicea, die wesenseenheid van die Heilige Gees met die Vader geponeer. Van die verhouding van die Heilige Gees tot die Seun word geen melding gemaak nie. Dit gee aanleiding tot die stryd oor die sg. "filioque". Die Kerk in die Weste het - waarskynlik onder invloed van Augustinus - die "fïlioque" aanvaar. Vgl. die Symbolum Quicunque (Belydenis van Athanasius).

Die Reformatore het hierdie leer onderskrywe. Vgl. Calvyn. Institusie, I, 13. Die belangrikste Protestantse en Roomse leerstukke gaan hiermee saam. Hulle spreek hulle geloof uit in die Apostoliese Geloofsbelydenis. Dit is verkeerd om af te lei dat die Doopsformulier en vrae 24 en 25 HK. (Sondag 8) triteïsme leer. Ursinus sê in sy kommentaar op die HK. o.a. die volgende (deel I, p. 159/160): "The divine works are indivisible, but the order and manner of operation or working proper to each of

the three Persons must be maintained. For all the divine Persons perform the outgoing works of God; but the following order must be maintained: the Father does all things of Himself through the Son and the Holy Ghost, the son does all things of the Father and through the Holy Ghost, the Holy Ghost does all things of the Father and the Son through Himself. It follows therefore, that all the Persons create, redeem, and sanctify: the Father mediately, through the Son and the Holy Ghost; the son mediately, through the Holy Ghost, and the Holy Ghost immediately, through Himself, mediately through the Son, in so far as the latter is Mediator". Al sy werke gaan van die Drie-enige God uit, op so 'n wyse dat die verhouding van die drie Persone tot mekaar binne die Goddelike wese gehandhaaf bly en in die werke ad extra geopenbaar word. Terwyl al sy werke, die werke van één God is (Deut. 6:4), word die Eerste Persoon altyd geopenbaar as Vader, die Tweede Persoon as Seun, die Derde Persoon as die Heilige Gees. Die Drie Persone is saam gelyk in wese m al die werke na buite, hulle persoonlike verhouding verander nooit. Vgl. Art. 8-11. N.G.B.

Ons stel ons teen die leer van Sabellius (3de eeu na Chr.) dat Vader, Seun en Heilige Gees drie verskillende name is vir een en dieselfde Persoon. God sou Hom dus as Vader openbaar by die skepping, as Seun in die werk van die verlossing en as Heilige Gees wanneer Hy die nuwe lewe werk. Die drie name is by Sabellius niks anders as openbaringsvorme nie. Hy handhaaf die eenheid, maar loën die Drie-eenheid. Die drie Persone is dan slegs drie verskyningsvorme. soos 'n koning hom openbaar as koning in sy ryk, as man van sy vrou en as vader van sy kinders. Hierdie standpunt vind ons terug by bv. die Patripassianisme waarop ons reeds gewys het (die Vader Self het gely, al het Hy toe 'n ander Naam gekies. So word die hele Borgtogtelike lyde en sterwe van Christus ondermyn) en die Modalisme (afgelei van die woord modi, d.w.s. dat God verskillende openbaringswyses het, dat die drie Persone nie anders is as drie nodi, drie verskillende wyses van openbaring van die één Goddelike wese. Servet, Schleiermacher e.a. het op die leer van die Drie-eenheid skerp kritiek gelewer asof dit tot 'n driegodedom (triteïsme) moes lei. K. Barth sê dat daar één God is met één Persoon wat Hom op verskillende maniere openbaar. Vader, Seun en Heilige Gees is telkens 'n ander synswyse van die één Persoon. Van Niftrik sê: Die Heilige Gees is nie 'n derde goddelike Ek nie. Hy is 'n derde synswyse van die één goddelike subjek, van die één God. Hulle spreek dus nie van die Persone nie. Barth het verklaar: "My teologie sou Sabelliaans genoem kan word".

In die O.T. staan dit voorop dat God één is: Deut. 6:4? vgl. Deut. 4:35, Jes. 45:5. Daar is net één God - nie baie gode nie (heidense politeïsme). Daar is in die Drie-enige God 'n rykdom van lewe en krag. Die naam Elohim ('n meervoudsvorm) wys op die volheid van God. In Gen. 1:26 en 3:22 spreek God van Homself as "Ons" - dit dui die ryke drie-vuldige volheid aan. Ons moet ook daarop let dat God deur sy Woord (Ps. 33:6, 9; Spr. 8:22-31) en deur sy Gees (Ps. 104:30; 33:6) skep. In Gen. 1 lees ons dat God geskep het deur te spreek en dat die Gees van God op die waters gesweef het om die lewe daarin te verwek. Volgens Joh. 1:1-3 is Christus die Woord deur Wie God alles gemaak het. Hy tree in die O.T. op as Engel van die Verbond

(Ex. 14:19-24; Gen. 16:11-13; 19:1, 24). Die gedagte van die Drie-eenheid kom mooi uit in Jes. 61:1, en veral in die drievoudige verbondseën (Num. 6:24-26).

In die N.T. Dit staan ewe-eens op die voorgrond dat God één is (Joh. 17:3; 1 Kor. 8:4; 1 Tim. 2:5; 1 Joh. 5:7). Duidelik word egter die Drie-eenheid geleer. By die geboorte van Jesus Christus lees ons "Hy word van die Vader gestuur, die Heilige Gees kom oor Maria, en die Seun neem die vlees aan uit die bloed en vlees van Maria (Luk. 1:26-38; Joh. 3:16; 6:38). By die doop van Jesus vind ons weer duidelik die openbaring van die Drie-eenheid: Hy word gedoop; die Vader spreek uit die hemel, en die Heilige Gees daal op Jesus neer (Matt. 3:16, 17), Vgl. Christus se bevel voor sy hemelvaart (Matt. 28:19); verder, die apostoliese seën (2 Kor. 13:13) - die drie Persone in die één Goddelike Wese is werksaam tot heil van Gods volk (vgl. ook Op.1:4-6; 1 Pet. 1:2). Daar is, om die saak duidelik te probeer maak, verwys na ’n lig wat uit vuur bestaan, lig versprei en warmte afgee; na ’n boom wat bestaan uit wortels, stam en takke; ’n huisgesin wat bestaan uit man, vrou en kind - almal drie en tog één. Dit gee egter ’n baie flou beeld van die geopenbaarde geheimenis van die Drievuldigheid van God,

God die Vader:

(a) Hy is Vader van die Seun. Joh. 1:14; daarom kan Hy die Vader verklaar: Joh. 1:18. Christus is die Seun van God - soos ’n kind van dieselfde natuur as sy ouers is (Joh. 5:18; 20:17; Matt. 11:27; Matt. 3:17).

    Rom. 8:32: Christus God se "eie Seun". God dus nie eers Vader geword toe Hy sy skepping voortgebring het of toe Hy ons as sy kinders vir Hom verwek het nie. Van ewigheid af Vader, naamlik van sy Seun in Wie al die volheid van die Godheid liggaamlik woon (Kol. 2:9) en wat die Beeld is van die onsienlike God (Kol. 1:15), die afdruksel van sy wese (Heb. 1:3).

(b) God is Vader van sy skepping; Luk. 3:38 - Adam die seun van God genoem. In Adam het die skepping dus God as Vader. Hand. 17:28: die mensheid God se "geslag". Ons is sy geskape kinders (vgl. Ef. 3:155 Heb. 12:9). God is die Vader uit Wie alles is (1 Kor. 8:6). In so verre Christus ons menslike natuur aangeneem het, behoort Hy as mens aan God, die Vader (1 Kor. 3:23), en is die Vader ook sy "God" (Matt. 27:46; Joh. 20:17). God is na sy wese die begin en die oorsprong, die fontein van alle lig en lewe: Jak. 1:17; Matt. 5:45.

(c) God is die Vader van sy kinders. Hy is in ’n besondere sin die Vader van sy volk (Deut.. 32:6; Ps. 103:13? Mal. 1:6; Jes. 63:16). Ons is aangenome kinders van God; daarom roep Abba, Vader (Rom. 8:15). God, ons Vader wat in die hemele is (Matt. 5:45; 6:9). -Dit behels ’n besondere roeping (2 Kor. 6:17, 18). God dus in besonder Vader van dié wat in Christus met God versoen is ( 1 Joh. 3:1-10); die wat die sonde aanhang, is duiwelskinders (vs. 10 en Joh. 8:44).

God die Seun:

(a) Ewige kindskap. Die Vader was nie eers alleen daar, sodat die Seun later gebore

is nie. So gaan dit by mense, nie by God nie! Christus as Seun van God Self ook God; dus net so ewig soos die Vader (Joh. 5:26; vgl. Ps. 2:7; Hand. 13:33; Heb. 1:5).

(b) Die Godheid van die Seun. Ps. 110:1: Dawid noem Christus sy "Here". Die Messiaskoning word beloof in 2 Sam. 7:12-16 (vgl. Deut. 18:18; Jes. 7:14; Jes. 53). Jes. 9:5: Christus genoem "Sterke God", "ewige Vader". Joh. 1:1: die Woord (Christus) is self God. Hy het Goddelike name (Jer. 23:5, 6); doen Goddelike werke (Matt. 9:1-8); besit Goddelike eienskappe (Joh. 2:24, 25? Op.1:8) en Goddelike eer (Heb. 1:6). 1 Kol. 1:15: Hy is die eersgeborene van die skepping, d.w.s. Hy was daar vóór alle dinge. Die engele word soms seuns van God genoem (Joh. 38:7), en ook Israel (Deut. 8:7; Hos. 11:1), maar Christus alleen is die Eniggeborene van die Vader, deur Wie alle dinge is (1 Kor. 8:6.

(c) Die werke van die Seun. Waar die Vader die Bron, Skepper en Onderhouer van alle dinge is, daar is die Seun die Woord, die Wysheid, die Middelaar deur Wie God werk. Hy is sowel Skeppings- as Herskeppingsmiddelaar (Joh. 1:3, 10; Heb. 1:2, 3). Christus verlos ons van die sonde (Ef. 1:3-14; 1 Kor. 1:30). Deur sy Gees woon en werk Hy en die Vader in ons harte (Joh. 14:16-18, 23).

God die Heilige Gees.

Die Heilige Gees nie net 'n krag of invloed nie, maar 'n Goddelike Persoon. In Hand. 5:3 en 4: die Heilige Gees God Self. Eenswesens met God (1 Kor. 3:16, 17): die Heilige Gees 'n Persoon (Hand. 13:2). Die Heilige Gees neem besluite (Hand. 15:28), onderrig die gemeente (Op.2:7); deel die gawes van God uit soos Hy wil (1 Kor. 12:11); getuig met ons gees (Rom. 8:16), ondersoek die dieptes van God (1 Kor. 2:10), roep: Abba, Vader, (Gal. 4:6), bid vir ons (Rom. 8:26). Hy vertroos, lei (Joh. 15:26; 16:13). Al hierdie dinge kan slegs 'n Persoon doen. Die Heilige Gees is God Self. Alhoewel God Self Gees is, het Hy ook die Heilige Gees as derde Persoon in sy Wese. Die Gees word Heilig genoem: Hy is Goddelik in onderskeiding van ander geeste. Hy word vergelyk met die wind (of asem van die lewe) - spiratio; Hy word gestuur (processio). Job 33:4: die asem van die Almagtige; Ps. 33:6: die Gees van God se mond.

Die Heilige Gees ewig (Heb. 9:14), alomteenwoordig (Ps. 139:7), alwetend (1 Kor. 2:11), almagtig (1 Kor. 12:4-6). Hy wat die Heilige Gees laster, laster God (Matt. 12:32): hierdie mens verset hom in blywende verharding teen sy beterwete teen die oortuigingswerk van die Heilige Gees, soos satan hom teen God verset.

Die verhouding tussen die drie Persone.

Die Vader tree veral na vore as Skepper en Onderhouer, die Seun as Skeppings- en versoeningsmiddelaar, Die Heilige Gees as't ware die Afronder, die lewewekker in die skepping (Gen. 1:3) en in die herskepping deur wedergeboorte (Joh. 3:3-8); Hy is die groot Kerkbouer (1 Kor. 12:4-11; 1 Joh. 2:20, 27).

Die Drie Persone onderskei, nie skei nie. God tree na "buite op as die één God met

één raad, wil en daad. Tog! nie die Vader hang aan die kruis nie; en nie die Heilige Gees skep die wêreld nie. Elkeen sy werk waarin Hy meer op die voorgrond tree.

Nie net die Vader (Moderniste), of die Seun (Piëtiste), of die Gees (geesdrywers). Altyd met die driemaal heilige God te doen (Jes. 6:3). Nie drie Gode nie, maar één (N.G.B., art. 8, 9). Geen subordinasie nie: die Vader die oorsprong, die Seun die Middelaar, die Heilige Gees die Voltooier. Mag die Gees nooit wil losmaak van die Woord, nl. Christus nie. Die Gees gaan uit van die Vader én die Seun (Rom. 8:9; Joh. 15:26; 16:7). Woord en Gees gaan steeds saam, anders starre ortodoksisme of dweepsieke gevoelsdrywery.

God het dus sy skepping nie nodig nie; voer in Homself 'n volle, ryke bestaan in sy Drie-enige Wese.

# DIE UITVERKIESING

Inleidend

Die leer van die predestinasie of voorverordinering is die hart van die kerk. Hier gaan die Gereformeerdes en nie-Gereformeerdes uitmekaar. In ons belydenisskrifte het die predestinasie ’n heel besondere plek. N.G.B. art. 16, HK. Sondag 19, vr. 52 en Sondag 21 vr. 54, Dordtse Leerreëls (Vyf Artikels teen die Remonstrante) .

O.g.v. God se Woord lui die gereformeerde leer dat die ewige bestemming van die mense van ewigheid af vaslê in God se raadsbesluit. Die predestinasie omvat die verkiesing en die verwerping. Die verkiesing gaan oor die persone, maar in organiese verband met die hele liggaam van Christus. God het hulle in Christus uitverkies. Christus is die Hoof en die uitverkorenes vorm sy liggaam. Die nuwe mensheid word deur Hom gered, want die boom bly behoue, al gaan vele takke verlore wat deur Satan na die hel meegeneem word in die onuitbluslike vuur. Christus is die wynstok en ons is die lote (ranke).

Die verwerping gaan oor die individue, losgeruk uit die verband, dus oor los "takke. In die hel is die ten top gevoerde individualisme. Almal sal teen almal wees. Hulle sal haat en mekaar haat. Daar is geen organiese geheel nie.

Daar het stryd teen hierdie leer gekom: o.a. Pelagius "teen Augustinus, Hincmar van Rheims teen Gottschalk, die Remonstrante teen die Dordtse Sinode.

Locus de Dacretis Dei

Flitse uit die geskiedenis.

In die ou Christelike kerk is teenoor die heidendom (panteïsme) gehandhaaf dat daar ’n onuitwisbare grens tussen Skepper en skepsel bestaan, dat die mens vir sy dade verantwoordelik is, dat die leer van die fatum dus verwerp moet word. Teenoor die leer van die noodlot is na die ander uiterste gegaan met die standpunt dat die predestinasie op praescientia berus, m.a.w. dat God tot die ewige lewe uitverkies het hulle van wie Hy tevore geweet het dat hulle sou glo en tot die einde toe sal volhard. Die Oosterse Kerk het by hierdie standpunt gebly. Augustinus het egter die antitese tussen sonde en genade Skriftuurlik opgevat. Hy leer dat die hele mensheid ’n massa verworpenes (perditiones) is; wanneer ’n deel van die mensheid salig word en die ander deel verlore gaan, is dit alleen aan die soewereine wil van God toe te skrywe; Hy skenk uit vrye welbehae aan die electi die gratia particularis et irrasjstibilis en die donum perseverentiae. Lynreg teenoor Augustinus staan Pelagius met sy siening van die verhouding tussen God se binding en die menslike vryheid. Hy gee God se soewereiniteit prys ten einde die verantwoordelikheid van die mens te probeer verskans. Terwyl Augustinus die erfsonde leer, dat die sonde nie net ’n afsonderlike daad is nie, maar ’n toestand en dat die gratia interna nodig is om te kan glo, beweer Pelagius dat die mens deur die val van Adam intakt gebly het, dat die sonde nie oorerflik is nie, dat dit nie ’n toestand is nie, maar ’n daad, dat die genade bestaan in die possibilitas boni et mali wat altyd aan die mens eie bly, en dat die genade in die

gee van die wet bestaan en van die leer van Christus en van sy voorbeeld. Elke mens moet, net soos Adam, met sy vrye wil beslis of hy hierdie genade gaan aanneem. Die predestinasie berus dus op 'n vooruitsien van die beslissing van die mens.

Pelagius se standpunt is deur die Konsilie van Efese (431) verwerp. Die semi-pelagianisme het egter by monde van Cassianus e.a. na vore gekom. Hiervolgens is die mens wel deur die sonde aangetas, maar hy is net siek (nie dood nie), die wil is net verswak. Rome het op hierdie pad gegaan, Augustinus verloën deur te leer dat die genade wederstandelik is, dit lê heeltemal aan die mens of die Heilige Gees resultaat sal bereik, die genade van God word afhanklik gestel van die werke van die mens. Aldus die Konsilie van Trente, 1545-3 563. Hiervolgens het Christus alle mense se skuld vereffen, dit lê nou aan die mens of hierdie genade aangeneem of verwerp sal word. Die genade begin wel by God, maar dit regverdig nie, dit vereis nog die werk van die mens; die anathema word oor die leer uitgespreek: dat ons alleen deur die geloof geregverdig word (sola fide, sola gratia). Rome het steeds verder van die predestinasieleer van Augustinus weggedrywe.

Aanvanklik het al die reformatore hulle op die standpunt van Augustinus gestel. Melanchton het egter meer na die sinergisme geneig. Luther het ten gevolge van sy eie sieleworsteling alle nadruk op die regverdigmaking deur die geloof alleen gelê; uit die erkentenis van die verdorwenheid en onmag van die mens het Luther tot die belydenis van God se soewereine genade gekom en ook tot die gelowige aanvaarding van die dogma van God se ewige, onveranderlike raad wat ten grondslag lê aan alles wat nou en ewig sal geskied. Luther het die lyn van Augustinus vanuit sy antropologiese, soteriologiese vertrekpunt benader. Later het Luther nouliks meer oor die predestinasie gespreek en eensydig die geopenbaarde wil van God beklemtoon. Hierdie geopenbaarde wil sou dan inhou dat alle mense moet salig word. Daar was in die tweede helfte van die 16de eeu in Lutherse kring verset teen die sinergisme van Melanchton, tog is Calvyn se standpunt nie onderskryf nie. In die 17de eeu het dit al so vér gegaan dat die Lutherse hulle saam met die Remonstrante deur die Sinode van Dordt veroordeeld geag het.

Calvyn en alle ander teoloë in die gereformeerde spoor beklemtoon die soewereiniteit van God. Hy bepaal in sy vrymag van ewigheid af wat sal gebeur en voltrek sy soewereine wil in sy ganse skepping, volgens sy plan. God werk alles "volgens die raad van sy wil" (Ef. 1:11). Wanneer ons in die Dogmatiek van die leer a.g. God kom by die leer a.g. God se werke, moet ons aandag gee aan God se besluite. 'n Studie a.g. God se werke moet begin in God, uit, deur en tot Wie alle dinge is. Calvyn het vanuit sy uitgangspunt die leer van die predestinasie na vore gebring as die corde eccleassiae. Hy het weer skerp in die lig gestel dat die soewereine genade van God in Jesus Christus die kern van die evangelie is en dat hierdie soewereiniteit in die besluit van die uitverkiesing en, daaraan ondergeskik, in die van die verwerping uitkom. God se raad gaan ook oor ons ewige bestemming. Hy verordineer wie die ewige lewe sal beërf en wie nie. Hierdie onderskeid rus in sy verborge wil, maar in die onderskeid word die aanspreeklikheid van die mens nie ingeboet nie. (Hierdie

suiwer Skriftuurlike klanke vind ons terug in die Switserse Konfessie (1562) - met steun van Bullinger, die opvolger van Zwingli - en in die kerklike simbole van Nederland, Frankryk, Skotland, Hongarye, Pole, Engeland en Duitsland). Die geroepenes wat tot bekering kom is volgens Calvyn hulle "quos Deus sibi immutabili consilio praedestinavit". Die geloof is nie voorwaarde van die verkiesing nie, maar " fides gratuitae electionis fructus est", Naas die electio staan die reprobatio wat eweseer as die electio 'n daad van God se wil is.

Die Sociniane: God het besluit om die saligheid te skenk aan hulle van wie Hy vooruit gesien het dat hulle sy wet sal betrag en om hulle te verdoem wat dit nalaat.

Die Arminiane leer dat God besluit het om hulle om Christus ontwil die saligheid te laat toekom van wie Hy vooruit gesien het dat hulle sou glo en die ander te straf. Die Evangelie en die Heilige Gees raai aan dat die mens moet glo - indien hy wil (vgl. weerlegging van dwaalleer in die Vyf Artikels teen die Remonstrante).

Schleiermacher laat hom nie duidelik oor die predestinasie uit nie. Hy gee egter duidelik te kenne dat die verkiesing van hulle wat by hulle sterwe dadelik na die hemel gaan, op 'n vooruit gesiene geloof berus, en die tydelike lyde van die ander mense op vooruit gesiene ongeloof.

Rudolph Otto spreek van God as das Heilige, die Numinense, die Ganz Andere en Karl Barth (albei op die voetspoor van Kierkegaard) sien tussen God en wêreld, tussen God en mens die doodslyn wat alleen deur God as Hy Hom openbaar deurbreek kan word, maar nooit só dat die mens aan God se kant te staan kom nie. Sterk nadruk val op God se volstrekte vrymag wat aan die vir ons geldende norme nie gebonde is nie, maar bo-redelik en bo-sedelik is, 'n vrymag wat die skerpste in die predestinasie uitkom. Barth C.S. spreek graag van die genade-verkiesing (Gnadenwahl) in Jesus Christus; verkiesing en verwerping kom in hulle teologiese beskouing nie minder voor as versoening en verlossing nie, maar dan lynreg in stryd met die gereformeerde standpunt, skerp antiteties teenoor Augustinus en Calvyn, teenoor Heidelberg en Dordt.

(1) Barth sien die predestinasie nie as 'n vasstaande besluit van God nie, dit is nie 'n onveranderlike dekreet van ewigheid af nie, omdat God dan 'n gevangene van sy eie besluit sou wees, sy lewensboek sou oor Hom heers. Uit die onafhanklike soewereiniteit van God besluit Hy dus tot die onmoontlikheid van 'n ewig-bepaalde raad van God. Dus nie 'n tevore vasgestelde raad nie, maar 'n volkome vrye daad van God. (Vgl. hierteenoor Dordtse Leerreëls, o.a. I, 6, 75 N.G.B. art.. 16; Ef. 1:4; Rom. 9:23, Heb. 6:17).

(2) Volgens Barth is die mensheid nie in 2 groepe verdeeld waarvan die een 'n bepaalde aantal uitverkorenes bevat en die ander 'n bepaalde aantal verworpenes nie. So 'n numerus clansus bots, sê hy, met God se vrymagtige genade. Hy sê daar is nie twee lyste nie. Hy kan Hom nie tevore al bind soos ons aan 'n kontrak gebonde is nie. Barth se skeidingslyn loop nie tussen mens en mens nie, maar hy spreek van die doodslyn tussen Hom wat die ganz Andere is en sy kreature. Dit

kan nie verlê word om 'n kloof te word tussen mense en mense nie. Die aktualisme van Barth behels dat God nie verlos het nie, maar dat Hy steeds verlossend is, ons is nie gelowiges, regverdiges nie, maar glo telkens weer en word geregverdig.

(3) Daar kan geen sprake van 'n vaste, onveranderlike, ewige verkiesing in die sin dat die heil van die gelowiges onverliesbaar is en dat daar so iets as die volharding van die heiliges is nie. Die swaard hang bo ons hoof, die twyfel word verheerlik. In Barth se konstruksie is daar nie 'n ewig-sekere, vasstaande voorneme van God nie, daar is net sy vrye keuse om in Christus met die mens in relasie te tree. Maar hierdie keuse hou nie in dat daar 'n vaste lewensboek is met onuitwisbare name daarin geskrywe nie. Nee, diegene wat vandag verkore is, kan more verwerp word. Ons bly dus in die spanning van genade en gerig, ons verkeer altyd in die krisis. Ons verlossing staan nie vas nie. As onveranderlikheid God en ons sou bind, sou God nie vrymagtig en die mens nie verantwoordelik wees nie. 'n Mens kan nie verwerpeling wees nie (dus: algemene versoening). God se dade voltrek hulle in die horisontale vlak van ons veranderlikheid. Barth verander die in Christus (Ef. 1:4) na deur Christus. Hy konstrueer 'n verwerping van Christus waarvan die Heilige Skrif nie weet nie.

(4) Barth sê: netsoos daar tussen uitverkorenes en verworpenes geen absolute teenstelling is nie, maar slegs 'n relatiewe onderskeid, so is hulle bestemming ook nie antiteties in die konfessioneel-gereformeerde sin nie. Ons moet albei in Christus sien. Hulle is albei, sonder onderskeid, getuies van die "Gnadenwahl". Dit is 'n "oop veelvoud"; dit mik na die leer van die algemene versoening.

Ons handhaaf God se raad bo God se daad, God se besluit vóór die grondlegging van die wêreld, 'n diepe skeidslyn tussen gelowiges en ongelowiges. Die Skrif spreek nie van Christus as die uitverkorene en die verworpene nie, maar van Christus wat in ons plek verlate was.

God se raad.

Daar is ’n ewige voorstelling in God se verstand, daar is die ewige "bepaling van sy wil wat alles behels wat in die tyd tot stand sal kom en tot ’n finale ontknopingspunt ontwikkel, aangaande die aard van God se besluite lees ons in die kort Westminister Kategismus dat dit is "His eternal purpose according to the counsel of His will, whereby, for His own glory, He hath fore-ordained whatsoever comes to pass", (1) Die besluit is één, één daad van God, al het dit vele fasette (daarom van prothesis gespreek, d..i. voorneme, raad). Dit lê ook in die wese van God. Sy kennis is onmiddellik, gelyktydig, nie suksessief nie, soos dié van ons; sy deursig is altyd volkome, sy besluit één, allesomvattend, eenvoudig. Dus nie ’n lukraak reeks besluite nie, maar organies saamhangend as ’n eenheid. (2) Die verhouding tussen die besluit en die kennis van God is ten nouste saamgeskakel. By God ’n volmaakte kennis wat alle moontlike oorsake en gevolge insluit. Sommige woorde vir die goddelike besluit wys op ’n element van beraadslaging in die voorneme van God. Hiervan mag ons nie aflei dat die plan van God die resultaat is van enige beraadslaging a.g.v. kortsigtigheid of aarseling nie. Nee, dit is net ’n aanduiding dat by God geen blinde besluite geval het nie; dit spruit uit volkome kennis, oorwoë, verantwoord, deurdag, nie lukraak nie. (3) Die besluit het eerstens met die werke van God te doen (sy opera ad extra, of opera exeuntia). Dit behels ook die handelinge van sy skepsels. Daar is besluite wat God sonder gebruikmaking van middele uitvoer, soos in die werk van die skepping. God werk ook langs middellike weg (sekondêre oorsake) en wat Hy by voortduur sy krag instort. Daar is ander dinge wat God by sy besluit ingesluit het en sodoende verseker het, maar Hy is self nie die werkende oorsaak daarvan nie - soos die sondige handelinge van gevalle engele en die mense, In hierdie verband is meermale die term God se "toelatende wil" (teenoor sy goedkeurende wil) gebruik. Dit beteken nie dat die feit dat dit sal plaasvind vir God onseker is nie, maar eenvoudig dat Hy toelaat dat dit gebeur deur die selfverantwoordelike optrede van die betrokke engele en die mense - God is hiervoor in geen enkele opsig, direk of indirek, verantwoordelik nie. (4) Die besluit om te handel is nie die handeling self nie. Die besluit moet onderskei word van die verwerkliking daarvan in skepping, voorsienigheid en verlossing. Die besluit om te skep is nie die skepping self nie, die besluit om te regverdig is nie die regverdigmaking self nie. Ons moet onderskei tussen die besluit en die uitvoering daarvan.

Eienskappe van die raad van God, (a) Dit is ewig. Hand. 15:18: aan God is al sy werke van ewigheid af bekend. Jer. 31:3: God het ons liefgehad met ’n ewige liefde. Ef. 1:4: Ons is in Christus uitverkies voor die grondlegging van die wêreld. Ons kan nie aanvaar: dat God sy raad pas geheel of gedeeltelik in die tyd vasgestel het nie; al gaan ons in die ewigheid terug, kan daar geen sprake wees dat die een besluit eerder as die ander geneem is en nog veel minder dat God eers sonder besluit was nie. As dit só was, was die besluit nie ewig nie. Die orde is wel bepaal waarin die sake wat in die besluit behels word, mekaar sal opvolg (God is immers ’n God van orde), maar die besluit self is één. (b) God se raad, sy besluit is vry. Die verskillende elemente in die besluit is onderling verbonde; niks in die plan van God is gekondisioneer deur

enigiets wat nie in die besluit behels is nie. Matt. 11:26. Die uitvoering van die plan mag middele vereis of afhanklik wees van sekere voorwaardes, maar dan is hierdie middele of voorwaardes ook in die besluit bepaal. God het nie besluit om sondaars salig te maak sonder om die weë waarlangs te bepaal sodat dit inderdaad kan gebeur nie. Die middele wat lei tot die vooraf bepaalde doel is ook bepaal. Hand. 2:23; Ef. 2:8; 1 Pet. 1:2. Die absolute karakter van die besluit volg uit sy ewigheid, sy onveranderlikheid en sy uitsluitlike afhanklikheid van die welbehae van God. Hierdie vryheid, onafhanklikheid is geen willekeur nie. Daar word juis gespreek van God se raad. Dit sluit alle willekeur uit (Boelê [βουλή] spreek daarvan dat God se besluit op oorleg berus - Hand. 2:23; 4:28; Heb. 6:17). Dan die woord besluit. Vgl. Sefanja 2:2 (voordat die besluit baar: soos die moeder voor die kind is en die kind uit haar gebore word, so is God se besluit voor die werklikheid, die gebeure wat ons belewe en aanskou. Welbehae. (endokia [εὐδοκία], Rom. 10:1; Fil. 1:13), d.i. dat God redes uit Homself geneem het om sy Naam te verheerlik. Voorneme (prothesis [πρόθεσις], wat iemand hom voorstel, sy "bedoeling, plan - Hand. 27:13; 2 Tim. 3:10; Rom. 8:28. Dus nie willekeur of toeval nie). Verordinering. Rom. 8:30. D.i. dat God ook oor die weë en middele beskik wat tot die verwerkliking van sy voorneme moet dien. Proörismos [προορίζω] (Hand. 4:28; Ef. 1:5): Vooraf bepaal, verorden, bestem. By God berus die thelêma [θέλημα], die deur God bepaalde of gewilde (Matt. 21:31). By Hom die eklogê [ἐκλογή] (die keuse, verkiesing - Hand. 9:15) en die – prognosis [προγνώσις] (voorkennis) - Rom. 8:29, 30.

(c) Sy raad is gegrond in goddelike wysheid. Ps. 104:24. Dit is in tweërlei opsig die geval: in die doel wat beoog word en in die middele wat tot bereiking van die doel vasgestel word. Daar kan geen verhewener doel wees as die verheerliking van God nie, en geen beter middele om die doel te bereik as wat God daarvoor bepaal het nie. Die woord "raad" hou die gedagte in van konsultasie in die Drie-eenheid (Ef. 3:10, 11; Spr. 3:19; Jer. 10:12; 51:15). Sy raad staan ewig vas (Ps. 33:11; Spr. 19:21). Die raad behels wyse insig en kennis.

(d) Sy raad is onveranderlik. Heb. 6:17, 18. Net so onveranderlik as God self is, so onveranderlik is sy besluit. Ons, mense, verander van besluit - óf omdat die besluit wat ons eers geneem het, ons nou minder goed voorkom as die latere, óf omdat ons nie in staat is om die eerste besluit uit te voer nie, óf uit pure willekeur. By God nie van een van hierdie moontlikhede sprake nie. Sy besluit is onveranderlik. 1 Sam. 15:29: God kan geen berou hê nie. Maar hoe moet ons dan 1 Sam. 15:11, 35 verstaan? Vgl. Gen. 6:5-7; Hosea 13:14; Jona 4:2 ens. Die Heilige Skrif leer God se onveranderlikheid. Hy bly aan Homself gelyk, verander nie in sy bestaan en wese nie, in sy gedagte en wil, nog in sy voorneme en besluit: 1 Sam. 15:29; Rom. 11:29; Ps. 138:8; Mal. 3:6; Jak. 1:17, as daar dan van God se berou gespreek word, is dit ’n menslike wyse van spreek oor God en sy handeling en omdat ons in menslike taal en voorstellinge iets aangaande God wil uitdruk en dit nie anders kan doen as in terme van ons eie begrippe en uitdrukkinge nie. Maar dan moet ons nie vergeet dat dit met die menslike berou eintlik niks in gemeen het nie, omdat die berou van die mens altyd gepaard gaan met spyt en droefheid oor sy eie sonde en verkeerdheid.

By die volmaakte God is daar geen sonde of verkeerdheid of droefheid (en dus berou) daaroor moontlik nie. Berou "by God moet eerder in dié rigting verstaan word dat dit God se heilige reaksie teen die sonde is. Dit behels geensins dat God later tot die insig kan kom dat Hy 'n fout gemaak of verkeerd gehandel het nie, maar dat God bv. Saul se optrede met droefheid (d.i. antropomorfisties uitgedruk), afkeer en walging opmerk (l Sam. 15:11, 35) - Saul se onwaardige gedrag en sy sonde waardeur hy homself vir die koningskap ongeskik maak, laat God nie onaangedaan nie. Daar kom - mensvormig uitgedruk — by God 'n verandering van sy handelinge of dade ten gevolge van die veranderde gesindheid van die mens, hoewel Hy in Homself onveranderd bly. 2 Kon. 20:1, Jona 3:4 ens. beteken dat God om wyse redes nie ineens sy hele besluit geopenbaar het nie, maar trapsgewys, maar juis om die einddoel te bereik waartoe alles wat vooraf gegaan het, moes dien.

(e) Sy besluit is kragdadig. Jes. 14:27. God is almagtig, daarom doen Hy ook alles wat Hy besluit het. Sy raad is nie slegs die cansa exemplaris, (model, voorbeeld) nie, d.w.s. dat alle dinge in die hemel en op die aarde juis só is as wat God dit vooraf in sy raad bepaal het, maar ook die causa efficiens van alle dinge, d.w.s. dat hemel en aarde hulle ontstaan aan die besluit van God te danke het en dat die denkende en willende God Self veroorsaak en tot stand bring wat Hy in sy raad bepaal het (efficio: ek produseer, bring te weeg).

Pr aedestinatio, electio et reprobatio.

God het van ewigheid bepaal wie behou sal word en wie verlore sal gaan. Die raad van God behels dus ook die ewige lot van die mens. Die praedestinatio gaan uiteen in die elactio en die reprobatio. Dat ook die reprobatio of rejectio tot die besluit van God behoort, bely ons in die canones van Dordt I, 6. (Die engele: Daar is die wat uitverkies is (1 Tim. 5:21), uit die in die begin geskape engelewêreld, om staande te bly, om nie met Satan saam van God afvallig te word nie, om God te bly dien (eklektoi angeloi). Hulle lot is in God se raad bepaal. Hier rus die verkiesing dus ook in God se welbehae. Ook vir die troongeeste is alle roem uitgesluit. Die verkiesing geskied hier streng individueel, nie organies nie. In die engelewêreld egter ook verwerping: die duiwels wat vir die straf bestem is (Matt. 25:41; 2 Pet. 2:4; Jud. 1:6).

Kampschulte: Die Lehre von der göttlichen Vorherbestimmung ist der Grundgedanke, welcher das ganze calvinische System beherrscht. Man darf sagen: von ihr wird calvins Lehrgebände in allen seinen Theilen getragen, von ihr empfängt es Charakter und Farbe"..

Die Bybel spreek van die uitverkiesing in meer as een betekenis:

1. Die verkiesing van Israel as 'n volk vir spesiale voorregte en besondere diens (Deut. 4:37; 7:6-8; 10:15; Hos. 13:5).
2. Die verkiesing van individue vir een of ander diens: Moses (Eks. 3), die priesters (Deut. 18:5), die konings (1 Sam. 10:24; Ps. 78:70), die profete (Jer. 1:5) en die apostels (Joh. 6:70; Hand. 9:15).
3. Die verkiesing van individue om kinders van God te wees, erfgename van die

ewige heerlikheid (Matt. 22:14; Rom. 11.5; 1 Kor. 1:27, 28; Ef. 1:4; 1 Thess. 1:4; 1 Pet. 1:2; 2 Pet. 1:10). Lg. is die electio as deel van die praedestinatio: God se ewige voorneme om die boom van die menslike geslag in en deur Jesus Christus te red. Tot die uitverkorenes behoort ook die wat die saligheid sal beërf en wat nou nog nie glo nie en selfs nog nie gebore is nie. Die getal staan vas. God bring hulle tot die geloof op sy tyd en hulle ontvang die donum perseverantiae. -

Augustinus: Waarom God slegs sommiges behou en ander verlore laat gaan, is 'n geheimenis. Onregverdig is dit nie, want Hy is aan niemand iets skuldig nie. Die verwerping is 'n daad van geregtigheid., soos die verkiesing 'n daad van genade is. In beide openbaar God sy deugde ..... Wie met 'n oop oog die volle werklikheid van die lewe beskou, moet tot die konklusie kom dat die natuurlike kulturele en religieuse ongelykheid onder die mense sy laaste en diepste grond in God se welbehae het. Ontelbaar vele dinge word deur Hom aan die een gegee en aan die ander onthou, terwyl daar tog by God geen aanneming van die persoon is nie.

Die uitverkiesing vorm die spesiale toepassing van God se raad -dit het betrekking op ons ewige staat en op die middele wat daarheen lei. Dit is ook al aangedui as die heilsraad, die raad van die versoening, die raad van behoudenis. Die raad van God gaan oor alle dinge, en verwerklik hom in die voorsienigheid van God in die loop van die eeue. Die uitverkiesing word normaalweg na die sondeval in die bedding van die genadeverbond gerealiseer. Dit is die omvattende leerstuk wat die hele gedagtegang van die Heilige Skrif beheers»

(a) Die grond van die verkiesing is die soewereine, ewige wel-behae van God. Die mens met sy sondige, vleeslike bedenkings kan hom moeilik hiermee versoen. Die bedenking van die vlees is vyandskap teen God. Die natuurlike mens wil nie voor God buig nie. In sy selfverheffing betwis hy die soewereine vrymag van God en wil hy homself vrypleit van doemskuldigheid. Die grond van die verkiesing rus in die ewige welbehae van God. Rom. 8:29, 30. Dit rus nie op 'n deug of op vooruitgesiene goeie werke (merita praevisa) van die mens nie. (Dwaalleer van Remonstrante). Die grond is geleë in die krag van God se ewige liefde (Ef. 1:5) Soli Deo Gloria. Ps. 115:1. Die woord uitverkiesing beteken welgevalle hê in, en om o.g.v. die welgevalle te verkies.

(b) Die wyse van die verkiesing. In die vrederaad van God, die verband van die verlossing, is Christus as Middelaar en Hoof van sy gemeente verordineer. Vgl. Ef. 1:5; 1 Pet. 1:20; Joh. 10:36. Christus is in onderskeiding van die Vader en die Heilige Gees tot Middelaar aangewys - Hy sou in die volheid van die tyd die menslike natuur aanneem en aan hierdie menslike natuur die las van God se toorn oor ons sondes dra en ons skuld vereffen (Jes. 42:1; Hand. 2:23. Die uitverkiesing geskied dus nie buite nie, maar in nouste verband met Christus. In God se raad staan die gemeente nie los van sy Middelaar en Hoof nie. Die gelowiges is met Christus gekruisig (Gal. 2:20), gestorwe (Rom. *6:8),* begrawe (Rom. 6:4), opgewek (Kol. 3:1): saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus (Ef. 2:6). Die waarheid van die uitverkiesing is 'n geloofswaarheid wat nie losgemaak kan word van die geloof in

Christus nie. God se liefde is altyd verkiesende liefde - die liefde van God kan ook in sy verkiesende karakter nie geken word behalwe in Christus nie. Die verkiesing het ook kosmiese betekenis. In Hom - die één Hoof - word alle dinge in die hemel, sowel as wat op die aarde is, verenig (Ef. 1:10). Die gevalle kosmos is in Christus uitverkies tot vernuwing, tot herskepping en die "skaduwee" hiervan was reeds in die O.T. die verkiesing van die land Kanaän, van die berg Sion, van die stad Jerusalem waaraan Johannes in die boek Openbaring sy beelde ontleen vir sy beskrywing van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Elke oomblik het die geheel van God se genadebetoon, maar nie minder nie, die hele skepping (Kol. 1:17) sy rus, sy bestand in Christus. Augustinus verklaar: In ons Hoof het die bron van die genade self verskyn van waar uit dit hom deur al sy lede volgens elkeen se maat versprei. Vgl. Calvyn, Instit. III, 22, 1. Sowel Augustinus as Calvyn sien dus in die inkarnasie van God se Seun ’n veroordeling van die Pelagiaanse verdiensteleer en ’n lig en spieël waarin ons verkiesing aan ons getoon word as ’n verkiesing uit vrye welbehae, sonder enige verdienste van ons kant. Christus is die uitverkore Hoeksteen wat die gemeente, die tempel dra. Dat God ons uitverkies het vóór die grondlegging van die wêreld wys volgens Calvyn daarop dat dit gaan om ’n verkiesing uit genade, want welke waardigheid of verdienste kon ons vóór die grondlegging van die wêreld aanbring? God se verkiesende liefde word in die versoening geopenbaar. Daar is tegelyk ook ’n negatiewe relasie tot Christus wat hom in ongeloof manifesteer, in ergernis en verharding. Joh. 17:9, 12; Luk. 2:34? Joh. 3:18; veral ook 1 Pet. 2:7 e.v. God verkies nie atomisties, los éénlinge nie. Vgl. die beelde dat die gemeente sy liggaam is (1 Kor. 12), die wynstok (Joh. 15), ens. In Christus behoue, buite Christus verlore. Dordtse Leerreëls, I, 7.

(c) Die doel van die uitverkiesing: (l) God se verheerliking.

Nie die mens kom op die voorgrond nie. Rom. 11:36; Ef. 1:3 e.v.

Paulus spreek van die rykdom van God se genade - daarteen-oor ons eie armoede, ellende, doemskuldigheid. (2) Ons word behou tot saligheid. Ef. 1:4. Tot herstel van die ware kennis, geregtigheid en heiligheid sodat daar vrugte van dankbaarheid gedra sal word tot roem en prys van God se genade.

(d) Verkiesing en verwerping (die donker keersy van e.g.)

Uit die verkiesing vloei die geloof voort, sodat die geloof en al die weldade wat aan die geloof verbonde is, die vrug vorm van die verkiesing of verordinering tot die ewige lewe. Dit kom nie uil; die mens voort nie; dit is God se gawe (Ef. 2:8). In die geval van die verwerping is die sonde en met die sonde die straf en oordeel wat daarop volg op die mens se eie hoof, God het die mens goed geskape. Alhoewel ons beslis aan die soewereiniteit van God moet vashou, en die feit nie uit die oog mag verloor dat die verwerping ook middel tot verheerliking van God is nie, moet die verwerping geheel-en-al aan die verkiesing ondergeskik gestel word. Bavinck noem die verwerping die donker keersy waarteenoor die verkiesing op sy heerlikste na vore tree.

Calvyn spreek van ’n "decretum horribile". Dit wil sê dat ons met ’n God van heiligheid en majesteit te doen het, soos Calvyn in dieselfde verband spreek van ’n "admirabile Dei consilium" (Inst. III, 23, 7). Die Bybel is vóór alles die Boek van genade en verlossing, spreek met groot; klem van die uitverkiesing; tog ook van die verwerping. (Rom. 9:13, 17, 18, 21, 22; 11:7; Jud. 4; 1 Pet. 2:8 ens.). Die verwerping behoort ook tot God se raadsbesluit: Die Heilige Skrif laat ons die verwerping as daad van God sien in die gang van die geskiedenis. God verwerp Kain, dryf Ismael uit, laat die heidene op hulle eie weë wandel. Van die verwerping as dekreet van God word o.a. in Spr. 16:4; Luk. 2:34b; 1 Pet. 2:8 en Rom. 9:22 gespreek. Daarby is die goddelose self mede-werksaam (aldus Greydanus). Cadit homo, providentia Die sic ordinante, sed suo vitio cadit. Esau verwerp sy eersgeboortereg, Judas pleeg verraad ens.

Hierdie leer is nie ’n vinding van die mens nie. Die werklikheid wat ons kan sien spreek nie ’n ander taal nie. Nie alleen lewe en sterwe miljoene wat die Naam van Jesus nooit gehoor het nie, maar ook in sg. Christenlande keer duisende hulle af van die Evangelie. Dit is alleen daaruit te verklaar (al word daarmee die skuld, aanspreeklikheid van die sondaar nie weggeneem nie) dat God hulle die onwederstandelike genade onthou. En hoe kan hierdie onthouding anders verklaar word as hieruit dat God in sy raad besluit het om hulle met sy genade verby te gaan? Wie waarlik die electio aanvaar, bely vanself ook die reprobatlo wat die keersy van die electio is.

Onthou: die sonde is nie die oorsaak van die besluit van die verwerping nie; was dit die geval, sou God alle mense moes verwerp het. Tog poneer die Heilige Skrif die nouste verband tussen die mens se sonde en die ewige verdoemenis. Wie in die hel beland, moet erken dit is sy eie skuld! ek wou nie, moedwillig het ek tallose kere teen die aan my bekende wil van God gesondig. Vgl. Calvyn, Instit. III, 23, 8.

Ons mag die Skrif nie so verstaan dat God ooit iemand regstreeks tot die kwade verlok of noodsaak om die kwade te doen nie. Vgl. die geval van Farao (Eks. 7:13; 8:5; 9:7). God is in geen opsig outeur van die sonde nie. Belangrik in hierdie verband is Jak. 1:13, 14, 15. As ons lees dat God Farao se hart verhard het, beteken dit dat God as straf op Farao se sonde al meer sy gemene grasie van hom terug getrek, hom aan homself oorgelaat het.

Die sonde: ofskoon nie praeter, tog terdeë contra Dei voluntatem.

So seker as die gelowiges van hulle verkiesing kan wees, so seker is dit dat niemand homself vir ’n verworpene mag hou of deur ander daarvoor aangesien mag word nie. Vir die grootste sondaar is daar vergiffenis en genade, en hy wat ’n verworpene geskyn het, word soms ter elfder uur bekeer; vele eerstes sal laaste wees en omgekeerd (Matt. 20); hoere en tollenaars gaan Fariseërs en Skrifgeleerdes voor in die koninkryk van God. Hier word die hoogheid van die mens neergeslaan; hier word ’n vaste grond gelê vir die lewe van die geloof, tot waaragtige troos vir God se kinders in alle storms van die lewe en tot eer, lof en heerlikheid van God se vrymagtige

genade waaruit die hele werk van ons saligheid verklaar moet word.

Die uitverkiesing en die mens se verantwoordelikheid.. Sluit die leer van God se vrymag die vryheid en verantwoordelikheid van die mens uit. Twee uiterste standpunte:

(a) die mens geen verantwoordelikheid, hy is soos ’n stok en ’n blok; hy verloor sy mens-wees. God se straf dan ontduik en onregverdig. D.i. fatalisme, determinisme.

(b) die mens se vryheid en verantwoordelikheid is onbegrens. Pelagius, Remonstrantisme; saligheid deur eie goeie werke, wilsvryheid, God in sy soewereine vrymag aangetas, die mens God se konkurrent (vgl. "mondige mens" in "nuwere" (?) teologie). Vir ons verstand onbegryplik; aan die één kant Rom. 9:16, aan die ander kant: julle wou nie luister nie (Ps. 81); Joh. 6:44 (niemand kan na My toe kom aan die ander kant: Kom na My toe (Matt. 11:28). Onthou; God is so groot en magtig dat sy almag ook die mens se verantwoordelikheid insluit. God se vrymag is meer en iets anders as ons verantwoordelikheid; dit is ook groter, daarom kan dit ook ons verantwoordelikheid omspan sonder om dit op te hef. God is en bly God, met sy vrymag; die mens is en bly mens met sy verantwoordelikheid. Dus nie ’n kragmeting: óf ... óf, maar én ... én. Vgl. K. Dijk: twee kapteins op dieselfde skip is konkurrente, maar nie die kaptein en die stuurman nie, die orkesleier en die koorlede nie - beweeg in verskillende bane. L. Boettner wil dit verduidelik deur te verwys na ’n gebou wat opgetrek word: die argitek het die dinge waarna hy omsien, terwyl die bouer die sake het wat hy behartig.

Onder dekking van die indikatief kom die imperatief na vore. Ons is verkies tot goeie werke; die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. Hierdie leer maak nie goddelose en sorgelose mense nie (Sond. 24, H. Kateg,).

Calvyn beklemtoon die groot waarde van die uitverkiesing vir die persoonlike heilsekerheid. Christus is die spieël waarin ons ons verkiesing behoort te aanskou (Inst. III, 24, 5). Hy wat deur die geloof waarlik met Christus gemeenskap het, kan seker wees dat hy deel het aan die uitverkiesing tot saligheid.

(a) ’n Ware gelowige sal nie sê: as alles genade is, het ek niks verantwoordelikheid, geen roeping nie. Dit is onhristelike antinomianisme (vgl. Rom. 3:85; 6:1, 2; Judas 4; Amos 6:1). Ons het God se geopenbaarde wil (Deut.. 292 2.9) en maak erns daarmee; meer en meer word Christus met die hele hart gesoek en word steun gevind in God se vrye genade.

(b) Ons mag die roeping nie in valse lydelikheid verwaarloos nie - ’n roeping tot geloof en bekering die eis tot gehoorsaamheid aan God se gebooie. Die getal van die uitverkorenes is vas — dit realiseer hom in die roeping (Fil. 2:12, 13; 2 Pet. 1:10).

Baie belangrik: Gee u voor die eksamen weer goed rekenskap van die ganse inhoud van die Vyf artikels teen die Remonstrante en die betrokke gedeeltes uit die HK. en

die N.G.B.

In die boesem van die Geref. Kerke het verskil van opvatting na vore gekom, aangedui meit die woorde supralapsarisme en infralapsarisme. Die verskil gaan oor die orde in die besluite van God en hoe die mens daarin voorkom. Die supralapsariërs of "boven valdrijvers" leer dat in die besluite van God dié oor verkiesing en verwerping aan al die besluite voorafgaan, ook aan die van die skepping en die sondeval; die mens kom daarin voor, afgedag van sy val en sy skuld. Lg. word middele om God se doel te bereik.. In hierdie verband word tekste soos Spr. 16:4; Jes. 10:15 aangehaal. Besondere nadruk word op die soewereiniteit van God gelê (Rom. 9:21 ens.).

Die infralapsariërs (benedenvaldrijvers) meen dat die besluit van die skepping en dié van die val aan die van die verkiesing en verwerping voorafgegaan het. Hulle beroep hulle op tekste waar verkiesing en verwerping in verband gebring word met die wêreld wat van God afgeval het, en as dade van barmhartigheid en regverdigheid voorgestel word, bv. Deut. 7:6, 8; Ef. 1:4-12.

Beide beskouinge stem hierin ooreen dat hulle die grond van die mens se ewige bestemming vind in die besluit van God. Die Geref. Belydenisskrifte staan meer op infralapsariese standpunt. Ook die Sinode van Dordrecht 1618/19 het egter die supralapsarisme nie veroordeel nie. Gomarus, Maccovius, en later Voetius, Comrie e.a. was supralapsariërs, terwyl Zanchius, Bogerman, Heidegger, Maresius e.a. infralapsariërs was. Die supralapsarisme is te waardeer omdat dit die nadruk lê op die vrymag en soewereiniteit van God en nie oorwoeker raak deur die bybring van allerlei bewyse om God te handhaaf (teodisee) teen die bedenkinge van die kant van die mens nie, en dus op die hoë standpunt staan wat God se heerlikheid bo alles stel. Die infralapsarisme kan ons waardeer vir so vér dit ons by die orde van die feite bepaal en met die praktyk rekening hou, en omdat dit die supralapsariër waarsku om nie te spekuleer of in die dieptes van God se raad in te dring, meer as dit ons betaam nie. Van beide kante is hier 'n poging tot herkonstruksie van die gedagtes van God in sy ewige raad. Vir die gedagtekonstruksies wat volgens die maatstaf van die Heilige Skrif deur die konklusie-trekkende verstand tot vereensydiging lei, moet ons dubbel versigtig wees. Ons kan ons tydsorde nie in die ewigheid projekteer nie, ook nie ons logiese orde nie - God se besluit is die besluitende God Self.

# LOCUS DE CREATIONE

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (Heb. 11:3). Die heelal het 'n begin gehad. Hierdie begin kan alleen uit die almagtige wil van God verklaar word, Rom. 4:17. Die ongeloof wat die openbaring van God versmaai, kan die oorsprong van die wêreld nie verklaar nie. Die data vir die oplossing van die probleem na die oorsprong lê nie binne die sfeer van die ervaring of die rede nie. Gen. 1 is nie 'n stuk mitologie of allegories te verklaar nie.. Die evolusieteorieë wil die wêreld in terme van selfontwikkeling verklaar. C. Hodge se tereg: (1) "That they leave the origin of things unaccounted for. Whence came the matter, which the theory in one form assumes? Whence came its physical properties, to which all organization is referred? And as to the other doctrine, it may be asked, whence came the living germs of plants and animals? To assume that matter in a state of chaos is eternal; or that there has been and endless succession of living germs, or that there has been an eternal succession of cycles in the history of the universe, chaos unfolding itself into cosmos, during immeasurable ages, are all assumptions which shock the reason, and must of necessity be destitute of proof. (2) These theories are atheistic. They deny the existence of a personal Being to whom we stand in the relation of creatures and children. The existence of such a Being is an innate, intuitive truth. It cannot be permanently disbelieved. And, therefore, any theory which denies the existence of God must be not only false but short-lived" (Systematic Theology, I, 553).

Deur die geloof aanvaar ons Gen. 1:1 en Joh. 1:1-3. Die skepping is nie ex nihilo nie — nee, dit spruit voort uit God se almagtige wil volgens sy raad. Nie alleen is die begin en die einde in God se ewige raad bepaal nie, maar ook die verband tussen die twee, al die drade wat van die een na die ander lei. Al sy werke is van ewigheid af aan Hom bekend. Die skepping is die daad van die almagtige wil van God waardeur Hy die dinge wat ewig in sy raad bepaal was, tot stand gebring het, onderskeie van Homself. Ons verwerp die Grieks-filosofiese gedagte van emanasie. Ook die gedagte van 'n voortgaande skepping. Hierdie daad verrig Hy deur sy Woord, Hy roep in aansyn. Rom. 4:17; Ps. 33:6, 9; Jes. 48:13; Jes. 40:12-14, 26; Neh. 9:6; Jes. 42:5; 45:18; Kol. 1:16. Geen wonder dat die 24 ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, neerval en Op.4:11 se woorde sê nie. Vgl. Op.10:6.

Toe God die eerste skeppende woord gespreek het, is die begin van die tyd geskep. Die skepping is met tyd daargestel, nie in tyd nie. Die tyd bestaan nie onafhanklik van God, sodat Hy die aanbreek van die moment moes afwag om te kon skep nie, nee, dit is met God se Woord geskep. Die geskiedenis wat so begin het, kan nie tot rus kom voordat God se plan met sy skepping finaal volvoer is nie. As God sien al wat Hy gemaak het - dit was baie goed (Gen. 1:31), beteken dit dat daar geen onvolkomenheid was nie, maar ook dat alles ingestel was op die doel wat verwesenlik moes word. Die hele skepping is openbaring van God. Ps. 19:1, 2.

Die skepping is die werk van die Drie-enige God.

Die Vader skep deur die Woord: Joh. 1:1-3; Heb. 1:1, 2; Kol. 1:16; Spreuke 8. Deur dieselfde Woord word die wêreld in stand gehou - Hy dra alles deur die Woord van sy krag. Die verwekking van die lewe, die harmonie en die gemeenskap, die lewensband wat die hele skepping verenig in gemeenskap met God, is deur die Heilige Gees, Gen. 1:2; Job 26:13; Ps. 33:6.

Die skeppingsdae.

Moet ons die dae van Gen. 1 as lang periodes beskou, of as dae van 24 uur soos ons dit ken? Onder druk van die sg. "wetenskap", veral van die natuur, het die gedagte na vore gekom dat die hexahemeron, die ses skeppingsdae, sesvoudige periodes, van duisende, en miskien baie miljoene jare was. Hierdie teorie berus nie op Skrif-eksegetiese gronde nie. In Gen. 1 word elke dag deur more en aand begrens. "Dag" kan hier nie ’n lang periode aandui nie. Die hemelliggame is op die vierde dag geskape. Die oorgang van dag tot nag is dus op die laaste drie skeppingsdae bepaal deur die rotasie van die aarde. Hierdie dae kon dus onmoontlik lang periodes gewees het. Ons moet daarvan uitgaan dat dieselfde woord in dieselfde konteks dieselfde betekenis het, tensy die teks self ’n duidelike vingerwysing na ’n ander betekenis inhou. En dit is nie waar van Gen. 1 nie. Daar is geen aanduiding dat die eerste drie dae radikaal anders was nie. Uitgaande daarvan dat Adam die more van die sesde dag geskape is, moes hy, volgens die periode-teorie, duisende of selfs miljoene jare oud gewees het met die sondeval. Dan sou ’n menslike geslag reeds op die sesde dag uit hom voortgespruit het. Hy sou ook reeds die non passe peccare et mori bereik het.

Onthou: Ons week siklus is by die skepping verordineer. Dit word duidelik in die vierde gebod geleer.

Ons onderskei tussen die creatio prima et secunda. Daar is by die skepping ’n opklimming van die anorganiese na die organiese, van die plant na die dier en van die dier na die mens wat die kroon is. Gedurende die eerste drie dae het God die woonplek toeberei vir die lewende skepsele wat dit in die laaste drie dae betrek het. Die eerste drie dae word ingelui met die skepping van die lig, die tweede groep van drie dae word ingelui met die formasie van die ligdraers aan die firmament. Gen. 1:14-19.

In Hebreeus die woord bara' [בָּרָא], in Grieks Ktizein [κτίζω]. Die ander twee sinonieme vir skep, om te maak: Hebreeus 'asah [עָשָׂה], Grieks polein [ποιέω]; om te vorm: Heb. y at sar [יָצַר], Grieks plasso [πλάσσω]. Al drie die woorde kom saam voor in Jes. 45:7- Die skepping is ’n vrye daad van God waardeur Hy, volgens sy soewereine wil en tot sy eie verheerliking, in die begin die hele sienlike en onsienlike heelal, sonder die gebruik van vooraf bestaande materiaal voortgebring het, en so sy skepping daargestel het, onderskeie van Homself en tog altyd van Hom afhanklik.

Die engele: Hulle is geskape wesens. Ps. 148:2, 5; Kol. 1:16; vgl. 1 Kon. 22:19; Ps. 103:20, 21. Hulle moes voor die sewende dag geskape gewees het. Vgl. Gen. 2:1;

Eks. 20:11; Job. 38:7; Neh. 9:6. Hulle is geestelike wesens (pneumata [πνεῦματα]: Matt. 8:15; 12:45; Luk. 7:21; 8:2; 11:26; Hand. 19:12; Ef. 6:12; Heb. 1:14). Nie liggaamlik: Luk. 24:39? trou nie: Matt. 22:30; kan in groot getal "binne beperkte ruimte aanwesig wees: Luk. 8:30, is onsigbaar: Kol. 1:16. Hulle kan nie in twee of meer plekke tegelyk wees nie. Hulle is persoonlike wesens, met verstand en wil: 2 Sam. 14:20; Matt. 24:36; Ef. 3:10; 1 Pet. 1:12; 2 Pet. 2:11. Nie alwetend nie, maar meer kennis as die mens in hierdie bedeling: Matt. 24:36; aanspreeklik: Matt. 25:31; Mark. 8:38; Luk. 9:26; Hand. 10:22; Op.14:10, teenoor dié wat leuenagtig is en sondig: Joh. 8:44; 1 Joh. 3:8-10. Die goeie engele is nie aan die dood onderworpe nie (Luk. 20:35, 36). Hulle vorm God se leërmag (Ps. 103:20; Kol. 1:16; Ef. 1:21; 3:10; Heb. 1:14). Die bose engele, die leer van die Satan (Luk. 11:21; 2 Thess. 2:9; 1 Pet. 5:8). Die goeie engele het deel aan die uitverkiesing (1 Tim. 5:21). Dit hou in die gratia persevantiae. Hulle is heilig, engele van die lig, (2 Kor. 11:14), sien altyd God se aangesig (Matt. 18:10), tot voorbeeld vir ons (Matt. 6.:l0)j besit die ewige lewe (Luk. 20:36).

Hulle getal is groot. Deut. 33:2; Ps. 68:17; Mark. 5:9, 15. 'n Romeinse legioen was tussen 3,000 en 6,000. Matt. 26:53; Op.5:11. Die volle getal is in die begin geskape - geen voortplanting nie. Hulle vorm nie 'n organiese eenheid soos die mensheid uit één ouerpaar nie. Tog saamhorig. Mal´aks boodskapper, gestuur deur die mens (Job 1:14; 1 Sam. 11:3) of deur God (Hag. 1:13} Mal. 2:7; 3:1).

Aggeloss [ἄγγελος] deur mense (Matt. 11:10; Mark. 1:2; Luk. 7:24; 9:51; Gal. 4:14).

As daar van leërskare gespreek word, hou dit reeds die gedagte van orde en van rangorde in: Gerubs [כְּרוּב] (Gen. 3:24; Eks. 25:18; Ps. 80:1; 99:1; Jes. 37:16; Heb. 9:5; 2 Sam. 22:11; Ps. 18:10). In Eseg. 1, Op.4 die verskillende engele figure - variasie. Weerspieël mag, majesteit, heerlikheid van God, waak oor sy heiligheid. Serafs [שָׂרָף]: Jes. 6:2, 6. Kom net hier voor. Troongeeste, te doen met diens van die versoening. Owerhede, magte, trone, heerskappye: archai [ἀρχή], exousiai [ἐξουσία] (Ef. 3;10; Kol. 2:10); thronoi [ἐξουσία] (Kol. 1:16); kureotetoi [κυριότης] (Ef. 1:21; Koloss. 1:16); dunameis [δύναμις] (Ef. 1:21; 1 Pet. 3:22). Dus: geledinge, 'n verskeidenheid.

Gabriel en Migael. Hulle word by name genoem. Gabriel (Dan. 8:16; 9:21; luk. 1:19, 26), beteken man van God. Hy bemiddel, kondig openbaring aan (die geboorte van Joh. die Doper, hy gaan na Maria). Migael (wie is soos God?): Dan. 10:13, 21; Judas 9; Op.12:7. Aanvoerder van die hemelse leer.

Diens van die engele: onderskeie gewone en buitengewone diens:

(a) Gewone: lof aan God (Job. 38:7? Jes. 65 Ps. 103:20; 148:2; Op.5:11); diens aan die wat salig word (Heb. 1:14); juig by die bekering van ; sondaar (Luk. 15:10); hou wag oor gelowiges (Ps. 34:7; 91:11); beskerm die kleintjies (Matt. 18:10); is teenwoordig in die kerk (1 Kor. 11:10; 1 Tim. 5:2l); dra na die boesem van Abraham (Luk.. 26:2.2); hulle skou in die rykdom van die genade (Ef. 3:10; 1 Pet. 1:12).

(b) Buitengewone diens. Dit het deur die sondeval nodig geword. Dit vorm ’n belangrike element in die besondere openbaring van God; veral by sekere keerpunte, soos in die tyd van die patriarge, die wetgewing, tydens die ballingskap en herstel, verder by die geboorte, opstanding en hemelvaart, wederkoms van Christus.

Die gevalle engele. Hulle oorsprong. Hulle weerstaan God, ondermyn sy werk. Hulle is goed geskape (Gen. 1:31). Hulle het geval (2 Pet. 2:4; Judas 6). Het in opstand gekom. Hoogmoed. Satan aan die spits - teenstander. Genoem Apollion (verwoester), Diabolos [διάβολος] (aanklaer) - Op.12:10[3]. Hy is die wortel van die kwaad (Gen. 3:14; Joh. 8:44; 2 Kor. 11:3; 1 Joh. 3:8; Op.12:9; 20:2, 10). Hy is die groot aanstoker (Matt. 25:41; 9:34; Ef. 2:2). Die leier (Joh. 12:31; 14:30; 16:11), "die god" van hierdie wêreld (2 Kor. 4:4), d.w.s. die aan die spits van alles wat in die wêreld boos is, dus nie dat iets goddeliks in hom is nie (Ef. 2:2). Hy is magtig, nie almagtig nie; oefen groot mag uit, maar dit is beperk (Matt. 12:29; Op.20:2), sal ondergaan (Op.20:10).

Hulle aktiwiteit. Terwyl die goeie engele God prys, stryd voer vir Hom, Hom getrou dien, is hulle as mag van die duisternis besig om God te vloek, teen Hom en sy Gesalfde te stry en sy werke te probeer verbreek; in gedurige opstand teen God, soek om die uitverkorenes te verblind en verlei, moedig die sondaars aan in hulle kwaad. Maar verlore geeste, sonder hoop, vasgeketting aan die hel en die afgrond van donkerheid, alhoewel nog nie vasgepen in een plek nie, sleep hulle hulle kettings met hulle saam waar hulle ook gaan (aldus Calvyn). Vgl. 2 Pet. 2:4; Judas 6.

Die mens (1) Sy oorsprong. Die skepping van die ander kreature, van hemel en aarde, van son, maan en sterre, plante en diere - in weinig woorde weergegee. Van die skepping van die engele selfs heeltemal geswyg. Die skepping van die mens breedvoerig, nie alleen die feit, maar ook die wyse. In Gen. 2 daarop teruggekom. Die mens is die kroon, die hoof:

(1) daar is spesiale onderlinge oorleg wat by die ander kreature nie spesiaal vermeld word nie. Gen. 1:26.
(2) in ’n unieke betrekking tot God geskape, na sy beeld en gelykenis.
(3) dit geld nie net van ’n enkele mens nie, maar mense. Man en vrou vertoon ook saam die ewebeeld van God, ook met hulle nakomelinge (Gen. 1:27, 28). Die menslike geslag in elkeen van sy lede en in sy geheel.
(4) die skepping na God se beeld moet veral uitkom in die heerskappy (Gen. 1:28). Die kindskap van God en die erfenis van die wêreld is reeds in die skepping onafskeidelik aan mekaar verbonde.

Daar is verband tussen Gen. 1 en 2. Gen. 1: die skepping van hemel en aarde wat op die mens uitloop Gen. 2:4 e.v.: die mens by die aanvang van die geskiedenis: (1) die eerste woonplek; (2) die proefgebod: (a) sy verhouding tot die aarde - die tuin bebou en bewaak (b) sy betrekking tot die hemel: van al die bome, behalwe van die boom

[3] Dit moet Op.2:10 wees.

van die kennis van goed en kwaad. Hy moet (1) die aarde bebou, d.w.s. ontgin die skatte deur God daarin gelê (2) bewaak. Moet God op sy Woord glo, gehoorsaam wees. Moet heers, nie in ledigheid nie, maar deur arbeid van hoof, hart en hand. Om te kan heers moet hy dien, God sy skepper en Wetgewer dien. Kultuur en kultus gaan saam. (c) Lees in Gen. 2 van die gawe van die vrou en die instelling van die huwelik. (vs. 19-21). Adam en die ander skepsele verskil nie net in graad nie, maar in wese. Eva 'n hulp wat by Adam pas. Hier die eerste bruilofslied. Eva verwant aan, onderskeie van Adam. Nie meesteres of slavin nie.

(2) Wese van die mens. As die mens deur blind werkende natuurkrag ontwikkel het (evolusie), sou hy nie wesenlik van die dier verskil het nie, en ook in sy hoogste ontwikkeling 'n dier gebly het, dan geen sedelike vryheid, persoonlike onsterflikheid nie. Dan sy eie wetgewer, heer en meester. Die mens is afhanklik: liggaamlik gebonde aan die wette vir asemhaling, bloedsomloop, spysvertering, voortplanting, ens. Ook vir geestelike lewe, anders verstrik in dwaling en leuen, selfverwyt, wroeging van die gewete. Sy eie wese nie straffeloos geskend nie. Hy is God se beeld, vertoon sy gelykenis. Sowel van die dier as van die engel onderskeie.

Gebondenheid en vryheid, afhanklikheid en selfstandigheid, onmeetlike afstand van en innige verwantskap aan God is op wonderbare, onbegryplike wyse in die mens met mekaar verenig. Die beeld van God - elke mens, en 'n veelheid van mense met onderskeid van geslag, gawes, kragte wat in die mensheid geleë is - volle ontplooiing op die nuwe aarde. Die mens is kultuurskepper. Hy dra nie net die beeld nie (vgl. Rome met sy donum superadditum). hy is die beeld.

God het die asem van die lewe in die mens geblaas - die mens met God verwant, Hy wat Gees is (Joh. 4:24) en in die ewigheid woon (Jes. 57:15). Taal en godsdiens, sedelikheid en reg, kuns en wetenskap ens. kom nie by die diere voor nie. Die mens as mens God se beeld, siel en liggaam. Beeld in *enger* sin: ware kennis, geregtigheid, heiligheid.

(3) Bestemming. Die mens is nie tot ledigheid geskape nie, maar tot arbeid. Gen. 1:26-28; 2:15. 'n Groot, uitgebreide, ryke taak. Sy bestemming in noue verband met sy wese, soos die wese op sy beurt met die oorsprong. Die wese, die beeld van God waarna hy geskape is, moes in die strewe na sy bestemming steeds ryker en voller tot ontplooiing van sy inhoud kom. Dus nie 'n arbeid sonder oorleg, plan, doel (visie) nie. 'n Ontwikkeling, en dit spreek van 'n voorneme, voortgang, orde, einddoel, bestemming. Ook die mens se arbeid (hierin afspieëling van God) is 'n werk na oorleg, met ordelike gang, doel. Beeld van God: 'n denkende, willende, handelende wese - wil iets skep en aan die einde met welgevalle op die werk van sy hande sien. Sy arbeid loop, soos by God Self, op rus, genieting, welbehae uit. Die stempel van 'n goddelike roeping (Heb. 4:9, 10). HK. vr. 6. Eindbestemming die ewige saligheid, die verheerliking van God in ewigheid. Dit is opgeslote in Gen. 1:26-2:3 en Gen. 2:16, 17. Hierdie boom sou uitwys of die mens eie-magtig en willekeurig self sou wil bepaal en uitmaak wat goed en wat kwaad is, en of hy hom aan God se gebod sou hou. Die skepping van die mens moet dus van sy bestemming onderskei word. Van

die staat van onskuld moes Adam kom tot die staat van heerlikheid waarvoor hy bestemd was. Hy moes kom van die posse non peccare et mori tot die non posse peccare et mori.

# <u>DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD</u>

<u>Wat dit is.</u>

Wanneer God sy skeppingswerk voltooi het, dit nie aan homself oorgelaat nie. Die woord nie in die Skrif, wel die saak.. Sondag 10, HK. Die Heilige Skrif spreek van die rus van God (Gen. 2:2). Sy rus nie ledigheid (Heb. 4:4). Die telkens weerkerende vernuwing van die aardryk deur die Gees van God. God is geen werkelose toeskouer nie (Ps. 33:13, 15), Art. 13, N.G.B. Voorsienigheid is nie net "heldersiendheid" - dat God alles tevore sien kom nie. God sien nie net vooruit nie, maar voorsien. God se voorsienigheid is nie God Self nie, dit is 'n krag, 'n werking van God. Hy gaan nie op daarin nie. Hy dra alles elke oomblik in sy sterk hande, beheers, lei na die bestemming deur Hom bepaal. Die bestaan en voortbestaan van sy skepping - deur sy werksame, versorgende krag wat van Hom nie losgemaak kan word nie. Die skepping is voltooi (Gen. 1:31). God skep nie weer iets nuuts nie, maar hou sy werk in stand, bring dit tot volle ontplooiing. Dit die bedoeling daarvan dat God op die sewende dag gerus het - God rus terwyl Hy deur sy voorsienigheid <u>werk</u> (Joh. 5:17), sy werk met welgevalle aanskou en geniet omdat alles goed en doelmatig geskape is vir die doel waarvoor God dit bestem het.

<u>Dit gaan oor die ganse skepping (Ps. 103:19)</u>

Ps. 104; Matt. 5:45; 6:26-29; Job 12:23; Hand. 17:26; Ps. 139: 16; Jes. 40:26; Matt. 10:29, 30; Deut. 8:3, 4; Jes. 45:7. Ons onderskei God se <u>providentia generalis</u> oor alle skepsele: die mense, die hemel en aarde, besielde en onbesielde skepsels – 'n gevarieerde werking, in die natuur anders as in die mense-wêreld; God se <u>providentia specialis</u> oor die mense; en sy <u>providentia specialissima</u> oor sy uitverkorenes. Dit staan i.v.m. sy partikuliere genade in Jesus Christus, met die werk van die verlossing wat Hy volbring het en nog volvoer (H. Kat eg. Sond. 1 - Hy bewaar ons). Dus 'n veelkleurige werk (Ef. 3:10). <u>Dit is net soos die werk van die skepping. die werk van die Drie-enige God. God die Vader</u> (1 Kor. 8:6; Matt. 6:26 e.v.). <u>God die Seun</u> (Joh. 1:3 e.v.; Op.1:17 e.v.; Kol. 1:15 e.v.); <u>God die Heilige Gees</u> wat die arbeid van die Vader en die Seun voltooi en die heerlikheid van die skepping openbaar: Ps. 104:30; Job 33:4. Hy voer hierdie wêreld na sy einde, bring al die skoonheid tot eer van God te voorskyn..

<u>Hierdie werk het 'n drievoudige karakter:</u>

(1) <u>dit is 'n positiewe daad van God</u> wat nie net toeskouer is en nou en dan ingryp nie: Jes. 46:10.
(2) <u>'n almagtige daad en krag van God:</u> Jes. 45:7; Amos 3:6.
(3) <u>hierdie krag is alomteenwoordig</u>: Job 38:19-38; Ps. 103:19.

<u>Die werk van die voorsienigheid word in drieërlei onderskei:</u>

(a) <u>die onderhouding (conservatio).</u> Teenoor Deïsme en Panteïsme. Hierdie onderhouding geskied gewoonlik <u>middellik</u> (Ps. 147:8-12). God is ook magtig om dit onmiddellik te doen.

(b) die medewerking- (concursus.). God is wel bo, in en agter alle dinge, die prima causa, maar die voorwerpe van sy voorsienigheid is nie masjinaal nie. Mense het verantwoordelikheid. Die dier anders as die plant, die mens anders as die dier. Ons is sy medewerkers volgens die orde wat Hy daargestel het. Natuurwet en wonder.

(c) die regering (gubernatio). Dit wat God onderhou en wat met Hom meewerk, bestuur en lei Hy na die doel wat Hy bepaal het, Spr. 21:1; Job 26 en 38; Matt. 6:26, 28. Die koningskap oefen Hy uit deur die verhoogde Seun van die mens (Matt. 28:18; Kol. 1:17; Heb. 1:3; Op.5; Sondag 19, HK.) Agter hierdie werk van die voorsienigheid, agter hierdie conservatio, concursus en gubernatio staan die raad van God wat ewig standhou.

Deïsme lei tot ateïsme (God se voorsienigheid nie meer nodig nie);

Pantelsme tot fatalisme (lydelikheld, noodlot). Geloof aan toeval (dan is daar geen leiding in ons lewe nie).

In die weg van ons gebed voer God sy raad uit - dit is ’n skakel in die majestueuse ketting van sy conservatio concursus en gubernatio.

Let op die praktiese nut: vr. 28, HK.

# LOCUS DE PECCATO

Wese en oorsprong van die sonde.

Dat daar sonde is, kan nie ontken word nie, ook nie deur die grootste idealis of perfeksionis nie. Die boosheid is inherent in die menslike natuur, Rousseau leer in die tyd van die aufklärung die inherente goedheid van die menslike natuur, Hierteenoor sê Horton: I believe that sin is in a sense a racial disease, transmissible from generation to generation. Die Griekse denke (Plato e.a.): die mens se siel herberg die beginsel van die goeie, die liggaam die kwaad. Die goeie bestaan dan onafhanklik van God; die kwaad word van sy etiese karakter ontdoen, dit is dan net fisies van aard, onafhanklik van die menslike wil. Dit loën ook die verantwoordelikheid van die mens, want dit is dan 'n fisiese noodwendigheid. Die enigste weg tot ontkoming is dan om van die liggaam verlos te word,

Leibniz: Die sonde is net 'n gebrek aan die goeie; die beperkings van die skepsel maak dit onvermydelik. Die sonde is 'n noodsaaklike kwaad want die skepsel is uiteraard gebrekkig en die sonde is die noodwendige gevolg daarvan. Die implikasie is dat God aandadig is as die Skepper. Die skuldbesef word ingeboet.

Spinoza: Die sonde net 'n tekortkoming in kennis. Die sonde word bloot negatief gesien, die verskriklike positiewe uitwerking daarvan word misken.

Schleiermacher: Die sonde het geen objektiewe bestaan nie; dit bestaan net in die menslike bewussyn. Dit hou in dat die kwaad selfs in die mens se oorspronklike staat aanwesig was toe die bewussyn a.g. God nie sterk genoeg was om sy sinlike natuur in bedwang te hou nie. Die sonde dus net subjektief. God word ook hier die outeur van die sonde want Hy het die mens se sinnelike natuur geskape. Verder: Baie van die mees haatlike sondes het nie eerstens te doen met die mens se fisiese aard nie, maar met sy geestelike, bv. gierigheid, naywer, hoogmoed, haat, ens. Dit impliseer die gedagte dat asketisme, deur die sinnelike natuur te verswak, ook die krag van die sonde verminder, dat die mens minder sondig word as sy sinnelike natuur ouer word, dat die dood die enigste verlosser is, en dat die ontliggaamde geeste, insluitend die duiwel self, geen sonde het nie. (Die Gnostieke het ook aan die sonde 'n stoflike karakter toegeken.)

Ritschl: sonde is die gevolg van onkunde (in 'n lyn met die opvatting van die Grieke, Sokrates e.a. dat kennis deug is).

Mueller: sonde is selfsug. Dit is dikwels die geval, maar nie al tyd nie. Bv. wanneer 71 vader steel om sy honger kind te kan voed. Haat teenoor God, hardheid van hart, ongeloof ens. kan egter meer as selfsug inhou. Die evolusieteorie: sonde is gebrekkige ontwikkeling, dit is noodsaaklik as 'n prikkel, 'n res van dierlikheid.

(1) Die wese van die sonde is dat van God weggebreek is, d.i. oortreding van sy wet. Die sonde moet altyd benader word in terme van die mens se verhouding tot God en sy wil. Die Heilige Skrif omskrywe sonde as opgeblasenheid, hoogmoed, dié oorsaak van die val van engele (1 Tim. 3:6); Jesus Christus noem die leuen

die beginsonde, dit is loëning van die waarheid van God (Joh. 8:44); sonde is anomia, wetteloosheid, d.i. wat teen God se wet ingaan, sy wet wat in ons hart gegee is of wat in sy Woord geopenbaar is. Die Heilige Skrif spreek ook van sonde as die mis van die lewensdoel, die oortreding van die grens wat God gestel het, verkeerdheid, ydelheid, ongehoorsaamheid, afval, afwyking van God (Ps. 32:1 e.v., 51:3 e.v.; Rom. 5:12 ens.), opstand, bondsbreuk, ontrou, verraad, perversie (skeefgetrokkenheid). Dit dra 'n religieus-etiese karakter. Dit het nie onverhoeds oor die mens gekom, sy lewe vergiftig en sy geluk geruïneer nie; dit is 'n pad wat hy welbewus gekies het. Fundamenteel is dit nie iets passiefs soos swakheid, 'n vergissing, 'n onvolmaaktheid waarvoor die mens nie verantwoordelik gehou kan word nie, maar 'n aktiewe teenstand teen God, 'n positiewe oortreding van sy wet. Sonde is die resultaat van 'n vrye maar bose keuse (Gen. 3:1-6; Jes. 48:8; Rom. 1:18-32; 1 Joh. 3:4).

(2) Die sonde het 'n absolute karakter. In die etiese sfeer is die kontras tussen goed en kwaad absoluut. Geen neutrale gebied daartussen in nie. Die oorgang van die een na die ander nie kwantitatief maar kwalitatief van aard. Sonde is nie 'n mindere graad van die goeie nie, maar 'n positiewe kwaad (Matt. 10:32, 33; 12:30; Luk. 11:23; Jak. 2:10).

(3) Die sonde staan altyd in 'n betrekking tot God en sy wil. Dit moet i.v.m. God besien word. Ps. 51:6. 'n Juridiese, forensiese aangeleentheid. Met die val het die mens onmiddellik in die staat van 'n skuldige gekom? hy ontmoet God as Regter, die oordeel word oor hom uitgespreek; hy was regverdig, na God se beeld geskape, hy het die wet oortree, het skuldig geword en is skuldig verklaar. Die vonnis van die dood wat vantevore aan hom voorgehou is as moontlikheid (Gen. 3:3), is nou uitgespreek en dit word uitgevoer: die geestelike dood, die liggaamlike, die ewige dood waarop dit uitloop. Die wet eis liefde tot God. Sonde impliseer verset, haat teen God, in gedagtes, woorde en dade (Rom. 1:32; 2:12-14; 4:15; Jak. 2:9; 1 Joh. 3:4).

(4) Sonde behels nie net skuld nie, maar ook smet (verdorwenheid, macula). Die sonde besoedel, verontreinig (2 Kor. 7:1). Die besoedeling van die siel openbaar hom in die bange vrees wat die mens laat vlug vir God; die besmetting van die liggaam openbaar hom in die skaamte oor sy naaktheid wat hy nou met besoedelde gewaarwordinge van bewus is en met vyeblare wil bedek. Hy was heilig, na God se beeld geskape, maar het deur die besmetting van gees en vlees onheilig geword.

(Deur die regverdigmaking in Christus word die skuld weg-geneem, deur die heiligmaking met voltooiing in die heerlikmaking word. die erfsmet weggeneem). Feit is: die sonde besoedel (Matt. 6:12; Job 14:14? Jer. 17:9? Matt. 7:15-20; Rom. 8:5-8; Ef. 4:17-19)-.

(5) Die sonde setel in die hart vanwaar die uitgange van die lewe is. Daarvandaan deurtrek dit siel en liggaam (Spr. 4:23? Jer. 17:9; Matt. 15:19, 20; Luk. 6:45? Heb.

3:12).

(6) Die sonde bestaan nie net in los handelinge nie, maar ook in sondige gewoontes, 'n sondige toestand van die siel en liggaam, die hele mens. Die sondige staat is juis die basis van die sondige gewoontes; dit manifesteer hom in sondige dade. 'n Korrupte natuur, 'n onsuiwer fontein (Matt. 5:22, 28; Rom. 7:7; Gal. 5:17, 24).

Die Pelagianisme en die sonde.

Pelagius neem sy uitgangspunt in die natuurlike vermoë van die mens. God beveel die mens om die goeie te doen; dit impliseer dat hy ook oor die vermoë moet beskik om wel die goeie te kan doen. Dit beteken dat die mens 'n vrye wil het in die absolute sin van die woord sodat hy in staat is om te besluit vir of teen wat goed is. Of hy goed of kwaad sal doen, hang slegs af van sy vrye en onafhanklike wil. Sonde bestaan in aparte handelinge van die wil. Daar is nie 'n sondige natuur of 'n sondige ingesteldheid nie. Adam is moreel neutraal geskape. Hy het die kwaad gekies en sondig geword. Deurdat die sonde in aparte wilshandelinge bestaan, is daar geen erf sonde nie. Alle kinders word in 'n toestand van neutraliteit gebore (dus 'n tabula rasa). Elkeen begin presies waar Adam was, behalwe dat die nadeel bygekry is van die slegte voorbeelde om hulle heen. Streng gesproke is daar op Pelagiaanse standpunt geen sondaars nie, maar net aparte, sondige dade.

Die Heilige Skrif leer egter dat die mens deurtrek is van die sonde (Jer. 17:9? Pa. 51:6, 10; Matt. 15:19; Jak. 4:1, 2). 'n Keuse van die wil wat in geen opsig bepaal word deur 'n mens se karakter nie, is nie alleen psigologies ondenkbaar nie, maar ook eties waardeloos. As 'n daad nie 'n uitdrukking van 'n mens se karakter is nie, het dit geen morele betekenis nie. Die Pelagiaanse standpunt kan ook geen bevredigende oplossing gee vir die universaliteit van die sonde nie. Die abstrakte moontlikheid dat die mens sal sondig - selfs al word dit versterk deur die slegte voorbeeld - verklaar nie hoe dit dan gebeur dat alle mense werklik gesondig het, steeds sondig en sal bly sondig nie. Hoe kan dit verklaar word dat die wil sonder uitsondering in die rigting van die sonde geswenk het en nooit in die teenoorgestelde rigting nie? Nee, dit is 'n verdorwe, korrupte mensheid.

Rome leer dat die beeld van God nie tot die natuur van die geskape mens behoort nie, maar as 'n bonatuurlike gawe by die natuur gevoeg is (donum superadditum). In die natuur van die mens woed nie die stryd tussen goed en kwaad omdat hy uit siel en liggaam bestaan en dus aan die stoflike wêreld verwant is. Die begeerlikheid (concupiscentia) is eie aan die menslike natuur. God het in die oorspronklike geregtigheid aan die mens sy beeld toegevoeg om hom in die stryd tot hulp te kom, sodat hy die begeerlikheid sal kan onderdruk en oorwin. Deur die sondeval het die mens die beeld van God wat met 'n goue teuel vergelyk word om 'n wilde perd mee te bedwing, verloor. Sonder die bonatuurlike gawe van die beeld van God is hy 'n natuurlike mens wat in sy natuur die stryd tussen vlees en gees ken. Hierin lê egter op sigself geen sonde nie, dit is natuurlik! Dit word eers sonde as ek die sonde inwillig en dit metterdaad doen. Die erfsonde word dus aangemerk as 'n blote verlies van die

beeld van God, van die oorspronklike geregtigheid (ons sê die erfsonde is nie net 'n blote gemis nie, maar 'n aktiewe berowing, privatio actnosa). Die mens wat die beeld van God kwyt is, is nou nie net; sonder die oorspronklike geregtigheid nie, 'n neutrale mens wat nog goed nog kwaad is nie, nee, sy natuur is verdorwe, die mag van die dood werk in hom, hy is onbekwaam tot enige goed, geneig tot alle kwaad. Die opvatting van Rome dat die oorspronklike geregtigheid bonatuurlik (supranatureel as 'n additum) by die menslike natuur gevoeg was, en dat die verlies daarvan die menslike natuur self ongerep gelaat het, is onskriftuurlik. Vgl. dwaalleer van Pelagius.

Rome soek die wese van die sonde op die verkeerde plek, nl. in die begeerlikheid (concupiscentia) wat God aan die mens gegee het. Ons begeertes is immers nie oorspronklik sondig nie. Die loutere toestemming van die wil aan die begeertes kan dit nie tot sonde maak nie. Of dit is iets sondigs, maar dan hoef dit tog nie nog tot sonde gemaak te word nie!

Rome onderskei tussen peccata mortifera en peccata venialia. E.g. is die sondes waardeur die gelowige uitval uit die staat van die genade en die dood waardig is, al is dit só dat die mens uit die staat van die dood deur boete en berou weer in die staat van die genade oorgeplaas kan word. Die peccata venialia is die sondes wat ex natura sua vergeeflik is en nie verdien om met die ewige dood gestraf te word nie. Dit is sondes waaraan die mens hom maklik skuldig maak. Dit geskied daagliks. Die Konsilie van Trente spreek van "levia et quotidiana peccata", D.i. sondes soos 'n klein leuentjie, 'n harde of ydel woord, onmatige al te luidrugtige gelag, te veel eet, 'n klein oordaad wat tot dronkenskap lei, só dat jy nog by jou verstand bly. Hierdie sondes is nie soseer contra as praeter legern nie, en dus vergeeflik. Dit is te verstaan dat hierdie onderskeiding verderflike vrugte afwerp. Dit werk die aflaat, vagevuur, en die kasuïstiek in die hand. Dit veroorsaak óf 'n voortdurende angs by die mens dat hy die dodelike sonde gedoen het, óf hy vlei homself in onverskilligheid dat hy slegs peccata venialia gepleeg het.

Die onderskeiding word daarop gegrond dat die Heilige Skrif van verskillende sondes en strawwe spreek. (Matt. 5:22; 7:3; 23:23; Luk. 6:41; 1 Kor. 3:12-15); soms word aan die sonde die dood verbind (Rom. 1:32; 6:23; 1 Kor. 6:9; Gal. 5:21; 1 Joh. 3:14); tog word die gelowiges as sodanig erken, ook al struikel hulle in vele dinge (Spr. 24:16; Matt. 1:19; Luk. 1:6; Jak. 3:2).

Ons verwerp die Roomse onderskeiding van peccata mortifera (mortalia) en peccata venalia. Daar is wel gradasies van sonde. Jesus spreek daarvan dat; die sonde van Sodom en Gomorra minder is as die van Kapernaüm en Betsaïda (Matt. 11:20 e.v.), en van die groter sonde van die Joodse Raad as die van die Romein Pilatus (Joh. 19:11). Die Heilige Skrif spreek van (1) duiwelse en menslike sondes (l Kron. 21:1; Sag. 3:1; Matt. 12:45). Die engele het nie in 'n verbondshoof nie, maar het elkeen, hoof vir hoof in sonde geval (by hulle geen foedus operum; daarom geen plek vir 'n foedus gratiae nie). Die sonde van Satan is absoluut, Satan is onvatbaar vir berou. (H. Bavinck, Geref, Dogm. III, p. 146-148). (2) Wat die menslike sondes betref:

a. etiese en kultiese sondes (1 Sam. 15:22; Hosea 6:6).

b. opsetlike en nie-opsetlike sondes - dit wat met volle bewussyn en ander wat in onwetendheid gepleeg is (peccata ignorantiae - Luk. 23:34; Hand. 3:17; 1 Tim. 1:13; 1 Kor. 15:9.

c. Sondes teen die eerste en die tweede tafel van die wet van die Here. Matt. 22:37, 38; Matt. 11:21; Spr. 6:30. By die sonde moet op verskillende omstandighede gelet word (Spr. 6:30: steel uit swakheid of uit hebsug).

d. Sondes in gedagtes, woorde en dade.

e. Sondes van nalatigheid en deur wat wel verrig word.

f. Die onvergeeflike sonde (teen die Heilige Gees) en die ander sondes waarvoor daar wel versoening is.

Rome stel 7 hoofsondes te wete hoogmoed, gierigheid, onkuisheid, nyd, gulsigheid, gramskap, traagheid.

Die sonde teen die Heilige Gees: Selfs na ’n besondere verligting van die Heilige Gees slaan die skyngemeenskap met Jesus se dissipels in die teendeel om, in haat en vyandskap,, bv. Judas Iskariot (Heb. 6:4-8; 10:26-29). Hierdie sonde is ’n "bewuste, moedswillige, opsetlike lastering. Die openbaring van God se genade in Christus deur die Heilige Gees word aan die duiwel toegeskrywe. Teen eie beterwete in word die waarheid tot leuen verklaar en Christus tot Satan. Satan word op die plek van God geplaas en God op die plek van Satan. Die sonde dra hier ’n voluit demoniese 'karakter.

Onthou: Daar is wel grade van sonde, maar die wet van God is één organiese geheel (Jak. 2:10.). Wie één gebod oortree, is in beginsel aan almal skuldig. Niks is onverskillig of gering nie. Dit is anomia, vyandskap teen God. Alle sondes, ook die kleinste en geringste is die straf van die dood waardig (Matt. 12:36; Ef. 5:4). Daar is, behalwe bg. sonde teen die Heilige Gees, vergiffenis in Christus vir alle sondes (Jes. 1:18; 1 Joh. 1:17). By die straf op die sonde sal ons sien: in ooreenstemming met die gradasies van sonde is daar ook ’n gradasie in die oordeel. Elke sonde is oortreding van God se gebod, ongehoorsaamheid. Dit moet by ons steeds smart bring oor ons sondes en sondige aard. Genadekennis hou ook sondekennis in (Luk. 5:8).

Die oorsprong van die sonde.

(Vgl. Feenstra: Onze Geloofsbelydenis, p. 139 e.v. oor Art.. 14, N.G.B.).

By die heidendom (1) die opvatting dat daar van ewigheid af teenoor die goeie god ’n kwade god bestaan; daar was van ewigheid af nie alleen ’n ryk van goedheid en lig nie, maar ook een van die kwade en van die duisternis. Die sonde was dus al tyd daar.

Parsisme, Gnostisisme, ens. (2) Jacob Böhme spreek van ’n ewige, donker kant of kern nie teenoor nie, maar in God. (3) By Boeddhisme, Nietzsche e.a.: syn en sonde is eintlik identies; die verlossing bestaan in die vernietiging van die bestaande. (4) Die

oorsprong is ook in die materie gesoek, in die stof, in ons vlees, sodat gees en vlees dualisties teenoor mekaar staan. (Dit beteken dat God, Skepper van die materie, die outeur van die sonde moet wees). (5) Die evolusieteorie leer dat die sonde van die bestiale kom wat nog in die mens oorgebly het, sonde 'n gebrek aan ontwikkeling by enkeling en gemeenskap.

Ten diepste is die vraag: Wat is die verhouding van die sonde teenoor God? Hy is nie die outeur van die sonde nie; Hy is egter ook nie die magtelose, passiewe toeskouer wat niks daaraan kan doen dat die kwaad sy goeie wêreld binne gedring het nie. Dan sou die sonde sterker as God gewees het. Dan was Hy nie die Almagtige God Wie se wil deur niemand weerstaan kan word nie. Ons bely, al deurgrond ons dit nie, dat die sonde ook 'n plek in God se wêreldplan het. Hy vir Wie die sonde nooit kan behaag nie, het die sonde tog met 'n aktiewe toelating (permissio activa) in hierdie wêreld laat intree (Rom. 9:17; 11:33-36). Ook hier moet ons rus vind in sy welbehae en in die geloof dat sy majesteit en soewereiniteit wonderbaar hierin openbaar word dat ook so 'n sterk antitetiese mag as die sonde aan sy welbehae onderworpe is en die verheerliking van sy Naam moet dien; die duisternis sal moet meewerk tot die triomf van die lig.

'n Tweede moeilike vraag: Hoe was dit moontlik dat sowel in die engele- as in die mensewêreld die sonde 'n plek kon bemagtig, en hoe die engel en die mens kon val? God het immers hulle albei goed en regverdig en heilig geskape. Hulle het nie van God 'n natuur ontvang wat tot sonde geneigd is nie. God het hulle goed geskape. Die oorsprong lê nie in die verkeerde of swak gesteldheid van die skepsel nie.

Hoe die werklikheid van die sonde ontstaan het, is 'n geheimenis. Die sonde vind sy aanvang in die engelewêreld - die duiwel het dit die mensewêreld ingebring. Die duiwels het nie in die waarheid staande gebly nie (Joh. 8:44; 2 Pet. 2:4; Judas 6). Augustinus skrywe dit toe aan superbia; Satan sê: Julle sal soos God word, dit lê in 'n lyn daarmee. Wil dus nie aan God ondergeskik wees om Hom te dien nie. Vgl. 1 Tim. 3:16. By die mens begin dit met twyfel en ongeloof aan die Woord van God, dan die begeerlikheid na die vrug, en as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde (Jak. 1:15). Satan gebruik die slang (noue band met die mens); hy verlei eers die vrou (die "swakkere vat," meer ontvanklike, gevoelsmens, staan baie naby aan Adam, dus onoortreflike ingangspoort); sy sou Adam help stoot in die rigting van die val (1 Tim. 2:14).

Die Satan was 'n hoogbegaafde skepsel (2 Kor. 6:15, Matt. 10:25 - Beëlsebul beteken letterlik heer van die woning, waarskynlik afgelei van naam van vlieëgod; Joh. 12:31: argoon tou kosmou [ἄρχων τοῦ κόσμου]. Onder Satan staan die demone, die duiwels, bose geeste wat in mag en in graad van boosheid van mekaar verskil, maar almal is totaal boos, leef altyd in opstand teen God, soek altyd om die mense, die hele skepping te verderwe, sal altyd bly wat hulle is. Vgl. sesde bede, onse Vader; Ef. 6:11, 12. Luther: "Die duiwel is nader aan ons as ons rok of hemp, ja nader as ons eie vel". Stryd teen Satan deur die eeue (Job 1, Sag. 3, Op.12; 20 ens.).

Die tydstip van die val in die engelewêreld: waarskynlik ná voltooiing van die hele skepping (vgl. Gen. 1:31). Die Heilige Skrif is vol waarskuwinge teen hierdie vors en die ryk van die duisternis. Christus het in die drie versoekinge en later in sy dood en opstanding oorwin. Die volkome triomf oor hierdie mensemoordenaar van die begin af sal blyk in die groot dag van Christus - die "ou draak" word dan ten volle in die hel neergestoot. By hom moet dus die oorsprong van die sonde gesoek word; hy het die kwaad in die paradys ingevoer. Dit verontskuldig die mens nie, hy was volkome toegerus om die Satan te weerstaan, na God se beeld geskape, sy kind. Hy was sterker as die verleier. Hierdie val van die onsondige mens - 'n moeilike vraagstuk. Hoe kon die sonde in die mens, "baie goed" geskape, indring, die afval van God? Al gaan ons ook uit van die veranderlikheid van die mens, sal ons hierdie oorgang nooit tot in die volle diepte kan peil nie.

Gen. 3 is geskiedenis. In Gen. 2 word die twee bome genoem: die boom van die lewe as 'n "sakramentele" onderpand - van die ewige lewe wat die mens, as hy gehoorsaam sou volhard, sou bereik, en die boom van die kennis van goed en kwaad, die boom waaraan God sy proefgebod verbind het. Om van die boom te eet, is sonde, is kwaad, - om nie te eet nie, is goed. So het God dit beskik — die mens moes hom aan die beskikking hou. Hy moes nie self probeer uitmaak wat goed en wat kwaad is nie (Gen. 3:22). Daarop het die naam van die boom gewys. Ken beteken hier kies, beslis. Dit moes Adam en Eva aan die Here oorlaat deur nie van die kennisboom te eet nie. Deur te doen wat God sê, moes die mens se gehoor saamheid uitdrukking vind.. By hierdie boom moes blyk dat die paradys en die wêreld nie die mens syne is nie. In ons verhouding teenoor God het ons nooit reg op iets nie, Ps. 24:1. Hy, die soewereine God, kon aan die mens sê: van die boom bly jy af! Die Satan het die mens verlei - so deur en deur listig. Die Satan kom nie eerstens tot Adam nie, hoewel hy die hoof van die mensheid was. Hy wil Adam deur Eva bereik. Satan benader Eva nie regstreeks nie. Die hart van die mens was nog vir die hel geslote. Maak van die slang gebruik, 'n dier wat waarskynlik voor die val 'n regop houding gehad het.

Die Heilige Skrif verhaal die val in sober woorde. Die duiwel saai eers twyfel by die vrou, twyfel aan die Woord van God. Eva begin wankel, i.p.v. verontwaardig die verleier te bestraf, hom die rug toe te keer, tree sy in gesprek (dialoog) - Gen. 3:2 e.v. Die volgende stap is die verleiding tot ongeloof (vs. 4). Dan prikkel Satan Eva tot hoogmoed (vs. 5); hy wek vervolgens die sondige begeerte in haar hart (vs. 6). Die daad van te eet beteken vir die duiwel die oorwinning. Sy gee aan Adam en hy eet. Verleiding van die duiwel, maar nie minder nie: moedswillige ongehoorsaamheid (vr. 9, HK.). Die mens het nie willoos 'n slagoffer geword nie, maar hy het vrywillig en moedswillig die gehoorsaamheid aan God opgesê. Hy het van sy kant die verbond, die gemeenskap met God verbreek. Nou val die kroon van heerlikheid van sy hoof. Hy het nie in 'n ongelyke stryd tot 'n val gekom nie, want God het hom voorsien van 'n wapenrusting waardeur hy kon oorwin.

Die Heilige Skrif sê nie wanneer die val van die mens plaasgevind het nie. Die Staat

van regtheid het ongetwyfeld kort geduur. Gen. 3 volg onmiddellik op Gen. 2. Vóór die val is uit Adam en Eva se huwelik geen kinders gebore nie. Van 'n verdere ontwikkeling van die menslike geslag is daar eers sprake na die uitdrywing uit die paradys. Die paradys het 'n kort bestaan gehad. Moet ons hierin deur God se Woord laat lei (vgl. Rom. 5:12; 1 Kor. 15:21, 22).

Die verbreiding van die sonde.

Die sonde het tot alle mense deurgedring. Net Jesus Christus, die Seun van die mens, het daarvan vry gebly. Die ganse menslike lewe in al sy lewenskragte en - uitinge is aangetas - alle volke, alle tye. Geen mens, geen stukkie van ons lewe ontkom daaraan. Adam se misdaad word ons almal toegereken asof ons dit persoonlik begaan het. Gen. 3:15, 16-19. Dit is 'n gemeenskaplike skuld. Rom. 5:12, 17, 19; Gen. 6:5; 8:21; Job 14:14; 1 Kor. 15:12-21.

Erfsmet: Toe Adam in die paradys oortree, is hy nie slegs skuldig verklaar en in hom sy ganse geslag nie (erfskuld), maar daar het ook 'n groot verandering ingetree. Hy het die geestelike dood gesterwe, sy verstand is verduister, sy gevoelslewe besmet, sy wil is oorgebuig en het boos geword. Die algemene en besondere genade van God het weerhou dat hy allengs 'n monster van ongeregtigheid geword het. Skuld en smet het by Adam hand aan hand gegaan. Ook by ons: Die erf sonde behels erf skuld en erfsmet. Dit gaan erflik op ons en ons nageslag oor. Elke mens is van sy eerste aansyn af verdorwe, hy is van nature geneig om God en sy naaste te haat, onbekwaam tot enige goed, geneig tot alle kwaad. Gen. 5:3; Job 14:4; Ps. 51:7; Joh. 3:6; 1 Kon. 8:46b; Rom. 3:23. Ons mag die ontsaglike betekenis van die sonde nie misken nie (soos Pelagius, Semi-Pelagianisme, die Rasionaliste, Remonstrante e.a.). Ons bose luste en gedagtes is reeds sonde, ook al word hulle deur ons onderdruk (Matt. 5:28).

Die erfskuld spreek daarvan dat ons nie uit ons self voor God in sy geregtigheid kan standhou nie? die erfsmet dat ons moet wegsidder voor God se heiligheid (van ons geboorte af onrein, verdorwe, en in ons hele menslike natuur sondig, boos. Ps. 51:7. Daar word gespreek van peccatum originans, die oorspronklike sonde van Adam, en die peccatum originatum. die sonde wat daaruit voortgekom en voortgegaan het van geslag tot geslag. Daar is ook gespreek van die peccatum originale wat bg. twee omvat: die sonde en wat daaruit gebore is, die sonde baar altyd weer sonde.

Die bondsbreuk van Adam gaan ons aan: die erfsonde vreet deur alle eeue voort van mens tot mens (Rom. 5:12, 18, 19). In die verband verwys ons na die standpunt van (a) die realisme wat nadruk lê om die feit dat alle mense in die lendene van Adam begrepe is (Heb. 7:9, 10). Daar is 'n fisiese eenheid. Die mensheid is nie 'n versameling los individue wat alleen deur 'n uitwendige band verbonde is nie, maar die mensheid vorm 'n organisme, Hand. 17:26. Adam die pit, daaruit ontkiem en groei die boom; hy is die wortel van die stam, takke ens. Daar is lots gemeenskap, verbondenheid.

In die lig van die leer van die genadeverbond waarin Christus se geregtigheid ons toegereken word, wys ons daarop dat die eenheid met Christus 'n unio mystica en

nie ’n unio physica (soos die geval tussen ons en Adam) is nie, al het Hy in die vlees verskyn. Ons was m.a.w. nie, soos in die geval van ons en Adam, in Christus as tweede Verbondshoof se lendene begrepe nie. (b) Die foederalistiese standpunt wil die realisme aanvul deur te beklemtoon dat Adam as hoof van die mensheid gesondig het, as hoof van die werkverbond waarin ons almal geplaas is. Die verhouding tussen die eerste en die tweede Adam is ’n verbondsbetrekking wat uitgaan bo die fisiese eenheid. Sonder Christus verstaan ons die eerste Adam nie; die eerste Adam wys na Christus heen. Omdat hierdie organiese en foederale verband van die sonde daar is, kan daar in Christus as Hoof van die nuwe mensheid verlossing wees vir almal wat in Hom is. 1 Kor. 15:22: Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewendig gemaak word. Hierdie "soos" werp verrassende en vertroostende lig oor ons gebondenheid aan Adam. Adam se sonde ook ons sonde, maar Christus se geregtigheid word ons ook toegereken.

Die sonde brei hom verder ook uit oor die hele mens en oor ons menslike lewe. Die mens is één en sy lewe vorm ook ’n eenheid. Die sonde nie alleen in ons stoflike bestaan te vind nie. Paulus bedoel met "vlees" (Rom. 7:14 e.v.) die hele "ou" sondige mens na liggaam en siel. Die sonde skuil in die oorlegginge van ons hart (Gen. 6:5; 8:21); in die arglistigheid van die hart (Jer. 17:9); in alles wat van binne uit die hart voortkom (Mark. 7:21; Rom. 8:7; 1 Kor. 2:4); in al ons begeertes (Rom. 7:7); in al ons dade (Rom. 3:10-18); in al ons "lede" (Rom. 6:19). Hierteenoor staan dat die genade nog oorvloediger is. Christus ’n algehele versoening bewerk (dit teenoor Pelagius, Semi-Pelagianisme met hulle gedagte van menslike medewerking).

Die straf op die sonde.

Gen. 2:17 - die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe. Sonde is aanranding van God. Die straf is deels reeds met die sonde self gegee. Tot die wese van die sonde behoort dat dit skeiding bring tussen God en die mens, wroeging, vrees, dwaling ens. Die straf bestaan ook uit lyde van buite soos armoede, veragting, nyd ens. van ons medemens, helse lyde. Alle lyde is nie noodwendig straf nie. Lyde kan ook tot beproewing van die geloof wees, tot verheerliking van God. Die lyde is dikwels God se gereedskap waarmee Hy ons vorm. As daar ter wille van God se eer gely word, kan daar selfs op die brandstapel gejubel word. As die gewete aankla van moord, diefstal ens. verloor aardse genot sy bekoring.

Hemel en hel is bepaalde plekke - dit is nie net ’n gesteldheid van die gemoed nie. Die Heilige Skrif leer dat God die sonde straf. Die Regter van die ganse aarde doen reg. Met die sondeval het die dood onmiddellik ingetree (Gen. 2:17). Die geestelike dood het onmiddellik ingetree. Alleen lang die weg van die wedergeboorte kon weer tot die lewe gekom word. In beginsel het die mens onmiddellik die tydelike dood gesterwe aangesien die harmonie tussen hoof en hart verbreek is en die mens vatbaar geword het vir siekte en dood. In Gen. 2:17 het God juis aangedui waarin die straf sou kulmineer, nl. die dood, die verbreking van alle bande wat deur God gele is, en dan allereers die band tussen God en mens. Na die val is sowel in die Ou as in die Nuwe Testament gedurig van God se straf sprake. Op sigself verdien elke sonde

reeds die dood in die volle sin van die woord, maar dit verhinder nie dat God by die toedeel van die straf rekening hou met die omstandighede waaronder misdrywe is nie. God vergeld elkeen na sy werke (Eks. 20:5-7; Matt. 16:27; Op.22:12).

a. Die eerste straf op die sonde is <u>die skuld</u>. Hierdie skuld hou die verpligtinge in wat a.g.v. wetsoortreding op iemand rus om aan die wet deur ’n eweredige straflyde te voldoen. Die vloek van God is die woord wat uit sy mond uitgaan en wat die mens oorgee aan die verderf sodat hy deur ’n lyde in ooreenstemming met sy misdryf, vir sy kwaad sou boet.

b. Dat die mens voor God ’n skuldige is, blyk daaruit dat in die heidenwêreld die besef lewe dat God op die mens vertoornd is; daar word voortdurend gevrees vir die wraak van die "gode", daar word gestrewe om die toorn van die "gode" af te wend en ’n rantsoen te gee vir die kwaad wat bedrywe is.

c. Die stem van <u>die gewete</u> bevestig dit - die skuldgevoel: Na die sondeval: Adam en Eva hulle geskaam. Dit is vrees vir straf, 'n onaangename gevoel oor iets verkeerds of onbehoorliks.. Die gewete, aldus A. Kuyper, is die aksie van ons bewuste ek wat tot stand kom d.m.v. die denkvermoë kragtens ’n goddelike aandrywing wat in ons natuur inherent is, wat ons dwing om ons persoon, staat en lewensuiting, vir wat ons verlede, hede en toekoms aangaan, te toets aan die aan ons bekende wil van God.

   Daar is sondes waarvan ons nie eers weet nie. Ps. 19:13. Ook die sondes, in onwetendheid begaan, word deur God metterdaad as sondes gereken.

d. Met die skuld hang die <u>smet</u> saam. Elke sonde verontreinig ons innerlike. <u>Deur die skuld is ons onregverdiges voor God, deur die smet onheiliges.</u>

e. <u>Die lyde.</u> Gen. 3:17. God se vloek. Dink aan Israel: hulle sondig, deur gerigte getref. Jerusalem word verwoes omdat die Jode Christus verwerp het. Israel word verstrooi. Oordaad, sedeloosheid, dronkenskap, nyd, hoogmoed ens. Skadelik vir die gesondheid. Kinders en kindskinders ly meermale liggaamlik a.g.v. sonde van hulle ouers. Sonde het lyde gebring, soms direk, soms indirek. Epidemies, storms, aardbewings, vergiftigde plante, dorings, distels, verskeurende diere ens. Waar die mens deur die sonde ’n diensweieraar voor God geword het, het hy die voorreg verbeur dat die skepping hom sal dien. Dit is alleen aan God se algemene genade te danke dat die mens se mag oor die natuur nog so groot gebly het.

<u>Die liggaamlike dood.</u>

Daar kom skeiding tussen liggaam en siel. Die dood is nie natuurlik nie. Die Pelagiane, Sosiniane, Rasionaliste, Schleiermacher, Ritschl e.a. meen die dood is natuurlik, ’n gegewene van ons stoflike organisme (Gen. 3:19; Ps. 90:3; Pred. 3:20). Gen. 2:17 word dan so verstaan dat alleen ’n plotselinge dood ’n straf op die sonde is.

Onder die ou bedeling is ’n lang lewe inderdaad as ’n besondere seën beskou. (Vyfde gebod), en ’n plotselinge dood as ’n straf van God (Rom. 16:29). Maar dit het

saamgehang met die skaduagtige betekenis van Israel.

<u>Van nature verkeer ons onder die mag van die duiwel en sy trawante.</u>

Die Heilige Skrif leer dat die Satan na die sondeval die owerste van hierdie wêreld en die god van hierdie eeu is (Joh. 16:115 2 Kor. 4:4); dat die duiwels veral hulle mag onder die heidene laat geld (1 Kor. 8:5; 10:20); dat die lug met duiwels gevul is (Ef. 2:2; 6:12); dat tydens Jesus se verblyf op aarde die duiwels hulle veelvuldig in Kanaän laat geld het; dat, al is Satan in beginsel deur Christus oorwin, hy en sy medestanders tog rusteloos soek om die vromes te verlei (l Pet. 5:8). Die gelowiges word dan ook geroep om te waak en te bid en om die duiwel te weerstaan (Jak. 4:7), dat Satan aan die einde van die eeue, voordat hy en die duiwels vir goed in die diepte van die hel gewerp word, hom as't ware sal inkarneer in die mens van die sonde en al sy mag sal ontwikkel (2 Thess. 2:1-12).

<u>Die onderwysing van die Skrif word deur die ervaring bevestig.</u>

Let op hierdie drie verskynsels:

(1) In die N.T. word van duiwelbesetenes gespreek. Satan probeer God naboots; soos die Heilige Gees nou woon in die harte van die gelowiges, so maak die Satan soms die siele van die mense in besondere sin tot sy verblyfplek.

(2) Deur die geskiedenis is daar 'n voortdurende kragmonstering van die magte van die bose, 'n uitbarsting van haat teen God. Só sistematies en só geweldig as tans het die afval hom nog nooit geopenbaar nie. Van Satan gaan die plan van aanval en die bose inspirasie uit.

(3) God se kinders weet dat uit die oorblyfsels van hulle ou natuur diepsondige gedagtes en luste opwel. Daarnaas is die ervaring dat verskriklike aanvegtinge en inwerpsels van buite af die siel beroer. Dit herberg duidelik sataniese werkinge. Dit wil nie se dat Satan die mag het oor siekte en dood, oor lig en duisternis nie. Hieroor beskik God (Jes. 45:7). Ons mag hieruit ook nie konkludeer dat Rome gelyk het as hulle die menslike lewe in twee terreine splits, tewete die ongewyde waarop Satan heers en die deur kruis en wywater gewyde waarop Christus Koning is nie (natuur en genade).

<u>Die straf op die sonde vind sy kulminasiepunt in die ewige dood.</u>

<u>Gehenna [γέεννα]:</u> volgens die N.T. die strafplek van die goddelose na die oordeelsdag, onderskeie van hades [ᾅδης – Septuginta], phulaké [φυλακῇ] en abussos [ἄβυσσος], maar identies met kamenos [κάμινος] (oond) of limé tou puros [λίμνη τοῦ πυρὸς]. Hierdie plek is bestem vir Satan en sy mededuiwels en die goddelose. Daar brand die onuitbluslike vuur; daar knaag die wurm wat nie sterf nie; daar is die plek van die uiterste, die buitenste duisternis (verste weg van 'n sprankie lig); daar openbaar die toom van God hom in al sy skriklikheid; daar ly die goddelose na liggaam en siel die vreeslikste pyne.

# DIE LEER VAN DIE VERBOND

By die heidendom

By die heidendom is dit altyd die mens wat God probeer vind, maar vir hom altyd 'n valse voorstelling van God vorm, en daarom ook nooit 'n regte insig kry in die wese van die sonde en die weg van verlossing nie. Maar in die religie van die Heilige Skrif is dit altyd God wat die mens soek, wat die mens aan homself in sy skuld en onreinheid ontdek, maar daarteenoor ook Homself in sy genade en ontferming bekend maak. Hier val alle werksaamheid van die mens weg en is dit God self wat handelend optree, in die geskiedenis ingryp, die weg van verlossing in Christus baan en deur die krag van sy genade die mens daarin oorbring en laat wandel. Reeds dadelik ná die val kom God na die mens - die mens wat nou met skaamte en vrees bevange was, wat vlug en hom verberg. God kom hom terug lei na sy gemeenskap (Gen. 3:7-15), God as die soekende en roepende, as die sprekende en handelende. Die ganse verlossing gaan van Hom uit en keer tot Hom terug. Hy stel Set in die plek van Abel (Gen. 4:25) en laat Noag in sy guns deel (Gen. 6:8) en bewaar hom in die gerig van die sondvloed (Gen. 6:12 e.v.), Hy roep Abraham, neem hom in sy verbond op (Gen. 12:1; 17:1). Hy kies Israel uit louter genade tot sy erfdeel (Deut. 4:20; 7:6-8); Hy stuur in die volheid van die tyd sy eniggebore Seun in die wêreld (Gal. 4:4); nou, in hierdie bedeling vergader Hy vir Hom uit die ganse menslike geslag 'n gemeente wat Hy tot die ewige lewe uitverkies het en vir die hemelse erfenis tot die einde toe bewaar (Ef. 1:10; 1 Pet. 1:5). Net soos in die werk van die skepping en van die voorsienigheid, is God ook in dié van die herskepping die alpha en die omega, die eerste en die laaste, die begin en die einde (Jes. 44:6; Op.22:13). Hy is God, uit, en deur en tot Wie alle dinge is (Rom. 11:36). Die besondere openbaring gaan van Hom uit. Sy raad lê ten grondslag aan sy skepping en die werk van die herskepping (Jes. 46:10; Ef. 1:11; Heb. 6:17; Rom. 8:29).

Die verbondsgedagte

Die verbondsgedagte is absoluut fundamenteel in die Heilige Skrif. Dit is 'n grondlyn. Dit impliseer dat die mens met God kan omgaan. Soos daar by die geboorte reeds 'n verbondsverhouding tussen die moeder en haar kind bestaan, is daar sedert die skepping, die geboorte van hemel en aarde, 'n verbondsverhouding tussen God en mens. Dit loop deur na die nuwe aarde (Op.21:3).

Die werkverbond

Die werkverbond is die benaming waarmee ons wil aandui dat die proefgebod in wese 'n saak van 'n verbond was (Hosea 6:7). Dit beteken nie dat die mens deur sy werke die ewige lewe kon verdien nie. Hy het immers alles van God ontvang: sy werkkrag, die verstand, die gevoel, die wil. Adam sou nie op grond van sy werke nie, maar langs die weg van die werke die ewige lewe bekom het. God het die mens nie

eers geskape en toe met hom 'n verbond opgerig nie. Die werkverbond is in sy oorsprong éénsydig (monopleuries), d.w.s. God is die oorsprong daarvan. Die mens moes dit dankbaar aanvaar. In hierdie aanvaarding en die verdere uitwerking lê die tweesydige karakter van die verbond: die mens kon die verbond hou, maar hy kon dit ook verbreek. Hy kon of óf langs die weg van die onderhouding van die verbond daartoe kom dat hy geen sonde meer kan doen nie, óf hy kon die verbond verbreek en 'n slaaf van die sonde word. God eis alles, daar is geen middeweg nie. God het die mens na sy beeld geskape en aan hom die amptelike taak gegee om as profeet God reg te ken en te verheerlik (hoof), om as priester God bo alles lief te hê en sy naaste soos homself (hart) en om as koning God te dien en oor die heie skepping te heers (hand).

Die werkverbond het God met Adam en in hom met die hele mensheid opgerig. Ons is almal in Adam begrepe, niemand kan hom hiervan distansieer nie; van nature is almal bondsbrekers en versakers; daarom sal die straf in die ewige verdoemenis so verskriklik wees.

Die weg van die verbond het vir die mens by twee bome langs geloop in die tuin van Eden; die boom van kennis van goed en kwaad was die weg van die verbreking van die verbond en dus ook tot die Verbondswraak: die ewige verderf. Die boom van die lewe was die weg tot Verbondshandhawing, tot die ewige lewe en die verbondseën. Die mens kon kies, en hy het gekies.

Augustinus spreek in sy De civitate Del van die oorspronklike verhouding tussen God en Adam as 'n verbond (testamentum, pactum). Die parallel in Rom. 5 tussen Adam en Christus lei ons om aan die status integritatis as 'n verbond te dink.

(1) In Gen. 1-3 is al die elemente van 'n verbond aanwesig?: twee partye, 'n voorwaarde word neergelê, daar is 'n belofte van beloning en straf vir oortreding. Soos deurgaans tree aan die lig 'n soewereine beskikking oor die mens. God is soewerein in sy handelinge met die mens. Hy het volkome reg om die voorwaardes te bepaal, sodat Hy ons in guns sal aansien.

(2) Die ewige lewe word duidelik geïmpliseer as alternatief vir die dood as straf op ongehoorsaamheid. Rom. 7:10. "The law was designed and adopted to secure life, but became in fact the cause of death" (C. Hodge). Rom. 10:5; Gal. 3:13. "Die dood impliseer ontbinding, om van die bron afgesny te wees, weg uit God se gemeenskap, die teëpool van die verbondsintieme gemeenskap.

(3) Basies is die genadeverbond die uitvoering van die oorspronklike "kontak" deur Christus as Middelaar. Hy het onderneem om die wil van God uit te voer. Hy het Homself onder die wet gestel om hulle te red wat aan die wet onderworpe was en wat nie meer in staat was om die lewe te verkry deur hulle eie vervulling van die wet nie. Hy het gekom om te doen wat Adam gefaal het om te doen en het dit as die tweede Adam volbring - as tweede verbondshoof. Ons geniet dus nou die vrug van die oorspronklike kontrak deur die geloof in Christus, die gawe van die ewige lewe. Die parallel tussen Adam en Christus in Rom. 5:12-21 i.v.m.

die regverdigmaking kan alleen verklaar word op grond daarvan dat Adam, net soos Christus, die hoof van 'n verbond was. Adam se skuld het op ons gekom, maar dit is bedek deur Christus se geregtigheid wat aan ons toegeken is.

<u>Die werkverbond het nie verval nie</u>

(1) vir so vér die natuurlike verhouding van die mens en God daarin begrepe is: die mens is altyd volkome gehoorsaamheid aan God verskuldig.

(2) Sy vloek en straf bly vir diegene wat in die sonde volhard.

(3) Die voorwaarde bly, God het dit nie tot niet verklaar nie (Lev. 18:5; Rom. 10:5; Gal. 3:12). Na die sondeval is niemand egter in staat om daaraan te beantwoord nie. Christus het in ons plek kom staan. Die oorspronklike inbedding van ons geskapenheid bly. Dit is steeds <u>langs die weg van gehoorsaamheid</u> in dankbare weerliefde.

<u>Die genadeverbond</u>

<u>Die genadeverbond</u> is die herstelling, die vervulling van die werkverbond. Hierdie verbond van genade het verskillende fases deurloop, al het dit in wese steeds êên gebly. Met die koms van Christus is die skaduagtige vervul. Novum Testamentum in Vetere latet, Vetus Testamentum in Novo patet.

## <u>DIE PACTUM SALUTIS</u>

Die genadeverbond mag nie anders gesien word as teen die agtergrond van die Pactum Salutis (die raad van vrede, die verbond van die verlossing) nie. Hierdie verbond moet in nouste verbintenis met <u>die uitverkiesing</u> benader word. As die genadeverbond van die uitverkiesing losgemaak word, hou dit op om 'n verbond van genade te wees en gaan dit weer in 'n werkverbond oor. Die uitverkiesing is die grondslag en die waarborg, die hart en kern van die genade verbond. Die verbond van die genade word dadelik na die val aan die mens bekend gemaak en met hom opgerig. Dit sit hom in die geskiedenis organies voort van geslag tot geslag. Wat één is in God se besluit (sy raad van verlossing), ontvou hom in die breedte van die wêreld en ontplooi hom in die lengte van die eeue. In die predestinasie het ons te doen met die één, ongedeelde, goddelike wil; in die pactum salutis tree hierdie wil aan die lig soos daar 'n Trinitariese betrokkenheid is, in 'n foederale verhouding: dit is <u>God die Vader</u> wat die eis van die verlossing stel, m.a.w. wat bepaal in welke weg verlossing aangebring kan word; dit is <u>God die Seun</u> wat om hierdie eis te volbring Homself as Borg beskikbaar stel, d.w.s. op Hom neem om ons menslike aan te neem en daarin te verrig wat tot behoudenis van die sondaar nodig is; en dit is <u>God die Heilige Gees</u> wat vir die toepassing van wat Christus verwerf het, vir die volvoering van die heilsplan sal sorg dra.

God die Vader gee die <u>uitverkorenes</u> aan Christus, Hy word Middelaar, Borg vir hulle wat in sy liggaam inbegrepe is; die Heilige Gees stel Christus met sy soenverdienste gedurig present, pas die vrug daarvan toe, herinner aan wat Hy

gedoen het.

Skrifbewyse vir die pactum salutis:

Die vraag is nie of daar bepaalde tekste is nie, maar of die relasie tussen die drie Persone met betrekking tot die verlossing só vir ons in die Heilige Skrif geteken word dat ons dit 'n foederale verhouding kan noem. Dit is beslis die geval. Die Heilige Skrif leer dat die Seun as Middelaar aan die Vader ondergeskik was, dat Hy Hom sy God noem, dat Hy bely dat Hy God se Kneg is, dat Hy erken dat aan Hom deur die Vader 'n werk opgedra is, en dat Hy by sy verheerliking die loon op sy volmaakte gehoorsaamheid ontvang. In die O.T. lei Hy Israel as Engel van die verbond (Malak Jahwe [מַלְאַךְ יְהוָה]). Onder Israel is Hy reeds amptelik werksaam.

Maar wat in die tyd geskied is uitvloeisel van wat in die ewigheid bepaal is. Vgl. 1 Pet. 1:20; 1 Tim. 2:5; Heb. 13:8. So word ook vir ons die relasie tussen die Vader en die Heilige Gees en tussen die Seun en die Heilige Gees as 'n foederale geteken (Jes. 61:1; Joh. 14:26; Joh. 15:26).

Uitvloeisel en toepassing van die Pactum Salutis is die verbond van die genade. Dit het 'n vaste, ewige grondslag in die raad van God. Met die ware verbondskinders, die uitverkorenes, bly die verbond onverbreeklik. Anders sou ons nie kon spreek van die volharding van die heiliges nie. Die gereformeerde verbondsleer werp sy ankers uit in die ewigheid (aldus H.N. Ridderbos). Die Vader het in die ewigheid 'n verbond opgerig met die Seun as Hoof en Middelaar en in Hom met alle uitverkorenes. In daardie verband verbind die Vader Hom dat Hy om Christus ontwil die gelowiges en hulle raad in sy verbond opneem, hulle al hulle sondes vergewe en hulle deur sy Heilige Gees tot lidmate van sy eniggebore Seun en só tot sy kinders sal aanneem, terwyl die Seun op Hom neem om in ooreenstemming met wat in die Raad van vrede bepaal is, as die Hoof en die Middelaar van sy volk sal optree en die verlossing aan te bring.

Dadelik na die val het hierdie genadeverbond in werking getree en het die Seun wat in die volheid van die tyd ons menslike natuur sou aanneem, met sy werk as Middelaar 'n aanvang gemaak. Dit was noodsaaklik. As die Middelaar nie onmiddellik ná die val ingetree het nie, dan sou God Adam en Eva na die hel moes gestuur het. En as die Heilige Gees nie dadelik as Toepasser van die heil wat die Middelaar sou verwerf, opgetree het nie, dan sou Adam en Eva nie tot geloof en bekering gekom het nie. Hieruit blyk al dadelik dat die Ou en Nuwe Testament in wese één is, of, m.a.w. dat daar ten alle tye maar één geloof en één weg des heils is.

Soos Adam dus die hoof was van die werkverbond, so is Christus die Hoof en Middelaar van die genadeverbond (Rom. 5 en 1 Kor. 15). (Die Remonstrante dwaal as hulle van die genadeverbond weer 'n werkverbond maak in die skewe betekenis van sinergisme, koöperasie — die mens moet die eerste stap doen). Hoewel die grondslae van die genadeverbond reeds in die ewigheid gelê is, kon eers in die tyd die genadeverbond met die gelowiges waarby aan hulle en hulle saad die verlossing van die sondes deur die bloed van Christus en die Heilige Gees wat die geloof werk,

toegesê is, opgerig word. Die verbond lê vas in die bloed van die versoening. Die vrederaad en die genadeverbond moet wel onderskei word, maar ons mag dit nie skei nie.

Voordat Adam en Eva die paradys moet verlaat openbaar God aan hulle die evangelie van verlossing en kondig Hy daarmee die verbond van die genade af (Gen. 3:15: die "saad" van die vrou ens.). Eva sou moeder word van al die lewendes. By die geboorte van Kaïn blyk dat Eva reeds vooruit gryp na die vervulling van die belofte uit Gen. 3:15. Art. 27 N.G.B. sê dat die kerk daar was van die begin van die wêreld af.

<u>Die woorde berith [אֱלֹהִים] en diathéké [διαθήκη].</u> Berith in die O.T. kom volgens die meeste verklaarders van barah [בָּרָא], sny. Dit wys terug op die ou Oosterse gewoonte om by 'n verbondsluiting tussen die teenoor mekaar gelegde stukke van geslagte diere deur te gaan, ter aanduiding daarvan dat dieselfde lot die verbreker van die verbond sal tref as vir hierdie diere. Volgens andere kom dit van 'n Assiriese stam wat <u>bind</u> beteken. In elk geval staan dit vas dat tot 'n verbond drie dinge behoort: (a) 'n eed of belofte wat die ooreengekome bepalinge inhou; (b) 'n vloek wat die goddelike straf inroep oor die verbreker; (c) 'n kultiese seremonie wat die vloek sinnebeeldig voorstel.

Vanweë <u>die onverbreekbaarheid</u> van die verbond is in die LXX waarskynlik berith nie vertaal met sunthéké (verdrag) nie, maar met diathéké (διαθήκη - testament). In die N.T. word diathéké sowel op die ou as op die nuwe bedeling toegepas,

<u>Die bedelinge van die genade verbond</u>

Die genadeverbond bly in wese steeds gelyk; dit deurloop egter sekere fases:

(a) <u>Adam tot Noag.</u> Dit dra 'n universele karakter. Teenoor die godvrugtige geslag van Set staan die goddelose geslag van Kaïn. Noag se prediking gaan uit tot al sy tydgenote.

(b) <u>Noag tot Abraham.</u> Met Noag en in hom met die hele mensheid ja met die hele skepping het God die <u>foedus gratiae communis</u> of <u>longanimitalis</u> opgerig (Gen. 8:21, 22 en Gen. 9:17). Dit is die sg. <u>Natuurverbond.</u> Dit is belangrik dat hierdie verbond ook van groot betekenis is vir die genadeverbond. Die elemente van die natuur word getemper, op die diere word die vrees vir die mens gelê, die lewe van die mens word beveilig deur die instelling van die doodstraf, daarmee van die owerheid. 'n Reëlmaat word in die skepping vasgelê; gevolglik sal die Satan nie alles in 'n chaos omskep en kan verhoed dat die mens nog lewensmoontlikheid sal vind en dat die geslagte sal kan ontplooi en al die uitverkorenes gebore en toevergader sal kan word nie. Die lewensduur van die mens is met hierdie verbond aanmerklik verkort, God toom die sonde veel meer in en hou bowendien deur die splitsing in tale en volke die openbaring van die sonde nog meer teë. Dit het moontlik geword dat die mensheid in stand gebly het, dat daar state gevorm is en dat die "kultuurmandaat" wat in die paradys gegee is, tot God se eer uitgevoer kon word. Dadelik na die sondeval is die algemene genade

in funksie, tog is dit eers ná die sondvloed as 'n foedus geopenbaar en vertoon dit eers van toe af daardie normale karakter wat deur die ingestelde ordening die ongestoorde en gereëlde loop van die lewe waarborg (aldus A. Kuyper).

(c) Abraham tot by die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. God stel 'n middelmuur van afskeiding tussen Israel en die heidene. Tog spreek God in hierdie tyd ook deur sy algemene openbaring tot die heidene. Hy dra hulle deur die foedus gratiae communis. Alle aanraking tussen Israel en die heidene het ook nie ontbreek nie. Israel was in verbinding met die omliggende volke. Na die ballingskap is allengs Israeliete orals in die destyds bekende wêreld gevind. Tog 'n periode wat meer partikularisties gefokus was. Israel die verbondsvolk, die lig van die besondere genade skyn byna uitsluitlik net by hulle. God roep ook in hierdie fase verbondmatig tot die genieting van sy gemeenskap. Gen. 17:7; Eks. 20:2. Die verbond gaan nie van Israel uit nie, maar van Jahveh. Hy het Israel as volk laat gebore word, hulle uit Egipte verlos. Die genadeverbond tree in hierdie bedeling wel binne 'n wettiese skema na vore. In die Sinaïtiese verbond staan die eise van God op die voorgrond. God eis gehoorsaamheid aan sy wet. Die letter van die wet het eisend en dreigend daar gestaan, in steentafels ingegrif (vgl. 2 Kor. 3: Paulus spreek van die bedeling van die letter). Die genadeverbond hier sterk wetlike belyning. Dit kon net deur God se genade volbring word. Sondebesef moes gewek word; die dors na die verlossing, die verlange na die koms van die Messias moes aangewakker word. Israel is as onmondige kind onder die sorg van die wet gestel (Gal. 4:1-3). Die wet 'n tugmeester tot Christus; Israel moes uit die geloof geregverdig word (Gal. 3:24). Die vergewing van die sonde het gepaard gegaan met die bring van offerandes, die heiligmaking is gesimboliseer deur die Levitiese reinheid, die saligheid hiernamaals deur 'n lang lewe in Kanaän. Die verbond is met die hele volk opgerig — dit 'n kenmerk van hierdie bedeling.

(d) Van die eerste koms van Christus en Pinksterdag tot aan die voleinding. Die nasionale getransendeer, die seremoniële vervul, asook die wet. Die universele weer op die voorgrond. Ou en N.T.: belofte en vervulling (Hand. 13:22), skadu en liggaam (Kol. 2:17), letter wat dood maak en Gees wat lewend maak (2 Kor. 3); diensbaarheid en vryheid (Gal. 4:1-7); partikulier en universeel (Ef. 2:14: in Christus, die middelmuur van afskeiding afgebreek).

    Adam kon val en het geval; die eerste Verbondshoof het ons almal saam met hom in die verderf gestort. Jesus Christus, die tweede Adam kan nie val nie - dit het Satan met skande ondervind (Matt. 4); Hy het ons uit die bande van die sonde en die dood verlos (Rom. 5:15). In sy hande is ons veilig, Hy sal nie één verloor van almal wat die Vader aan Hom gegee het nie (Joh. 17).

Die sg. verbondsvoorwaardes.

Die genadeverbond laat blyk: die sondaar het sy behoudenis aan die drie-enige God te danke. Terwyl die mens in die verkiesing alleen lydelik is, is hy in die

genadeverbond sowel passief as aktief. God eis dat in die geloof wat sy gawe is, sy verbondseis nagekom moet word, dat hy getrou die verbond moet bewaar en ooreenkomstig die reël van die verbond moet wandel. Die Heilige Gees is die eerste oorsaak; Hy skenk vrymagtig geloof en bekering. Die Heilige Gees maak die sondaar lewend en neig sy wil om van sy kant in God se verbond in te willig. In so vér is die sondaar passief. Maar as die verstand verlig en die wil omgebuig is, dan werk die mens sodat gesê kan word dat hy glo en hom bekeer, ewe-eens dat hy homself reinig van die besmetting van die vlees en van die gees. So word die verbond deur geloof en bekering aanvaar, die bondelinge moet in ’n nuwe lewe wandel, sodat wel besef word dat die verantwoordelikheid van die mens nie opgehef word nie.

Die bondelinge.

In die genadeverbond kom uit dat die gelowiges nie los op sigself staande individue is nie, maar dat hulle onder Christus as die Hoof saam die organisme van die nuwe mensheid vorm. In die verbond kom uit dat Christus Adam vervang en, soos Adam die wortel van die oorspronklike, Christus die wortel van die nuwe mensheid is, soos Christus ook vir die organisme van die gelowiges die lewe en die geregtigheid verwerf het. Vandaar dan ook dat die genadeverbond hom uitstrek tot die gelowiges en hulle saad. (Vgl. verbond met Abraham, Gen. 15, 17; Hand. 2:39 ens.).

Ons ken nie die hart nie. Moet alle bondelinge opwek tot geloof en bekering. Moet aan belydenis en wandel die maatstaf aanlê. Na die oordeel van die liefde as gelowiges die bondelinge aanvaar totdat die teendeel blyk. Selfondersoek mag nie uitbly nie. Mag nie volkskerk wees - almal wat na die doopvont gebring word, doop nie.

# LOCUS DE CHRISTO

Die verlossing van mens en wêreld wat kragtens God se welbehae in die weg van die genadeverbond werklikheid geword het, is verwerf deur ons Verlosser, Jesus Christus, die Middelaar van die verbond van genade.

Sy Persoon

Vgl. artt. 18 en 19 N.G.B. aangaande die Middelaar bely ons dat Hy die Seun van God is wat deur die werkinge van die Heilige Gees die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het. Hy het verskyn as die Christus, in die enigheid van sy Persoon die Goddelike en die menslike natuur deelagtig. God se eniggebore Seun, ontvang van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria. Die vleeswording van die Woord gaan ons verstand te bowe. Dit is 'n geopenbaarde misterie.

Dit is merkwaardig dat die middelaarsgedagte aan alle religieë eie is; ook die valse godsdienste het hulle stigters of priesters of heroïese figure wat redding bewerk deur vir die mense by die godheid in te tree. Alleen die Heilige Skrif vestig ons blik wanneer ons oë deur die Gees van God geopen is, op die gestalte van die ware Middelaar.

Hy het nie sonder voorbereiding in die vlees gekom nie. Die diepste wortels vir die koms van die Middelaar van die genadeverbond, die Seun van God en ook die Seun van die mens, vind ons in die Raad van God se vrede. Art. 17 N.G.B.

Met Gen. 3:15 as vertrekpunt is die Middelaar in die O.T. die middelpunt van die openbaring. Die weë is na Betlehem in Judea gerig (Miga 5:1). Die N.T. is die boodskap, die goeie en blye boodskap van die koms van Jesus Christus wat hier op aarde sy heilswerk verrig het. Hy is die enigste en die volkome Saligmaker. Hy is dié weg (Joh. 14:6).

Sy name: Één naam kan sy betekenis nie genoegsaam weergee nie. Elke naam 'n faset. In die Messiaanse profesieë word na Hom verwys as Silo, die Vredevors (Gen. 49:10); 'n profeet (Deut. 18:15; 'n regverdige Heerser (2 Sam. 23:3; Jer. 30:21); Borg (Jer. 30:21); Immanuel (Jes. 7:14)? Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, ewige Vader, Vredevors (Jes. 9:5); Kneg van die Here (Jes. 53); Herder (Eseg. 34:23); Heerser (Miga 5:1); 'n Koning (Sag. 9:9); Spruit en Priester (Sag. 6:12, 13); Losser of Goël (Job 19:25).

Die apostolicum noem die name (met O.T.-agtergrond.) wat in die N.T. voorkom.. Jesus die benoemingsnaam, die ekwivalent van die O.T. naam Josua, Jeshua. of Jehoshua, Josua 1:1; Sagaria 3:1. God skrywe die naam voor (Matt. 1:21-25; Luk. 2:21). D.i: die Here is heil. Die seun van Nun het eers Hosea geheet, d.i. die Here mag heil gee, maar Moses het tot hy die verspieders uitgestuur het (onder hulle was ook Josua), hierdie, naam in Josua verander: die Here is heil, om daarmee te kenne te gee dat hulle op die heil van die Here ten volle kan reken. Jesus, Saligmaker, Redder. HK. Sondag 11. Soos Josua Israel uit die woestyn, na 'n lang trekpad die land van die belofte binne gelei het, en soos die hoëpriester Josua die stamme se

name op die bors dra, en skoon feesklere ontvang (Sag. 3). Die naam Josua. spreek van die eenheid van die O. en N.T. Dit is dieselfde Jahweh wat aan die vaders sy genade betoon en tussen die Gerubs gewoon het en wat sy Seun gestuur het om sy beloftes te vervul en alle skaduwees tot werklikheid. te maak. Dit is dieselfde heil wat in die O.T. die gelowiges vertroos het en wat in die N.T. vol is van genade en waarheid (Joh. 1:14). Hierdie saligheid is nie alleen deur Jesus vir ons verwerf nie, maar word ook deur Hom aan ons gegee, in toepassing gebring (Joh. 1:17). Hy dra ook in die heerlikheid die naam. Hy sê aan Paulus op die weg na Damaskus: Ek is Jesus ...... Hand. 9:5; Fil. 2:11; Op.1:5; 22:16.

Die tweede naam in die Apostolicum is Christus. H. Kateg, Sondag 12. Gesalfde, Messias in die O.T., afgelei van mashach, om te salf. Die naam spreek daarvan dat Hy van die Vader verordineer is en deur die Heilige Gees gesalf is tot ons Profeet, Priester en Koning. D.i. sy ampsnaam. In die O.T. te doen met heiliging, af sondering vir diens (Eks. 28:41; 40:15; 1 Kon. 19:16; Jes. 61:1; 1 Sam. 10:1; 15:1; 2 Sam. 2:4; 1 Kon. 1:34). Die olie was simbolies van die Heilige Gees. Vgl. die olie van die sewe lampe van die goue kandelaar in die heilige van. die tabernakel en die tempel. Sag. 481-6. Die salwing impliseer verordinering en toerusting vir ’n sekere diens. Ps. 2:26; 45:78; 89:21; 110:1, 4; Heb. 1:8, 9). Christus is oorvloedig met die Heilige Gees bedeel (Luk. 1:35; Matt. 3:16; Mark. 1:10; Luk. 3:22; Joh. 1:32; 3:34. Die naam Kurios [Κύριος] is aan Hom gegee as die naam hupér pan onoma [ὑπὲρ πᾶν ὄνομα], sodat in die naam van Jesus sal buig elke knie wat in die hemel en op die aarde en wat onder die aarde is. Markus 12:36, 37; Luk. 2:11; 384; Hand. 2:36; 1 Kor. 12:3. Fil. 2:10, 11. Sy volk is sy eiendom. Hy het betaal vir die wat die Vader Hom gegee het (Joh. 17). Hy het gesag oor hulle, beskerm hulle, hulle is vir sy rekening vir tyd en ewigheid. Aan Hom is gegee alle mag .... (Matt. 28), 1 Kor. 158 23 e.v.

Die naam Seun van God. Ps. 2:7; Luk. 2:49; Matt. 16:16. Hy is ewige Seun, God uit God, Lig uit Lig. Die naam Seun van die mens vind ons reeds in Dan. 7:l3. Dit wys op sy menslike natuur. Ps. 8:4 moet in verband met Heb. 2:6-9 gelees word. "It denotes therefore the Mediator in His human nature, as in this nature in the way of deepest humiliation. He will be clothed with the highest honor and glory in the everlasting Messianic kingdom." Matt. 26:64; Hand. 7:56; Op.1:13; 14:14.

Hierdie name bring ons tot die belydenis van die twee nature van Christus, die goddelike en menslike. Een Persoon, twee nature. Stryd in vierde en vyfde eeue. Die belydenis van Christus se godheid (Nicea 325), die eenswesenheid met die Vader en die Heilige Gees (Konstantinopel 381), die vereniging van die twee nature (Efese 431, teen Nestorius), en teen Eutyches (Chalcedon 451). Lg. het vasgestel dat die een Persoon twee nature het wat onvermengd en onveranderd, ongedeeld en ongeskeie verenig is. In die tyd van die Reformasie het die Sosiniane en die toe opkomende Rasionalisme Christus se godheid geloën (soos Arius lank tevore).

Reeds in die O.T. word sy godheid geopenbaar. Ps. 110:1; vgl. Matt. 22:41-45; Jes. 9:5. In die N.T. word Hy telkens God genoem: Joh. 1:1; 20:28; Rom. 985; Heb. 1:3, 8; 1 Joh. 5:20. Die Heilige Skrif openbaar die pre-eksistensie van Christus vóór alle

dinge (Joh. 1:1; 8:58; Gal. 4:4; Kolloss. 1:15). Die Heilige Skrif leer dat Hy wat die Redder van die wêreld is (Herskeppingsmiddelaar) ook (Joh. 1:3 e.v.; Kol. 1:15-17) die Skeppingsmiddelaar was. Die werk van kreasie en saliging is goddelike arbeid. Tot hierdie arbeid behoort ook dat die dood oorwin en die lewe aan die lig gebring is. Wie anders kan die lewe terug gee as Hy wat die lewe geskape en gegee het?

Hy het in die vlees verskyn - ook waaragtige mens (Joh. 1:14). 'n Swak, ontluisterde menslike natuur in alles aan ons gelyk, uitgenome die sonde. Luk. 1:35; Joh. 8:46; 14:30; 2 Kor. 5:21; Heb. 4:15; 9:14; 1 Pet. 2:22; 1 Joh. 3:5. As man van smarte Jes. 53? Fil. 2; Heb. 2:17, 18. Hy het die menslike natuur deur die werking van die Heilige Gees ontvang. So buite ons erfskuld en erfsmet gestel (Hebr. 7:26); Maria was die menslike instrument. Hy het die menslike natuur nie uit die hemel meegeneem soos die Gnostiek en die Anabaptiste geleer het nie. Hy is gehore uit Maria (Gal. 4:4). Dit was 'n waaragtige menslike natuur, nie 'n skynliggaam (docetisme) nie. Geëet, geslaap, geween, gebid ens. Heb. 4:15 e.v. Sy mensheid ten volle. na siel en liggaam aan ons gelyk, aan Hom liggaamlik, geestelik niks ontbreek wat die mens as gawes van God mag besit nie. Sy mensheid was en is heilig. Hy het nie gesondig nie. Die versoekinge moes dien om die heiligheid aan die lig te laat tree en die oorwinning van die tweede Adam oor die Satan in die volle lig te stel. Sy geboorte het die donker sy van geboortes in ongeregtigheid tot ons verlossing verbreek (Jes. 53:9; Luk. 1:35; 2 Kor. 5:21; 1 Pet. 1:19). Dit was noodsaaklik dat Christus die twee nature moes hê. Antwoorde 15 tot 18, E. Kateg.

Die vereniging van die goddelike en die menslike natuur is 'n misterie.

(1) In die dogmatiek word gespreek van 'n communicatio idiomatum, die mededeling van goddelike en menslike eienskappe aan die één Persoon van Christus. Hy het goddelike en menslike werke gedoen. Dit beteken nie dat die menslike natuur vergoddelik of die goddelike natuur vermenslik word nie.

(2) Verder word gespreek van communicatio charismatum of gratiarum, die mededeling van Geestesgawes. Dit wil sê dat die menslike natuur van Christus deur sy vereniging met die goddelike natuur op geheel besondere wyse deel gehad het aan die gawes van die Gees (Jes. 42:1; 61:1; Joh. 3:34). Hierdie kommunikasie het (dit stel ons teenoor Rome) nóg sy mensheid, nóg sy vernedering 'n oomblik tersyde gestel of deurbreek. Ook hierin het Jesus waaragtige mens gebly, met 'n swak, sterflike, aan die lyde onderworpe mensheid, waarin Hy ook vatbaar was vir versoeking, waarin Hy ook menslike emosies ten volle geken het, dog sonder sonde (Heb. 2:17; 12:2). Hierin het Hy ook die ontwikkeling van die menslike lewe deurgemaak, sowel geestelik as liggaamlik (Luk. 2:40, 52).

(3) Verder is daar ook 'n communicatio apotelasmatum, d.i. die mededeling van die deur die middelaarswerk verkreë resultate; dit beteken dat die werke van Christus wel tot stand gebring is deur die medewerking van sy godheid en mensheid, maar dat die resultaat 'n ondeelbare eenheid vorm. Hy het as Middelaar al die werk

volbring. Ons sê dan dat vir ons sondes betaal is deur die dood van die Seun van God (H. Kateg, antw. 40), al weet ons al te goed dat God nie sterwe nie.

(4) Communieatio adorationis, die mededeling van aanbidding of eer. Die honor adorationis kom nie die menslike natuur as sodanig toe nie., maar alleen vir so vér dit met die goddelike Logos verenig is wat voluit adorabilis is. Ons moet onderskei tussen die objek en die grond vir hierdie aanbidding. Die objek van ons godsdienstige verering is Jesus Christus, waaragtige mens en waaragtige, ewige God, maar die grond vir ons aanbidding is die Persoon van die Logos, Christus word as Middelaar aanbid (Op.5:12).

Rome dwaal met sy leer dat Christus se liggaamlike natuur in die mis alomteenwoordig is - die alomteenwoordigheid van die goddelike natuur sou dan daaraan meegedeel word volgens Rome (transsubstansiasie).

Luther se ubiquiteitsleer die leer van die konsubstansiasie t.o.v. die nagmaal, is in stryd met die gereformeerde leer van die communicatio idiomatum. Die Lutheranisme doen te kort aan die waaragtige menswees van Christus. Hy is na sy menslike natuur nie alomteenwoordig nie. Na sy godheid, majesteit, genade en Gees is Hy wel by die nagmaal teenwoordig. Die communicatio mag nie so verstaan word dat die grens oorskry word sodat die goddelike aan die menslike eienskappe opgeoffer word, of omgekeerd nie.

Die Kenosisleer het in die vorige eeu na vore gekom, ver al in Lutherse kring, en ook by enkele gereformeerdes, met die opset om volle reg te laat geskied aan die werklikheid en integriteit van die menslike natuur van Christus en om die grootheid van sy selfverloëning en selfofferande te beklemtoon. Die standpunt behels dat Christus in sy vernedering van sy goddelike eienskappe ontdoen is; dit is gereduseer tot 'n blote potensialiteit, wat daarna, in die vereniging met die menslike natuur, weer tot 'n goddelik-menslike persoon ontwikkel het. Daar word as Skriftuurlike gronde veral Fil. 2:6-7, en verder, 2 Kor. 8:9 en Joh. 17:5 aangevoer. Die woord "kenosis" word afgelei van die w.w. ekenosen [ἐκένωσεν] in Fil. 2:7. Hierdie teks word verkeerd gelees as dit moet sê dat Christus sy goddelike natuur afgelê het. Die ekenosen staan, nie in verband met morphé theou [μορφῇ θεοῦ] nie., maar met eina isa theoi [εἶναι ἴσα θεῷ] (dat), d.i. sy gelyk met God wees. Die feit dat Christus die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het, beteken nie dat Hy die morphé theou af gelê het nie. Dit sien op sy staat van vernedering.

Die state van Christus.

Dit beteken (a) dat God Hom gestuur en gestel het, sowel in 'n staat van vernedering as van verhoging, (b) dat Hy in 'n regsposisie teenoor die Vader gestaan het en (c) dat sy omwandeling op aarde en in die heerlikheid onder die beheersing is van sy Middelaarsroeping. Daar kan dus nie in die gewone sin 'n biografie van Jesus geskrywe word nie. Dit is nie 'n lewe met die gewone opgaan, blink en versink nie. Die dood is nie die onafwendbare einde nie, maar juis die doel van sy lewe. Hy wou sterwe en het langs die weg oorwin. Van die eerste dertig jaar van sy lewe is min

nodig geag om aan ons mee te deel. Hy kan nie sonder meer uit sy tydsomstandighede en sy omgewing verklaar word nie. Die vier evangeliste wil geen biografie bied nie. Elkeen vanuit ’n gesigshoek. Die sinoptici (Matt. Markus, Lukas) en Johannes - kry so ’n gesigsblik van die openbaring wat die Heilige Gees nodig ag. Hulle verkondig, getuig (Joh. 20:31). In sy vernedering was Hy met ons sonde voor God belaai, dus skuldig, in ’n toestand van lyde. Antw. 37, HK. In sy verhoging was die skuld finaal, volkome vereffen, die lyde het plek gemaak vir heerlikheid (Fil. 2:7 e.v.). Die twee state word duidelik geleer in 2 Kor. 8:9; Gal. 4:4, 5; Fil. 2:6-11; Heb. 2:9. Die state word weer nader onderskei in trappe, wat in die eerste staat al dieper na benede voer tot in die smarte van die hel, en in die verhoging na omhoog lei waar Christus nou in heerlikheid troon totdat Hy in glorie as Regter weer sal kom.

Die staat van vernedering. O.g.v. Fil. 2:7, 8 onderskei ons twee elemente: (l) die kenosis (ontledig, exinanitio); Hy, die soewereine Regeerder, neem in die vlees die gestalte van ’n dienskneg aan; (2) die tapeinosis [ταπείνωσις] (humiliatio): Hy het Hom aan die eise en vloek van die wet onderwerp om dit in gehoorsaamheid te vervul en in ons plek daaraan te voldoen in handele en lyde tot in die dood aan die vloekhout. Gal. 4:4: "gebore onder die wet". Die Lutherse teologie onderskei agt trappe in die staat van vernedering, terwyl die gereformeerde teologie vyf onderskeidinge maak, tewete die koms in die vlees, Christus se lyde, sy dood, sy begrafnis en sy neerdaal na die hel.

(i) Sy geboorte:

(a) Joh. 1:14 - die inkarnasie. Dit is moontlik gemaak deur die "ewige generasie"; in die goddelike Wese is die Seun onderskeie van die Vader wat Hom in die Seun geopenbaar het, waardeur die Seun vlees kon word;

(b) die menswording was moontlik deur die skepping, deur die kreasie van die mens, wat ook die weg baan vir die geboorte van die Verlosser;

(c) aan die inkarnasie gaan die openbaring van God in die eeue van die O.T. vooraf. Generasie, kreasie en revelasie maak die koms van die Middelaar op aarde moontlik. Die hele O.T. sentreer vanaf Gen. 3:15 om Christus en sy koms. Die vernedering is nie in die aanneming van die menslike natuur geleë nie; Hy het immers liggaamlik na die hemel opgevaar! En Hy is nou die Verhoogde! Maar hierin dat Hy vlees, swak, sterflike vlees geword het. Die ww. egeneto [ἐγένετο] in Joh. 1:14 (die Woord het vlees geword) beteken nie dat die Logos in vlees verander het en dus sy wesenlike aard verander het nie, maar dat Hy ’n addisionele gestalte aangeneem het sonder om sy oorspronklike natuur te wysig. Hy het die menslike natuur aangeneem, nie ’n menslike persoon nie. Die woord sarx [σὰρξ] beteken hier die menslike natuur, liggaam en siel. (Die woord word in min of meer dieselfde betekenis gebruik in Rom. 8:3; 1 Tim. 3:16; 1 Joh. 4:2; 2 Joh. 7; vgl. Fil. 2:7).

(ii) Sy lyde.

(a) Hy het die ganse tyd van sy lewe op aarde die las van die toorn van God gedra. Jes. 53:4; 1 Pet. 2:24; 3:18.

(b) Sy lyde in sy verkeer met hierdie sondige wêreld (Mark. 9:19). In ons bedompigheid, lug vol dodelike infeksie ingekom. Kan iets daarvan aanvoel wanneer met "skoon" longe in 'n stad met swaar lugbesoedeling eensklaps beland sou word,

(c) Sy lyde aan die einde van sy lewe in die bangste sielesmart en fel liggaamlike lyde (Jes. 53; Matt. 26:17 e.v.; Joh. 19:1 e.v.). Na liggaam en siel gely. In sy passio magna aan die kruis van God ook verlate, deur die duiwel, die mensemoordenaar van die begin af, aangeveg. Dit was <u>borgtogtelike</u> lyde. Jes. 53:6, 10; Matt. 4:1-11; Luk. 22:28; Joh. 12:27; Heb. 4:15; 5:7, 8.

(iii) Die veroordeling deur <u>Pontius Pilatus</u>, die wêreldlike regter. Matt. 27:11 e.v.; Markus 15:2 e.v.; Luk. 23:2 e.v.; Joh. 18:19; antw. 38, HK. Hy het die vonnis ondergaan sodat Hy ons van die streng oordeel van God wat oor óns sou gaan kon bevry.

(iv) <u>Die kruisdood</u>. So versoening te weeg gebring. Gal. 6:14; 3:13. Ant. 39, HK.

(v) <u>Die dood van Christus.</u> Rom. 8:3; Heb. 2:14, 15; Gen. 2:17: die dood die besoldiging van die sonde. Dit was nie 'n <u>lot</u> nie, maar 'n <u>daad</u>. Hy het die gees afgegee (Matt. 27:50). Ons dood nou 'n deurgang. Antw. 42, H. Kateg,

(vi) <u>Sy begrafnis.</u> Ons vernedering ten volle deurstaan om vir ons die graf te ontsluit. Sy heerlikheid flits deur. Jes. 53:10; 1 Kor. 15; 1 Thess. 4:15 e.v.; antw. 41, HK.

(vii) <u>Neergedaal na die hel.</u> Vgl. antw. 44, HK. - op voetspoor van Calvyn. Dit beteken dat Christus helse smarte gely het; Hy het helse pyn verduur om dit te oorwin; die verlating van God. Aan die kruis, in die drie uur duisternis die dieptepunt. Hierdie trap word laaste genoem, nie omdat dit kronologies op die begrafnis volg nie, maar omdat dit die langste is wat Jesus gely het.

<u>Hierteenoor ook 'n ander opvatting.</u> Reeds in die ou Christelike Kerk; vind dit later terug in die Westminster Konfessie. Hier word aan die orde van die Twaalf Artikels. Die neerdaling na die hel word dus na die begrafnis gestel. Jesus verkeer dus in die <u>statu mortis</u> tussen sterwe en opstanding; Hy verkeer in die ryk van die dode. <u>Rome</u> leer dat Christus na sy dood in die <u>limbus patrum</u> was, die verblyfplek van die vromes uit die ou bedeling, om die vaders saam met Hom na die hemel te voer. Die <u>Lutherane</u> beskou die neerdaling na die hel as die eerste trap van Christus se verhoging. Christus het, volgens hierdie standpunt, na die onderwêreld gegaan om sy oorwinning aan te kondig en verder oor Satan te voltrek - en oor die magte van die duisternis en om die vonnis oor hulle uit te spreek. Sommige Lutherane plaas hierdie triomftog tussen die dood van Christus en sy opstanding; ander ná die opstanding. <u>Calvyn</u> gee 'n metaforiese verklaring; hy se dit verwys na die lyde van Christus toe Hy die straf aan die kruis in ons plek gedra het, waar Hy die angste en smart van die hel verduur het (Instit. II, 16, 8 e.v.). So ook die HK. vr. 44. Die lyde in Getsémane kom ook binne die gesigsveld. Die Heilige Skrif leer nie 'n letterlike neerdaal na die hel nie. Sy liggaam was immers in die graf! Hy kon dus hoogstens met sy siel in die hel neergedaal het; dit sou "beteken dat slegs 'n deel van sy menslike natuur betrokke was by hierdie stadium van sy vernedering (of verhoging). Maar so

lank Christus nog nie uit die dode opgestaan het nie, het die tyd nog nie aangebreek vir 'n triomftog soos die Lutherane veronderstel nie. En verder: Christus het, toe Hy aan die kruis sterwe, sy gees aan God oorgegee. Dit impliseer dat Hy eerder passief as aktief sou wees vanaf sy dood tot met sy opstanding. Ons aanvaar dus dat Christus die angste van die hel deurgemaak het tot met sy dood (d.i. om van God weg, verlate te wees), in Getsémane en aan die kruis, en dat sy vernedering die uiterste punt bereik met sy dood.

Die staat van die verhoging. Dit is die loon wat Christus van die Vader ontvang het op sy vernedering. Hy het aan die eis van die werkverbond voldoen. Die werk van die gehoorsaamheid is ten volle afgehandel, daarom het God Hom uitermate verhoog (Fil. 2:9); met eer en heerlikheid is Hy gekroon (Heb. 2:9); aan Hom is alle mag gegee (Matt. 28:19). Heb. 12:2 e.v. Deur Hom regeer die Vader alle dinge. Op.5. Die staat van verhoging begin met (a) die opstanding of opwekking van Christus: (1) God wek Hom op (Hand. 2:32, 33). In die opwekking die bewys dat die skuld vereffen is (die graf is ook deur ai engel geopen) — die wil van die Vader is volbring, die offer is aanvaar, die versoening het plaasgevind, (2) Christus staan op. 1 Kor. 15:20. Hy is die eersgeborene uit die dode. Kol. 1:18; Op.1:5. Hy het letterlik, liggaamlik opgestaan. Luk. 24:39. Hy toon deur sy oorwinning dat Hy die Seun van God is. Die staat van vernedering en van die ontlediging hou op. Hy is die Here. Die volheid van die Heilige Gees is sy deel; sy liggaam het 'n verheerlikte liggaam geword, al het dit 'n "stoflike" liggaam gebly. Hy het die dood oorwin, Antw. 45. HK.

Sy opstanding spreek van wat sal gebeur met die lede van Christus se mistieke liggaam in hulle regverdigmaking, wedergeboorte en geluksalige opstanding, Rom. 6:4, 5, 9; 8:11; 1 Kor. 6:14; 15:20-22; 2 Kor. 4:10, 11, 14; Kol. 2:12; 1 Thess. 4:14. Dit staan ook in die nouste verband met hulle regverdiging, wedergeboorte en hulle opstanding in die dag van Christus se verskyning op die wolke. Rom. 4:25; 5:10; Ef. 1:20; Fil. 3:10; 1 Pet. 1:3.

(b) Veertig dae na die opstanding volg die hemelvaart.

Christus is liggaamlik in die hemel opgeneem: (1) Ons Voorspreker. (2) Oefen sy mag uit in die hemel en op die aarde, laat langs hierdie weg sy koninkryk kom. (3) Hy is besig om vir ons plek te berei en ons deur sy Gees toe te berei (Luk. 24:50-52; Hand. 1:1-11; Rom. 8:31 e.v.; 1 Kor. 15; 1 Joh. 1:2 e.v. ens.). In 'n sekere sin is die hemelvaart die aanvulling en voltooiing van die opstanding. Christus se oorgang na die heerlikheid word afgerond in die hemelvaart, HK., Sondag 18; Art. 26 N.G.B. Hy is in die hemel opgeneem, m.a.w. sy Middelaarswerk is as geldig aanvaar. Sy hemelvaart open die uitsig op die heerlikheid van God se volk, Ef. 2:6; Joh. 17:24; dit hou in beginsel die herstel van die mens in sy oorspronklike koningskap in. Heb. 2:7, 9. Hy gaan om noodsaaklike voorbereidingswerk te doen. Joh. 14:2, 3.

(c) Die sit aan die regterhand van God.

Die koningskap het Hy van die Vader ontvang, deur Hom regeer die Vader alle dinge. Sondag 19, HK. Dit is 'n heerskappy van mag oor alle dinge, oor die hele

wêreld, ook oor hel en duiwels, oor engele en mense. En dit is ’n regiment van genade, in besonder oor sy gemeente, sy kerk (Ps. 110:1 e.v.; 1 Kor. 15:23 e.v.; Fil. 2:9 e.v.; Op.5 e.v.), Calvyn, Inst., II, 16, 15.

(d) Die wederkoms van onse Here Jesus Christus.

D.i. die finale trap van die verhoging. Hy kom as Regter. Joh. 5:22, 27; Hand. 10:42; 17:31; Matt. 19:28; 25:31-34; Luk. 3:17; Rom. 2:16; 14:9; 2 Kor. 5:10; 2 Tim. 4:1; Jak. 5:9. Woorde wat gebruik word (vgl. Locus oor die einde van die eeue): paronsia ([παρουσία] teenwoordigheid), apokalupsis (dit sal die [ἀποκάλυψις] openbaring van sy koms wees), epiphaneia ([ἐπιφάνεια] sy verskyning in heerlikheid). Hy Hy sal sigbaar, liggaamlik verskyn. Hand. 1:11; 1 Kor. 1:7; 4:5; 11:26; Fil. 3:20; Kol. 3:4; 1 Thess. 4:15-17; 2 Thess. 1:7-10; Tit. 2:13; Op.1:7. Hy kom om te oordeel die lewende en die dode. Matt. 25:33-46. HK. Sondag 19.

Die werk van die Verlosser (sy ampte).

Christus is van ewigheid af deur die Vader tot sy middelaarsarbeid verordineer. Heb. 3:1. In die pactum salutis het Hy hierdie diens aanvaar. Vgl. Ps. 2:6, 7; Ps. 110. Hy is deur die Vader gestuur (Joh. 3:34). Hy is ook vir hierdie diens bekwaam gemaak deur die salwing van die Heilige Gees. Luk. 1:35; veral by en na die doop van Jesus (Matt. 3:16; Joh. 1:33, 34; dit gaan deur tot by die opstanding en verheerliking van Christus. Ook nou oefen Hy sy drievoudige diens uit, 2 Kor. 3:17; Antw. 51, HK.; Art. 21, 26, N.G.B. In sy verlossingswerk het Hy vir ons die drievoudige heerlikheid verwerf wat die mens in die paradys besit het en wat deur Christus herstel word.

Die ampte van Christus vind hulle voorafskaduwing in die besondere ampte by Israel, nl. in die profete soos Moses, Samuel, Elia en Jesaja; in die konings uit die huis van Dawid en in die priesters. Hierdie ampte moet ten nouste met die middelaarswerk van Jesus Christus in verband gebring word. As profeet verkondig Hy die verlossing, as priester verwerf Hy dit en as Koning bewaar en voltooi Hy dit. Met hierdie drievoudige arbeid het Hy al voor die vleeswording begin, daarop rus die "dit is volbring" van Golgotha tydens sy omwandeling in die vlees. Hierdie werk sit Hy in sy heerlikheid in die hemel voort. Tot in alle ewigheid bly Hy ten behoewe van sy gemeente daaraan verbonde.

A. Christus as Profeet: die Vader verklaar (Joh. 1:18); die boodskap van die verlossing gebring (Matt. 16:21); die koms van God se koninkryk aangekondig (Matt. 4:23 e.v.; ’n nuwe grondwet geproklameer (Matt. 5:17); sy woord deur wonders bevestig wat in die volheid van die tyd die besondere tekens van sy koms was (Joh. 2:11). Sy Gees het in die O.T. die profete geïnspireer, die hele woordopenbaring van die O.T. Dit het Hy op aarde gedoen deur sy eie woorde en wonders, waarvan Hy Self die hoogste en heerlikste wonder was. Hy arbei nou nog as Profeet deurdat Hy sy evangelie laat preek in die hele wêreld en die wonder van sy kerk handhaaf ondanks die woelinge van die hel.

B. Christus as Priester. Hy het Homself geoffer vir ons sondes. Ef. 5:2; dié paasoffer

by uitnemendheid (1 Kor. 5:7); die losprys (Matt. 20:28); Hy het vir ons 'n vloek geword (Gal. 3:13). In die O.T. die voorafskaduwing deur die seremoniële diens in Israel. Vervul in N.T. (vgl. Brief aan die Hebreërs). Hy is tegelyk Offeraar en Offer. In die hemel pas Hy die offerande toe, leef Hy om vir ons te bid, lei Hy as Liturg die hemelse erediens (Heb. 7:23-8:1, 2). Sit dit op die aarde voort deur die priesterlike diens in en aan sy gemeente. Hy is Priester, nie na die orde van Aäron nie, maar van Melgisedek - vervul só die algemeen-menslike priesterskap (Ps. 110:4; Heb. 6:20-7:1 e.v.).

C. Christus as Koning. Hy het die stryd teen Satan en die sonde gestry tot oorwinning. In die O.T. gewerk deur die koninklike diens van profete en konings (bv. Samuel en Elia, Dawid en Hiskia). In sy omwandeling oor duiwels en storms getriomfeer, in sy sterwe en opstanding dié triomf behaal. In sy verhoging alle mag (Matt. 28:19; 1 Kor. 15:22 e.v.; Fil. 2:9 e.v.). Regeer met mag oor die wêreld, in genade oor sy gemeente (Op.5). Hy lei die wêreld na sy voleinding. Sal sy besondere koninklike mag wat ons terugbring, finaal tuis in die paradys, weer oorgee aan die Vader (1 Kor. 15:27, 28).

Ons onderskei tweërlei gehoorsaamheid van Christus. Hy was in ons plek volkome gehoorsaam (Matt. 26:42; Joh. 4:34; Rom. 5:19; Gal. 4:4; Fil. 2:7). Tot in die dood.

Oboedentia passiva et activa. Hy het gekom om enersyds vir ons sondes te boet, ons skuld te betaal, ons straf te dra; maar ook om die wet in ons plek te vervul en God volkome te dien.. Hy het herstel wat Adam bederwe het en gedoen wat ons moes gedoen het. Pelagius is verkeerd dat ons Christus se werk moet aanvul deur goeie werke. Hy het alles volbring. Hy het nie as martelaar gely nie. Moes Christus nie dit alles ly nie (Matt. 26:54; Luk. 24:26; Hand. 4:28). Al sy werk is in die tetelestai [Τετέλεσται] beslote.

Die vrug van sy arbeid. In die N.T. het die versoening tweërlei betekenis;: (a) Katallagé (Rom. 5:10; 2 Kor. 5:18). God het Hom met ons versoen, ons is om Christus ontwil aangeneem tot sy kinders, (b) Lilasmos (1 Joh. 2:2). God is met ons versoen; die spits van die versoening rig hom hier op die Vader. Omdat Hy met ons versoen is mag ons voor Hom verskyn as vrygekooptes: (1) dit dra die juridiese vrug in ons regverdiging (Rom. 4:25; 5:1; 8:33), (2) die mistieke vrug in die unio mystica met Christus; met Hom gekruisig en opgewek (Rom. 6:3 e.v.; Gal. 2:20). (3) die etiese vrug in ons heiliging en navolging van Christus (Rom. 6:4; Kol. 3:1. (4) Die vrug in ons salige opstanding (1 Kor. 15:23 e.v.), reeds in hierdie lewe het die opstanding in beginsel plaasgevind en is ons nuwe skepsels in Christus. Met liggaam en siel eiendom van Jesus Christus. Sondag 1, HK. (5) Die ou bedeling is vervul (Heb. 7-10). (6) Die kosmiese vrug dat hemel en aarde deur Hom vernuut word - ons mag die nuwe aarde verwag ( 2 Pet. 3:13; Op.21, 22).

Geen algemene versoening. Sy verdienste is voldoende vir die hele wêreld. Hy het die volle toorn van God gedra, maar Hy het sy offer net vir sy volk gebring (wel sufficiens vir almal; efficax alleen vir die uitverkorenes.

(a) Die werk van Christus word op sy volk betrek, sy skape, die wat aan Hom behoort (Matt. 1:21; Joh. 10:15; 13:1; 17:9; Ef. 1:22; 2:20; Heb. 2:10, 11).

(b) Waar daar van die wêreld gespreek word, dui dit op die organiese geheel van die mensheid en nie op elke mens hoof vir hoof nie (Joh. 3:16: gespreek van die kosmos, dan nadere begrensing: elkeen wat glo).

(c) 1 Tim. 2:4: "alle mense", d.i. mense van allerlei rang en stand; as Paulus elke mens bedoel het, sou hy nie in dieselfde brief kon spreek van die verderf van vele nie (6:9).

(d) Dit is tog nie moontlik dat die Vader nie almal verkies en die Gees nie aan almal die geloof gee nie en Christus wel almal sou versoen.

(e) In die Heilige Skrif word die beslissing oor die saligheid in die hande van God gelê en nie in die hande van die mens nie. Dit sou Christus se middelaarswerk sinloos maak. Die vrug van die versoening moet ons nie atomisties verstaan nie. Dit het die mensheid op die oog.

# DIE LEER AANGAANDE DIE HEILIGE GEES

Dwaalleer

In die vroeë Christelike kerk het drieërlei dwalinge die kop uitgesteek: (1) Die Heilige Gees se Godheid is geloën (2) en verder is geloën, ontken dat Hy ’n Persoon is. (3) Daar is ontken dat die Heilige Gees ook van die Seun uitgaan (Filioque).

1. Die Ariane het geleer dat die Vader die Skepper van die Seun is as die hoogste skepsel en dat die Vader deur die Seun alle origе skepsels geskep het, ook die Heilige Gees. Volgens die Ariane is die Heilige Gees, eweas die Seun, ’n skepsel, laer in rang as die Seun.

2. Die stryd het egter veral gegaan teen die dwaling dat die Heilige Gees slegs ’n krag is wat van God uitgaan. Hierdie dwaalleraars is Pneumatomage genoem. Hulle het gemeen dat hulle vir hul dwaalleer hulle op die Skrif kon beroep. Die Skrif spreek inderdaad wel van die Heilige Gees as ’n gawe en krag van God. Die Skrif spreek bv. van die uitstorting van die Heilige Gees, van ’n gesalf en vervul en gedoop word met die Heilige Gees. Maar andersyds spreek die Skrif ook veel van die Heilige Gees as ’n Persoon. Dit moet ons nie as ’n teenstrydigheid sien nie. Dit het die Heilige Gees behaag om so van Homself te spreek. Die Skrif leer duidelik dat die Heilige Gees ’n Persoon is, soos ons nog sal aantoon. Die Heilige Gees is ook ’n Goddelike Persoon. Aan Hom word Goddelike name gegee, Hy besit Goddelike eienskappe. Hy doen Goddelike werke, van skepping en van herskepping. Die Heilige Gees ontvang, net soos die Vader en die Seun, Goddelike eer. In Sy Naam word ons gedoop en geseën. Vgl. Ps. 33:6; 139:7; Matt. 28:19; Hand. 5:3, 4; 1 Kor. 2:11; 2 Kor. 13:13.

3. Die derde dwaling het daarin bestaan dat die Heilige Gees net van die Vader uitgaan. In 1054 het die kerk van die Ooste hom a.g.v. die stryd oor die Filioque afgeskei van die kerk van die Weste - so kry ons die Grieks-Ortodokse kerk in onderskeiding van die kerk van die Weste, die Rooms-Katolieke kerk. Volgens die leer van die Grieks-Ortodokse kerk openbaar God Hom aan mense deur die Seun, deur Christus en Sy Woord, en daarnaas apart daarvan, deur die Heilige Gees. So is daar tweërlei weg van God tot die mense en van die mense tot God, die weg deur die Seun, deur Christus en sy Woord, en daarnaas, apart daarvan, die weg deur die Gees. Volgens hierdie leer kan die Gees mense tot die Vader bring buite Christus en sy Woord om. Deur die leer word die Seun en die Gees, Christus en die Gees, Woord en Gees geskei. Dit lei in die praktyk daartoe dat die weg van die Woord hoe langer hoe meer uitgeskakel word en dat die eintlike weg van God tot mense en van mense tot God, die weg word van die Gees. Die kerke van die Ooste het versink in die moeras van spiritualisme en mistiek. (Vgl. H. Bavinck, Geref. Dogmatiek, I, 118; II, 282 e.v.).

Augustinus het verklaar dat die Heilige Gees nie alleen van die Vader uitgaan nie, maar ook van die Seun (Filioque). Die Athanasiaanse simbool het die woorde opgeneem "qui procedit a Patreet Filio". Op die Sinode van Toledo (589) is die Filioque in die belydenis opgeneem.

Die Heilige Skrif leer ons dat die Heilige Gees nie van die Seun geskei mag word nie, van Christus en sy Woord nie. Die Heilige Gees bring ons nie in gemeenskap met die Vader buite Christus en sy Woord om nie. Die. Heilige Gees bring ons in gemeenskap met die Vader deur ons met die Seun in gemeenskap te bring. Niemand kom tot die Vader behalwe deur die Seun nie. Die Heilige Gees wil ons aandag altyd weer op Christus rig. Wat Hy ons skenk, neem Hy uit Christus. Hy gee ons deel aan Christus en al sy weldade deurdat Hy ons harte neig tot die geloof; daardie geloof werk Hy in ons harte deur die Woord. En die geloof sê amen op die Woord van Christus.

Wie Gees en Woord skei, kom daartoe om ook die kerk met die amptelike bediening van Woord en Sakrament te verontagsaam. Gees en Woord word ook geskei wanneer 'n mens, met 'n beroep op die leiding van die Heilige Gees, jou tog nie aan God se Woord wil onderwerp nie. Die leiding van die Heilige Gees en onvoorwaardelike onderwerping aan die Woord van God gaan hand aan hand (Joh. 15:26; Rom. 8:9b; Gal.. 4:6; Fil. 1:19).

Maak ons genoeg erns met wat die Bybel ons a.g. die Heilige Gees leer?

J.H. Bavinck skrywe in Ik geloof in de Heilige Geest: Die egte wonder van die Gees is vir die Kerkmens dikwels 'n geslote boek en hy strompel voort in donkerheid en armoede. En dit is nie nodig nie! Die mens van vandag glo in die psigologie, in opvoedkunde, in sosiale sorg, in gesprekstegniek, maar dat daar ook nog so iets kan bestaan as die werk van die Heilige Gees, ontgaan hom heeltemal. God sink weg agter die horison van ons menslike kennis en vermoë. Laat ons ophou om benede ons stand te lewe, laat ons vashou aan die geloof dat God nog teenwoordig is, dat sy wonderkrag ons lewe kan vernuut en deurdring. Laat ons "die strome van krag", van Goddelike krag wat ons in die Heilige Gees belowe en gegee is, nie langer misken en vergeet nie! Laat ons die Pinksterwonder ernstig neem!

In die Apostolicum het die werk van die Heilige Gees 'n opvallend gewigtige plek ontvang. Die bestaan van die een, heilige, algemene, Christelike kerk, die vergewing van die sondes, die weeropstanding van die vlees en die ewige lewe as geloofswerklikheid word vermeld in samehang met die geloof in die Heilige Gees en sy seëninge.

Bavinck maak ook hierdie opmerking dat baie Christene in ons tyd volledig weggetrek word in die dawerende dinge van elke dag. Hy vergelyk die werk van die Heilige Gees met die wind wat in die seil van 'n skip blaas. Hy skrywe dat veel lewens wat swaar in die water lê, 'n seil omhoog hou wat nie groter is as 'n sakdoek nie. Die vlak van hulle lewe wat hulle na die Heilige Gees keer, na die Woord van God en die omgang met God, is nie groter nie as hoogstens een of twee minute per dag, en dan nog dikwels met slap gespanne aandag.

Terwyl ons hier van dwaalleer en van die verwaarlosing van die leer aangaande God die Heilige Gees spreek, verwys ons ook kortliks na die aard en omvang van

Die Charismatiese Beweging (Pentakostalisme).

Die Pentakostalisme het sy beslag eers m die twintigste eeu gevind. Dit het egter 'n bepaalde historiese ontwikkeling ondergaan. Die Montanisme, Anabaptisme, Camisarde en Jansemiste van die 17de-eeuse Frankryk, die Kwakers in Amerika, die Piëtisme, die Wesleyaanse teologie en die "heiligheidsbewegings" wat daarop gevolg het, sou as die historiese agtergrond van die Pentekostalisme aangedui kon word. "The modern Pentacostalist feels that his spiritual heritage goes back to the Methodist revival and the numerous cognate Pietistic and Holiness groups" (J.W.S. Bond). Die geboorteuur van die Pentakostalisme word gewoonlik teruggevoer na die optrede van W.J. Seymour ('n Amerikaanse "Holiness preacher") in 1906 in Los Angeles "He exercised a ministry of laying on of hands for the baptism of the Holy Ghost".

Die beweging het vinnig dwarsoor Amerika versprei en via T.B. Barratt, 'n Noorweegse metodiste predikant, ook gou in Europa vastrapplek gekry. Sedertdien het die "Pentakostalisme gegroei tot "the third force in Protestantism"'.

Die redes vir die ontstaan van die Pentakostalisme.

As gronde word aangevoer:

(a) Die gebrek aan krag in die gevestigde kerke.

"The Holy Spirit continued in control until the close of the first century, when He was largely rejected and His position as leader usurped by man. The results are written in history. The missionary movement halted. The dark ages ensued". (D. du Plessis in F.D. Bruwer: A Theology of the Holy Spirit, Grand Rapids, 1970, p. 27). "Gebrek aan krag" — volgens die Pentakostalisme die gevolg van 'n verwaarlosing, verontagsaming van die Heilige Gees en sy werk.

(b) Koue formalisme en die geringskatting van die waarde van die emosionele ervaring.

(c) Die gevestigde kerke - gewoonlik georganiseer as 'n "domineeskerk" waarin die gewone lidmaat passief op die agtergrond bly. "Pentacostalism has been described as an institutional expression of the revolt against the one-man ministry".

Wat is nou die "eie aard" van die Pentakostalisme?

(a) Die leer oor die Heilige Gees staan sentraal in hulle teologie. Dit word meermale as pneumato-teologie beskrywe. Die Pentakostalisme is oortuig dat hulle die geheim van die krag van die Heilige Gees herontdek het in die sg. "doop met die Heilige Gees". "Almost universal to Pentacostal inventory is the centrality of the baptism in the Holy Spirit as the source of Pentacostal power". (P.D. Bruner).

(b) In die Pentakostalisme gaan dit nie slegs om 'n beklemtoning van die leer oor die Heilige Gees nie, maar veral om die ervaring (van die individu) met die Heilige Gees. Volgens Donald Gee bestaan die belangrikste aantrekkingskrag van die

Pentakostalisme "purely of a powerful individual spiritual experience". Dit is nie alleen die doop met die Heilige Gees wat as 'n emosionele ervaring beleef word nie, maar ook die byeenkomste word met die oog daarop ingerig. "Every member is expected to fill his lungs and make a joyful noise unto the Lord, and every hymn and chorus is intended to bring an emotional and spiritual impact on every member of the congregation". Die verskil tussen die kerk van Handelinge en die gevestigde kerke is - volgens die Pentakostaliste - nie maar net die verskil tussen 'n kerk waarin die Heilige Gees beklemtoon is en 'n kerk waarin die Heilige Gees verwaarloos is nie, maar ook die verskil tussen 'n kerk waarin die Heilige Gees ervaar is en 'n kerk waarin die Heilige Gees slegs 'n leerstelling is. "In a word, the theology of the Pentacostal movement is its experience .."

(c) Die Pinksterkerke is - d.m.v. die gebruik van lekepredikers en die bepaalde aard van. hulle erediens - so ingerig dat daar baie ruimte vir die individuele gelowige is om op te tree. "The essence of a vital Pentacostal meeting is congregational participation … every member of the congregation is a pentacostal vehicle for the leading of the Lord". Hierdie faktore het vir die Pentakostalisme vrug afgewerp - dit het soos 'n veldbrand versprei. "Pentacostals can already claim ... that they are the largest non-Roman Catholic communion in France, Italy and Portugal in Latin Europe, and in Brazil, Chile, and El Salvador, and perhaps also in Mexico in Latin America". J.S.W. Bond stel die getal Pentakostaliste in Suid-Afrika op ongeveer 'n half miljoen.

Neo-Pentakostalisme

A.A. Hoekema omskryf die Neo-Pentakostalisme (later bekend as die Charismatiese beweging) as "the movement in which the Pentecostal teachings and practices spilled over into non-Pentecostal churches" (Holy Spirit Baptism, Grand Rapids, 1972, bl. 9). As geboortejaar van die Neo-Pentakostalisme word 1960 genoem. In hierdie jaar het eerw. Dennis Bennet, rektor van die Episkopaalse Kerk in Van Nuys (Kalifornië), tongespraak begin beoefen. Die redes vir die ontstaan van die Neo-Pentakostalisme is byna identies met die redes vir die ontstaan van die Pentakostalisme. J.S.W. Bond noem die volgende: (a) "The basic approach of the charismatic movement is that the ministry of the Holy Spirit has been limited and, practically speaking, ignored in the denominational churches". (b) "Perhaps here is a further movement of the fires of Pietism ..." Hy stel die doel van die charismatiese beweging soos volg: "The Charismatics feel that if enough people could be baptized with the Holy Ghost and speak in tongues and at the same time stay within their communions, they could bring about a renewal."

F.D. Bruner praat van die "irrelevance, institutionalism, and spiritual deadness" van die gevestigde kerke, In die sestigerjare het Pous Paulus tot God geroep "to renew your wonders in our time, as though for a new Pentecost". (D.McGrath). Die behoefte aan vernuwing in Roomse kringe kom by intellektueles voor. "They were dissatisfied with their Christian life and sought the gifts of the Spirit".

Die aard van die Neo-Pentakostalisme kom ooreen met dié van die Pentakostalisme: (a) Net soos die Pentakostalisme glo die Neo-Pentakostalisme dat hulle die antwoord op die gebrek aan krag in die kerk en die persoonlike geestelike doodsheid gevind het in die doop met die Heilige Gees en die gepaardgaande charismatiese manifestasies (d.w.s. die verskeidenheid van charismata - bv. tale, genesings, kragte, ens.

(b) Die Neo-Pentakostalisme lê groot klem op die ervaring (van die individu) van die werkinge van die Heilige Gees. "In fact their emphasis appears to be not at all on doctrine but very strongly on experience". Die emosionele ervaring staan sterk op die voorgrond.

Wat die omvang betref, word die Neo-Pentakostalisme reeds as ’n wêreldverskynsel (wat alle Christelike kerke binnegedring het), beskryf. McGrath meld dat daar in die V.S.A. om en by 200,000 Neo-Pentakostaliste in die Roomse Kerk Is — 1,000 biduurgroepe kom saam.

’n Studiekommissie het in opdrag van die Werkgemeenskap vir die diakoniologiese vakke die aard en omvang van die charismatiese beweging in Suid-Afrika nagevors. Hulle meld die volgende as kenmerkende eienskappe van die beweging:

(a) Tongespraak en geloofsgenesing staan sterk op die voorgrond. Blykbaar gaan dit gepaard met die beklemtoning van die doop van volwassenes.

(b) Hulle staan krities en afwysend teenoor die kerklike leiding en gebruike.

(c) Gebeds-, Bybelstudie- en genesingsbyeenkomste, geesdrywerig, opswepend van aard, word gehou.

(d) Hulle is baie emosioneel (naas hulle kritiese ingesteldheid teenoor die kerk, word hierdie eienskap die meeste vermeld); het ’n meerderwaardige houding; is wêreldvreemd; egosentries; beoefen eensydige Skrifuitleg; tipies sektaries; uitgesproke en oortuig; beoefen ketting-gebede; ongebalanseerd; sterk broederskapsband; lê klem op openbare getuienis; stel die ervaring voorop; blymoedig. Die volgende opmerkings word dikwels gevind: hulle is toegewyde mense; baie ywerig; perfeksionisties; sondebelydenis staan voorop; begeer volheidslewe, ens.

Die Pentakostalisme verraai sy verwantskap met die revivalisme. Dit is oorheersend Arminiaans; gaan gepaard met sterk godsdienstige en emosionele spanning; nie bestaande en nie-verstaanbare tale. Vir groot deel ’n sielkundige verskynsel: ’n geweldige gevoel van ontspanning, vreugde en verligting wat met die ervaring tydens "die spreek in tale" gepaard gaan. Dikwels mense wat as kinders(uit probleemgesinne) emosioneel verwaarloos is: neuroties, ongebalanseerd; ontvlugting as oplossing vir innerlike konflikte; ’n vertraagde adolessente-ontwikkeling. Hulle vorm ’n beperkte, geselekteerde groep o.g.v. hulle persoonlikheidsamestelling.

I.v.m. die sg. "spreek in tale" net die vraag: Wat is die sin daarvan? Dit kan nie nuwe openbaringe van God bied. nie. God het sy Woord volmaak in Christus geopenbaar

en laat verkondig deur apostels en profete.

By Pinksterbewegings: sug na spesiale; repristinasie (gryp terug na 'n oervorm, 'n ideaal - beeld volgens eie konstruksie) i.p.v. reformasie; skewe nadruk op menslike ervaring - emosionele eksesse van ekstatiese en onkontroleerbare aard. Die Neo-Pentakostalisme spreek van 'n "second blessing". 'n Tweede doop met die Heilige Gees (naas die wederbarende werking met die wedergeboorte) nie Skriftuurlik nie. Was die eerste werk van die Heilige Gees (net so 'n groot wonder as die skepping) dan nie genoeg nie?

Die spreek in tale - 'n ervaringsgodsdiens; glossolalie, d.i. spraak wat by mense voorkom onder sterk godsdienstige en emosionele spanning, opwinding. In Hand. 2 is in bestaande en verstaanbare taal (tale) gespreek. Dit beteken: die Evangelie is vir al die nasies bedoel.

Paulus benader die spreek in tale in 1 Kor. 12 en 14 baie versigtig. Sy argument is dat dit eerder vermy moet word. Hulle moet eerder profeteer, d.w.s. in 'n verstaanbare taal spreek, sodat die luisteraars gestig kan word.

Daar word vandag deur diegene wat dit beoefen drie tipes van spreek in tale onderskei: (a) die wat dit as "teken" beskou by die "doop met die H, Gees"; (b) die spreek in tale by 'n byeenkoms waar dit "vertaal" word deur iemand anders; (c) die spreke in iemand se stiltetyd (in binnekamer, persoonlik). In die opwarmingstadium is daar stotterings, klink dit baie deurmekaar. Wanneer die persoon op dreef kom, klink dit soms ritmies - nie soos 'n sinlose gebabbel nie. So iemand lyk soos 'n persoon wat in sy slaap loop; in die sielkunde word dit beskrywe as psigomotoriese outomatisme - so 'n persoon voer handelinge uit sonder dat die verstand meewerk in die uitvoering daarvan. Daar is 'n bepaalde groepdinamika rondom die verskynsel van spreek in tale. Dit bied toegang tot die binnekring van 'n groep wat beskou dat hulle op 'n besondere hoë vlak van godsdienstige ervaring leef, asof hulle in 'n intiemer verhouding met God lewe. Hooghartigheid, sektarisme. Lapsley sê die spreek in tale bied ontlading van liefde en haat; lg. in die vorm van "uitwerping" van duiwels. Die "tale" is dan vir hom 'n teken dat hy by God aanvaarbaar is en dat die Gees nou volkome beheer oor sy lewe uitoefen.

Die "tradisionele godsdiens" in die gevestigde kerke bied sielkundig nie genoegsame gevoelens van sekuriteit vir hierdie mense nie. Die "spreek in tale" is vir hulle in hulle gevoel van onveiligheid en angs 'n bevestiging en gerusstelling. Gewoonlik gaan dit ook nog gepaard met 'n doping (groot doop) — dit is vir hulle nog 'n addisionele bewys. Dit is dus 'n ontvlugting, 'n oplossing van 'n innerlike konflik. Hulle ervaar gevoelens van sterkte wat die totaal teenoorgestelde van hulle vorige gevoelens van swakheid en onwaardigheid is.

Hulle het sg. "charismatiese leiers" wat beskrywe word as wonderlike draers van versekering, vrymaking en goddelike inspirasie, 'n wonderlike leermeester, 'n vaderfiguur. Hierdie "leiers" het meermale 'n geskiedenis van frustrasie agter hulle. Sodra so 'n persoon nie meer genoegsame adorasie ontvang nie, gly hy terug in

frustrasie; hy stig 'n ander groep. Dit is kenmerkend van die glossolaliegroepe dat hulle versplinter. Die groepe funksioneer meestal rondom die persoon van hulle leier.

By hierdie "sprekers in tale" meestal opgekropte gevoelens van insekuriteit en veral groot onopgeloste probleme, liefde-haat-konflikte, tesame met die behoefte aan groepsaanvaarding en, in die geval van leiers, groepbewondering. Dit hou vir baie die gevaar van geestesversteurdheid in; 'n afsondering van die normale gemeenskap. Hulle moet ondertussen onvermydelik by die breër gemeenskap inskakel teenoor wie hulle afsydig, veroordelend, vyandig staan - vyandigheid en haat werk vernietigend.

Ons het nie die spreke in tale nodig nie. Die vrede, die rus, die geluk en ontspanning is in Jesus Christus. Die kerk moet hom egter afvra waarom hy nie vir hierdie persone 'n geestelike tuiste bied nie.

Waar die Gees kragtig werk, staan die koningskap van Christus en die absolute gesag van die Woord van God voorop (vgl. o.a. Joh. 14:17; 15:26; 16:13). Die Pinkstergroepe lê so 'n sterk nadruk op die tongetaal en sg. geloofsgenesing dat dit eintlik pneuma-monisme is. Laat ons onthou: die Heilige Gees werk nie slegs by wyse van besondere openbaringe van sy aanwesigheid nie, maar primêr in die wedergeboorte, die vernuwing na die beeld van God. Die vrug van die Gees is dié bewys van sy aanwesigheid (Gal. 5:22). Die verskynsel van tongetaal het in Korinte voorgekom. 1 Kor, is in A.D. 54 geskrywe - dus voordat die N.T.-openbaring in sirkulasie was. 1 Kor. 14 laat blyk: die spreek in tale het toe reeds ontstigting, gebrek aan orde gebring. ("Liewers 5 woorde wat verstaan word, as 10,000 in 'n taal"). Binne 20 jaar na Pinkster het die spreek in tale begin afneem (1 Kor. 12:30). Na die skrywe van die eerste brief aan die Korinthiërs word die spreek in tale nooit weer in die N.T. gemeld nie. In die plek daarvan het die geskrewe woord gekom, die kanon is afgesluit. Die Bybel vandag in al meer tale - beskikbaar, seker al ver meer as 2,000! Geen sin in spreek in dan nog onbestaande en onverstaanbare tale nie!

In die na-apostoliese kerk (100-400) geen betekenisvolle tongespraak nie. Justinus Martyr (100-167 na Chr.) maak geen melding daarvan nie, ook nie Irenaueus, Tertullianus, Origines, Policarpus, die skrywers van die Herder van Hermas, Didaché van Barnabas ens. nie.

In die Middeleeue geen getuienis dat die tongetaal in die kerk bestendig moes word nie. In die tyd van die Reformasie (behalwe by afwykende uitwasse by Anabaptiste en Albigense) speel dit hoegenaamd geen rol nie. En die Reformatore het vóór alles; na die Woord teruggegaan! Die volle gesag van die Woord, die priesterskap van die gelowiges ens. Daar is diep gedelf in die Woord. As die Woord van God die spreek in tale so sterk leer, en dan as wesenstrek van ware Kerk wees, soos Pentakostaliste, Pinkstergroepe wil te kenne gee, moes dit by die Reformatore by uitstek na vore gekom het. Calvyn is immers juis die "teoloog van die Heilige Gees"! Die belydenisskrifte (Heid. Kateg. en N.G.B.) wat onder sterk beademing van die Reformasie in gereformeerde sin rondom 1560 ontstaan het, dra geen spoor van die

spreek in tale as sine qua non nie. Vgl. Sondag 12, HK. oor die vraag: Waarom word jy 'n Christen genoem?

Die leer aangaande die Heilige Gees

Die Naam van die derde Persoon in die Drie-eenheid

Ons lees in Joh. 4:24 dat God Gees is. Hierdie Naam word egter meer besonderlik vir die derde Persoon in die Drie-eenheid gebruik. In Heb. ruach [רוּחַ], Grieks pneuma [πνεῦμα]. Die woorde, soos die Latynse spiritus het die wortelbetekenis "om te adem". Dit kan dus ook vertaal word met "asem" (Gen. 2:7; 6:17; Eseg. 37-5, 6) of "wind" (Gen. 8:1; 1 Kon. 19:11; Joh. 3:8). In die O.T, word in die algemeen van "gees" gespreek sonder nadere kwalifikasie, of daar word gespreek van "die Gees van God", of "die Gees van die Here"; slegs in Ps. 51:11 en Jesaja 63:10, 11 word die term "Heilige Gees" gebruik. In die N.T. word hierdie Naam meer algemeen gebruik vir die derde Persoon in die Drie-eenheid. Dit is opvallend dat terwyl die O.T. God meermale die "Heilige van Israel" genoem word (Ps. 71:22; 89:18; Jesaja 10:20; 41:14; 43:3; 48:17), die adjektief "heilige" selde aan God verbind word, maar dat dit dikwels i.v.m. die Heilige Gees voorkom. Dit is immers veral in die Gees en sy heiligende werk dat God Homself as die Heilige Openbaar. Dit is die Heilige Gees wat in die harte van die gelowiges woon, wat hulle afsonder vir God en hulle reinig van hulle sondes.

Die Persoon van die Heilige Gees

Die terme "Gees van God" of "Heilige Gees" laat nie so dadelik verstaan dat ons met 'n Persoon te doen het as die term "Seun" nie.

Die Persoon van die Heilige Gees het ook nie duidelik waarneembaar onder die mense verskyn soos die Persoon van die Seun van God gedoen het nie.

Ons het reeds daarop gewys dat die Pneumatogiane ontken het dat die Heilige Gees 'n Persoon is. Hulle is nagevolg deur die Sosiniane in die tyd van die Reformasie. Later ook deur Schleiermacher; Ritschl, die unitariërs, die Moderniste en al die moderne Sabelliane.

Ons handhaaf dat die Heilige Gees nie net 'n krag of 'n werking is wat van God uitgaan nie. Vgl. Sondag 20, HK.; Art. 11, N.G.B. ("dat Hy in orde die derde Persoon is van die Drievuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja Hy is waaragtige en ewige God, soos die heilige Skrifte ons leer"); die Apostoliese Geloofsbelydenis; die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius. Die Heilige Gees is Self God in die volle, ryke sin van die Woord. In geen opsig van mindere rang nie. Hy woon met die Vader en die Seun in dieselfde ontoeganklike lig. By Hom is dieselfde glans en luister van die verblindende Goddelike majesteit. Hy bring deur die Naam wat Hy dra juis die heiligheid van God tot uitdrukking. Ons moet dus met eerbied oor Hom spreek, ootmoedig nastamel wat Hy Self aan ons in die Heilige Skrifte van sy groot dade wil openbaar.

Daar word wel soms in die Bybel gespreek oor die krag van die Gees; Hy word die krag uit die hoogte genoem. Maar dit wil geensins sê dat die Heilige Gees nie 'n Persoon kan wees nie: (a) Hy het persoonlike name. Hy word Trooster genoem (Joh. 14:16). Die Heilige Gees word as Trooster aan ons voorgehou, saam met Christus as parakleet wat na die hemel opgevaar het. 1 Joh. 2:1. (b). Hy het persoonlike eienskappe. Hy spreek, getuig, beveel, openbaar, skep, tree in, wek dooies op ens. Gen. 1:2; 6:3; Luk. 12:12; Joh. 14:26; 15:26; 16:8; Hand. 8:29; 13:2; Rom. 8:11; 1 Kor. 2:10, 11. (c) Hy staan as Persoon in verhouding tot ander Persone, tewete die apostels (Hand. 15:28); Christus (Joh. 16:14); die Vader en die Seun (Matt. 28:19; 2 Kor. 13:13; 1 Pet. 1:1, 2; Judas 20, 21).

Die Heilige Gees word 'n ander genoem as die Vader en die Seun (Joh. 14:16). Hy moet dus van die Vader en die Seun onderskei word. (d) Die Heilige Gees word van die krag van die Heilige Gees onderskei. Luk. 1:35; 4:14; Hand. 10:38; Rom. 15:13; 1 Kor. 2:4.

Die Heilige Gees word God genoem (Hand. 5:3, 4; 2 Kor. 3:16). As Ananias en Saffira vir die Heilige Gees lieg, lieg hulle vir God. Die wese van God is één en Ondeelbaar.

Die Heilige Gees is nie net 'n Persoon nie, maar Hy is ook waaragtige God.

(1) Hy het Goddelike Name. Petrus noem Hom God in die geskiedenis van Ananias en Saffira (Hand. 5:3, 4). Vgl. verder 1 Kor. 3:16; 2 Tim. 3:16 (vgl. 2 Pet. 1:21).

(2) Goddelike eienskappe word aan die Heilige Gees toegeskrywe, soos alomteenwoordigheid (Ps. 139:7-10); alwetendheid (Jes. 40:13, 14 vgl. Rom. 11:34; 1 Kor. 2:11), almag ( 1 Kor. 12:11; Rom. 15:19). (3) Hy verr.ig Goddelike werke, soos skepping (Gen. 1:2; Job 26:13; 33:4), die vernuwing van die gelaat van die aarde (Ps. 104:30), die wedergeboorte (Joh. 3:5, 6; Titus 3:5) en die opwekking van die dode (Rom. 8:11). (4) Goddelike eer word aan Hom toegebring (Matt. 28:19; Rom. 9:1; 2 Kor. 13:13).

Die Heilige Gees gaan uit van die Vader en die Seun

Joh. 14:16: En Ek sal die Vader bid en hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid vs. 26: maar die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. In Rom. 8:9b word die Heilige Gees "die Gees van Christus" genoem: Indien iemand die Gees van Christus nie het nie, die behoort nie aan Hom nie. Gal. 4:6: En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur en Hy roep: Abba Vader! Fil. 1:19: Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot verlossing sal strek. Joh. 15:26: Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

Dit is vir ons 'n ryke troos. So word God verheerlik. God is die Volsalige in Homself. Uit Hom is alle dinge. Dan sien ons God se werk in 'n suiwere lig. Die saligheid is

die werk van die Drie-enige God, van die Vader, van die Seun en van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is deur die Vader aan Christus belowe om die Heilige Gees op sy volk uit te stort (Hand. 2:33; Luk. 24:49; Joh. 15:26). Die Vader stuur die Gees deur Christus, en so word sy volk met krag uit die hoogte toegerus en geleer en in alle waarheid gelei (Joh. 14:26; 16:13). Daarom word in Op.3:1 gesê dat Hy die sewe Geeste van God het, en elders selfs dat Christus die Gees is (2 Kor. 3:17). Die Gees spreek niks uit Homself nie, maar sal spreek wat Hy hoor en van Christus getuig (Joh. 16:13, 14). Daarom is dit sondig en dwaas om die Gees van Christus los te maak d.w.s. van die Woord van God (die Vleesgeworde en die Skrifgeworde Woord) soos die geesdrywers doen. Die Gees bind Hom streng en stip aan die Woord en bring niks anders as die Woord van God tot ons nie. Die Gees word dan ook nie sonder betekenis die Gees van Christus genoem nie (Rom. 8:9; Gal. 4:6; Fil. 1:19). Die Heilige Gees is as teëpand aan die gemeente gegee (vgl. HK. vr. 47).

Die werk van die Heilige Gees

Die opmerkinge wat ons reeds gemaak het, het hierdie punt aangesny. Ons onderskei tussen die algemene en die besondere werking van die Heilige Gees.

(1) Die Heilige Gees en die skepping:

a. Die Heilige Gees werk lewewekkend. Ons mag die werksaamheid van die Heilige Gees nie beperk deur alleen te dink aan die roeping, die wedergeboorte, die geloof ens. wat die Heilige Gees se toeleg is t.o.v. die uitverkorenes nie. In Gen. 1:2 lees ons: "En die Gees van God het gesweef oor die waters". Die Heilige Gees het broeiend, lewewekkend oor die waters gegaan. Die materie, die stof is van God die Vader. Deur die Woord het Hy geskep. Die gedagtes, deur God in die skepping gelê, is deur die Seun - die Woord, die Logos (vgl. Joh. l). En die Heilige Gees werk lewewekkend, besielend. Alle lewe is van God die Heilige Gees en word deur Hom onderhou. b. Die Heilige Gees werk ook alle gawes. Vgl. Eks. 31:2-4: "Kyk, Ek het Besaleël, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Juda, by sy naam geroep; en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk om kunstige planne uit te dink om dit uit te voer in goud en silwer en koper". Van Saul lees ons dat die Gees van die Here oor hom vaardig geword het. Hy ontvang vir die vervulling van sy koninklike taak die Heilige Gees terwyl hy tog nie blyke van ware godsvrug *gegee* het nie. As Dawid tot koning gesalf word in die plek van Saul, wyk die Gees van Saul en kom tot Dawid.

Die Heilige Gees bewerk alle lewe, kragte, gawes in alle skepsele, orden die heelal, gee aan plant, dier en mens die lewe, bring die lewensvonk, alle krag en energie (Ps. 33:6; 104:30; Job 33:4). Hy lê die lewenskiem in die koringkorrel, vrugbaarheid in die bodem, Hy verleen die groeikrag. Hy gee aan die mens die talente, die lewe, die gawes van verstand, hart en wil - alle besieling, kunsaanleg, wysheid, wetenskap. Die Gees van God is die Gees van die vervulling wat die skepping van sy aanvang bring tot sy voleinding. Hy werk nie net van buite nie, maar ook van binne uit. Hy werk en orden die wese van die dinge. Hy ontsluit en rig daardie wese na buite. J.C. Sikkel stel dit

so: So is die werk van die Gees van God allereers 'n inwerkende werking en 'n inwendige bewerking van 'n ingewrogte werk wat Hy daarna oopmaak en uitwerk. So handhaaf God ná dié sondeval sy skepping teenoor die werking van die Satan.

2) Die Heilige Gees en die herskepping

In kort: a. Die wonder dat Christus die menslike natuur uit die maagd Maria aangeneem het. Vgl. die aankondiging van die engel Gabriel in Matt. 1:35: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu...." Luk. 1:35; Heb. 10:5-7. By sy doop is Christus met die Heilige Gees gesalf (Luk. 3:22). Hy het die toerustende gawes as Middelaar van die Heilige Gees sonder maat ontvang (Joh. 3:24). b. Die inspirasie van die Heilige Skrif - so het Hy die besondere openbaring ons laat toekom. 1 Kor. 2:13; 2 Pet. 1:21 - die kennis van die werk van die versoening wat in Christus Jesus is. c. Die formasie en versorging van die kerk. Die Heilige Gees formeer en vermeerder die kerk, die mistieke liggaam van Christus deur wederbaring en heiliging en woon daarin, sodat dit inderdaad 'n nuwe lewe is in Christus (Ef. 1:22, 23; 2:22; 1 Kor. 3:16; 12:4 e.v.). d. Die Heilige Gees leer en lei die kerk. Hy hou die Bruidegom lewensgroot binne die gesigsveld van die Bruid. Hy lei die kerk in alle waarheid. So verbrei Hy die eer, die grootheid van God en van die Middelaar tussen God en die mense, Jesus Christus, Hy laat die kennis a.g. die Verlosser toeneem, Hy bewaar die kerk vir dwaling (Hy werk reformasie in hart en lewe, leer en lewe, waar deformasie intree), en Hy berei die Bruid voor vir haar enige bestemming (Joh. 14:26; 15:26; 16:13, 14; Hand. 5:32; Heb. 10:15; 1 Joh. 2:27).

"In the redemptive sphere He also originates the new life, fructifies it, guides it in its development, and leads it to its destiny. But in spite of this similarity, there is nevertheless an essential difference between the operations of the Holy Spirit in the sphere of creation and those in the sphere of redemption or recreation. In the former He originates maintains, develops and guides the life of the natural creation, restrains for the present the deteriorating and devastating influence of sin in the lives of men and of society, and enables men to maintain a certain order and decorum in their communal life, to do what is outwardly good and right in their relations to each other, and to develop the talents with which they were endowed at creation. In the latter, on the other hand, He originates, maintains, develops, and guides the new life that is born from above, is nourished from above and will be perfected above, - a life that is heavenly in principle, though lived on earth. By His special operation the Holy Spirit overcomes and destroys the power of sin, renews man in the image of God, and enables him to render spiritual obedience to God, to be the salt of the earth, the light of the world, and a spiritual leaven in every sphere of life. While the work of the Holy Spirit in creation in general undoubtedly has a certain independent significance, yet it is made subordinate to the work of redemption. The entire life of the elect, also that preceding their new birth, is determined and governed by God with a view to their final destiny. Their natural life is so regulated that, when it is renewed, it will answer to the purpose of God" (L. Berkhof).

Vir die verlossing en saligheid van die volk van God is die werk van die Heilige Gees

net so noodsaaklik as die borgtogtelike lyde en sterwe van Jesus Christus. Die nagmaalsformulier sê dat Christus deur sy dood die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem en vir ons die lewendmakende Gees verwerf het; sodat ons deur dié Gees - wat in Christus as die Hoof en in ons as sy lidmate woon - met Hom waaragtige gemeenskap kan hê en aan al sy goedere, die ewige lewe, die geregtigheid en die heerlikheid deel kan kry. Die Heilige Gees bring ons tot Christus. Hy pas die heil en die genade wat in Christus vir sy gelowiges gereed lê, aan hulle toe. Hy stel hulle in besit van al die skatte en gawes wat Christus deur sy lydelike en dadelike gehoorsaamheid vir hulle verwerf het, maar wat nimmer hulle persoonlike eiendom sou word indien hulle dit vir hulle deur eie krag of wilsbeslissing sou moes toeëien nie. Hy bewerk dat mense wat van nature onwillige en weerbarstige sondaars is, verduisterd in die verstand en vervreemd van die kennis van God, hulle met 'n heilbegerige hart aan Christus toevertrou en dat hulle leer roem in die kruis. Hulle wat Hy wederbaar, bring tot die wedergeboorte, word deur Hom oorreed en gedwing om Christus deur die geloof aan te neem (die genade is onwederstandelik[4]). Die gevolg van die inwoning en die werk van die Heilige Gees in ons hart is altyd dat ons as lewende ranke in die wynstok Christus ingelyf is, dat ons in Hom lewe en Hy in ons, dat ons in Hom bly in sterk en onverwoesbare lewensgemeenskap, dat ons sy woord bewaar en luister na sy heilige bevel (D.J. de Groot).

Tot Christus se Middelaarsheerlikheid, tot die loon van sy volbragte offer behoort dat Hy oor die mag en die bevoegdheid beskik om die Heilige Gees te skenk aan die wat aan Hom behoort (Hand. 2:33). Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort wat julle nou sien en hoor.

<u>Die uitstorting van die Heilige Gees.</u>

Die weldade en genadegawes wat Christus vir sy volk verwerf het sou geen waarde gehad het as die Heilige Gees dit nie aan ons persoonlik toegepas het nie. By die verhoging van Christus is die Heilige Gees uitgestort om ons Christus en sy weldade deelagtig te maak. Net soos die koms van Christus in die vlees 'n unieke gebeurtenis is wat nooit weer herhaal kan word nie, so is ook die uitstorting van die Heilige Gees. Die Gees het gekom om te bly. Die Heilige Skrif se dat Hy <u>ryklik</u> op ons uitgestort is (Tit. 3:6) Die begrip "uitstorting" dui volheid en oorvloed aan; dit behels ook die gedagte van <u>vir goed</u> weggee. Die hemelsluise is oop in hierdie bedeling van die vervulling (Hand. 10:45). Die Heilige Gees bewerk die geloof in ons (Joh. 3:5; 1 Kor. 12:3). Hy lei ons in alle waarheid (Joh. 16:13; 1 Kor. 2:12). Hy lei ons uit die slawerny van vrees (Rom. 8:15), regverdig ons (1 Kor. 6:11) en maak ons tot kinders van God (Gal. 4:6; Rom. 8:16). Die Heilige Gees stort God se liefde in ons hart uit (Rom. 5:5), verbreek die mag van die sonde en van die dood in ons (Rom. 8:2) en vervul ons met hemelse blydskap (Rom. 14:7). Verder vertroos die Heilige Gees ons (Joh.

---

[4] Onweerstaanbaar?

14:16), bid ook vir en in ons (Rom. 8:26), lei ons (Rom. 8:14; Gal. 5:l8) en laat ons vrugte van geregtigheid dra (Gal. 5:22; Rom. 15:13). Die Heilige Gees gee ons die oorwinning oor die vlees en laat ons na die Gees wandel (Rom. 8:4 e.v.; Gal. 5:16, 17, 25); bind alle gelowiges saam tot 'n woning van God in die Gees (Ef. 2:18, 22; 4:3, 4); waarborg die hemelse erfenis (Ef. 1:13; 2 Kor. 1:22; 5:5) en laat ons eenmaal met verheerlikte liggaam opstaan uit die dood (Rom. 8:11; 1 Kor. 15:44). Ons het dus 'n heerlike voorreg bo die wêreld wat die Gees nie kan ontvang omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie! (Joh. 14:17: "maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in hulle sal wees").

Die Pinkster-gebeure is vir ons net so belangrik as die fees van Christus se geboorte, sy opstanding en hemelvaart. Dit is die heilsfeit wat die groot wonderdade van God in die volheid van die tyd afsluit en die weg open vir die laaste van die heilsfeite, die wederkoms van Christus.

Ons moet, om iets van Pinkster te begryp, ons daarvan rekenskap gee waarom hierdie Ou Testamentiese fees deur God gekies is om die uitstorting van die Heilige Gees te laat plaasvind. Die Pinkster-fees is vyftig dae na die paasfees gevier in die O.-Testamentiese bedeling. Op die Paasfees is die ryp koring as dankoffer gebring - dit was die begin van die oes. Vyftig dae later met Pinkster, was die oes voltooi. Nou is twee brode in die heiligdom van God gebring, gebak van die eerste, vars meel. Daarmee is die hele oes aan die Here gewy.

So is Christus, deur sy opstanding met die paasgety, die Eersteling. Maar op hierdie Eersteling moet nou die volle oes volg. Die wêreldakker sal nou sy rykdom gee aan die hemelse skure. Dit sal geskied deur die krag van die Eersteling. So is die Pinksterfees die fees van die volmaking, van die volheid. Die Heilige Gees het gekom om die oes binne te haal. Dit is die werk van die Gees en in hierdie bedeling bring die Pinksterdag ons.

Let wel: Die verskil is nie dat die Gees vóór die Pinksterfees nie daar was nie, en nou wel daar is nie. Maar die verskil is primêr dat deur die volbragte werk van Christus ook die werk van die Heilige Gees in hierdie sin 'n ander aksent verkry het, dat Christus sy middelaarswerk, as vervulling van die belofte sedert Gen. 3:15, in die volheid van die tyd volbring het, en dat die Heilige Gees nou kom as die Gees van die Eersteling, van Jesus Christus, die verheerlikte, aan die regterhand van die Vader. Daarom moet Hy nou ook die werk voltooi, die implementering van wat Christus volbring het. Hy lei diegene vir wie Christus voldoening aan God se geregtigheid verskaf het, en wat Hy vrygekoop het, na die heerlikheid, die bruid na die bruilof van die Lam. Hy word dan ook die Gees van heerlikmaking genoem. Die Heilige Gees reinig ons met die bloed van besprenkeling van Christus (l Pet. 1:2; 1 Kor. 6:11). Die Gees word meermale die Gees van Christus genoem (Rom. 8:9; Gal. 4:6; Fil. 1:19). Hy doen as't ware die opvolgwerk, Hy voer die konsekwensies deur van die feit dat Christus vir ons ten volle betaal het en alle geregtigheid volbring het. Die eerste bekeerlinge op die Pinksterdag is verteenwoordigend, sprekend van die Kerk van alle eeue.

Ons moet verder onthou dat Pinkster in Israel die heilige gedagtenis was aan die groot gebeurtenis dat vyftig dae na die eerste pasga (uittog uit slawerny van Egipte - die fees van die verbygaan waar die bloed van die paaslam aan die deurposte was) die wetgewing op Sinai plaasgevind het. God se verloste volk is dus aan sy wet gebind om so sy diens te laat ontplooi in dankbare toewyding. Die Heilige Gees skrywe die wet op die tafels van die wedergebore hart.

Ook onder die ou bedeling het die Heilige Gees wedergeboorte, bekering, geloof, heiligmaking en volharding gewerk. Dit het nie eers op en na die Pinksterdag gekom nie. Ook Abraham, Moses en Dawid en alle gelowiges in die Ou Verbond kon sê "dat Hy ook aan my gegee is, my troos en by my bly" (Sondag 20, HK.). Dit kon ook die apostels en die ander gelowiges sê vóór die uitstorting van die Heilige Gees. Ook hulle was immers wedergebore, en niemand anders as die Heilige Gees verrig hierdie wederbarende werking nie!

Daar is <u>'n heilige orde</u> in die werk van God. By die skepping tree die Vader meer na vore, alhoewel dit die werk is van die Drie-enige God, by die verlossing, die Seun, en by die wederbaring, heiligmaking en heerlikmaking meer God die Heilige Gees. Hy laat ons staande bly in die dag van nood en stryd, Skrifber. 20:7, 8.

Dit is nie sonder betekenis dat die Heilige Gees <u>as Trooster</u> aangedui word nie. Jesus gebruik hierdie naam in sy afskeidsgesprekke. Hy spreek van <u>die ander Trooster</u> (Joh. 14:16, 26; 16:7). Hierdie woord Trooster (Paraclêtos [παράκλητος]) beteken eintlik Pleitbesorger (Advokaat), een wat bygeroep word as saakbehartiger. Wanneer dit van Christus Self gebruik word, wys dit op sy voorspraak, sy voorbede in die hemel by die Vader (1 Joh. 2:1). So is die Gees hier op aarde in ons ons Voorspreker (dus die <u>andere</u>). Vgl. Rom. 8:26, 27: so kom die Gees ons swakheid te hulp ... die Gees Self tree vir ons in ... Hy tree vir ons in. Hy verheerlik Christus (Joh. 16:14), Hy leer (Joh. 14:21), Hy getuig van Christus (Joh. 15:26), en Hy oortuig die wêreld (Joh. 16:8). Hy sit Christus se werk voort. Sy troos bestaan hierin dat Hy ons die weldade gee wat Christus vir ons verwerf het; alles wat ons in Christus aan geestelike lewe en rykdomme besit ontvang ons deur die Heilige Gees wat ons die gemeenskap skenk met God in Christus en ook met mekaar.

Met die uitstorting van die Heilige Gees begin dus 'n besondere bedeling, die bedeling wat uitloop op die enigste groot heilsgebeure wat nog moet kom, tewete die wederkoms van Christus. Die bruid word die Bruidegom, die komende Christus tegemoet gelei. Op.22:17.

<u>Daar was op die Pinksterdag sekere tekens.</u>

Hand. 2:2-4: "En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind ... Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit het. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek." Die eerste twee tekens het die uitstorting vooraf gegaan, die laaste het daarop gevolg. Die tekens leer iets van die karakter van die Geesteswerkinge. Die wind is die beweegkrag

in die natuur, die bevrugtende lentewind wek nuwe lewe, roep uit die winterslaap wakker, laat die bloeisels en vrug te voorskyn kom; die wind suiwer die lugruim. ’n Orrel kan fyn geïnstrumenteer wees - sonder wind geen klank nie. Tonge soos van vuur word gesien: die Woord van die verheerlikte Christus, gedra en gespreek deur die Heilige Gees, sal soos ’n vuur louter, brand en gloei. Tonge met spits punte na bo: so gee die Heilige Gees ’n gerigtheid op God, dat ons die dinge daarbo soek, vir ons skatte vergader waar mot en roes nie verniel en waar diewe nie inbreek en steel nie.

Dit was iets soos tonge van vuur wat op elkeen gaan sit het. M.a.w. die verligtende, reinigende, verwarmende werking van. die Heilige Gees is die deel van <u>elke</u> kind van God. Die persoonlikheid word nie uitgewis nie, maar kom juis só tot hoogste ontplooiing. Die genade wis die natuur nie uit nie, maar heilig dit. Die talewonder - dit was bestaande en verstaanbare tale. Dit spreek daarvan dat die nasionale karakter van die ou bedeling nou plek maak vir die universele wêreldkerk - die gemeente van die Here is nou nie meer beslote in en gebonde aan die grense van die volk Israel nie, maar die gemeente tree uit in die <u>hele wêreld</u> (vgl. Christus se opdrag, Matt. 28:19); dit word inderdaad <u>wêreldkerk</u> uit alle geslagte, volke, tale en nasies (Ópenb. 5:9). Hierdie universaliteit het wel in die ou bedeling deurgeflits in die toebrenging van Ragab en Ruth; dit is in profesieë voorspel en in psalms besing (Jes. 11, 19, 60 ens.; Ps. 2, 67, 86, 87 ens.), maar dit tree eers in die volle lig van die werklikheid as op die Pinksterdag te Jerusalem in alle tale die boodskap van die Evangelie verkondig en bely word, en die stroom van die genade vanuit die heilige stad sy weg baan in die hele wêreld.

<u>Dae laster teen die Heilige Gees.</u>

Die Heilige Skrif verklaar dat hierdie sonde ’n spesiale karakter het en nie vergewe word nie. In <u>Matt. 12:31. 32</u> spreek Christus van die laster teen die Heilige Gees omdat Hy deur die Heilige Gees die duiwels uitwerp en die Fariseërs, teen hulle beterwete in sê dat Hy dit doen deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels. Vgl. <u>Heb. 6:4-6.</u> Daar word gespreek van mense wat eenmaal verlig was, wat dus die algemene verligting van die Gees ontvang het, wat van die hemelse gawes geniet het, nie geëet het nie, maar geproe het, en hulle het dit toe lekker gevind. Hulle het deel gehad aan die gawes van die Gees, sonder dat hulle wedergebore was. Hulle kon bid en vermaan, spreek oor die dinge van God se koninkryk en troos, maar dit was nie ’n saak van die hart nie. En dan word hulle afvallig en dit is onmoontlik om hulle tot bekering te bring. <u>1 Joh. 5:16</u> laat ook blyk dat daar ’n sonde tot die dood bestaan: "daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie".

Dit is nie ’n sonde wat die goddelose wêreldling of ’n blinde heiden pleeg nie. Dit kom alleen voor <u>in die kring van die verbond.</u> Hulle wat hierdie sonde doen het eers anders oor die dinge gedink, is miskien in ’n godvresende gesin opgevoed, het wellig belydenis afgelê en dae geken waarin hulle met vreugde kon spreek oor die dinge van God se koninkryk.

Waarin bestaan hierdie sonde dan presies? Hier word nie daarvan gespreek dat die Heilige Gees bedroef word nie. Hieraan maak God se kinders hulle wel skuldig as hulle in sonde val. Dit is ook nie sonder meer om te sondig teen jou beter wete in nie, want hieraan maak die kinders van God hulle ook wel skuldig in bepaalde tye. Nee, dit is dat hulle wat tevore in die dinge van God se koninkryk gelewe het, afval, die wêreld gaan dien en dit dan in die wêreld nog erger maak as die ongelowiges self. Hulle gaan so vér om met opset dit 'n leuen te noem wat hulle weet dat dit waarheid is. Hulle laster die Heilige Gees - die Gees van die waarheid. Hulle verklaar moedswillig dat die Heilige Gees die gees uit die afgrond is.

Hierdie sonde is die verbitterde haat van 'n mens teen God. 'n Haat, so diep en intens en gemeen dat hierdie mens welbewus en sonder enige aarseling om opsetlik God te grief en te kwets, God se werk aan die duiwel toeskryf. In siedende vyandskap keer hy hom teen die Drie-enige. Hierdie mens wil ook nie anders nie. Hy wil nie van vergewing weet nie, hy sou geen vergiffenis wil ontvang nie. Berou is hier ten enemale uitgesluit. Dit is satanies, dit is die sonde wat die Antichris pleeg (2 Thess. 2; Op.13 ens.). Die dieptes van die duiwel word in hierdie sonde huiweringwekkend ontsluit.

Dit is 'n sonde wat met verharding gepaard gaan. Geen berou in hulle geestelike woordeskat nie. Manne wat vooraan in die stryd van die ongeloof staan in godlose-aksies, kom soms uit verbondkringe. Hoe kan hulle vergiffenis ontvang? Hulle kruisig die enigste Middelaar dan weer vir hulleself en maak Hom openlik tot skande!

Hy wat waarlik bevrees is dat hy hierdie sonde bedrywe het, mag daarin 'n bewys sien dat dit nie so is nie. Want dan sou daar blywende verharding wees en geen berou nie. Die kinders van God moet erns maak met boesemsondes waarteen nie voldoende gestry word nie. Die duiwel kom dan en sê: Jy sondig teen jou beterwete in. En dan kwel die duiwel die siel en sê dat daar geen vergiffenis is nie. Hy wat dus hartgrondig die kwelling deurmaak dat hy hierdie sonde gepleeg het, mag weet dat hy dit dan juis nie begaan het nie. Hierdie sonde gaan immers altyd gepaard met absolute verharding, sodat daar nooit berou en skuldbesef kom nie.

## **Die Ordo Salutis**

(vgl. H. Bavinck, Geref. Dogm. III, p.482 tot IV, p.257)

Onder die heilsorde, ordo, via, oeconomia Salutis verstaan ons die wyse waarop of die weg waarlangs die sondaar in die besit kom van die weldade wat deur Christus verwerf is. Die deelgenote aan die genade van God is hierby betrokke. In die woord genade kan alle weldade saamgevat word wat Christus vir sy volk verwerf het en deur die Heilige Gees in toepassing bring. Die term genade word gebruik in die sin van die onverdiende guns van God jeens sy skepsels, insonderheid jeens sondaars; dan ook in die sin van die liggaamlike en geestelike weldade wat God uit genade aan die gemeente skenk — hierdie weldade is almal gawes van die genade, ja self genade. Die begrip genade het ook die betekenis van die bevalligheid wat iemand deur die gawes waarmee hy versier is, ten toon sprei. As ons in verband met die ordo salutis van genade spreek., verstaan ons daaronder die weldade van God wat deur die Heilige Gees aan die mens meegedeel word. Of, nog juister (want die Heilige Gees deel sowel gawes van God se algemene as gawes van sy partikuliere genade uit) die gawes van God se besondere genade.

Die begrip heilsorde moet ons nie in ’n suiwer temporele sin verstaan nie, asof die weldade van die verlossing aan die sondaar in ’n definitiewe tydsorde toebedeel word. Ons moet onthou dat die sondaar wanneer hy met Christus verenig word, hy Christus in al sy volheid ontvang; dit sluit in beginsel al die genade weldade in. Die weldade wat ons in Christus, ons Saligmaker, ontvang, kan nie op ’n basis van temporele opeenvolging onderskei word nie. Dit moet veeleer as <u>saaklike</u> onderskeiding gesien word. Streng gesproke gaan die regverdiging aan die heiligmaking vooraf. Bom.. 8:29 en 30 behels ’n saaklike benadering.

Calvyn spreek nie so eksplisiet oor die ordo salutis nie (vgl. Institusie III). Hy begin met heelwat i.v.m. die saligmakende geloof na vore te bring. Hier spreek hy eintlik ook van die roeping, terwyl deur die verkondiging van die Evangelie die aandag op Christus gevestig word. Christus word omhels deur ’n ware en saligmakende geloof. Dan behandel Calvyn die wedergeboorte. Hierdie genadeweldaad laat Calvyn ook die bekering, ’n lewe van heiligmaking en die stryd van die geloof insluit. In hierdie sin vind volgens Calvyn die wedergeboorte deur die geloof plaas en die geloof is uit die gehoor. Dan volg sy behandeling van die regverdiging deur die geloof, en die verband waarin dit met die goeie werke staan. Vervolgens kom by Calvyn die predestinasie wat verkiesing en verwerping behels, aan die beurt. Daarop volg ’n hoofstuk oor die opstanding tot die ewige lewe. In die Institusie het ons dus hierdie orde: geloof en roeping, wedergeboorte en bekering, heiligmaking, regverdiging, predestinasie en opstanding (heerlikmaking). Hy onderskei nie skerp tussen die wedergeboorte in enger sin en die bekering nie. Die weldade van die verlossing vloei volgens Calvyn uit die bewuste geloof, wat kom deur die gehoor (Rom. 10). Deurdat hy nie so duidelik onderskei tussen die objektiewe werk van God vir ons in Christus en die subjektiewe werk van God deur die Heilige Gees in ons nie, plaas hy die heiligmaking voor die regverdiging.

Bavinck wys daarop dat die Heilige Gees al hierdie weldade van Christus in 'n bepaalde orde uitdeel, omdat dit geen toevallige aggregaat is nie, maar onderling organies saamhang. Wie glo sal salig word. Wedergeboorte is nodig om die Koninkryk van God binne te gaan. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Sonder heiligmaking sal niemand God sien nie. Wie volhard tot die einde toe, sal salig word. Die weldade wat volg en verder ontplooi kan ons nie deelagtig word sonder dat die voorafgaande ontvang is nie. Daarom gaan die roeping, die prediking van die evangelie, aan alle weldade vooraf, want die Heilige Gees bind Hom in die reël aan die Woord. Aan die einde van sy bespreking van die ordo Salutis onderskei Bavinck vier groepe weldade wat Christus sy kerk laat toekom: die roeping (met die wedergeboorte in enger sin), geloof en bekering; regverdigmaking; heiligmaking en verheerliking. Bavinck sê dat ofskoon die verheerliking gewoonlik eers aan die einde van die Dogmatiek, in die leer van die laaste dinge behandel word, dit tog eintlik tot die via Salutis behoort en dit staan met wat voorafgaan in 'n onlosmaaklike verband. Die vier groepe beantwoord aan wat Paulus in 1 Kor. 1:30 van Christus sê dat Hy vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Al hierdie weldade val in die tyd; ook die edoksasen [ἐδόξασεν] slaan nie, - of altans nie uitsluitend en nie in die eerste plek op die verheerliking wat na die dood of na die dag van oordeel op die gelowiges wag nie, maar blykens die aoristus op die verheerliking wat die gelowiges reeds op aarde deelagtig word deur die vernuwing van die Heilige Gees (Rom. 8:2, 10; 2 Kor. 3:18; Ef. 3:16. Dit kom by die opstanding tot volle ontplooiing (1 Kor. 15:33; Fil. 3:21). Die edoksasen sluit dus die heiligmaking en die verheerliking in. So is daar ook vier hoofweldade wat Christus vir die syne verwerf het en aan hulle meedeel. Daarmee kom die werksaamhede van die Heilige Gees en die werkinge van die genade ooreen. In die roeping oefen die Heilige Gees vernaamlik sy munus elencticum et didacticum uit, en skenk Hy ons die gratia preparens, preveniens, en operans. In die regverdigmaking tree die munus paracleticum en die gratia illuminans op die voorgrond. In die heiligmaking volbring die Heilige Gees sy munus sanctificans en vernuut Hy ons van dag tot dag deur die gratia cooperans. En in die verheerliking, wat in hierdie lewe reeds 'n aanvang neem (2 Kor. 3:18), oefen Hy sy munus obsignans uit en herstel ons deur die gratia conservans en perficiens volkome na die ewebeeld van Christus, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders. Bavinck onderskei dus vier groepe in die ordo salutis: (1) die roeping, wat die wedergeboorte in enger sin insluit; (2) geloof en bekering; (3) regverdiging (4) heiligmaking en verheerliking. Die roeping gaan dus die ander weldade vooraf.

By dr. A. Kuyper (Dictaten Dogmatiek, Locus de Salute) vind ons die volgende orde: (l) de justificatione; (2) de regeneratione; (3) de vocatione; (4) de conversione; (5) de fide; (6) de sanctificatione. Hy begin dus met die weldaad van die regverdigmaking. Hy gaan uit van die vasstaande waarheid dat al die weldade van die verlossing gebaseer is op die geregtigheid wat Christus vir ons volbring het, sodat die regverdigmaking die grond, die fondament is van al die ander weldade van die verlossing. Dit is wel so dat in objektiewe sin die regverdigmaking ook die juridiese

grond is vir die wedergeboorte; daarby moet ons egter onthou dat die regverdigmaking nie die eerste weldaad van die verlossing en saligheid is wat subjektief aan die sondaar toebedeel word nie.

Ons moet nog weer daaraan herinner dat ons die genadegawes van die Heilige Gees wat in die Heilige Skrif beskrywe word, in twee groepe kan onderskei. In die N.T. is sprake van besondere gawes, dikwels as Charismata aangedui; dit is die gawes wat in die eerste jare van die Christelike kerk aan die jong gemeente van Jesus Christus in hierdie wêreld geskenk is. Daaroor het ons reeds gehandel. Die kerk was toe, in die begin van die N.-Testamentiese bedeling soos ’n trein met ’n stoomlokomotief wat wegtrek. Dit gaan gepaard met heelwat stoom wat uitgeblaas word totdat die trein op spoed kom; dan beweeg hy gelykmatig voort. Dit is soos ’n groot vliegtuig wat opstyg. ’n Digte rookwolk vorm agter die vliegtuig vanweë die besonder hoë brandstof gebruik. Wanneer die vliegtuig egter hoogte gekry het, is geen teken van rook meer te sien nie. So het die besondere kragwerkinge van die Heilige Gees in die vestigingstyd van die kerk ’n bepaalde doel gedien. Daarmee wil ons nie se dat die Heilige Gees nie weer indien dit Hom behaag, volgens die eis van omstandighede, buitengewone werkinge kan laat sien nie. God is immers soewerein, vrymagtig. Die Heilige Gees is soos die wind wat waai waar Hy wil.

Ons mag egter die oë nie daarvoor sluit dat die nadruk in die Heilige Skrif ten sterkste val op die gewone, saligmakende gawes van die Heilige Gees wat nie slegs aan die eerste gemeente nie, maar aan die gelowiges van alle eeue gegee word. En dit is waarmee ons ons nou besig hou. Dit is hierdie gewone gawes van die Heilige Gees wat ons in die Gereformeerde Dogmatiek gewoonlik aandui onder die algemene titel van "orde des heils" of "weg des heils," waaronder ons dan die weg verstaan waarlangs die sondaar in besit gebring word van alle weldade wat Christus vir hom verwerf het. Die naam "heilsorde" laat reeds blyk dat hierdie genadeweldade die een na die ander in ’n bepaalde volgorde behandel word. Dit impliseer nie, soos reeds aangestip, dat ons hier met ’n rang- en volgorde in die strenge sin te doen het nie; die onderskeie genadegawes lê nie presies in mekaar se verlengde nie, sodat die een eers sou begin waar die ander eindig nie. Daar is nie ’n hermetiese afgrensing nie. Hulle staan met mekaar in die aller-nouste verband en gryp telkens in mekaar in. D.J. de Groot sê dat onder hierdie voorbehoud ons in hoofsaak drie groepe van weldade onderskei. In die eerste plek die wat aan die mens die hartveranderende genade skenk om die heil in Christus aan te neem. Hiertoe behoort dan: roeping, wedergeboorte, geloof en bekering; tot die tweede die weldade wat ’n verandering te weeg bring in die staat van die mens teenoor God, sy skuld wegneem en sy bewussyn van die drukkende las van die skuld bevry: regverdigmaking, vergewing van die sondes, aanneming tot kinders. In die derde groep vind ons die weldade wat in die toestand van die mens verandering bring, wat die smet van die sonde van hom wegneem en hom vernuut na die ewebeeld van Christus. Van al hierdie weldade wat hulle kroon en voleinding in die hemelse heerlikheid vind wat God bewaar vir hulle wat dit deelagtig is, geld dit dat hulle dit nie anders as deur die Heilige Gees ontvang nie.

Alles wat die Heilige Gees in ons werk is genade. Joh. 1:16: En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja genade op genade. Al hierdie weldade wortel in die unio mystica, in die verborge gemeenskap wat reeds gegrond is in die raad van die vrede, tussen Christus en die wat aan Hom behoort. Uitverkore in Christus, met Hom gestorwe en begrawe, opgestaan en in beginsel in die hemel opgeneem, is ons deur die inlywing in sy gemeenskap lede van sy liggaam, sy vlees en sy bene, wat met sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig word.

Die vraag is of hierdie weldade nie almal tegelyk geskenk kan word en of die sondaar nie uit die staat van geestelike dood in eens kan ingaan in die hemelse heerlikheid nie. Nee, dit is nie God se orde nie. Dit is teen die aard van die lewe self. God het in sy ganse skepping ordinansies gelê, en ook in die herskepping is daar 'n orde. Hy gee vele weldade en ontplooi daarin die rykdom van sy genade volgens 'n bepaalde reël. Die Heilige Skrif spreek dan ook van so 'n orde, so 'n gang of weg van die heil. Rom. 8:30; 1 Kor. 1:30.

Die Woord van God leer dat daar onderskeie weldade is van die verlossing en dat daar 'n verband is. Bavinck sê die heilsorde moet laat blyk welke die weldade is wat Christus verwerf het en wat die Heilige Gees in toepassing bring en in welke orde hulle in die Woord en in die gedagte van God, wat 'n God van orde is, vasgelê is.

## DIE ROEPING

God is 'n sprekende, roepende God. Hy roep die dinge wat nie bestaan nie asof hulle bestaan (Rom. 4:17). Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër (Ps. 33:6). "Want Hy" het gespreek en dit was; Hy het gebied, en dit staan (Ps. 33:9). Hy sê laat daar lig wees en daar is lig. Hy roep die firmament en die blou lug van die hemele strek hom uit oor die aarde. Let daarop hoe God by die skepping telkens in sy skeppende almag spreek (Gen. 1:3-24). Johannes skryf in die Evangelie: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God ... alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Joh.. 1:1, 3). Daarom kan daar geskrywe staan: "Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie" (Heb. 11:3). Die dinge wat bestaan, het nie ontstaan uit sigbare dinge nie. Dit is die standpunt van die ongeloof wat die dinge van die Gees van God nie begryp nie. Daarom kan hulle ook nooit daartoe kom om by die oorsprong van alle dinge uit te kom nie. Alles het deur die woord, die spreke van God ontstaan - dit weet ons deur die geloof.

God roep ook die mens met 'n kragdadige en 'n skeppende roeping sodat hy sy eie plek in die geskiedenis kan inneem en sy eie opdrag volgens die raad van God kan volvoer. Let op Jes. 45:1-4 hoe God selfs Kores roep as werktuig in sy hand ("terwille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep..."). Met dieselfde kragdadige roeping, maar nou in 'n saligmakende sin, roep Hy sy volk

(Jes. 43:1 e.v.: "Ek het jou by jou naam geroep...."). Hy roep sy dienskneg van die moederskoot af, van die geboorte af het Hy sy naam genoem (Jes. 49:1). Hy roep sy volk kragdadiglik uit die duisternis tot sy wonderbare lig om sy deugde te verkondig (l Pet. 2:9). Hulle wat Hy vantevore geken en verordineer het, het Hy ook geroep (Rom. 8:30). In Joh. 5:25 verklaar Jesus: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom ’n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor, en die wat dit gehoor het, sal lewe". En: "daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan ... tot die opstanding van die lewe of tot die opstanding van die veroordeling (Joh. 5:28, 29).

I.v.m. die roeping onderskei ons die volgende: (a) Die vocatio realis, wat van die werke van God uitgaan in natuur en historie en wat hom na alle mense uitstrek. God het Hom na die sondeval teenoor die mens nie onbetuig gelaat nie. Deur sy skepping spreek Hy van sy grootheid, wysheid, almag en goedheid. Rom. 1:20: "Want sy onsigbare dinge, kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle sonder verontskuldiging kan wees". Ps. 19:2, 3, 5.

God roep ook deur die weë wat Hy volg met die volkere van hierdie aarde, en met elke mens. In allerlei lotgevalle van sy lewe kom God tot die mens en wil Hy hom laat sien hoe niks van hierdie aarde die leegte in sy binneste kan vul nie en hoe die kwade sy straf met hom meebring. Dit doen Hy ook in die geskiedenis van die volkere. Aanvanklik mag dit skyn of die onreg triomfeer en ongewreek bly, asof aan die ontwikkeling van die mensheid geen begrensing gestel is nie, maar allengs blyk telkens die teendeel. God spreek verder ook deur die stem van die gewete. Vgl. Rom. 2:14, 15.

Ons kan hierdie bemoeienisse van God onder twee gesigspunte beskou: (1) As die middel waardeur God ’n menslike samelewing moontlik maak: die opkoms van state, die beoefening van kuns en wetenskap, kultuurarbeid. D.i. die algemene genade wat weerhou dat die wêreld in ’n hel van chaos omskep sal word. (2) Die roepstem gaan op die wyse in die wêreld uit: "Laat staan en weet dat Ek God is" (Ps. 46:11). In hierdie tweede geval spreek ons van die vocatio. realis - "realis", omdat hierdie roeping nie deur woorde nie, maar deur "res" (natuur, geskiedenis, konsensie) tot die mens kom. Hierdie vocatio spreek nie van Christus nie. Dit lei wel tot die erkenning dat daar ’n mag bo die mens is, maar dit bring nie tot die aanbidding van die ewige en waaragtige God nie. Hierdie vocatio stel die ongelowige tog skuldig in sy gewete en noop hom om aan die anderkant van die graf te erken dat sy verdoemenis regverdig is. Dit bied egter ’n steunpunt vir die sending. Die verkondiging van die Evangelie aan die heidene vind hier aansluiting om te kom tot die blye boodskap van die besondere genade in Jesus Christus, (b) Die vocatio verbalis. Dit is die roepstem van die besondere openbaring. Die Woord moet verkondig word aan al die nasies (Matt. 28). So sit Christus sy profetiese werk voort deur die eeue (Dordtse Leerreëls, I, 3). Vgl. Rom. 10:14. Die roeping deur die Evangelie geskied in alle erns (Dordtse Leerreëls, III-IV, 8). Ons mag nie aan alle mense, hoof vir hoof, sê: Christus het vir

jou gesterwe nie, maar ons mag wel vir almal sê: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal salig word. En hulle tot wie die roeping kom, mag hulle nie die vraag stel: Is ek wel uitverkies nie? , of: Sou Christus ook vir my gesterwe het?, maar hulle moet reken met God se geopenbaarde wil. Die sondaar moet die roepstem hoor dat hy die middellike weg moet betree.

Hierdie roeping is t.o.v. die verloregaande wêreld nie nutteloos nie. God word daardeur verheerlik. Hy toon daardeur dat Hy sy reg op die sondaar nie loslaat nie, dat Hy eis dat elke knie voor Hom moet buig. Die versekering weerklink dat God nie lus het in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom sal bekeer en lewe. Daardeur word God ook in die verdoemenis van die goddelose geregverdig. Die goddelose het net homself te blameer. Christus het tot ’n "krisis" in die wêreld gekom (Joh. 3:18, 19). Die Woord laat ’n weerhoudende werking uitgaan; dit wakker iets op die religieuse en etiese vlak aan, sodat die hel nie op die aarde losbreek nie.

Die roeping deur die Woord word nie deur alle mense met geloof en bekering beantwoord nie. "Die skuld daarvan lê nie in die Evangelie of in Christus wat deur die Evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat deur die Evangelie roep en selfs ook aan hulle wat Hy roep, verskillende gawes meedeel nie, maar in die geroepenes self...." (DL., III-IV, 9). Die gelykenis van die saaier (Matt. 13) leer ons die verskillende uitwerking van die roeping. By baie verstik die saad, of kom nie op nie.

Die noodsaaklikheid van die gratia interna.

Die roepstem van die Evangelie is deur sommige as "gratia praeparans" aangedui. Die term kan misbruik word. Die Remonstrante sê die mens moet die Heilige Skrif lees, kerk toe gaan, nadink oor sy sonde en oor die genade van God, ten einde hom die wedergeboorte waardig te maak. Ons se o.g.v. die Heilige Skrif dat die mens hom nooit die wedergeboorte waardig kan maak nie. Die gereformeerde teoloë spreek van "gratia praeparens" in ’n ander sin. Hulle wys op die verband tussen natuur en genade. As iemand op ’n latere leeftyd wedergebore word, ’n persoon uit ’n Christelike huis, dan was dit vir hom van betekenis dat hy in ’n Christelike land, uit gelowige ouers gebore is, in die kring van die verbond, dat hy onder beademing van die Evangelie opgegroei het, en dat hy teruggehou is van verskriklike sondes. Dit is "gratia praeparans" genoem. Die akker is hierdeur vir die ontvangs van die saad voorberei.

Feit is egter dat die "vocatio verbalis" vele nie tot geloof en bekering bring nie. Die Semi-pelagiane sê dat dit aan die wilsbesluit van die mens lê om die aanbod van die genade aan te neem of te verwerp; die genade wat aan almal tot wie die Evangelie kom, bygevoeg word, verleen hierby die nodige hulp. Hulle verwerp dus die onderskeid tussen vocatio interna en externa; tussen vocatio sufficiens en efficax. Die vocatio, sê hulle, is by almal dieselfde. Hierteenoor handhaaf ons dat met die roeping deur die Evangelie, d.w.s. by die vocatio externa die kragdadige, onwederstandelike roeping deur die Heilige Gees (d.i. die vocatio interna) gepaard moet gaan as dit tot die saligheid sal lei.

Ons moet hierby onthou dat alle mense van nature in sonde en misdade dood is; dit is dus uitgesluit dat die een ’n goeie gebruik sal maak van sy wilskeuse en die ander nie. Die Heilige Skrif leer dat dit die Heilige Gees is wat ’n nuwe hart gee (Jer. 31:33), wat wederbaar (Joh. 3:5)? wat oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh. 16:8-11) ens. Die Heilige Skrif skryf die saligheid van die mens aan God toe. Vgl. Rom. 9:16; 1 Kor. 3:6-9; Fil. 2:13. Die Heilige Gees bewerk die omkeer en dit is net so ’n groot wonder as die skepping en die oorwinning van Christus oor die dood. Die vocatio interna wat ’n vrug van die verkiesing, en altyd efficax is, word o.a. geleer in Rom. 4:17; 8:30; 9:11, 24; 11:29. Let op DL. III-IV. 11; "Verder, wanneer God hierdie welbehae in die uitverkorenes uitvoer, en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy aan hulle nie alleen uiterlik die Evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hulle verstand kragtiglik deur die Heilige Gees nie, sodat hulle reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God? maar Hy dring ook in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk; Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil, sodat dit soos ’n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring.

Die roeping is nie alleen die bekendmaking van die verlossing nie, maar dit eis geloof en bekering. Markus 16:15: "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom". Met die roeping het die profete tot Israel gekom. Eseg. 33:11: "Sê vir hulle: So waar as Ek leef! Spreek die Here Here: Gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë. Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?" Jesus verklaar: "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering." Hierdie uitwendige, algemene roeping dring as inwendige roeping deur tot die hart en gewete van die wedergeborenes. Die hoor en verstaan van hierdie roeping, die gebroke en verslae hart wees deur hierdie roeping is bewys van reeds ontvange genade. Deur hierdie roeping word die beginsel van die nuwe lewe tot ontplooiing, tot openbaring, tot werksaamheid geroep. In die wedergeboorte is die sondaar lydelik, ja, dit gaan menigmaal buite die bewussyn om, maar daardie lewe mag nie lydelik bly nie. Joh. 5:24: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe".

Die wedergeboorte

Die groot onderskeid tussen hulle wat buite en hulle wat in Christus is, word in die Skrif na vore gebring in terme van dood en lewe. Ef. 2:1: "En julle het Hy lewendig gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes". 1 Joh. 3:41a: "Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe ..... Hierdie oorgang noem die Heilige Skrif meermale die wedergeboorte, of daarmee ooreenstemmende benaminge, soos

die besnydenis van die hart. Deut. 30:6: "En die Here jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die Here jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe"; verder: die skep van 'n rein hart. Ps. 51:12: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees". God belowe aan sy volk in Jer. 31:33b: "Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart", en in Eseg. 36:26: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee". In die Nuwe Testament word dit die geboorte van bo genoem. Joh. 3:3: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"; uit God en die Gees. Joh. 1:13: "die wat uit God gebore is, Joh. 3:5: as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie;" of wedergeboorte. Titus 3:5: "nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees". Hulle wat wedergebore is, is dan ook in beginsel nuwe skepsels, nuwe mense, lewende ranke in die wynstok., Christus, lede van sy liggaam, wie se lewe met Christus in God verborge is. Die wedergeboorte kan ons 'n herskepping noem omdat daarmee 'n geheel nuwe bedeling begin. Dit is nie, soos die Pelagiane en Remonstrante wil, 'n sedelike verbetering van die mens wat uit die goeie in die mens verklaar kan word en deur sy eie wil tot stand kom nie; want daarmee word die werk van die mens se saligheid uit die hand van God in die hand van die mens geplaas en moet aan die skepsel die roem toekom. Die Woord van God leer ons in Rom. 8:7 dat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Dat die Pelagiaanse opvatting die "waardigheid" van die mens honoreer, is slegs skyn; dit kom God se eer te na en stel die ganse werk van ons saligheid op die sandgrond van ons wil en van ons geneenthede. Tog werk God die wedergeboorte nie in die mens soos in 'n stok of "blok nie, maar, soos in die morestond van die skepping die Gees van God op die waters geswewe het, om lewe te wek en hierdie lewe na sy aard te laat ontplooi, so doen Hy ook in die herskepping. Hy raak die harde hart van steen aan, Hy beweeg dit en maak dit lewend. In hierdie verband moet gelet word op wat ons in die Dordtse Leerreëls III-IV. 11 en 12 bely. So word die nuwe skepsel geskape in Christus Jesus tot goeie werke, maar so dat daar geen nuwe persoon, maar in die persoon nuwe hoedanighede en werksaamhede kom.

Aangesien niemand die koninkryk van die hemele kan beërf sonder wedergebore te wees nie, volg hieruit dat God hierdie genade ook aan kinders, selfs in hulle prilste jeug, te beurt kan laat val - anders sou hulle nie kan salig word nie, en dit is vierkantig in stryd met die Woord van God en met die leer van die genadeverbond wat daarop gegrond is. Die Here Jesus Christus sê dat die koninkryk van die hemele juis aan hulle behoort. Op die standpunt van Pelagius en die Remonstrante word die kinders eintlik buite gesluit omdat hulle as pasgeborenes nog geen werksaamhede van verstand en wil het nie.

Ons Belydenis spreek van die wedergeboorte in Art. 24 en 35 N.G.B., Heid. Kateg.

vr. 8, 45 en 73; Dordtse Leerreëls, I, 6; III-IV, 11, 12, 17. Calvyn sluit onder die wedergeboorte in die algehele vernuwing van die mens, dus ook die bekering as vrug van die wedergeboorte. So word ook in Sondag 33, Heid. Kateg., alleen gewag gemaak van die bekering, waaronder die wedergeboorte ingesluit is. Ons onderskei egter, op grond van die Woord van God, die wedergeboorte as die eerste opwekking van die mens uit die sondedood en die bekering as die verdere ontplooiing van die nuwe lewe. Die wedergeboorte is absoluut noodsaaklik om die heil te ontvang (Joh. 3:3: "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie").

'n Kind wat nie gebore is nie, kan immers nie lewe en groei nie. Die mens is dood deur die sonde (Ef. 2:1). Hy moet lewend gemaak word voordat hy uit die sonde kan opstaan. Hy kan homself nie lewend maak nie. Maar God maak inderdaad lewend. Dit is wat ons onder die wedergeboorte verstaan. Die Heilige Gees wek die nuwe lewe in die hart van die sondaar. Net soos ek niks gedoen het om my natuurlike geboorte te bewerk nie, net so is ek nie mede werksaam om my wedergeboorte te laat plaasvind nie. Dit is uitsluitend God se vrymagtige daad om dit te bewerk uit vrye welbehae.

Dit is 'n wonder van God, "'n geheel bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat..... in sy krag nie minder of geringer is as die skepping of die opwekking van die dode nie". (Dordtse Leerreëls, III-IV, 12).

Die skepping is 'n wonder! Ons kan ons alleen verwonder oor die grootheid van die werk van God. Die opstanding uit die dode! Daaroor staan ons verstom! En dat iemand in Christus glo, is nie vanselfsprekend nie, maar 'n wonder van God. Geen wonder dat die engele juig oor een sondaar wat hom bekeer nie (Luk. 15:10).

Die wedergeboorte word nie teweeggebring deur middel van die uiterlike prediking alleen nie, maar is 'n direkte werking van die Heilige Gees in die hart om dit te vermurf en in die wil nuwe hoedanighede in te stort wat die weerspannigheid wegneem (DL., III-IV, 11, 12).

<u>Onthou-;</u> (a) Die wedergeboorte is onverganklik (1 Pet. 1:23: "Want julle is wedergebore .... uit onverganklike saad"). (b) Die wedergebore geskied in die verborgene. Ons weet nie altyd wanneer die wedergeboorte plaasvind nie. Dit kan so gebeur, soos met Paulus op die weg na Damaskus. Hy kon die presiese uur en die plek aandui. So was dit ook met John Wesley. Maar Paulus sê uitdruklik dat Christus aan Hom verskyn het as <u>"'n ontydig geborene"</u> (1 Kor. 15:8). Sy geval mag dus nie as die normale, as die reël geyk word , soos die Metodisme wil doen nie. Dit is die inplanting van die beginsel van die nuwe lewe, die lewe wat deur die kragdadige, onwederstandelike werking van die Heilige Gees op God gerig word, soos die wind die gesig van die weerhaan op die kerktoring in 'n ander rigting laat kyk. Dit is 'n oombliklike gebeurtenis, net soos 'n natuurlike geboorte wat nie oor 'n tydperk van weke en maande plaasvind nie. Dit is 'n oorgang uit die dood in die lewe - dus nie 'n

voortgaande proses soos die heiligmaking nie. Die wedergeboorte kan plaasvind sonder dat die mens self daarvan kennis dra. Later, gaandeweg, kan dit hom in sy vrugte, in sy uitwerking laat sien in dade van geloof en bekering. Die vrugte van die wedergeboorte is openbaar. Rom. 8:14: "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God". Die wedergeboorte kan plaasvind vóór, onder of ná die Doop. Die kinders van die gelowiges moet as gelowiges en as bondelinge aangemerk word totdat die teendeel duidelik blyk. God kán die wedergeboorte middellik (saam met die verkondiging van die Woord - Hand. 16:14) laat plaasvind. Dit is trouens die normale, want die Woord is die saad van die wedergeboorte. Of onmiddellik as dit Hom behaag. Die Evangelie is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. Die wederbarende werking van die Heilige Gees vergesel die prediking van die Evangelie. Aan die wedergeboorte gaan altyd 'n spreke van God vooraf. Net soos God by die skepping alle dinge deur die Woord van sy almal in die lewe geroep het, so werk God terwille van Christus se soenverdienste deur Sy Heilige Gees die wedergeboorte deur die skeppende Woord van sy krag. Deur hierdie skeppende Woord van God kom as uit 'n onverganklike saad die nuwe lewe te voorskyn. Die roepstem van die Woord word deur die Heilige Gees reddend aangewend (1 Kor. 1:23, 24; 1 Pet. 2:9). Dit werk saligheid (Hand. 13:48; 1 Kor. 1:23, 24). Dit kan nooit ongedaan gemaak word nie, dit is onberoulik (Rom. 11:29). Dit is God se werk (Eseg. 11:19; Joh. 1:13; Hand. 16:14; Rom. 9:16; Fil. 2:13). Die wedergeboorte van die kinders van God hou die waarborg en profesie in van die wedergeboorte van die skepping, die koms van die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.

Die geloof.

(H. Bavinck, Geref. Dogm. IV, p. 73-158).

Die geloof word as genade weldaad met die wedergeboorte geskenk. Die geloof ontplooi hom deur die voortgaande genadewerk van die Heilige Gees uit die wedergeboorte. In die Indo-Germaanse tale beteken "geloof" om 'n innerlike aantrekking tot iets te gevoel. "Geloof" beteken dus om jou met jou hele wese innerlik tot iemand (of iets) aangetrokke te voel. Dit dui dus op 'n band, 'n innerlike band. ("Anhänglichkeit an Gott" - Keil. "Beständigkeit, im Sinne unwandelbarer Trene gegen Gott, unverrückten Festhaltens an Gottes Wort" - Gesenius). Die uitverkiesing is die fontein van die geloof (DL. III-IV, 10). God werk die wil om te glo en die geloof self (DL., III-IV, 14)-. Vgl. Dordtse Leerreëls V, 10, Art. 22, N.G.B., Sondag 7, HK. Ook vrae 61 en 65, HK. God laat die Evangelie verkondig sodat mense tot die geloof gebring kan word (DL., I, 3, 4, 5, 9). Geloof is eg-menslik, dit is die normale, terwyl ongeloof abnormaal is. Om te glo wat God gesê het, is normaal, om nie te glo nie, maar om te glo wat die duiwel sê, is abnormaal ongeloof is iets meer as afwesigheid van geloof. Die ongeloof is nie neutraal nie, dit is vyandig teenoor die geloof, net soos haat vyandig is teenoor liefde en dwaasheid teenoor wysheid. Die geloof is nie iets bonatuurlik soos Rome beweer nie. Dit is eerder die herstel van die oorspronklike natuur. Dit is nie 'n nuwe skepping nie, maar herskepping. Die geloof gaan wel teen ons sondige natuur in, maar nie teen ons

natuur as sodanig nie. Die ongeloof is teennatuurlik.

Die mens is na God se beeld geskape. Hiermee was by die skepping 'n relasie tussen God en die mens daargestel. Die band was die geloof. Geloof is volgens A. Kuyper die werking van die menslike bewussyn waardeur die mens, na God se beeld geskape, God as God erken, in Hom die Waaragtige eer, van niemand anders heil verwag, en vir Hom wil bestaan. Omdat hierdie geloof 'n werking van ons bewussyn is, vind dit sy sterkste uiting in die band met God, die gerigtheid van hart en lewe op Hom, dit is die vasgeheg wees aan sy Woord. Om Hom op sy Woord te glo, is van die geloof in Hom die regstreekse gevolg. Die sonde is <u>ongeloof</u>, d.i. afsnyding van ons bewussyn van die band wat ons aan God bind, twyfel aan die waaragtigheid van Sy Woord en die soek van 'n heenkome, 'n bodem onder die voete by die skepsel i.p.v. by die Skepper. Die ware geloof is die werk van die Heilige Gees (1 Kor. 12:3); dit is 'n gawe van God (Ef. 2:8); dit is die vrug van die wedergeboorte (Joh. 1:12, 13); dit is gewortel in die uitverkiesing (Hand. 13-48); dit kom ons toe as 'n besondere genadegawe van God (Fil. 1:29) wat nie kan weggeroof word nie (Luk. 22:32: "Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie") en wat die belofte en sekerheid van die ewige lewe inhou.

Deur die geloof word ons in Christus ingelyf, om een plant met Hom te wees, deel van sy liggaam. So ontvang ons sy weldade. Alles wat ons die geregtigheid, die ewige lewe, die heerlikheid deelagtig maak, is deur Christus borgtogtelik, plaasvervangend volbring. Daaruit vloei voort dat ons o.g.v. sy verdienste die geloof as God se gawe ontvang. Die geloof is dus nie 'n verdienste van ons kant nie (vgl. vr. 61, HK.). Die saligheid word ons uit soewereine genade toebedeel. Die natuurlike mens het dit nie in homself om die saligheid in Christus te aanvaar al dan nie. Ons moet met Christus in 'n geestelike, organiese sin verenig word. Die band waarmee dit geskied, is die geloof. Die geloof besit ons nie uit onsself nie, God werk dit in ons deur sy Heilige Gees. Die beeld wat Christus in Joh. 15:1-5 van die ware wynstok en die lote gebruik, laat ons die saak reg begryp. Rom. 6:5: "Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding". In Rom. 11 gebruik Paulus die beeld van die olyfboom en sy takke. Deur die geloof word ons by Christus ingelyf; sy geregtigheid en heiligheid, sy lewe en vrede word ons eiendom, ons verheug ons in die God van ons saligheid.

Daar word onderskei tussen die essensie, die wese, en die werking van die geloof - die <u>potentia</u> en die <u>actus.</u> Die geloof is eerstens 'n geestelike <u>habitus</u>, 'n krag, 'n vermoë om Christus en al sy weldade aan te neem. Dit is 'n nuwe ingesteldheid van die hele siel, 'n geestelike <u>habitus</u> wat die hele siel, die geneentheid van die hart daartoe in staat stel om geestelike dinge te verstaan. Dit is die bekwaamheid om te glo, in onderskeiding van die daad van die geloof self. Dink aan die voorbeeld van 'n pasgebore kind - al die gawes is aanwesig van verstand, wil, gevoel ens., al funksioneer dit nog nie in die praktyk nie. Die talente is almal reeds by die geboorte aanwesig - dit kom dan later tot ontplooiing. So is dit ook met die geloof. As 'n geestelike <u>habitus</u> is dit by ons geestelike geboorte, die wedergeboorte, aan ons gegee.

Dit ontwikkel tot bewuste aktiwiteit om te glo deur aanraking met die Evangelie wat deur die Heilige Gees in die hart vrugbaar gemaak word. Die krag, vermoë, habitus, en die aktiwiteit, actus van die geloof word deur die Heilige Gees gewerk. Die habitus of potentia fidei word onmiddellik deur die Gees van Christus in die hart gewerk. Dit kan in die hart van die kleinste kindjie sowel as in die hart van die volwassene gewerk word. In die organiese ontplooiing van die genadeverbond ("Ek sal vir jou ’n God wees, en vir jou nageslag na jou". "Die belofte kom aan julle toe, en julle kinders") skenk God, kan ons aflei, gewoonlik die vermoë om te glo (habitus) in die vroeë stadium van die lewe. Die potentia fidei kan ons nooit weer verloor nie. Die actus fidei kan soms baie swak wees, dit mag lyk of dit dood is en verdwyn het, maar die habitus word ons nie weer ontneem nie. Eenmaal ’n gelowige, al tyd ’n gelowige. Dit is nie aan ’n inherente deug in die potentia fidei te danke nie, maar aan die inwoning en voortdurende werking van die Heilige Gees in die diepste innerlike van die hart. Die band met Christus word nooit heeltemal verbreek nie, omdat dit gedurig in ons deur die Heilige Gees in stand gehou word (Vgl. DL., I, 16? V, 5, 8).

Die elemente van die saligmakende geloof. Die woord "amen" in die Ou Testament hou dieselfde betekenis in as "pistis" [πίστις] (pistuiein [πιστεύειν]) in die N..Testament. In qal beteken hierdie werkwoord om te bly, te steun; in niphal, om gesteun te word, om in die arms gedra te word, soos ’n kind, en verder om geanker te wees, stewig, sterk te wees, stabiel, seker, om standhoudend te wees. Hiervan kom die metaforiese betekenis om getrou te wees, betroubaar, versekerd. In hiphil beteken die werkwoord om te vertrou, vertroue te hê in. Dit beteken ook om te glo in die sin om as waar te aanvaar, soos in Gen. 15:6: "Hy het in die Here geglo, en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken". In die Nuwe Testament kom die woord "pistis" ("pistuiein") op baie plekke voor (bv. Rom. 3:22; Gal. 2:16; 1 Thess. 1:18[5]; Kol. 2:5 ens.). Die geloof het sy setel in die hart. Die geloof behels kennis en vertroue. Dit werk na buite vanuit die hart waar die uitgange van die lewe is. Rom. 10:10: "want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot verlossing. Vanuit geestelike, sedelike oogpunt is die hart die sentrum van die mens se hele bestaan. Daarvandaan gaan ons denke, ons wille, ons liefde en haat, ons begeertes en geneenthede uit. Uit die hart kry dit geestelike, sedelike gerigtheid. Hierby is verstand, wil en gevoel betrokke. Dit moet in geheiligde harmonie wees, anders verloop dit in intellektualisme (rasionalisme), praktisisme of eensydige mistisisme. Laat ons let op wat Calvyn in sy Institusie aangaande die geloof skrywe (o.a. III, 2, 14). Die ware geloof bestaan uit kennis en vertroue: kennis van God in Jesus Christus en vertroue in Hom as ons Verlosser (HK., Sondag 7). Die inhoud van ons geloof bestaan in "al wat God ons in sy Woord geopenbaar het" (HK., vr. 21). Geloof is ’n vertrouensaak in die sin dat ons iets op gesag van ’n ander aanneem, ’n Vertroue van een persoon in ’n ander Persoon. Dit veronderstel dat ons die ander Persoon, Christus, ken uit die geopenbaarde Woord. Vgl. Heb. 11:1, 6. Ons ken God

[5] Moet waarskynlik 1 Thess. 1:8 wees: "... maar ook op elke plek het julle **geloof** in God uitgegaan ...".

nie anders as deur Christus nie. Ons geloof moet dus in Christus verankerd wees (Joh. 3:36), en in die Evangelie van Jesus Christus (Mark. 16:16). Wie homself gelowig aan Christus toevertrou is ’n kind van God (Joh. 1:12). Deur die geloof bly ons in Christus en dra ons vrugte van geregtigheid (Joh. 15:4; Gal. 2:20).

Ons moet onderskei tussen die sg. historiese, tyd- en wondergeloof. By die historiese geloof bly dit steek in die uitwendige, formele aanvaarding van die waarhede van die Skrif, sonder in die liefde van God deur die wedergeboorte geanker te wees. Soos ’n mens "glo" dat Socrates bestaan het, kan ’n mens ook "glo" dat Christus in Betlehem gebore is, dat Hy op Golgota gesterwe het, ens. sonder dat dit jou waarlik in die hart gegryp het. Net sommige waarhede word bloot objektief aanvaar, terwyl ander geloën word, soos die ongelowige wysbegeerte en teologie maak met die maagdelike geboorte, die opstanding van Christus, sy wederkoms, ens. Jak. 2:19: "Jy glo dat God êên is. Jy doen goed? die duiwels glo dit ook en hulle sidder". Volgens Paulus glo Agrippa die profete (Hand. 26:27). Dit is nie saligmakende geloof wat uit ’n wedergebore hart as bron opkom nie. Daar is nie sprake van ’n lewende gemeenskap met God deur Christus nie. Dit is mense wat ’n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het (2 Tim. 3:5).

Die tydgeloof lyk op die oog baie soos die saligmakende geloof, en op die oog belowe dit veel, maar dit dra geen blywende vrug nie. Ons leer dit presies ken in die gelykenis van die saaier (Matt. 13:20, 21). Ons lees ook daarvan in Heb. 6:4-6. Onder aanstoking van geesdrywery kom hierdie tydgeloof wat op die golwe van emosie, van ekstatiese opwinding teer, tot openbaring.

Die wondergeloof kom voor in ’n aktiewe en passiewe vorm. Aktief deur die sterk oortuiging dat iemand wat hierdie geloof besit, ’n wonder kan verrig. Passief deur te aanvaar dat ’n wonder aan sodanige persoon kan en sal geskied. In Joh. 2:23, 24 lees ons dat baie in die Naam van Jesus geglo het, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy gedoen het. Dit het tog nie bestaan in ’n lewende gemeenskap met Hom as hulle persoonlike Saligmaker nie. Die wondergeloof hoef nie noodwendig die ware geloof uit te sluit nie, soos ons kan sien in Matt. 17:19, 20. Die twee blindes het ook geglo in die wondermag van Jesus (Matt. 9:28). Simon, die towenaar, was ook ’n wondergelowige (Hand. 8:13; 18-24). Uit Matt. 7:22 blyk dit dat baie wat kragtige wonders gedoen het in die Naam van Christus, tog nog verlore sal gaan.

Die wondergeloof is op sigself meer ’n bygeloof, ’n geloof in die mag van God eerder as in die Persoon van God, Die historiese en tydgeloof kom, wat die vorm betref, ooreen met die regte geloof, maar dit het geen innerlike krag nie. Die wondergeloof is egter net geloof in die mag van God en het verder met God niks te doen nie. Dit is die soort geloof wat sensasie najaag, en soek om indruk te maak en eie voordeel te behaal, soos Simon, die towenaar. Dit tree veelal ook na vore waar die sensasionele die botoon voer met voorgewende wondergenesings, ens..

Die Dordtse Leerreëls (V, 9) verklaar dat ons persoonlik verseker kan wees van ons saligheid en dat ons dit ook is na die maat van ons geloof. Dit lê in die aard en wese

van die geloof self dat dit vastigheid en sekerheid bied (Heb. 11:1). Ons moet die sekerheid bekom deur uit die geloof te lewe (vgl. vr. 86, HK.). Deur getroue ondersoek van die Skrifte, gereelde kerkbesoek en gebedsvolharding word die geloof opgebou. Van nature is ons duisternis (Joh. 1:4, 5); in God se lig sien ons die lig (Ps. 36:10). Die Gees verseël die beloftes aan ons (2 Kor. 1:22; Ef. 1:13) en open die hart om die dinge van God aan te neem (Hand. 16:14). Die ware geloof moet vrugte dra. Jak.. 2:26: "Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood".

## BEKERING

Die bekering is die vanselfsprekende uitvloeisel van die wedergeboorte. Dit kom op dieselfde neer as ons dit aandui as die vrug van die geloof. In die bekering toon die geloof sy egtheid en sy krag (Jak. 2:26). In die Ou Testament beteken die woord "nacham" [נָחַם] om berou te hê, berou wat dikwels vergesel word deur ’n verandering van plan en aksie. Die woord "shubh" [שׁוּב] beteken om om te draai, terug te keer. In die profesieë word die woord van Israel gebruik wat tot God terugkeer van Wie hulle weggedwaal het. Die sonde het verwydering gebring. Dieselfde gedagte in die N.T., gelykenis van die verlore seun: "Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom se: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u" (Luk. 15:18.).

In die Nuwe Testament twee woorde vir bekering, tewete - (a) "inetanoia"[6] [μετάνοια] (verwant aan "ginosko" [γινώσκω], Latyn "noscere", Engels "to know"). Luther het dit onderskrywe toe Melanchton in hierdie verband van sinsverandering gespreek het. Die woord bedoel ’n verandering, nie wat die uitwendige lewensweg in handel en wandel betref nie, maar ’n ommekeer ten opsigte van die insig in die gedagtewêreld. ’n Mens gaan nou as reg beskou wat eertyds vir jou verwerplik was, en as verwerplik wat voorheen met die liefde van jou hart getroetel is. As u sê iemand is tot u insig bekeer, dui u daarmee aan dat daar ’n innerlike swenking in sy bewussyn plaasgevind het; al blyk hierdie ommekeer nog nie dadelik uit sy gedragslyn nie. Hierdie ommekeer, verandering behels nie slegs die verstandelike nie, maar ook die bewuste wils- en gevoelslewe. Dit behels dus die intellektuele Lewe (2 Tim. 2:25: Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie). Verder, die bewuste wilslewe (Hand. 8:22). Dit is ook ’n geloofsaktiwiteit. Dan ook die gevoelslewe vir so vér dit ware berou behels (2 Kor. 7:10). Dit gaan met droefheid en pyn gepaard - om na te dink, anders te dink, en wel met ’n gevoel van berou, smart en leed. Die HK., Sondag 33, spreek van die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Vgl. Ef. 4:22-24; Kol. 3:9, 10. Die ganse vernuwing deur wedergeboorte en bekering word in Sondag 33., HK. as ’n geïntegreerde eenheid saamgevat. In die gelykenis van die verlore seun word die deurslaggewende in hierdie verandering in die gedagtes aangedui (Luk. 15:17a). (b) Die tweede woord vir bekering in die Nuwe Testament is "epistrophê" [ἐπιστροφή] (w.w. epistrephō [ἐπιστρέφω]). Dit hou die betekenis in

[6] Moet sekerlik "metanoia" wees.

van ’n verandering van koers, ’n ommekeer ten opsigte van die weg wat dusver gevolg is. Dit het dus die uitwendige bestaan op die oog. Die twee, "metanoia" en "epistrophe" is onafskeidelik aan mekaar verbonde. Ons kan, om die verband te begryp, aan ’n horlosie dink. Wanneer die ratwerk binne die horlosie reg funksioneer, dan loop die wysters wat sigbaar is op die wysterplaat, ook reg. As die meganisme van binne in orde is (sinsverandering), dan loop die lewenswysters vanself in die goeie rigting (uitwendige waarneembare ommekeer). Maar is die innerlike meganisme ontredder, dan is ’n suiwere lewensgang volstrek uitgesluit. Dit gaan dus om die verligting van die verstand en die ombuiging van die wil, sowel as ’n verandering in die geneenthede van die gemoed, ’n verandering van gesindheid, en ’n daadwerklike, waarneembare, positiewe toekeer tot God. In God se koninkryk gaan dit van binne na buite. By die Fariseïsme net die teenoorgestelde: die uiterlike sonder die regte wortels van binne. Daar is ’n uiterlike vertoon (vir die skyn lang gebede ens. - Matt. 23:5, 14, ens.). Van ’n droefheid oor die sonde in die hart hier geen sprake nie, ewemin van ’n honger en dors na die geregtigheid (Christus spreek van hulle as witgepleisterde grafte en bekers wat van buite blink gemaak is - maar hoe lyk dit daarbinne?). Die ware bekering werk hom uit in ’n lewe van dankbaarheid as vrug van die geloof. Rom. 14:23: "en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde". Die gelowige besef hy is nog vér van die volmaaktheid. Fil. 3:12-14: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag dit na of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek self dit gegryp het nie. Maar één ding - ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus".

Die twee woorde "metanoia" en "epistrofé" (sinsverandering en daadwerklike koersverandering) kom saam voor in Hand. 3:19[7] en Hand. 26:20[8]. Ons begin anders dink oor sake en ook anders lewe en handel.

Die woord "metameleia" [μεταμέλεια] (ww. "metamelomai" [μεταμέλλομαι]) kom vyf keer in die N.T. voor: Matt. 21:29, 32; 27:3; 2 Kor. 7:10; Heb. 7:21: in die betekenis van berou, alhoewel nie noodwendig ware berou nie. In die Latynse woord "poenitentia" word die betekenis nagenoeg weergegee.

Wat die Belydenis insake die bekering betref, verwys ons na Art. 24 N.GB.; HK. vr. 87, 88 en 89? Dordtse Leerreëls III-IV, 9, 10, 12, 16.

Geloof en bekering is vrug van die wedergeboorte. Dit staan by die mens wat deur die Heilige Gees in Christus ingelyf is, in die allernouste verband. Deur die geloof is

---

[7] "μετανοήσατε οὖν καὶ ἐπιστρέψατε εἰς τὸ ἐξαλειφθῆναι ὑμῶν τὰς ἁμαρτίας,"

[8] "ἀλλὰ τοῖς ἐν Δαμασκῷ πρῶτόν τε καὶ Ἱεροσολύμοις, πᾶσάν τε τὴν χώραν τῆς Ἰουδαίας καὶ τοῖς ἔθνεσιν ἀπήγγελλον μετανοεῖν καὶ ἐπιστρέφειν ἐπὶ τὸν θεόν, ἄξια τῆς μετανοίας ἔργα πράσσοντας."

ons volgens Calvyn in Christus ingelyf tot regverdigmaking en tot heiligmaking. Hierdie mens word deur liefde en ywer gedring om sy hele lewe aan Christus toe te wy deur daardie lewe te skik en te rig volgens die geopenbaarde wil van God. Die geloof bewys in die bekering sy egtheid en sy krag. Daarenteen kan ons se dat ’n "geloof" sonder daarmee gepaardgaande en daaruit voortvloeiende bekering slegs ’n geloof in skyn (Jer. 3:10) is, dit word deur die Skrif ’n dooie geloof genoem (Jak. 2:26).

In die algemeen verstaan ons onder bekering <u>die terugkeer van</u> die sondaar tot God en sy diens en die verandering wat in sy lewe plaasvind deurdat dit weer op God gerig word en hom vrywillig en gehoorsaam onder sy heilige gebooie stel. Hierdie bekering is in só ver ’n daad van die wedergebore mens dat hy met klare bewussyn en ’n bereidwillige hart antwoord gee op die roepstem van God dat hy hom tot God moet bekeer. Dit beteken egter nie dat die bekering spontaan uit die nuwe lewenskern ontwikkel wat in die wedergeboorte aan so ’n mens geskenk is sonder verdere inwerking van die Heilige Gees nie. Nee? die Heilige Gees bring voortdurend tot die bekering deur die werking van sy genade in die wedergeborene, die wil en die werk tot stand. Hy gord die wedergeborene steeds weer aan tot die stryd teen die sonde; Hy laat hom in die gemeenskap van Christus sy ou natuur kruisig, doodmaak en begrawe; Hy rus hom toe met lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te wandel. Geen gelowige sal dan ook ooit van die eer van sy bekering aan homself die geringste deel daarvan toeëien nie, maar hy sal die volle roem daarvan gee aan die Gees van Christus deur Wie hy gelei word en wat hom van krag tot krag laat voortgaan. Sonder die wedergeboorte wat immers heeltemal God se werk is, kan daar net so min waaragtige bekering plaasvind as wat ’n Kusiet sy vel of ’n luiperd sy vlekke kan verander (Jer. 13:23). Dit is alleen God wat in ons binneste ’n rein hart kan skep (Ps. 51:12) en wat ons tot bekering kan lei (Jer. 31:18). Dit is God alleen wat die hart kan besny en die sonde kan uithou (Deut. 30:6). Omdat ons wedergebore is en vir so vér ons uit die wedergeboorte <u>lewe,</u> doen ons die sonde nie meer nie (1 Joh. 3:9). Daarom is die bekering ’n gawe van God (2 Tim. 2:25), net soos die wedergeboorte dit is. Omdat die wedergeboorte en die geloof God se gawe is en die bekering die vrug van die geloof, kom die bekering ook van Hom (vgl. Jer. 31:18; Hand. 11:18). Die DL. bring die bekering en die geloof saam in verband met die wedergeboorte (vgl. III-IV, 16).

Die menslike verantwoordelikheid i.v.m. die <u>bekering.</u> Die bekering vind sy oorsprong as ’n daad van God in ons (Klaagl. 5:21; Hand. 5:31), maar voltrek hom as ’n daad van die <u>mens</u> (Hand. 2:38; 11:21; Op.2:5, 16). Sowel Johannes die Doper as Jesus Christus het die bekering gespreek (Luk. 3:8; Mark. 1:15); so ook Paulus (Hand. 20:21). Die eis tot bekering moet aan almal verkondig word (Hand. 17:30). Die roepstem tot bekering gaan in Luk. 15 uit in die gelykenisse van die verlore skaap, die verlore penning en die verlore seun. Hy wat hom nie bekeer nie, kan die vinger nie na God wys nie; dit is aan sy eie hardnekkigheid toe te skrywe (Jes. 5:1-7; Luk. 13:6-9). God het die mens nie as sondaar geskep nie. Ons skuld kan nie aan God se deur gelê word nie.. Die mens is in die bekering nie passief soos in die

wedergeboorte nie. Dit is sy verantwoordelikheid om vrugte te dra wat by die bekering pas. En as hy die vrugte dra, het hy nog niks om op te roem nie - hy het net gedoen wat hy moes doen (Gal. 6:14a).

Daar moet ’n daaglikse groei wees in die genade, d.w.s. ’n toename in geestelike wasdom by die kinders van God (Fil. 1:6; 3:12-14). Vgl. Heb. 6:1: "Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan ...". In Op.2:4, 5 word die gemeente opgeroep om terug te keer tot die eerste liefde waarvan hy uit geval het. Die rigsnoer van God se Woord moet gedurig weer as korrektief aangelê word. Die bekering tree aan die lig in ’n lewe van dankbaarheid. Die geloof laat hom so in die konkrete lewensbestaan uit sy vrugte aanwys (Rom. 14:23; vgl. 1 Sam. 15:22). Die gelowige trek die volle wapenrusting van God aan (Ef. 6:13), en stel sy lede vir God tot werktuie van geregtigheid (Rom. 6:13). Hy volhard in sy stryd teen die sonde en het na die innerlike mens ’n verlustiging in die wet van sy God (Rom. 7:22). Hy jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:14). Die bekeerde walg van die sonde en probeer dit met alle mag ontvlug (Eseg. 36:31) en om versoekinge te vermy; daarom bid hy steeds: "Lei ons nie in versoeking nie". Hy verlustig hom in die volbrenging van God se welbehae (Ps. 40:9) en jubel in die geloof voor die aangesig van God (Ps. 126:2). Die hele lewe moet bestaan uit een bekering tot God, ’n jaag na die volmaaktheid. Dit teenoor die dwaling van die Antinominiane wat van ’n nuwe gehoorsaamheid, ’n lus en liefde tot goeie werke, nie wil weet nie.

Daar is ook so iets as ’n uitwendige, skynbekering.

Die berou van Kain (Gen. 4:13), Esau (Heb. 12:17) en Judas Iskariot (Matt. 27:3) was nie ’n ware, hartgrondige droefheid tot God nie. Ware bekering is ’n saak van die hart (Ps. 51:19; Hand. 2:37). Die bekering van die Nineviete (Jona 3:8, 10) was ’n uitwendige volksbekering. Christus sê in Matt. 7:21: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is". Die hart moet geskeur word, en nie die klere nie (Joël 2:13; vgl. Jes. 58:5-8). Die skynbekering ontstaan nie uit waaragtige berou teenoor God nie (Ps. 51:6). Dit is, soos by Judas Iskariot e.a. eerder aan selfbeklag, selfbejammering of iets dergeliks toe te skrywe. Dit kom voort uit vrees vir straf en vir die gevolge van die sonde. Dit is seer om jou vingers te verbrand. In valse skyn kan met die lippe tot God genader word, terwyl die hart hom vér van die Here af hou (Jes. 29:13).

Die droefheid oor die sonde waarin die waaragtige bekering hom openbaar, is nooit sonder vertroosting nie. Omdat dit tot God uitdryf, gee dit hom met dankbare blydskap rekenskap van die versoening wat Hy vir ons sondes berei het deur die lyde en die dood (plaasvervangend) van onse Here Jesus Christus.

Die Heilige Skrif laat ons duidelik verstaan dat die waaragtige bekering nie altyd op presies dieselfde wyse verloop nie. Die "Metodisme" opereer met die gedagte dat die bekering aan die wedergeboorte voorafgaan (Pelagius, Semi-Pelagianisme). Die be-

kering moet volgens ’n uniforme metode geskied, anders is dit nie eg nie. Die sg. bekeringsveldtogte wat gewoonlik met veel sensasie en opsweping, gevoelsdwepery en geesdrywery gepaard gaan, het in die reël nie diep en blywende betekenis nie. Die opset is dat almal op groot skaal en op dieselfde wyse (dus met aanwending van hulle metode - metodisties dit te hoog aan te slaan as sine qua non) tot "bekering" gebring moet word, dikwels met skrikwekkende dreigemente van vuur en swawel. Dit blyk egter uit die Bybel dat die weg waarlangs Abraham en Jakob gelei is, anders is as die van Paulus en Timotheus. Die een het in die verbondslyn opgegroei en het eintlik nooit van iets anders as ’n toegewyde lewe geweet nie, terwyl ’n ander uit die dieptes van die sonde op skokkende wyse na die Here gebring is. Daar is inderdaad "verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk" (1 Kor. 12:6). Daar is gevalle waar die persoon die oomblik waarop die bekering ’n aanvang geneem het, kan aandui. So ’n persoon ken ’n diepe insnyding in sy lewe. ’n Plotselinge bekering verdeel die lewe in twee helftes, waarvan die eerste aan die diens van die sonde, die tweede aan die diens van die Here gewy is. So ’n plotselinge bekering waarby die mens eensklaps aan al die skuld van sy versondigde lewe ontdek word en sidderend vir God se toorn en oordeel "tot Christus gedryf word, gaan in die reël gepaard met heftige gemoedsbeweginge, ’n sterk skuldbesef en diepe verootmoediging. Die bekering van die apostel Paulus (Hand. 9:1-19) is hiervan ’n voorbeeld. Laat ons egter goed daarop let dat Paulus sy geval as afwykend, as uitsonderlik aandui deur na homself as "’n ontydig geborene" te verwys (1 Kor. 15:8). Van sy geval mag dus nie ’n reël gemaak word, as sou diegene wat nie die plek en datum kan aandui, noodwendig dan ook onbekeerd is nie! Die normale is die gevalle van gelowiges wat in die verbond gebore, opgevoed en onderrig is en wat geleidelik, sonder groot skokke tot bekering gebring word. Hulle is nie minder begenadig as die ander aan wie ’n plotselinge bekering ten deel val nie. Dit is immers dieselfde krag en genade van die Heilige Gees wat in hulle werk., al toon dit hom nie op ’n bepaalde moment op so ’n in die ooglopende wyse nie.

<u>Die regverdiging</u>

Vgl. art. 22, 23, N.G.B.; HK., Sondae 22 en 23; Dordtse Leerreëls II, 1, 2, 5, 7, 8. Onder regverdiging verstaan ons die regterlike daad van God waardeur Hy die voldoening van Christus as Borg aan die uitverkorenes toereken. Rom. 3:23, 24: "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade verniet geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is". A. Kuyper gee voorkeur aan die term regverdigverklaring of regverdigstelling of regverdiging. Die regverdiging is nie ’n etiese nie, maar ’n forensiese (regterlike) daad van God. Die wat se dit is ’n etiese daad, laat die heiligmaking aan die regverdiging voorafgaan. Dit kom dan daarop neer dat eers <u>op grond van</u> hierdie heiligmaking die vergewing van sondes verkry word (Semi-Pelagianisme, Rome e.a.). Die Gereformeerdes leer dat die sondaar regverdig verklaar word o.g.v. die toegerekende geregtigheid van Christus uit loutere genade. Die vergiffenis en die reg op die ewige lewe word ontvang.

Die woord regverdiging het met die regbank te doen. ’n Aangeklaagde word vrygespreek. Sondaars word geregverdig. Gewoonlik spreek die regter die een vry wie se onskuld vasstaan. God regverdig egter die goddelose (Rom. 4:5). Die grond hiervoor is nie in die mens aanwesig nie. Dit lê in wat Christus vir ons gedoen het. Ons kan alleen vrygespreek word o.g.v. wat ’n Ander tewete Christus, vir ons as Borg, Middelaar, volbring het. Sy dood is die betaling vir ons sondes. Hy is opgewek - d.w.s. sy dood is aanvaar as die genoegdoening, sodat ons geregverdig kon word.

Die regverdiging bring geen sedelike verandering teweeg in die mens se toestand nie, maar gee aan hom ’n ander staat en posisie teenoor God. Uit die staat van ’n doemwaardige sondaar, wat tydelike en ewige straf verdien het, word hy oorgeplaas in die staat van ’n vrygesprokene en begenadigde wat ewig met God versoen is deur die bloed van sy Seun, en daarom deur geen verdoemenis bedreig word nie. In die regverdiging weeg God die vrygekooptes van ons Here Jesus Christus in die weegskaal van sy onverbiddelike en onkreukbare reg. Hy stel daarin teenoor hulle sondes en misdade die voldoening wat hulle Middelaar en Heiland aan sy heilige reg gegee het en verklaar dat deur sy lyde en sterwe al hulle skuld betaal is, en dat Hy al die geregtigheid van die wet vir hulle volbring het. Jesaja profeteer (1:27): "Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid". Dit vind in die regverdiging in Christus sy mees volledige en totale vervulling. Dit geld hier immers ’n regterlike uitspraak, wat, omdat God Self dit nooit sal herroep en niemand dit kan vernietig nie, tot in ewigheid sy krag en geldigheid sal behou, "Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vrede verbond nie wankel nie, sê die Here, jou Ontfermer" (Jes. 54:10).

Die regverdiging <u>ontvang ons deur die geloof,</u> "Die regverdige sal uit die geloof lewe" (Rom. 1:17). Hierdie geloof is nie verdienend nie, maar aannemend.. Dit is nie ’n soort ingestorte genade op grond waarvan ons geregverdig word nie (Rom. 3:34). Die geloof self is die vrug van die genade van. God in Jesus Christus (Ef. 2:8). God <u>verklaar</u> ons regverdig. Dit is ’n regterlike vonnis waarin nie ons toestand nie, maar ons staat voor God verander word. Ons <u>toestand</u> is sodanig dat ons nog vol sonde is, maar ons <u>staat</u> word verander van veroordeeldes na vrygespreektes. Die regverdiging staan in die nouste verband met die werkverbond. Die regterlike uitspraak van God is dat ons in Christus aan die eis van die werkverbond voldoen het.

Ons ontvang nie die Goddelike vryspraak <u>omdat</u> ons glo nie, maar <u>via</u> die geloof, deur die kanaal van die geloof. Die geregtigheid is in geen opsig ’n saak van verdienste nie (Gal. 2:16). Dit is toegerekende geregtigheid (vgl. Joh.. 1:12; 2 Kor. 5:19). Sonder regverdiging kan ons in die koninkryk van God nie ingaan nie (Matt. 6:33; Ef. 5:5).

Sondag 23, H.K. God haal ’n streep deur die rekening omdat Christus ten volle betaal het. Hier klop die hart van die Evangelie. Die regverdiging beteken vir die sondaar die sekerheid van die kindskap van God. Rom. 8:33, 34: God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons

intree". Die gebroke betrekking tussen God en die sondaar is herstel, van God uit en deur Hom alleen!

In die Heilige Skrif word gespreek van die mens onskuldig verklaar (Eks. 23:7; 1 Kon. 8:32; 2 Kron. 6:23; Jes. 50:8). Die vergewing van die sondes word in die Ou Testament uitgedruk as "verlos", nie toereken nie, vergeet, nie aan dink nie, agter die rug werp, uitdelg, uitwis. In die Nuwe Testament (bv. Rom. 5:19): iemand, na geregtelike ondersoek, van die skuld vryspreek., regverdig verklaar.

Met regverdiging kan, net soos met wedergeboorte, die hele werk van die verlossing aangedui word. Hierdie werk is immers die herstel van die gevalle mens teenoor God in die staat van 'n regverdige.

Gewoonlik word die onderskeiding gemaak: die regverdiging is die wegneming van die skuld en die heiligmaking is die wegneming van die smet van die sonde. Die skuld word net eenkeer weggeneem (vryspraak), die smet word gaandeweg, gedurende ons hele lewe, weggeneem.

In die regverdiging gaan die negatiewe, die vryspraak van die dood, en die positiewe, die toewysing van die lewe, hand aan hand. Paulus, Petrus en Jakobus spreek van die geregtigheid van God. Luther en Calvyn verstaan daaronder 'n geregtigheid wat voor God geld en wat uit genade die mens toebedeel word. Die geloof is nooit die grond van ons regverdiging nie (dit lê in die standpunt van Rome, die Remonstrante, Mistieke, Etiese e.a.). Die geloof is self 'n gawe van God en kan nie die grond wees waarop God ons die sonde vergewe nie. In die Heilige Skrif kry ons nie die teenstelling van genade en geloof nie, maar van geloof en werke, geregtigheid van die geloof en geregtigheid uit die werke. Die geloof is 'n gawe van God; dit doen afstand van alle eie werke en leun volkome op Christus. Daarom kan dit onmoontlik 'n werk van die geregtigheid naas of in die plek van die borggeregtigheid van Christus wees. In 1 Kor. 4:1 is sprake van iemand iets toereken wat hy persoonlik nie het nie. Die geloof regverdig die mens nie deur sy wese of daad nie, maar deur sy inhoud, d.i. Christus of die geregtigheid van Christus.

Die geloof is nie 'n goeie werk nie, maar dit bring goeie werke as vrug van God se genade voort (Gal. 5:6; Jak. 2:14-26). Subjektief word ons geregverdig nadat Christus ons deur die geloof aangeneem het; d.w.s. na die roeping en wedergeboorte. Maar objektief is ons geregverdig deur die lyde en oorwinning van Jesus Christus in sy opstanding. Die wortels van ons regverdigmaking lê per slot van rekening in die ewigheid, in die ewige vrederaad van God, waarvolgens Hy besluit het om sy volk te regverdig o.g.v. die soenverdienste van Christus. In hulleself was die uitverkorenes eweas die goddelose kinders van die toorn (Ef. 2:3, 12, 13).

Die Arminianisme leer dat die justificatio in die tyd plaasvind, uit en deur die geloof; die geloof word dan beskou as 'n goeie werk van die mens se kant, uit en van die mens met die hulp van die genade wat God aan alle mense wat die Woord hoor, aanbied. Almal wat eensydig die regverdiging leer uit en deur die geloof in hierdie betekenis van wat die geloof sou inhou, en wat dus verbysien dat die regverdiging

teruggaan tot in die ewigheid waar die mens nie medewerksaam kon wees nie, strand op hierdie klip.

Hierteenoor gaan die <u>Antinomiane</u> van die standpunt uit dat, aangesien God die wat aan Hom behoort van ewigheid af uitverkies en hulle sondes vergewe het, en aangesien Christus vir die uitverkorenes volkome versoening te weeg gebring het deur die skuld te betaal, die uitverkorene hom dan nou ook nie oor sy sondes hoef te bekommer nie en gerus kan lewe in die besef dat alles hom reeds kwytgeskeld is. Hier word op eensydige wyse geaksentueer dat die regverdiging teruggaan tot in die ewigheid, met 'n miskenning van die regverdiging deur die geloof - subjektief in die tyd. Ons aanvaar o.g.v. die Heilige Skrif dat daar 'n ewige regverdigmaking is. Daarmee word aangedui die verandering in die gesindheid van God waardeur Hy die wat aan Hom behoort ewiglik in liefde geken het. Maar die roeping, heiligmaking en verheerliking is uitgaande dade van God wat die skepsel veronderstel en dus in die tyd plaasvind.

<u>Die regverdiging deur die geloof omvat twee dele</u>: die vergewing van die sondes en die toekenning van die reg op die ewige lewe. Dit is die twee weldade wat regstreeks voortvloei uit die toerekening van die ganse geregtigheid van Christus.

Rome beweer dat by die regverdigmaking alleen die smet van die sonde gegee word, terwyl die skuld eers kwytgeskeld word as die gelowige genoeg goeie werke verrig het. Hulle hou ook staande dat alleen die ewige straf (reatus culpae) weggeneem word, maar dat die mens self, sodra die infusio gratiae plaasgevind het vir die peccata venialia hier en in die vagevuur moet boet. Dit is egter geheel teen die Skrif wat leer dat ook die skuld en die tydelike straf van die sonde ons vergewe word.

In die Apostolicum bely ons dat die vergewing van die sondes <u>'n saak van die geloof</u> is. Van nature glo die in sonde gevalle mens nie dat God in sy groot genade die sondaar vryspreek nie. Die heiden meen dat hy slegs deur allerlei offers die guns van die gode kan verwerf. Maar dit lewe ook in die gedagte van die Christen, met die ou mens nog aanwesig, dat hy vir hom 'n eie geregtigheid moet opbou. Behalwe die Gereformeerdes leer nagenoeg alle Christene dat God dan eers vergewe as die mens bereid is om te glo. Daarom is die wedergeboorte onmisbaar, om van harte te kan glo dat ons sondes vergewe is. Maar te midde van die aanvegtinge van satan word die geloof aan die vergewing van die sondes nog telkens in ons gestry en verduister.

Die tweede deel van die regverdiging is die toekenning van die reg op die ewige lewe. Dit word ook genoem "die aanneming tot kinders". Reeds in die Ou Testament word God in teokratiese sin die Vader van sy volk en Israel op sy beurt God se seun genoem. In die Nuwe Testament kry daardie Vader- en seunskap 'n veel dieper betekenis. Daarin word die term "kinders van God" in tweërlei sin gebesig. Johannes doen dit veral in etiese sin en bedoel dan daarmee dat die sondaar deur wederbarende genade 'n kind van God word. Paulus daarenteen besig "aanneming tot kinders" in juridiese sin d.w.s. hy bedoel daarmee dat ons kragtens die regterlike oordeel van God tot kinders van God verklaar of tot kinders van God aangeneem word. Die

aanneming tot kinders in Juridiese sin is deur Christus verwerf (Gal. 4:5), terwyl ons dit deur die geloof aanneem (Gal. 3:36). Daardeur word die gelowiges in Christus aangesien (Rom. 8:29). Christus is van nature God se Seun, ons is kinders deur aanneming. Dit is die Heilige Gees wat ons van hierdie kindskap verseker (Gal. 4:6; Rom. 8:14-16). Soos die vergewing van die sondes, word ook hierdie kindskap die duidelikste by Jesus se wederkoms geopenbaar.. By die laaste oordeel sal God voor die ore van alle skepsels die wat Hy vrygekoop het, vryspreek van alle skuld en straf en hulle tewens as sy seuns en dogters in die volle lig stel. Dan sal hulle ook die volle saligheid beërwe. In hierdie lewe mag die gelowiges egter reeds weet dat hulle erfgename van God is, met al die rykdomme wat dit vir hulle inhou, nou en hierna (Rom. 8:17).

<u>Die regverdigmaking neem die sondeskuld weg; die heiligmaking neem die sondesmet weg.</u>

Regverdigmaking is 'n daad van God <u>buite</u> ons wat ons deur die geloof aanvaar; heiligmaking is 'n daad van God in ons waardeur Hy ons vernuwe. Waar heiligmaking 'n <u>proses</u> is wat ons lewe lank duur, is regverdigmaking 'n gebeurtenis wat eens en vir altyd geskied, 'n verklaring of uitspraak van God oor ons. Calvyn verklaar dat regverdigmaking en heiligmaking net so min soos lig en warmte van mekaar geskei kan word; tog is hulle nie dieselfde nie. In 1 Kor. 1:30 en 6:11 kom beide begrippe saam en in verband met mekaar voor. Die regverdiging is nie die gevolg van die heiliging nie, maar net andersom. Ons word nie geregverdig omdat ons met Christus verenig is nie, maar ons word met Hom verenig omdat ons geregverdig is. Die heiliging vloei voort uit die regverdiging (Rom. 8:2). Die regverdiging is dus nie maar net bloot dat ons in 'n ander verhouding tot God te staan kom nie, maar dit is 'n daad van begenadiging van God se kant wat ons eens en vir altyd stempel tot sy kinders en op grond waarvan ons ook inderdaad kinders van God word.

Die regverdigmaking bestaan dus, om saam te vat, daarin dat die regverdige deur die toerekening van Christus se verdienste die vergewing van die sonde ontvang (HK. vr. 56); verder, die toegang tot die ewige heerlikheid en die reg op die erfenis wat Christus vir ons verwerf het (1 Pet. 1:4); en die einddoel van die regverdiging is die eer van God: "tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde" (Ef. 1:6).

<u>Die heiligmaking en die volharding van die heiliges.</u>

Vir die verband tussen regverdiging en heiligmaking vgl. Art. 24 N.G.B., Sondag 24 en 32, HK., en DL. III-IV, 16; V, 1. Aan die een kant die dwaling: God vergewe eers as die mens alles doen wat in sy vermoë is om hom te verbeter, d.w.s. as hy goeie werke doen, as hy dus glo ('n verdienste!). Hier gaan in feite die heiligmaking voorop terwyl die regverdiging daarop volg. D.i. die <u>nomisme.</u> Aan die ander kant die standpunt: God was nooit op die mens vertoorn nie, of God was wel vertoorn met die sondeval, maar Hy vergewe die uitverkorenes hulle sonde en nou hoef hulle na

die regverdiging nie meer oor hulle sondes bekommerd te wees nie.. Hier gaan die justifikasie dus wel voorop maar die heiligmaking word geheel en al, of so goed as geheel en al uitgeskakel. Dit is die antinomianisme.

Die onderskeid tussen regverdiging en heiligmaking.

God is sowel regverdig as heilig. Nou eis Hy as die Regverdige dat die mens tot Hom sal staan in die verhouding waarin Hy hom oorspronklik gestel het, d.w.s. vry van skuld en straf, terwyl Hy as die Heilige wil dat die mens innerlik rein, suiwer en heilig sal wees. Waar die mens egter uit sy oorspronklike staat uitgeval het, en sy hart, vanwaar die uitgange van die lewe is, onrein geword het, daar is twee dinge nodig: (1) dat die mens in sy vorige staat herstel moet word en (2) dat hy innerlik, met 'n deurtrek van die lyn na buite, van die smet van die sonde bevry en gereinig moet word.. E.g. is die regverdigmaking, lg. die heiligmaking. Logies gaan die justificatio voorop (Rom. 8:30; 1 Kor. 1:30). Dit is, soos ons gesien het, 'n juridiese daad wat in één oomblik voltrek word. Die heiligmaking strek hom egter uit oor die hele bestaan van die Christen, vanuit die sentrum, die diepste vangbak van die persoonlikheid, tewete die hart, na die periferie. In die geval van die regverdiging en heiligmaking word aan ons die volle Christus met sy weldade geskenk, maar by die regverdiging word Christus aan ons gegee in juridiese en by die heiligmaking in etiese sin. Deur e.g. geregverdig in Christus, by die heiligmaking maak God deur sy Gees woning in ons hart en vernuwe Hy ons na sy beeld. Ons onderskei, maar mag nie skei nie. Hulle wat God geregverdig het., het Hy ook geheilig en verheerlik. Christus het vir die uitverkorenes gesterwe en het vir hulle die lewe verwerf. Hy is die Hoof van sy kerk, sy liggaam. Die uitverkorenes is in Hom begrepe. Hulle het met Hom en in Hom gesterwe, is begrawe en opgewek. Christus is hulle geregtigheid en hulle heiligmaking (1 Kor. 1:30). Daar is verlossing van die skuld en die straf gebring, en ook bevryding van die heerskappy van die sonde (Joh. 17:19). Christus deel Hom persoonlik aan die syne mee en lyf hulle op 'n geestelike wyse in Hom in. Dit noem ons die unio mystica tussen Christus en die syne. Christus, die wynstok, hulle die lote (Joh. 15), die Hoof en die liggaam. Christus leef in ons (Gal. 2:20). Die unio mystica kom tot stand deur die Heilige Gees. Die Gees is sowel die Gees van aanneming tot kinders as die Gees wat heilig en reinig. En waar Christus hierdie Gees verwerf het, deel Hy Hom ook uit, woon Hy deur Hom in die gemeente en heilig Hy die gemeente deur Hom ("heilig", d.i. afsonder, in die sin van iets apart hou om dit aan God en sy diens toe te wy). Vandaar dat in die Heilige Skrif die liefde, die geloof ens. gawes van die Heilige Gees genoem word. Aangesien dit die Heilige Gees is wat ons die Persoon en die weldade van Christus skenk, moet ons ook die heiligmaking allereers as 'n werk van God beskou. Die gelowiges is by die wedergeboorte lydelik. Hulle word geheilig (Joh. 17:19); hulle is geheiligdes in Christus Jesus: God se gebou, sy saailand, ens. Israel is 'n heilige volk genoem, nie slegs omdat hy van die heidense volkere afgesonderd was nie, maar ook omdat God aan Israel sy insettinge gegee het en Israel geroepe was om God se gebooie te onderhou.. Dit geld nog te meer in die nuwe verbond. 1 Pet. 2:9: 'n nuwe lewe deelagtig. Die perfeksionisme. Pelagius leer dat elkeen dit in sy mag het deur die sedelike kragte wat God skenk om die kwaad geheel

en al te laat. Die moontlikheid word dus aangeneem van 'n lewe sonder sonde en van volkome onderhouding van God se gebooie. Rome het wel by Trente standpunt ingeneem teen hulle wat leer dat dit onmoontlik is dat 'n geregverdigde sondaar die gebooie van God volmaak kan onderhou. Maar hulle voeg daar by dat die geregverdigdes in hulle ganse lewe alle sondes, ook die "vergeeflike" nie kan vermy behalwe deur 'n besondere voorreg van God nie — soos die kerk leer in die geval van. die heilige Maagd. Die Sosiniane sê die Heilige Skrif leer dat vir diegene wat glo alle dinge moontlik is; dus is dit nie onmoontlik dat die Christen nie meer sal sondig nie. Die Remonstrante sê God eis nooit van ons wat ons nie kan doen nie. Antw. 114, HK. noem hulle 'n oorkussing van die duiwel. Die Perfeksionisme leer dat die gelowiges hier op aarde reeds volmaak kan word. Rom. 7:7-26 loënstraf hierdie leer. Paulus spreek hier in die praesens - dus nie van die tyd wat aan sy bekering voorafgegaan het nie. Die Heilige Skrif leer dat die gelowiges tot hul dood toe hulle sondes moet bely (1 ,Joh. 1:9), om vergiffenis, van hulle sondes moet bid (Matt. 6:12), dat hulle daagliks in vele dinge struikel (Jak. 3:2), dat hulle hulleself mislei as hulle sê dat hulle geen sonde het nie (1 Joh. 1:8). Ook die allerheiligste het, solank hulle in hierdie lewe is, slegs 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid. Die een kan wel 'n hoër trap as die ander bereik. Ons moet ons daarmee uitstrek om die sonde al meer af te sterwe en in die nuutheid van die lewe in Christus voor God se aangesig te wandel.

Die heiligmaking as werk van die gelowige of die aktiewe sy van die heiligmaking.

Die heiligmaking is allereers 'n werk van God. Dit is Christus wat sy vrygekooptes, nadat hulle wedergebore is, deur sy Gees steeds meer na sy ewebeeld vernuwe en hulle bekwaam om goeie vrugte wat die bekering waardig is, voort te bring. Tog is die gelowige by die heiligmaking nie alleen passief nie, maar hy is ook aktief. Onder God se werking en juis te danke hieraan, is die gelowige ook aan die werk. Deur God se Gees geheilig, word hy al meer wat hy is. DL. III-IV, 16. Om die gelowiges op te wek tot 'n heilige wandel word die gelowiges geroep om die goeie stryd van die geloof te stry, die sonde te haat, God se wet te bemin en hulle roeping en verkiesing vas te maak. Die Heilige Skrif leer dat ons uit genade salig word, dat ons geen die minste aanspraak op loon het o.g.v. sg. "goeie werke" nie. Dit is immers God Self wat die goeie werke voorberei het sodat ons daarin sou wandel. Tegelykertyd leer die Heilige Skrif dat ons moet stry om in te gaan, moet volhard tot die einde toe en dat die goeie werke beloon word.

Enersyds leer die Heilige Skrif dat die wedergebore mens nie deur eie krag die goeie kan doen nie en dat hy tot sy dood toe onbekwaam bly om uit homself iets goeds te dink of te doen. Fil. 2:l2b, 13. Hierby staan tog ook die eis tot selfwerksaamheid van die gelowiges vas. Hulle moet hulle saligheid uitwerk met vrees en bewing, hulle uitstrek na die einddoel, die bestemming van hulle roeping wat van bo is in Christus Jesus. Verbondsweldade, -gawes en verbondseis, -pligte, -voorregte om in die verbond as geroepenes inderdaad in dankbare toewyding te lewe. Die kind van God weet dat dit sy roeping is om deur die krag van Christus in God se weë te wandel,

dit is nie vir hom 'n las nie, maar 'n lus en hy voel hom in sy gewete beskuldig as hy deur swakheid in sonde val en vir 'n wyle nie genoeg erns gemaak het met die heiligmaking nie. Hy erken ook dat aan God dankbaarheid toekom vir elke onderhouding van sy gebooie. By die goeie werke is God die eerste werker (Ef. 2:10), maar daarby sê die Skrif dat die geloof sonder die werke dood is en dat dit onmoontlik is om die ewige lewe te beërf sonder die werke. Die goeie werke is maar altyd met sonde besmet - ons het hier slegs 'n klein beginsel, ook die allerheiligste. Beloning geskied nie uit verdienste nie, maar uit genade. God is nie verplig om aan ons loon toe te sê by die doen van goeie werke nie. Tog wil hy dit in sy grote goedheid doen. Die Christelike lewe bloei slegs wanneer tegelykertyd die alwerksaamheid van God en die selfwerksaamheid van die gelowiges vasgehou word.

Die volharding van die heiliges.

Die Heilige Skrif leer dat die afval van die heiliges nie moontlik is nie. Baie duidelik, suiwer op die Heilige Skrif gegrond, bely ons dit in hoofstuk V, DL. Daar kan wel 'n tydelike verharding plaasvind soos die ys in ons winters, maar 'n blywende verharding van 'n ware gelowige, soos die ys by die Suidpool kan nie plaasvind nie. Augustinus leer tereg dat die uitverkorenes nie geheel van die genade kan verval nie. Die Lutherse leer dat die ware gelowiges die geloof wel kan verloor, maar hulle kan voor hulle dood deur hernude bekering herstel en behou word. Dit vind plaas met die uitverkorenes omdat hulle juis hierom uitverkies is, omdat God hulle hernude bekering vooruit gesien het. Die afval van die heiliges word ook geleer deur die Pelagiane, Remonstrante, Metodiste e.a.

Vir die afval van die heiliges word aangevoer:

(1) Die sonde van Dawid en Salomo. Maar die Heilige Skrif sê nêrens dat hulle eers met die geloof begiftig was, dit daarna verloor het, en dit ten laaste weer terug gekry het nie.

(2) Hymenaeus (1 Tim. 1:20; 2 Tim. 2:17); Alexander (1 Tim. 1:20) en Demas (Kol. 4:14; 2 Tim. 4:10). Van hierdie mense kan nie uit die Skrif bewys word dat hulle op 'n stadium wedergeborenes was nie.

(3) Heb. 6:4-8; Heb. 10:26-31; 2 Pet. 2:1 en 18-22; 1 Joh. 5:16. H. Bavinck skrywe: Hierdie tekste skyn die grootste beswaar in die weg te lê vir die belydenis van die perseverantia sanctorum. Tog is dit maar skyn. Want ook hulle wat die moontlikheid van afval leer, moet aanneem dat hier van 'n gans besondere sonde sprake is. Immers is volgens hulle self die genade wel verliesbaar, maar ook, na totale verlies, weer verkrygbaar ... Die leer van die afval van die heiliges lei tot die gevolgtrekking dat die lastering teen die Heilige Gees ook selfs alleen deur wedergeborenes bedrywe kan word of bg. tekste verloor teen die perseverantia sanctorum alle bewyskrag".

Die gereformeerde standpunt word deur die volgende gestaaf: (1) Die verkiesing, die genade gifte en die roeping van God is onberoulik (Rom. 9:11 en 11:29). (2) Die Heilige Skrif leer dat ons ontrou die trou van God nie verbreek nie. Hy is die God

van die Verbond. (3) Die kragtige uitsprake van Christus (Joh. 6:39; 10:28 ens.). (4) God bevestig en voleindig die goeie werk wat Hy in die wat aan Hom behoort, begin het (Fil. 1:6). Hy bewaar hulle vir die toekoms van Christus, om die hemelse erfenis deelagtig te word (l Pet. 1:4, 5). (5) Die rustige ontwikkeling van die Christelike lewe is so alleen moontlik. Dit is so dat die volharding nie buite die mens om gaan nie. Ons word vermaan om in Christus te bly, in sy Woord en in sy liefde, om getrou te wees tot die dood. Juis deur die vermaning werk God die volharding uit en laat Hy sy kind vrywillig deur die genade van die Heilige Gees volhard in die geloof.

Hierdie leer van die volharding van die heiliges werp vir die gelowiges hierdie kostelike vrug af dat hulle nou ook seker kan wees dat hulle die saligheid sal beërwe. Selfs Augustinus sê dat God dit beter gevind het om hierdie sekerheid nie te gee nie sodat sy volk nie in die heiligmaking sal verslap nie. Die Roomse en die Remonstrante loën eweseer beslis die certitudo fidei. Ook die latere Lutherse. Wie die afval van die heiliges moontlik ag, moet hiertoe kom. Volgens die gereformeerde leer vloei hierdie sekerheid voort uit die verkiesing en die geloof. Die Heilige Gees getuig in en deur die geloof met ons gees dat ons kinders van God is, laat ons roem dat niks ons sal kan skei van die liefde van Christus nie, en verseker ons van ons saligheid (Rom. 8:15, 23, 38, 39; Gal. 4:6).

Hierdie sekerheid stort groot blydskap in die hart uit, dit verleen kragtige troos as ons deur swakheid in sondes val en skenk krag en steun aan die Christelike lewe.

# LOCUS DE ECCLESIA

Die kerk is die vrug, die resultaat van die toepassing van die heil deur die Heilige Gees. Dit verklaar waarom ons direk na die behandeling van die heilsorde by die leer aangaande die kerk kom.

Die kerk is die liggaam van Christus, 'n organiese geheel waarvan hulle wat uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld die lede is, toevergader deur die Seun van God deur die werking van sy Gees en Woord in alle eeue as die vergadering van die gelowiges en hulle saad.

In die Ou Testament kom twee woorde voor i.v.m. die kerk: (1) kahal [קָהָל] van die werkwoord wat beteken om te roep, om saam te roep. Die selfstandige naamwoord beteken dus 'n vergadering, 'n gemeente. Dit word veral gebruik i.v.m. die saamvergadering van die volk Israel. Vgl. Deut. 31:30; Numeri 16:3; 20:4; Neh. 13:1. In die LXX word dit weergegee met Ekklesia [ἐκκλησία]. Dit is die convocatio. (2) Edhah [עֵדָה], waarskynlik van 'n wortel wat beteken om op 'n bestemde plek te ontmoet, om op 'n afgesproke tyd en plek mekaar te ontmoet. Dit dui dus op 'n samekoms, 'n gemeente (congregatio). In die LXX word dit met sinagoge [συναγωγή] weergegee. Dit hou die gedagte van die instituut in, terwyl in kahal (convocatio) meer die organiese tot uitdrukking kom.

In die Nuwe Testament word die Griekse woord sinagoge nooit vir die kerk gebruik nie, maar altyd vir die byeenkomste of vir die vergaderplek van die Jode. Die woord ekklesia word gebruik vir die universele kerk, almal wat tot die gemeenskap van Christus geroep is, Vgl. Matt. 16:18; Hand. 2:47; 5:11; 9:31; 1 Kor. 6:45; 1 Kor. 14:14; Rom. 16.:23; Gal. 1:13. Dit word Ekklesia van God genoem (1 Kor. 10:32; Gal. 1:13 ens.). Ook liggaam van Christus (Kol. 1:18; Ef. 1:22, 23). Ekklesia - vir die kerk soos plaaslik geopenbaar: Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19; Kol. 4:15; Op.1:4, 11, 20; Op.2:7, 11, 17 ens. In die Nuwe Testament word die kerk ook Jerusalem genoem (Gal. 4:26; Heb. 12:22; Op.21:2) die bruid van Christus (Op.19:7); en die tempel, die tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 3:16; vgl. Ef. 2:21, 22; 1 Pet. 2:5). Belangrik is die woord kuriake [κυριακή] - van kurios en olkos: Huis van die Here.

Die vroeë kerkvaders het die saligheid en die kerk ten nouste aan mekaar verbind. Hulle beklemtoon: extra ecclesiam nulla salus. "Hulle het nie skerp onderskei dinge t.o.v. die kerk gemaak nie. Irenaeus leer bv. dat al die skatte van die waarheid aan die kerk toevertrou is; buite die kerk is net diewe en rowers, poele en vuil waters - d.i. diegene wat voorgee dat hulle Christene is, maar hulle het geen verbintenis met die kerk nie. Clemens van Alexandrië definieer die kerk as die gemeenskap van die uitverkorenes; hy vergelyk die kerk met 'n moeder aan wie ons ons geestelike lewe en ons versorging te danke het, die liggaam van Christus waarbuite daar geen saligheid is nie. Origenes, leerling van Clemens, verklaar ook dat niemand buite die kerk gered word nie. Cyprianus, biskop van Kartago, leer dieselfde. Hierdie stelling is natuurlik waar van die kerk as die uitverkore organisme van die liggaam van Christus. Hierdie

kerkvaders het ook die eenheid van die kerk sterk beklemtoon. Die kerk is een, en nie baie nie, al is daar baie gemeentes. Cyprianus vergelyk die kerk met die son met sy baie strale, ’n boom met sy baie takke, ’n fontein waaruit meer as een spruit vloei. In ’n later tydvak (± 300 tot 750 A.D.) het die kerk in uitwendige mag en glorie ontwikkel, veral sedert die tyd van Konstantyn die Grote. Dit neem al meer die gestalte aan van ’n koninkryk van hierdie wêreld. In hierdie tyd was daar ’n stryd i.v.m. die suiwerheid van die kerk en die vraagstuk van kerklike tug tussen die Donatiste en die Katolieke kerk. Die Donatiste het betoog dat die kerk net uit die ware geestelike kinders van God moet bestaan.

Daarteenoor het Augustinus die noodsaaklikheid van kerklike tug erken, maar hy stel dit dat absolute suiwerheid vir die kerk in die wêreld nie bereik kan word nie. Volgens Augustinus is die twee merktekens van die kerk Katolisiteit en sy verbintenis met die apostels, d.w.s. dat dit voortspruit uit die kerke wat die apostels gestig het. Augustinus verklaar dat hulle wat nie deel vorm van hierdie kerk nie, nie die Heilige Gees ontvang nie. Gregorius die Grote skrywe dat ketters onwaardig is om te lewe en dat hulle die toorn van God nie kan ontvlug nie, tensy hulle lede van die Katolieke Kerk word.

Die periode van 750 tot die Reformasie is veral gekenmerk deur die nadruk op die oppergesag van die Roomse pous. Die pouse het self hulle mag omskrywe t.o.v. die kerk en die wêreldlike regerings. <u>Gregorius VII</u>. pous van 1073 tot 1085? vergelyk die mag en waardigheid van die pous en die wêreldlike regeerders met die lig van die son en die maan. <u>Innocentius III</u>. 1198-1216, leer dat alhoewel die primêre fondament van die kerk Jesus Christus is, Petrus die tweede fondament is. Nadat Jesus Christus die Roomse Kerk met sy eie bloed geheilig het, het Hy die primaat van die kerk aan sy opvolger, Petrus, oorgedra, wat beklee is met die hele volheid van mag. Soos die maan sy lig aan die <u>son</u> ontleen, so die vorste en konings aan die pous. Bonifacius VIII, pous van 1294 tot 1303, verklaar dat om jou aan die gesag van die Roomse pous te onderwerp, vir elke mens ’n noodsaaklike vereiste is om tot die saligheid te kom. Dit het tot geestelike despotisme gelei. Dit is voorgestaan dat ketters en schismatici deur <u>fisiese</u> geweld tot berou gebring moet word. <u>Die Reformasie</u> het prinsipieel kant gekies teen die Roomse konsepsie van die kerk. Die formele beginsel van die Reformasie is dat net één gesagsbron, tewete die Heilige Skrif, erken word. Met hierdie beginsel is stelling ingeneem teen die Rooms Katolisisme, valse mistiek en rasionalisme. Rome handhaaf benewens die Heilige Skrif ook die tradisie as gesagsbron. Hulle sluit die apokriewe by die Heilige Skrif in, terwyl die Protestante net die 66 kanonieke boeke erken. Rome se standpunt is dat die reg en bevoegdheid om die Bybel te verklaar net aan die kerk, dit is die clerus, toekom; Protestante sê dat elke Christen die Bybel mag vertolk. Die valse mistiek verwerp die objektiewe gesag van die Bybel en verlaat hom op die lumen internum. Protestante, daarenteen, handhaaf dat die objektiewe openbaring in die Heilige Skrif die enigste betroubare maatstaf vir leer en lewe is. Teenoor die rasionalisme sê die Reformasie dat die rede aan die Skrifte as die Woord van God onderwerp moet

word. Die materiële beginsel van die Reformasie word uitgedruk in die woorde justificatio sola fide. Die Rooms Katolieke Kerk het semi-pelagiaans geword en leer dat die regverdiging ook deur die werke plaasvind.

Die invloed van hierdie verskil in standpunt op die leer aangaande die kerk is onmiskenbaar. In die eerste plek is 'n groot deel van die Roomse leer oor die kerk, die priesterskap, die pous, die sakramente, ens. hoegenaamd nie op die Woord van God gebaseer nie, maar op tradisie en menslike insettinge. Die kerk het as mediator tussen God en die gelowige ingeskuiwe. R. Bellarminus, 'n Jesuïet (1542-1621) maak geen onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk nie. Die pous is volgens hom onfeilbaar in sake betreffende leer en lewe. Die Protestantse opvatting is dat die kerk in wese bestaan in die gemeenskap van almal wat met die bande van die ware geloof verenig is. Tot die kerk behoort al die uitverkorenes, van die verlede, hede en toekoms. Die ware kerk is onsigbaar op die aarde in sy geestelike karakter maar kom as sigbare kerk tot openbaring waar die Woord van God suiwer gepreek, die sakramente suiwer bedien en die Christelike dissipline uitgeoefen word. Alle gelowiges is priesters en nie net die aparte klas van die clerus nie. Ondertussen funksioneer die kerk deur die wettig geroepe ampsdraers in die diens van die Woord, die bediening van die sakramente en die uitoefening van die kerklike tug.

Ons mag nie nalaat om weer goed kennis te neem van wat ons Belydenisskrifte aangaande die kerk na vore bring nie. Vgl. HK. vr. 50; N.G.B., Art. 27-32.

In die Apostolicum bely ons: "Ek glo aan 'n Heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges". Hiermee verklaar ons: (1) Dat die kerk 'n voorwerp van geloof is; sy bestaan, karakter en roeping kan nie bloot uit die ervaring, uit menslike filosofie of deur 'n opname te maak van die werklik bestaande kerke in die wêreld nie. Nee, ons moet basies te rade gaan met die Woord van God, met sy openbaring. Ek glo in God, in Jesus Christus, in die Heilige Gees, die vergewing van sondes, die opstanding van die vlees en die ewige lewe - so glo ek ook aan 'n heilige, katolieke kerk. (2) Daar is dus 'n sodanige kerk, ongeag van wat ons sien of nie in die wêreld sien nie, afgesien van wat mense doen om die kerk te vestig of te verwoes. (3) Dat hierdie kerk heilig is, dit is in Christus sonder sonde, sonder vlek of rimpel, geheilig aan God (afgesonder, eenkant geplaas) en daarom te onderskei van die sondige, onversoende, onwedergebore wêreld. (4) Dat hierdie kerk katoliek is, nie beperk tot enige nasie, tong of taal nie. Dit het alle nasies binne die gesigsveld.

Die Heilige Skrif is ryk aan terme wat die wese van die kerk aandui. Die kerk word die "liggaam van Christus" genoem. Dit is die geestelike liggaam waarvan Christus die Hoof is. Ef. 1:20-23; Kol. l:15-20, 24. Die kerk word ook gesien as die lote van die ware wynstok, Joh. 15:1-5. In Rom. 11 kry ons die beeld van die olyfboom waarop die takke van Jode en heidene ingeënt is, om die kerk van alle eeue te beskrywe. In 1 Kor. 12:12, 13 is sprake van die een liggaam met sy baie lede. Die kerk word ook genoem die tempel van God, die stad van God, die nuwe Jerusalem, die berg Sion, 1 Kor. 3:16, 17; 2 Kor. 6:16-18. Verder ook die woonplek van God, Ef. 2:19-22. Jerusalem daarbo, Gal. 4:26, Vgl. Heb. 12:22, 23. Die kudde van God,

(1 Pet. 5:2). Moeder van die gelowiges (Gal. 4:26). Wie God as Vader het, het die kerk as moeder (Calvyn).

Hieruit, en uit ander plekke in die Heilige Skrif is dit duidelik (1) dat die kerk 'n geheel is met 'n vaste getal lede, waarvan elkeen sy bepaalde plek in die geheel het om in daardie plek diensbaar te wees dat die kerk as geheel aan sy doel sal beantwoord. 'n Tempel is 'n goedgeordende, harmoniese, skone geheel, beheers deur een sentrale motief. Net so met die liggaam. Daar is 'n vaste, presiese aantal ledemate as 'n komplete, perfekte eenheid. Elke lid dien die hele liggaam, presies op sy eie manier en op sy eie plek in die liggaam. So is daar in die kerk nie 'n willekeurige aantal mense, wie se redding deur 'n vrye wilsbesluit van die mens bepaal word nie; dit is 'n skone, harmoniese geheel waarin al die heiliges hulle eie plek inneem tot vervolmaking daarvan, sodat God in Christus verheerlik sal word. (2) Die Heilige Skrif leer ons verder dat die kerk 'n lewende, geestelike organisme is, met Christus as die Hoof en sy volk as die lede. Dit word uitgedruk in die beeld van die liggaam, die wynstok en die lote, en die olyfboom. 'n Horlosie is nie 'n organisme nie, maar 'n meganisme. 'n Eikeboom is 'n organisme. Die wortels, stam, takke en blare is nie meganies bymekaar gevoeg nie, maar het organies, van binne gegroei. So ook met die kerk. In Christus is al die lewe van die lede van die hele liggaam. Van Hom, deur sy Gees, ontvang al die lede hulle lewe en krag. Hy lewe in hulle en hulle lewe in Hom. Sonder Hom kan hulle niks doen nie. Die kerk is daardie skone, harmoniese, geestelike liggaam waarvan Christus die Hoof is en die uitverkorenes die lede, wat daartoe moet dien dat die glorie van die lewe van die Drie-enige God deur Jesus Christus onse Here tot openbaring mag kom.

In werklikheid maak net die uitverkorenes die kerk uit. Ef. 1:3, 4, 11; 1 Pet. 2:4-9; HK., Sondag 21. In die dag van die voleinding sal die kaf van die koring geskei word, die bokke van die skape, die vyf dwase van die wyse maagde.

Ons onderskei die kerk as (a) ecclesia militans. Dit is strydende kerk. Dit is 'n geestelike stryd. Dit kan dus nie vergelyk word met die oorloë en veldslae van hierdie wêreld nie. Die oorwinning word nie bepaal deur die numeriese krag wat die kerk kan monster nie, of deur die sterk toerusting nie. Die kerk stry met geestelike wapens, in die krag van die geloof met die swaard van die Gees, die Woord van God. Israel het wel met fisiese wapens geveg in die Ou Testamentiese bedeling. Dit was tegelyk, waar ander volke met die wapen gekonfronteer is, 'n stryd op die nasionale vlak om die eie volksbestaan. Basies het dit egter, ten spyte van die "fisiese aspek" gegaan om 'n geestelike kragmeting in belang van die koms van die koninkryk van God. Die koning op Sion was 'n tipe van Christus, Jerusalem was die stad van God. Die onderliggende motief van al die haat van die nasies teen Israel, was 'n aanstoking van satan teen die kerk van Christus wat nog sou verskyn in die volheid van die tyd, en teen die Christus van die kerk. Dit is dan ook merkwaardig dat, alhoewel Israel veldslae gevoer het met swaard en spies (fisiese wapens), dit by die uitslag nie die deurslag gegee het nie. Sonder die krag van hulle wapens het God hulle uit Egipteland verlos; God het die mure van Jerigo laat intuimel; Hy het die son laat stil

staan; met 300 manskappe behaal Gideon die oorwinning oor die Midianiete; met ’n klip uit ’n slingervel laat ’n herderseun, Dawid, die magtige stryder van die Filistyne, Goliat, sneuwel. God het die wag gehou oor sy kerk. Israel was ook: op die slagveld nie slegs ’n volk onder die volke nie, maar die kerk van die ou verbond.

In die Nuwe Testament is die kerk nie langer ’n nasie onder die nasies nie. Dit is God se volk wat uit alle nasies geroep is. Dit is die stryd tussen lig en duisternis, Christus en Belial. Ef. 6:10-17. Die strydende kerk voer nie ’n verlore stryd nie. Dit gaan wel deur dieptes heen van smaad terwille van Christus en meermale van vervolging tot die dood toe, en tog is hulle meer as oorwinnaars deur onse Here Jesus Christus. Dit is die geloof wat die wêreld oorwin. Aan Hom is gegee <u>alle mag</u> in die hemel en op die aarde (Matt. 28).

(b) Die <u>ecclesia triumphans.</u> Die kerk wat nog hier op aarde lewe, ken inderdaad ook die oorwinning. Tog word die kerk in die hemel as oorwinnend beskrywe in onderskeiding van die ecclesia militans. Daar is geen aanvalle van satan en sy trawante meer moontlik nie, geen lyde, sorge of dood nie. Diegene wat in Christus ontslaap het, verkeer in die geluksaligheid, al is dit terwyl die dag van die opstanding, van die hereniging van siel en liggaam nog tegemoet gesien word. Hulle is in die paradys, in die vaderhuis met sy baie woninge, in die huis van God wat nie met hande gemaak is nie, ewig in die hemele. Van die strydtoneel van hierdie wêreld is hulle opgeneem in hemelse heerlikheid. Hulle het die kroon van die lewe ontvang. Hulle is met Christus, en hulle dien God in sy heilige tempel dag en nag. Die dag van finale oorwinning sal kom. Paulus skrywe dat die nag ver gevorder het, dit is amper dag. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

(c) Die <u>ecclesia latens.</u> Dit is die kerk wat volgens die raad van God nog gebore moet word om uit die duisternis na God se wonderbare lig geroep te kan word. Met die oog daarop toef die dag van die Here nog om te kom (2 Pet. 3:9). Dit gaan hier nie oor alle mense, hoof vir hoof nie, maar oor die uitverkorenes.

<u>Die toevergadering van die kerk</u> geskied deur die Seun van God deur sy Gees en Woord, van die begin van die wêreld af tot aan die einde. In die gang van die tyd word die kerk uit die hele menslike geslag vergader, uit elke nasie, tong en taal. In elke geslag bestaan die kerk. Die voleinding sal eers kom wanneer geen lid van die liggaam van Christus meer ontbreek nie; dit sal wees die volheid van Israel en die volheid van die heidene, saamgebring in die één kudde van die goeie Herder.

Hierdie toevergadering is God se <u>groot wonderwerk</u> in die geskiedenis, net so groot as die wonder van die skepping. Die menslike geslag uit wie die kerk vergader word, is skuldig, doemwaardig; maar die kerk is die gemeenskap van die regverdiges, die ewig geregverdigdes. Dit is alleen deur die wonder van genade dat God sy kerk bou. Dit kom dus nie tot stand deur die wil en inspanning van die mens nie. Net so min as die skepping die produk is van die koöperasie van God en mens. Die kerk is nie ’n vereniging waarby mense willekeurig aansluit nie. Dit kan nie vergelyk word met ’n religieuse beweging, soos die Mohammedanisme of Confucianisme nie, wat deur

’n sterk persoonlikheid of religieuse fanatikus geïnisieer is wat lankal reeds dood is, maar wie se volgelinge nog deur sy voorskrifte en voorbeeld geïnspireer word. Nee, die kerk is die lewende liggaam van die lewende Christus.

Die kerk word uit alle nasies en tale vergader. Rom. 9:24-26; 1 Kor. 1:9; Gal. 1:6; 2 Thess. 2:13, 14; 2 Kor. 6:17; Ef. 5:14; Joh. 5:25; Joh. 10:16. Die roeping geskied deur Jesus Christus, Hy is Skeppings- en Herskeppingsmiddelaar. Ook in die Ou Testament reeds het die blye boodskap van verlossing en saligheid uitgegaan in die Naam van Christus wat sou kom. Christus vergader sy kerk in die lyn van die geslagte. Reëlmatig word nie los individue uitgelig nie, maar gewerk langs die organiese weg van die verbond van God se genade. In die Ou Testament kom Set, Noag, Sem, Abraham, Isak en Israel in die gesigsveld. Gen. 17:7; Hand. 2:39. Hierdie woord geld vir alle tye: "Ek sal vir jou ’n God wees en vir jou nageslag na jou".

Die kerk ken tweërlei gestalte:

Die onsigbare en die sigbare kerk. Calvyn leer dat die kerk onsigbaar is (a) as ecclesia universalis, omdat ’n bepaalde persoon die kerk op ander plekke en in ander tye nie kan waarneem nie; (b) as die vergadering van die ware gelowiges wat eers by Christus se wederkoms kompleet en sigbaar sal wees; (c) as die vergadering van die uitverkorenes, omdat ons in die kerk die hipokriete nie van die ware gelowiges kan onderskei nie - ons ken immers nie die harte nie; (d) omdat die kerk nie van die wêreld is nie, omdat sy Hoof onsigbaar is, omdat ’n groot deel van die kerk in die hemel is, omdat die kerk tydens vervolginge dikwels in woestyne en spelonke skuiling hou, en omdat die kerk nie in die inwendige geloof van die ware lede waarneembaar is nie. Die kerk is sigbaar omdat dit in belydenis en wandel openbaar word; en as instituut met ampte en bedieninge optree; in hierdie sigbare gestalte bevat dit nie alleen ware gelowiges nie, maar ook hipokriete.

By Rome staan die sigbare instituut allesbeheersend op die voorgrond. Volgens hulle leef Christus as Profeet, Priester en Koning deur die Heilige Gees voort in die kerk en stort Hy al die gawes van sy genade in die kerk uit. Hy deel dit uitsluitend mee deurmiddel van amp en sakrament. Die ecclesia docens met sy hiërargiese inrigting en sy magies genadewerkende sakramente gaan aan die ecclesia audiens vooraf en staan hoog daarbokant uit. Die ecclesia audiens is geheel afhanklik van die ecclesia docens. Dit is wel goed en gewens dat die leke gelowiges sal wees, maar ook al is dit nie so nie, dan bly die ecclesia docens volgens Rome ewegoed die ware kerk. Die kerk het hoe langer hoe meer sakramentkerk geword.

Die Reformatore stel dit só dat die kerk soos hy op aarde bestaan sigbaar en onsigbaar is - dit is die twee kante van die één kerk. Hierdie kerk is onsigbaar omdat hy essensieel geestelik is en as sodanig nie met die fisiese oë gesien kan word nie; verder, omdat dit onmoontlik is om onfeilbaar te bepaal wie wel en wie nie aan die kerk behoort nie. Die eenheid van gelowiges met Christus is ’n mistieke eenheid, die Gees het hulle met mekaar verenig, Hy lê ’n geestelike band. Die geestelike gemeenskap met Christus kan die natuurlike oog nie sien nie. En tog maak dit die

ware forma (ideale karakter) van die kerk uit. Rome het die onmiddellike en direkte gemeenskap met God misken; hulle het tussen in ’n menslike priesterskap en Maria as tussengangers geplaas. Die kerk waarvan die Bybel sulke heerlike dinge leer sê die Reformatore, is nie die kerk as ’n uitwendige instituut nie, maar die kerk as die geestelike liggaam van Christus wat in wese in hierdie bedeling onsigbaar is, alhoewel dit ’n onvolmaakte en betreklike beliggaming in die sigbare kerk het en bestem is om ’n volmaakte sigbare beliggaming aan die einde van die eeue te hê.

Die onsigbare kerk veronderstel ’n sigbare vorm. Soos die menslike siel op ’n liggaam aangewese is, en funksioneer (homself tot uitdrukking bring) deur die organe van die liggaam, so ook die onsigbare kerk wat nie net uit siele bestaan nie, maar dit is mense - hulle het siel én liggaam! Dit vereis noodwendig ’n sigbare vorm in ’n uitwendige organisasie waardeur dit homself tot uitdrukking bring. Die kerk word sigbaar in die Christelike belydenis en gedrag (leer en lewe), in die bediening van die Woord en die Sakramente, en in uitwendige (sigbare) organisasie en regering.

Die kerk as organisme en as instituut.

Dit het te doen met die kerk as sigbare gestalte - twee aspekte daarvan. Dit gaan om die dubbele manier waarop die kerk sigbaar en kenbaar is en hom op die aarde openbaar. Die lewe van die kerk gaan nie geheel en al op in die vergadering wat ons gewoonlik kerk noem en in sy werk nie. Die gemeente van Christus arbei en openbaar hom ook in die hele Christelike lewe, in allerlei verenigingsarbeid, op die terrein van die barmhartigheid, kuns en wetenskap, staat en maatskappy; in dit alles is die kerk - dit is die mense, die gelowiges - werksaam, al geskied dit nie deur, en in aanwesigheid van die besondere ampte, soos wanneer hierdie mense van Maandag tot Saterdag orals in die volle lewe hulle plek inneem. Aan die manier waarop mense wie se name in die kerkboeke staan hulle hier uitlewe word dit ook bevestig dat die kerk uiterlik nie net uit heiliges en wedergeborenes bestaan, soos die Labadiste en Piëtiste beweer nie. Elke gelowige het die amp van profeet, priester en koning (HK., Sondag 12). Op die nuwe aarde sal die besondere ampte verdwyn en sal die kerk alleen as organisme, as die volk van God, leef.

Die amptelike instituering van die kerk op aarde is nie maar ’n toevallige en bykomstige saak nie, maar behoort tot die bestaanswyse van die kerk hier op aarde en moet as onmisbaar en essensieel beskou word. Die besondere ampte funksioneer ook nie net op Sondag in die erediens nie, maar deurgaans, al het dit buite die erediens ’n eie toespitsing (bv. die persoonlike sorg by huisbesoek). In Hand. 2:42 sien ons die kerk as instituut funksioneer; in Kol. 1:18 sien ons die kerk as organisme (vgl. ook Rom. 11; Joh. 15:1-5; Ef. 5:30). Die gelowiges moet elkeen persoonlik die lig van God se genade laat skitter (Rom. 12:4-8; 1 Kor. 12:4-7; Ef. 4:7). Die lewe moet nie institutêr verkerklik word nie. Die gelowiges mag nie onmondig wees nie (1 Pet. 2:15, 16; 3:15; 1 Joh. 4:1). Dit is ’n verkeerde gedagte om te veronderstel dat die predikant of ander besondere ampsdraers die kerk is.

Plaaslike en algemene (universele) kerk:

Plaaslik: Hand. 5:11; 1 Kor. 11:18; Gal. 1:2; universeel: bv. Ef. 1:22; Matt. 16:18. Parogiale gemeentes wat in private huise vergader het, is ook kerke genoem (Rom. 16:55 Kol. 4:15). Die plaaslike kerk is 'n selfstandige openbaring van die één, heilige, algemene kerk. Hulle staan egter nie los van mekaar nie, maar het 'n gemeenskaplike band met Christus; daarom moet die verskillende kerke ook in kerkverband met mekaar saam lewe. Die kerk mag nie met die wêreld of met die volkslewe geïdentifiseer word asof kerk en volk dieselfde sou wees nie. Die kerk mag nie in die volk opgaan nie, maar moet sy eie identiteit behou en so vir die volk tot seën wees. Die kerk moet vir die wêreld tot seën en redding wees (Joël 2:32; Jes. 25:6-10). In hierdie sin is die kerk katoliek, wêreldkerk (vgl. Mark. 16:15; Joh. 10:16).

Die attribute of eienskappe van die kerk

Die attribute of eienskappe van die kerk wat in die apostolicum genoem word, mag nie beperk word tot die kerk in die algemeen nie, maar dit geld ook vir die kerk as instituut en vir die plaaslike kerk:

(1) die eenheid van almal wat deur die Woord van die apostels in Christus glo (Joh. 17:21; Ef. 4:4-6). Ook die plaaslike kerk mag geen ander eenheid ken as die eenheid van die ware geloof nie. Ons onderskei tussen geskeidenheid en verskeidenheid:

(a) Waar 'n pluraliteit van kerke met dieselfde belydenis binne dieselfde volksverband bestaan, is dit sondige geskeidenheid, 'n toestand van verskeurdheid waarin nie berus mag word nie.

(b) God het uit een bloed al die nasies van die mensheid gemaak (Hand. 17:26). Wat God saamgevoeg het, mag die mens nie skei nie. Behalwe die eenheid toon die skepping ook 'n ryke variasie en differensiasie. Wat God geskei het, mag die mens nie saamvoeg nie. Dit is verskeidenheid binne die organiese eenheid, die een bloedgemeenskap in Adam. Hierdie verskeidenheid vereis dat die kerk hom onder die nasies in 'n pluriforme gestalte moet openbaar, met 'n eie karakter, 'n eie vorm en uitdrukking. Die verskillende taal- en volksgroepe moet plaaslik hul eie kerke institueer asook hul eie kerkverband tot op die nasionale vlak. Die ekumeniese verband is dan ewe noodsaaklik om die geestelike eenheid tot openbaring te bring.

(2) die heiligheid, nl. in Christus; afsondering van die wêreld (1 Pet. 2:9). Dit is ook 'n eis vir elke gemeente.

(3) die algemeenheid of katolisiteit. Die kerk is nie beperk tot één plek en één tyd nie. Die plaaslike kerk is deel van die groot geheel, en dit is 'n kerk van vele eeue wat in verskillende wêrelddele tot openbaring kom.

(4) die apostolisiteit. Ook elke plaaslike kerk moet rus op die fondament van die apostels en profete (Ef. 2:20).

(5) die Christelikheid, d.i. die gebondenheid aan Christus. Die kerk wat nie Christelik is nie, is geen kerk nie.

Ware en valse kerk.

Die ware kerk het volgens art. 29 N.G.B. drie kenmerke waarmee dit van die valse kerk onderskei word, tewete die suiwere bediening van die Woord, die suiwere bediening van die sakramente en die suiwere uitoefening van die kerklike tug. Die bediening van Woord en sakramente word die genademiddels genoem, terwyl die bediening van die Woord en die toepassing van die kerklike tug as die sleutels van die hemelryk bekend staan (HK., Sondag 31).

K. Dijk noem as vierde kenmerk van die ware kerk die suiwere bediening van die amp van die gelowiges. Dit het betrekking op die belydenis en die wandel van die kerklede. Hulle moet ware kerk wees en as ware kerk openbaar word in geloof en liefde. Dijk voeg nog 'n vyfde by die notae nl. die suiwere vervulling van die diens van die barmhartigheid, sowel op die eie terrein as in die wêreld waar nood voorkom. Rome en Luther noem nog meer notae. By Rome kom dit neer op die gebondenheid aan die pouslike stoel en aan die uitsprake van die konsilies; dit het gelei tot die onfeilbaarheidsverklaring van die sg. stadhouer van Christus (1870).

Artikels 28 en 29, N.G.B. wat praat van die ware en valse kerk, is 'n belangrike stuk van ons belydenis. Christus waarsku: "Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is" (Matt. 7:15). Die valse kerk word ook in Joh. 16:2 geteken: "Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys". Die valse kerk vervolg die ware gelowiges met vuur en swaard, met banvloeke en verdrukking (vgl. Hand. 20:29). Onder 'n valse kerk het die Reformatore 'n kerk verstaan wat die fondamente van die geloof vervals en nie een wat oor kleinere sake afwykende beskouinge daarop nahou nie. Dit is duidelik dat in 'n sondige wêreld met aanvegtinge van die duiwel, binne die bestek van die ware kerk daar tog nog op kleinere punte allerlei gebreke sal wees, sodat 'n kerk nog tekortkominge mag hê sonder dat dit juis in sy geheel 'n valse kerk hoef te wees. Ons sou ook kon sê dat 'n kerk op sekere punte vals is, sodat[9] dat daardeur die hele kerk absoluut vals is, solank dit die fondamente van die geloof handhaaf. Net so min as wat daar 'n volmaakte Christen in absolute sin op aarde is, net so min is daar volmaakte kerke (vgl. 1 Kor. 11:17-34; Gal. 1:6, 7; 2 Kor. 12:20, 21 en al sewe gemeentes van Klein-Asië in Op.2 en 3). Vir geen enkele oomblik mag die kerk egter in hierdie tekortkominge berus nie. Langs die weg van reformasie moet die volmaaktheid nagejaag word.

Volgens art. 29, N.G.B. is die merktekens van die valse kerk dat dit "aan homself en sy ordinansies meer mag (toeskryf) as aan die Woord van God; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord verorden het nie, maar neem daarvan af en voeg daaraan toe na goeddunke", en "dit steun meer op mense as op Christus (en) vervolg diegene wat heilig lewe na die Woord van God". Art. 7, N.G.B. toon

[9] Moet dit nie lees "sonder" nie?

aan dat die valse kerk in die plek van God se onfeilbare Woord stel "die groot menigte" (groot aanhang) of "die oudheid" (die oudste kerk) of "opvolging van tye of persone" (pouslike suksessie) of kerklike dekrete en verordeninge. Die valse kerk "het die naam dat dit leef en is tog dood" (Op.3:1). In die valse kerk word die mens op die troon geplaas in God se plek (2 Thess. 2:4), daar heers die leuen (2 Thess. 4:9-12; 1 Tim. 4:1, 2; 2 Pet. 2:1-3), daar word Christus as die Seun van God geloën (1 Joh. 2:18-23; 4:1-3).

Christus het Self sy kerk gegrond op en verbind aan die Woord van God (Joh. 17:8, 17) en op die belydenis dat Hy die Seun van God is (Matt. 16:15-18). Die ware kerk is daar waar die kudde van die Here luister na sy stem (Joh. 10:16). Die wat uit God is luister na die woorde van God (Joh. 8:47; vgl. Gal. 1:8). By hierdie ware kerk is elke gelowige "verplig om aan te sluit" (Art. 28, N.G.B.).

In Art. 27, N.G.B. word die kerk aangedui as ’n vergadering van ware gelowiges in Christus. Vgl. ook art. 28, N.G.B. waar die woord "versameling" in hierdie verband voorkom. Vir "versameling" word die woord "congregatio" gebruik. Daarin sit die woord "grex", kudde. Congregatio beteken dat die kudde versamel word.

Vir "vergadering" word die woord "coetus" gebruik - ook Latyn. Coetus is aktief: hulle wat tot ’n kudde versamel word, <u>kom</u> bymekaar. Hulle vorm ’n eenheid en kom in vergadering byeen. Die kerk is dus in die eerste plek ’n <u>versameling</u> van die gelowiges, Jesus Christus, die goeie Herder <u>versamel</u> sy kudde. Ons word toegebring, byeen gebring. Die kerk is die <u>versameling</u> van die gelowiges, die <u>kudde</u> wat deur Christus gevoed en gelei word.

Maar dit hou vir die kerk die roeping in om te <u>vergader</u>. Christus werk die drang om aktief saam te kom. Ons is één in Christus en daarom moet ons ons <u>verenig</u> (art. 28, N.G.B.). Die soek van die eenheid is opdrag kragtens die amp van die gelowiges. Die congregatio moet coetus wees (coetus kom van co-ire: saam kom).

<u>Die regering van die kerk.</u>

Jesus Christus is self Hoof van Sy kerk Ef. 1:20-23. Hy wandel tussen die sewe goue kandelare, Hy hou die sewe sterre (die ampsbediening) in sy regterhand, die hand van sy krag. Hy regeer as Koning sy kerk deur sy Woord en Gees. Hy roep mense in sy diens, ampsdraers. In die Nuwe Testamentiese bedeling was daar aanvanklik <u>buitengewone dienswerk</u> wat Christus nodig geag het vir die stigting en eerste groei van sy kerk, en voorts die gewone wat al heel vroeg <u>ingestel</u> is en wat nog toe voortgaan. Die <u>buitengewone</u> diens bestaan uit (a) die <u>apostolaat</u> wat die fondament van die kerk vorm. Dit is deur Christus self ingestel en met besondere opdragte begiftig. Dit het opgehou om te bestaan toe die kerk gestig was, sy staanplek gevind het as universele wêreldkerk (Luk. 6:12, 13; Matt. 28:19; Hand. 2:43 e.v.; 2 Kor. 1:19 e.v.). (b) die <u>profete</u> (Ef. 4:11, 12), met wie nie die O.T. profete bedoel is nie, maar verkondigers met besondere geestesgawes. (c) Evangeliste (Ef. 4:11, 12; 2 Tim. 4:5), wat rondgegaan het om die evangelie te predik. In verband met die buitengewone kan ook die charismata (besondere gawes en kragwerkinge) van die Heilige Gees

genoem word (vgl. 1 Kor. 12, 14, ens.).

Die gewone ampte:

(a) die ouderlinge word so genoen na analogie van die oudstes in die sinagogediens, o.g.v. die toesig oor die gemeente; gewoonlik opsieners genoem (Hand. 11:30; 14:23; 15:2 e.v.; 16:4; 20:17; 21:18; Fil. 1:1; 1 Tim. 3:2; 5:17, 19; 1 Pet. 5:1; 2 Joh. 1; 3 Joh. l). (b) Die ouderlinge wat arbei in die leer, prediking, onderrig behartig (1 Tim. 5:17), die herders en leraars (Ef. 4:11), die engel van die gemeente (Op.2:1 e.v.) - die latere bedienaar van die Woord, (c) die diakens. In die eerste Christelike kerk was daar van die begin af die diens van barmhartigheid (Hand. 2:44 e.v.; 4:32 e.v.). Die apostels en ouderlinge het dit behartig. In Hand. 6 sprake van die verkiesing van sewe manne. Hulle word nie spesifiek diakens genoem nie. Selfs lees ons by Stefanus en Filippus veel meer van hulle prediking (Hand. 6 en 8) as van hulle diakonale werk. Pas in Fil. 1:1 en 1 Tim. 3:8 e.v. kom die diakens weer na vore. Dan in een asem met die episcopoi [ἐπισκόποι] genoem.

Christus regeer sy kerk deur die diens van mense.

Hierdie gesag het altyd ’n dienende karakter. Die dienaar is ook ’n gewone broeder onder die broeders. Die Gereformeerdes ken dus geen "clems" en geen hiërargie nie. By Rome die papale stelsel. Al vroeg het die eerste opsiener, die "engel" van die gemeente, die episcopus of biskop van Rome ’n besondere plek in die kerk van Christus ingeneem. Van die metropolitaan-kerke (kerke van die hoofstede) het hy met dié van Konstantinopel die meeste invloed gekry. Hy groei in invloed bo lg. uit: (a) Rome het vry gebly van owerheidsoorheersing, die kerk van Konstantinopel in die Ooste nie, (b) In die Ooste het tal van ketterye binne gedring, terwyl die Weste veel meer die ortodokse leer bewaar het. (c) Rome het hom daarop beroep dat Petrus daar gewerk het - die biskop van Rome was dus die "opvolger" van Petrus. Langsamerhand het hierdie geestelike, morele mag ’n juridies-outoritêre karakter gekry - soos die biskop van Rome besluit het, moes dit geld vir die hele kerk; hy word die leier van die konsilies; die opsiener het die vader (papa) van die kerk geword. Daaruit het die pouslike mag ontwikkel. Die primaat van Rome het gelei tot die stadhouerskap van Christus. In die loop van die eeue het hierdie geweldige posisie steeds meer mag gekry, sodat die Vatikaanse Konsilie van 1870 die pous onfeilbaar verklaar het as hy ex cathedra, dus offisieel as pous ’n dogma afkondig. Rome sê die Heilige Gees lei die pous dan só dat hy die leer van die kerk onfeilbaar kan vasstel. Die Roomse kerk word dus van bo af regeer; die pous doen dit deur sy biskoppe en onder hulle deur die priesters. Die kerkvolk is in lewe en in sterwe, van die geboorte tot na die dood aan die priesters gebonde. Die episcopalisme (bv. in Engelse staatskerk) en die Irvingianisme (apostelsekte) beweeg in dieselfde lyn: die gemeente is totaal onderworpe aan die mag van die ampsdraers.

Teenoor die oorskatting en onbybelse verheffing van die amp staan die rigtinge wat die amp, die besondere dienste in die kerk, van weinig waarde ag (onderskat) en die swaartepunt in die gemeente lê wat moet beslis. By die Kongregasionalisme: die kerk is ’n volkome onafhanklike kongregasie van mense wat soveel "gemeentes" kan vorm as wat hulle self begeer — ag hulle nie gebonde aan meerdere vergaderings nie. So

soek die independentisme die selfstandigheid van elke kerk, volkome vry. Die kollegialisme beskou die kerk as 'n kollege wat by 'n gewone menslike verdrag gevorm word; die swaartepunt lê in die mag van die hoëre besture. By die territoriale stelsel word die kerk aan die gesag van die landvors gebind: cuius regio illius religie; die vors as die hoof van die volk beslis nie alleen oor die "stoflike" lewe (politiek, sosiaal ens.) nie, maar ook oor die kerk (die geestelike lewe). Die gereformeerdes kies kant teen die papale stelsel, omdat die mag in die kerk gesien word as 'n dienende en nie as 'n heersende mag nie, geheel onderworpe aan die Woord van God, die gemeente het onder leiding van die ampte medeseggenskap in 'n mate. Aan die ander kant word die onderskatting van die amp en van die gesag van die meerdere vergaderinge verwerp; Christus het immers hierdie dienste ingestel en aan die "bedienaars" hulle bevoegdhede en outoriteit toegeken. Hulle is aan Christus verantwoording verskuldig, hulle oefen hulle diens nie uit by die grasie van die gemeente nie, al verkies die lidmate hulle, maar alleen deur die genade en die opdrag van die Koning van die kerk; die gemeente moet hom, tensy die gehoorsaamheid aan die Hoof van die kerk in die gedrang kom, aan hulle bestuur onderwerp. So die ewewig tussen die gesag van die amp en die bevoegdheid van die gemeente (die amp van die gelowiges).

Daar is kerkrade en meerdere vergaderings.

1 Tim. 4:14; Luk. 22:66; Hand. 22:5: die "gesamentlike ouderlinge", die presbuterion [πρεσβυτέριον] was die oorspronklike naam vir die Joodse sanhedrin. Dit het oorgegaan op die presbiters van die Christelike kerk wat 'n kollege gevorm het. In Hand. 15 weinig lig oor wat ons 'n sinode of konsilie noem: die kerke in Klein-Asië het by monde van Paulus en Barnabas aan die gemeente in Jerusalem, en meer in besonder aan die apostels en die oudstes die destyds brandende vrae voorgelê betreffende die gebondenheid van die Christene uit die heidene aan die seremoniële wette van die ou bedeling. Hand. 15 leer ons dat van meet af die kerkverband in ere gehou is. Die taak en bevoegdheid van die plaaslike kerk as ecclesia completa word erken, selfs van "die gemeente wat in jou huis is" (Kol. 4:15; Filem. 1:2). Op.1: Christus tussen die sewe kandelare: die katolisiteit wat saambinding inhou. Hierdie eenheid bring die noue kerkverband mee en daaruit kom wat ons noem die meerdere vergaderinge voort. In die presbiteriale sisteem van kerkregering ken ons die kerkrade, klassikale vergaderinge, partikuliere, nasionale en algemene sinode; die vergaderinge is met gesag beklee, deur Christus daaraan verleen, nie hiërargies nie, maar dienend en in volstrekte gehoorsaamheid aan die Woord van God. Elke kerklike vergadering het 'n gesag na sy eie aard. Die eenheid van die kerk en die selfstandigheid van die plaaslike kerke moet mekaar deur die krag van die Heilige Gees in ewewig hou.

Die mag (roeping, taak) van die kerk. (potestas ecclesiae).

Dit was deur die eeue nie altyd dieselfde nie. Eers die vader (pater-familias); by Israel die Äronitiese priesterskap (in volkslewe die teokratiese koningskap); na Pinkster,

universele wêreldkerk. Eers die mag by die apostels - besit die sleutelmag om te bind en te ontbind. Om dit te kan doen ontvang die kerk die gawe van die Heilige Gees wat in alle waarheid lei (Matt. 16:19; 18:18; Joh. 16:14; 20:23). Die potestas dra van die begin af ’n dienende karaktar. So die kudde versorg (Joh. 21:15-17). Die diens waardeur Christus sy ryk laat kom en die Heilige Gees die volbragte versoening toepas en uitwerk in die harte en in die lewe van hulle wat burgers van hierdie ryk mag wees.

Die gesag van die owerheid

(1) Het ’n ander oorsprong - dit kom op, met sy ordeninge, uit God se algemene genade. Dié van die kerk uit die besondere genade, en God se ewige verkiesing.

(2) Die owerheid se uitgangspunt is alle mense, sonder onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges. Die kerk gaan uit van die Versoening in Christus, van die koninkryk van die hemele wat nie van hierdie aarde is nie.

(3) Die omvang en sfeer verskil: die staat omvat almal wat in ’n bepaalde land woon; die kerk is die vergadering van die gelowiges. Die staat beweeg in die sfeer van die burgerlike gemeenskap, die kerk het te doen met die heilige terrein van die gemeenskap van die heiliges.

(4) Die mag en magsmiddele verskil. Die owerheid het ’n dwingende mag en hanteer die wêreldlike swaard; die kerk het ’n geestelike, dienende mag, sy wapen is die swaard van die Gees, d.i. die Woord van God.

(5) Onderskeid in die taak en doel van kerk en staat. Die kerk moet die koms van die koninkryk van die hemele in die vergadering van die gemeente en in die belydenis van die waarheid dien. Die owerheid moet hierdie "koms" ook bevorder, maar dan in die herstel en die handhawing van God se regsorde in die burgerlike lewe. By alle verskil staan kerk en staat nie los van mekaar nie.

Die kerke van die Reformasie het die papale gesag van Rome verwerp en geleer dat die mag van die apostels met inagneming van hulle heel besondere posisie, oorgegaan het op die kerk en sy dienare (ampsdraers) wat in die Naam van die Here die sleutels bedien, nie heersend nie, maar dienend, nie absoluut nie, maar altyd kondisioneel (Matt. 20:25, 26; 1 Tim. 3:15).

Ons onderskei wat die diens, die bediening deur die ampte betref

(a) die ministerium doctrinae of docendi.

(b) die ministerium gubernationis waaronder ook val die ministerium disciplinae en

(c) die ministerium misericordiae.

Dit is m.a.w. die profetiese, koninklike en priesterlike diens. Die drie ampte moet onderskei, maar mag nie geskei word nie. Hulle het uit die apostelskap verbesonder in drie dienste wat ten nouste met mekaar verbonde is. Die dienaar van die Woord oefen met die ouderlinge in die regering van die kerk en selfs in die prediking ook die koninklike mag uit en in sy gebed as tolk van die gemeente, by die siekbed ens.,

tree hy as priester vir die volk op. Die ouderling wat regeer, is in die huisbesoek ook besig met onderwysing, en ook hy mag priesterlike werk verrig, terwyl die diaken in die uitdeling van die gawes en in die besteding van die gelde ordenend en beslissend moet optree en in sy trooswoorde uit die Heilige Skrif diens lewer as brenger van die blye boodskap. Die swaartepunt lê by elk van die drie ampte volgens sy eiesoortigheid anders, tog is die werk van die kerk in sy diepste wese één omdat dit die opdrag van Christus is wat daardeur sy ryk laat kom.

Wat behels die drie dienste?

A. Die profetiese: (a) die verkondiging van die Woord van God na binne en buite (kerkdienste, evangelisasie, sending). (b) die onderrig in die Woord van God in die kategese en deur die applicatio specialissima in die pastoraat, (c) die bely van die waarheid van God as reël vir die eie lewe en as apologie vir die wêreld om daardeur die stryd te voer vir die waarheid en teen die dwaling (1 Tim. 3:15). (d) in alles te doen wat op sy weg mag lê "tot opleiding tot die diens van die Woord en die toetsing, keuring van hulle wat die predik-amp begeer. Hierby moet die Belydenis sterk spreek, nie as norma normans nie (d.i. die Heilige Skrif alleen), maar as norma normata.

B. Die koninklike: (1) die regering van die kerk volgens 'n goeie orde wat daarvoor vasgestel is. (2) die lei en wei van die skape volgens die bevel van Christus. (3) die arbeid van die kerklike vergaderinge. (4) die dissipline of kerklike tug wat oor leer en lewe gaan (Matt. 18:15-18; 1 Kor. 5:2; 11:28; 2 Kor. 2:5-10; 2 Thess. 3:6, 14; Titus 3:10; 2 Joh. 10; Op.2:2, 14, 20, 24.

C. Die diens van barmhartigheid: (1) Steun aan nooddruftiges. (2) hulp aan oues van dae, gesinne ens. (3) sorg vir siekes. (4) hulpbehoewendes buite eie kring. Die kerk moet hom nie laat betrek waar hy van Christus geen taak as instituut ontvang het nie. Oor die hele linie van kerkwees moet gedurig reformasie volgens die riglyne van Skrif en Belydenis deurgevoer word.

Die genademiddels

Wat is genademiddels?

Dit behaag God om in die reël die uitdeling van die genade aan die gemeente van Christus te bind. Of God, soos Zwingli leer, sy verkiesende genade ook onder die heidene laat werk, kan ons hier buite bespreking laat aangesien dit uitsonderingsgevalle op die oog het. Die kerk is die gemeenskap, die moeder van die gelowiges. God rig sy verbond met die ouers en in hulle met hul kinders op. Hy deel sy weldade uit in die weg van die verbond. In hierdie sin is die kerk as gemeenskap van die heiliges die groot genademiddel waarvan Christus Hom van sy welbehae bedien om sy uitverkorenes te vergader van die begin tot die einde van die wêreld. (H. Bavinck, Geref. Dogmatiek IV, 426 e.v.). Die kerk het dus wel deeglik die salus electorium op die oog. Dit is nie die enigste rede vir die bestaan van die kerk nie; dit dien ook tot volmaking van die heiliges, tot opbou van die liggaam van Christus, tot prediking van die Evangelie aan alle nasies, tot verheerliking van God. Maar die kerk is dan tog ook daar om hier op aarde die heilige kring te vorm waarbinne Christus al

sy weldade, ook die van die wedergeboorte, meedeel. Om die kerk daartoe in staat te stel, het Hy sy Gees aan die kerk geskenk, stort Hy allerlei gawes in die kerk uit, stel Hy dienste (ampte) in die kerk in, vertrou Hy die bediening van Woord en Sakramente aan die kerk toe. Dit is almal middele wat Christus gebruik om die wat die Vader aan Hom gegee het toe te vergader en tot die ewige saligheid te bring.

God kan dit natuurlik ook anders doen. Hy wil egter dat dit langs die weg van die middele wat Hy verordineer het, sal geskied. Die genade wat God in die weg van sy genade verbond aan sy volk uitdeel, kom nie alleen in ’n sekere orde nie, maar ook in ’n van God geordende weg tot die mens. God maak dus in die toepassing van sy heil aan die mens gebruik van middels om die geloof in ons te werk en te versterk (vgl. Sondag 25, HK.). Onder genademiddels word hier nie verstaan alle middels wat God aanwend in die toepassing van sy heil nie, maar alleen die middels van Woord en Sakramente omdat hulle spesifiek elemente van die genadeverbond is. "By means of grace are not meant every instrumentality which God may please to make the means of spiritual edification to his children. The phrase is intended to indicate those institutions which God has ordained to be the ordinary channels of grace, i.e., of the supernatural influences of the Holy Spirit, to the souls of men". (C. Hodge, Systematic Theology, III. 466).

Die Roomse kerk sluit "by "genademiddels" ook sekere kerklike plegtighede in. Die verskil tussen die gereformeerdes en die Roomse Kerk bestaan hierin:

1. dat hierdie genademiddels vir ons middele is waarvan die Heilige Gees, en vir Rome middele waarvan die kerk hom bedien, en

2. dat hierdie genademiddele vir ons by die Woordbediening bestaan In die bediening van die Doop en Nagmaal, terwyl Rome hierdie middele aanmerklik verveelvoudig het (tot sewe).

Wat punt 1 betref: volgens Rome is die kerk, soos dit oor die hele aarde onder die "hoogheid" van die pous as wêreldkerk in die sigbare optree, één goddelike organisme waarin alle kragte van die verlossing en die genade inbegrepe is. God het dit aan die kerk gegee, sê Rome; wie dit wil ontvang, moet dit van die kerk aanneem. Ons spreek van genademiddele waardeur nie die kerk nie (al is die kerk tot die diens geroep), maar waardeur die Heilige Gees die genade bedien. Die diens van die Woord en van die Sakramente vermag niks in die genadewerk, tensy God die Heilige Gees Self hierdie middele gebruik om reddend, wederbarend en versterkend te werk nie. Rome daarenteen beweer dat in die kerk self, as goddelike organisme, die bonatuurlike kragte gedeponeer is; die kerk besluit oor die mag van die Heilige Gees, het dit altyd tot sy beskikking, en deel also self genade uit. Hier staan die kerk dus in feite tussen God en die gelowige in, en die gelowige het alleen deur die kerk met God gemeenskap. God het alleen met die gelowige gemeenskap deur die kerk. Ons sê dat die Heilige Gees Self die Werker bly; sonder hierdie werking is daar nie sprake van enige genadewerking nie. Christus bly in sy verhoging Self die Hoof van sy kerk, Hy regeer Self, en laat die Heilige Gees werk, nie soos die kerk goed vind

nie, maar soos Hy wil!

Die teëspoed van Rome is die geesdrywers wat teenoor die kerk standpunt inneem. Hulle standpunt is dat die Heilige Gees Hom nie alleen nie aan die kerk gebind het nie, maar dat die Heilige Gees heeltemal buite die kerk om werk. Hulle misken die bediening van die genademiddele. Sg. "ingewing" en "visioen" kom in die plek daarvan: die regstreekse inwerking en inspraak van die Heilige Gees. Rome bind dus die werking van die Heilige Gees geheel en al aan die werking van die kerk; die geesdrywers maak hierdie werking van die Heilige Gees geheel en al los van die kerk; die gereformeerdes sien dit so, dat die Heilige Gees sy werking deels regstreeks en deels deur die middel van die kerk laat plaasvind. Dit is die Heilige Gees wat Hom van genademiddele bedien. Wat deur hierdie middele aan te wend gewerk word, is volstrek nie al werk wat die Heilige Gees verrig nie. Die Heilige Gees werk ook sonder middele wanneer bv. die herskepping van die dood in die lewe plaasvind, soos by die skeppingswerk alle middele uitgesluit was. "While the spirit can and does in some respects operate immediately on the soul of the sinner, He has seen fit to bind Himself largely to the use of certain means in the communication of divine grace" (L. Berkhof: Systematic Theology, p. 604).

Die verkondiging van die Woord as genademiddel.

As genademiddel kom die Woord hier hoofsaaklik ter sprake vir so ver dit verkondig word. Hoewel God, in die toepassing van sy heil nie aan die middel van die Woord gebind is nie, is dit tog sy wil dat die geloof in die reël alleen deur die verkondiging van die Woord gewerk word. (Sondag 25, HK. Hier word baie duidelik gespreek van "die verkondiging van die heilige Evangelie". Dit impliseer die kerk as instituut, die ampsbediening, en dan meer bepaald die diens van die profetiese amp, die diens van die Woord). Die Woord - dit is die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament. Die Heilige Skrif is onmisbaar. Die kennis daarvan en sy binding hang onlosmaaklik saam met die ware godsdiens.

Die kerk het ’n baie duidelike opdrag a.g. die Woord ontvang. Matt. 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". Markus 16:15: "En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom". Die dissipels het daarmee erns gemaak om die opdrag uit te voer. Vgl. bv. 1 Kor. 2:1, 2: "En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde". Die krag van die Woord is onmiskenbaar. Rom. 1:16: "want dit is ’n krag van God tot saligheid (redding) vir elkeen wat glo..." 1 Kor. 1:21, 23, 24. Heb. 4:12: "Want die woord van God is lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..." Psalm 119 en een dankbare loflied oor die krag van God se Woord. Jeremia 23:29: "Is my woord nie só, soos ’n vuur nie, spreek die Here, en soos ’n hamer wat ’n rots vermorsel nie? Daar skuil goddelike krag in die Woord, krag tot redding en saligheid. Hand. 25:17,

18; 2 Tim. 3:15, 16; 1 Pet. 1:23.

Die middel waardeur die Heilige Gees die geloof werk, is die verkondiging van die Evangelie. Rom. 10:14, 17: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in Wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat spreek? Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God". Dit behaag die Heilige Gees om deur middel van die prediking van die Evangelie mense tot die geloof te bring. Daarvan is die bekering van die mense op Pinkster ook ’n duidelike bewys. In Hand. 2:14 e.v. staan Petrus se preek op die Pinksterdag opgeteken, In vers 37 lees ons: "Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref..." "en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring" (vs. 41). D.m.v. die prediking van die Evangelie deur Petrus is ook die heidense hoofman Cornelius tot die geloof gebring (Hand. 10). D.m.v. Paulus se prediking is die hart van Lydia tot; die geloof geneig (Hand. 16:14). Die Heilige Gees kan nooit van die Woord losgemaak word nie en omgekeerd. Waar die Woord is, is die Gees. Waar die Evangelie gepreek word, daar werk die Heilige Gees deur die Woord. Waar die Woord geken word, sy lig helder skyn, daar is lewe in die kerk. Vgl. tyd en Reformasie (Sola Sacra Scriptura). "Wherever the reading and preaching of the Word was unrestricted, there light, liberty and true religion prevailed, in a proportionate degree. Wherever the Bible was suppressed and the preaching of its truths was forbidden, there the darkness continued and still abides". Die bediening van die Woord, die getroue verkondiging van die volle raad van God het met die Reformasie weer die sentrale plek gaan inneem. "At the Reformation, when the chained Bible was brought from the cloisters, given to the press, and scattered over Europe, it was like the bright rising of the sun: the darkness was dissipated, the Church arose from the dust, and put on her beautiful garments, for the glory of God had arisen upon her". (C. Hodge, Systematic Theology, III, p. 469/470).

Daar is twee eensydighede: (a) Nomisme in sy verskillende vorms soos Judaïsme, Pelagianisme, Semi-Pelagianisme, Arminianisme, Neo-nomianisme en Rasionalisme. Hulle standpunt is dat die Woord slegs intellektuele, morele en estetiese invloed kan laat geld. Hulle aanvaar nie die bonatuurlike werking van die Heilige Gees deur die Woord nie. Die waarheid, geopenbaar in God se Woord, het net deur morele oorreding enige resultaat. Die Pelagianisme en Rasionalisme ag die werking van die Heilige Gees in die werk van die verlossing nie noodsaaklik nie; die meer gemagtigde Nomisme soos die Semi-Pelagianisme, Arminianisme en Neo-nomianisme meen die morele invloed van die Woord is onvoldoende, sodat dit deur die werk van die Heilige Gees aangevul moet word. (b) Antinomianisme. God se Woord hierby nie so noodsaaklik geag nie. D.i. mistisisme - die humen intemum; verwag dit van die onmiddellike werking van die Heilige Gees. Hulle slagspreuk: die letter maak dood, maar die Gees maak lewendig. Paulus se bedoeling is iets anders: hy handel hier oor die wettisisme (vgl. Calvyn, Institusie, I, hf. 9). Ons is hier in die geselskap van die geesdrywers, die Anabaptiste wat die genademiddele oorbodig ag.

Teenoor hierdie twee uiterste standpunte handhaaf die Reformatore dat die Woord

alleen nie genoegsaam is om die geloof en die bekering te werk nie (dit sit per slot van rekening nie in die middel self - ex opere operato - nie). Die Heilige Gees kan, maar doen nie gewoonlik nie om sonder die Woord te werk nie. Die Woord en die Gees gaan hand aan hand. Die Woord is die skepping van die Heilige Gees, is deur Hom ingegee (2 Tim. 3:15, 16), dit is sy instrument. Vgl. Hand. 16:14. Die Heilige Skrif is nie maar net deur die Heilige Gees geïnspireer nie, maar dit word voortdurend ook deur Hom gedra bewaar en kragtig gemaak. Wanneer die Gees van God in en deur die Woord werk, dan is dit kragtig - vir die gelowige tot 'n opstanding, vir die ongelowige tot 'n val (Heb. 4:12). Die "lewende woord van God wat tot in ewigheid bly" noem die apostel Petrus die onverganklike saad van die wedergeboorte - "en dit is die woord wat aan julle verkondig is" (1 Pet. 1:23-25). Die woord werk die geloof (Rom. 10). Die mens is dood in die sonde, verduister in sy verstand en onwillig om te glo. Die Heilige Gees wat onwederstandelik werk, bring hom tot geloof. Deur die verkondiging van die Evangelie word die geloof dan ook versterk. 1 Pet. 2:2: "en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei". As ons ongereeld en ongesond eet, kan ons nie goed groei nie.

Die Heilige Gees is Self die Toespreker in die Woord. Hy verlig die verstand en bring die wil, Hy maak die hart soos 'n weltoebereide akker om die saad te ontvang. Van hierdie werking van die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart, spreek ons Belydenis o.a. in vr. 21, HK.

Daar moet op gelet word dat <u>die onderskeiding</u> tussen <u>wet en evangelie</u> nie dieselfde is as die tussen Ou en N.T. nie. In die O.T. kom ook die blye boodskap van genade en verlossing na vore; dink bv. aan die moederbelofte (Gen. 3:15); die seremoniële wet en orals in die profesieë soos Jes. 53; 54; 55:1-3, 6, 7; Jeremia 31:33, 34; Eseg. 36:25-28. Die evangelie weerklink dwarsdeur die O.T. en bereik sy klimaks in die Messiaanse profesieë. Ons mag ook nie sê dat daar geen wet in die N.T. is nie, of dat die wet nie van toepassing is in die Nuwe-Testamentiese bedeling nie, Jesus predik die blywende betekenis van die wet. Vgl. Matt. 5:17-19; Rom. 8:4; 13:9; Jak. 2:8-11; 1 Joh. 3:4; 5:3.

Marcion (die Gnostieke, Manigeërs e.a.) het Ou en N.T. teen mekaar uitgespeel. Marcion het die eenheid tussen Ou en N.T. verbreek. Die Ou Testamentiese God is volgens hom die hardvogtige God wat hy verwerp. Die ander God, dié van die N.T., noem hy melior Deus, die goeie God wat hy aanvaar. Laasgenoemde het die evangelie bekend gemaak. Hy het Hom geopenbaar in Christus wat 'n nuwe ryk gestig het. Polycarpus noem hierdie Marcion wat in die tweede eeu na Christus gelewe het, die eersgeborene van die Satan.

Deur die wetsprediking moet ons ons sondige aard hoe langer hoe meer leer ken sodat ons des te begeriger sal wees om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek, (vgl. vr. 115, HK.). Die ais van God se wet as reël van dankbaarheid moet gepreek word. Hierdie prediking van God se vloek op die sonde moet altyd weer uitdryf tot Christus, anders laat dit die mens wanhoop vanweë

sy toestand van verlorenheid.

Die boodskap van die genade is die grondgedagte van die Heilige Skrif. Dit is vervat in die Ou en N.T. en is in sy hoogste openbaring in Christus dieselfde as wat dit reeds in die paradys was. Dit moet deur die geloof aangeneem word. Wie nie glo nie is vir ewig verlore want ongeloof is om God tot leuenaar te maak en om die groot genade wat in Christus verskyn het, te verwerp en te verag (Joh. 3:36; Luk. 14:15 e.v.).

Die Sakramente

Let op art. 33 N.G.B.: "Ons glo dat ons goeie God deur ag te gee op ons stompsinnigheid en swakheid, vir ons die Sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou. Hy het dit by die woord van die Evangelie gevoeg om des te beter aan ons uiterlike sinne voor te stel wat Hy ons te kenne gee deur sy Woord sowel as wat Hy inwendig doen in ons harte, deur vir ons vas en seker te maak die saligheid wat Hy ons meedeel. Want dit is sigbare waartekens en seëls van ’n inwendige en onsigbare saak deur middel waarvan God in ons werk deur die krag van die Heilige Gees. So is dan die tekens nie tevergeefs en ledig om ons te bedrieg nie, want hulle waarheid is geleë in Jesus Christus, sonder Wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees. Verder is ons tevrede met die getal van die Sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons verorden het, wat net twee is, naamlik die Sakrament van die Doop en van die heilige Nagmaal van Jesus Christus".

Die naam Sakrament.

Die woord kom nie in die Heilige Skrif voor nie. Dit is gevorm van die Latynse woord "sacrare", om te heilig. Die uitgang "mentum" van sacramentum wys op die middel - waarmee ek dit doen. Sacramentum is dus in die eerste plek ’n middel waarmee iets geheilig word. Die Sakramente behoort tot die middele van die genade wat God in sy diens gebruik.

Die woord is vroeër ook gebruik vir ’n krygseed wat by die vaandel afgelê is. "Sacramentum dicere" het beteken om ’n eed te neem. Art, 34 N.G.B. spreek van die Heilige Doop en sê o.a. dat ons "van alle ander volke en vreemde godsdienste afgesonder word om geheel en al sy eiendom te wees en sy merk en vaandel te dra".

Ons is dus krygsknegte van Jesus Christus.

"Sacramentum" het by die Romeine oorspronklik ’n som geld aangedui wat in ’n regsgeding deur die twee betrokke partye by die priester gedeponeer is. Ná die hofuitspraak is die geld van die een wat gelyk gegee is, teruggegee terwyl die ander party sy geld ingeboet het. Hierdie geld is "sacramentum" genoem omdat dit bestem was om ’n soort versoenende offer aan die gode te wees - dus vir ’n sg., "heilige" doel.

Die woord het by Christene in gebruik gekom (a) na aanleiding daarvan dat dit ’n militêre term was wat die eed aangedui het waarmee die soldaat onderdanigheid aan

sy bevelhebber belowe het. By die Doop wat in die eerste tyd toe die apostels uitgegaan het (Matt. 28:19; Mark. 16:16), aan talle volwassenes bedien is, en deur ons ook aan bekeerde volwassenes bedien word (vgl. die Formulier vir die Doop aan volwassenes), belowe die Christen gehoorsaamheid aan die Here (die kindjie van die verbond neem dit wat sy ouers belowe het, later, by sy belydenis op hom om gehoorsaam te wees as soldaat onder die bevel van die Opperbevelhebber, Jesus Christus), (b) In die spesifiek religieuse betekenis het die Woord "sacramentum" in sirkulasie gekom toe die Vulgaat dit gebruik het om die inhoud van die Griekse woord mustêrion [μυστήριον] weer te gee. Dit beteken 'n geheim, iets waaroor 'n mens ingelig moet word. In die Vulgaat word mustêrion in Ef. 1:9; 3:9; Kol. 1:27; 1 Tim. 3:16; Op.1:20; 17:7 met sacramentum vertaal. Alle religieuse rites en seremonies, die teken van die kruis, salwing met olie, ens. is Sakramente genoem (vgl. H. Bavinck, Geref. Dogm., IV, p. 443). Lombardus (die eerste persoon wat van sewe sakramente praat) verklaar: "Sacramentum est sacrae rei signum ... Sacramentum est invisibilis gratiae visibilis forma". Drt kom dus by die gebruik van 'n krygseed deur die soldaat by die vaandel, sodat Tertullianus die Christen by voorkeur as krygskneg van Christus algeheel aan Hom toegewy, gekwalifiseer het.

Dit is moontlik dat die Griekse woord mustêrion i.v.m. die Sakramente gebruik is omdat die gebruik daarvan verlangs aan sommige misterieë van die Griekse godsdienste laat dink. Die godsdiens-oefeninge was net vir gedooptes toeganklik - dit het enigsins 'n misterieuse karakter verkry.

Die betekenis van die Sakramente

Dit is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verdeel; naamlik dat Hy ons vanweë die enige slagoffer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk. (Antw. 66, Hk.)

Die Sakramente is tekens. In die Heilige Skrif gee God meermale 'n teken aan die gelowiges - dit boodskap die waarheid en betroubaarheid van sy beloftes. In die paradys is die vrug van die boom van die lewe 'n teken van die waarheid en betroubaarheid van God se belofte van die ewige lewe (H. Bavinck, a.w. p. 453). Aan Noag: die reënboog is 'n waarborg, 'n teken van God se belofte dat Hy nie weer deur 'n vloed al wat op die aarde lewe sal verderf nie, dat voortaan ook, so lank die aarde bestaan, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie sal ophou nie. Van die belofte dien die reënboog vandag nog vir ons as teken. Aan Abraham toon God die sterre wat hy nie kon tel nie; so talryk, het God gesê, sal sy nakomelingskap wees. Verder sluit God met Abraham 'n verbond waaraan die besnydenis as teken verbind word. Later gee God aan Israel, by die uittog uit Egipte, die Pasga as teken en bevestiging van sy verbond. In die woestyn skenk God, op weg na Kanaän, ook tekens en wonders, soos bv. manna uit die hemel, water uit die rots. Die Here het die woorde van die profete en later van die apostels ook bevestig met tekens en wonders. Die Sakramente is ook tekens. Tekens dien om iets te

verduidelik. Die Sakramente sê niks nuuts nie, dit voeg niks toe aan die Evangelie nie. God benadruk in die Sakramente op sigbare wyse wat Hy in sy Woord reeds gesê het. Dit is aanskoulike onderrig. In die Sakramente stel die Here ons sigbaar voor oë wat Hy in die Evangelie aan ons belowe. Die Heilige Gees wat die Goddelike Leermeester van die kerk is, weet dat aanskoulike onderwys van die grootste betekenis is. Die Sakramente het 'n bepaalde beteke(n)-nis en telkens wanneer hulle gebruik word, het God vir ons deur die Sakramente iets te sê. Vgl. wat die Doop betref, vr. 69, HK. en wat die Heilige Nagmaal betref, vr. 75, HK. Christus het dit Self so ingestel. Dit is heilige tekens. Heilig beteken: afgesonder, vir die diens van die Here bestem. Dit is en bly gewone water, brood en wyn, maar by die bediening van die Sakramente is dit heilige tekens. Dit is sigbare tekens. Die woord weet hou in Latyn (video) ook die gedagte van sien in. Van video kom visie, visioen ens. God wil ons dinge laat sien. Hy toon aan ons wat Christus vir sondaars gedoen het, sodat ons deur die geloof sal weet.

Die Sakramente is seëls. Die beloftes van die Evangelie word nie slegs gesimboliseer, afgebeeld nie, maar ook gewaarmerk en bekragtig. Soos 'n staaf goud. Dit is egte goud. Die waarmerk van egtheid skep dit nie om in goud nie maar bevestig. Soos 'n brief van 'n Eerste Minister of koning, wat ook die seël dra, 'n Seël is meer as 'n teken. Dit is 'n waarborg, 'n Testament het waarde deur die verseëling. God het sy Testament gegee. In die Sakramente het ons die verseëling. "Die seëls, wat aan die oorkondes en ander offisiële stukke geheg word, is op sigself niks; immers, hulle sou tevergeefs daaraan geheg wees, as daar niks op die papier gestaan het nie; nietemin bevestig en verseël hulle wat geskrywe is, wanneer hulle by die geskrifte gevoeg word"(Calvyn). Die Sakramente is pande wat die genade wat God ons meedeel as vas en seker tot ons ewige saligheid by ons inskerp. "So is dan die tekens nie tevergeefs en ledig om ons te bedrieg nie, want hulle waarheid is geleë in Jesus Christus, sonder Wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees", N.G.B., art. 33). Die beloftes van God het op sigself geen seëls nodig nie, maar daar word om ons ontwil seëls aangeheg, sodat ons in die geloof versterk kan word dat hierdie beloftes gewis aan ons geskenk is. Hoe diep het God Hom in die Sakramente na ons neergebuig! "Ons glo dat ons goeie God deur ag te gee op ons stompsinnigheid en swakheid, vir ons die Sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goedheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou". Watter getuienis het ons meer nodig?

As betekende saak noem die Woord van God die vergewing van die sondes deur die bloed van onse Here Jesus Christus. Sonder Christus sou die tekens ydel wees en ons bedrieg, maar nou is hulle vol inhoud wat God daaraan gegee het. Sowel by die Doop as by die Nagmaal gaan dit om die reiniging deur die bloed van Christus, om sy voldoening waardeur ons met God versoening gekry het. Teken en betekende saak mag nie geskei word nie.

Die Woord en die Sakramente

Die Woord rig hom tot ons oor en die Sakramente rig hulle tot ons oog. Oë en ore

is die poorte wat toegang verleen tot die hart. Die duiwel weet dit ook. Hy wek sondige gedagtes op; daarom is die wêreld vol valstrikke. Die strewe is om oog en oor te bekoor. Die duiwel buit die model uit wat God by die skepping gegee het. Hy kan nie "oorspronklik" wees nie.

So werk die Heilige Gees ook. Daarom moet God se Woord gepredik word. Hy rig Hom deur die Woord van God tot ons oor en werk in die harte van die uitverkorenes sodat hulle in Christus sal glo. Die Heilige Gees gebruik die Sakramente om deur middel, van die oog ons te bewerk sodat ons sal sien wat Christus vir ons gedoen het, sodat aan ons voor oë gestel sal word die ryke betekenis van sy voldoening vir sondaars. Hier wei die siel met 'n verwonderende oog.

A. Punte van ooreenkoms: (1) Dieselfde Outeur. God het beide daar gestel as middele van sy genade. (2) Dieselfde inhoud. (3) Dit moet deur die geloof wat 'n gawe van God is (Ef. 2:8) ons toegeëien word.

B. Punte van verskil (onderskeid), (1) T.o.v. die onmisbaarheid. Die Woord is absoluut onmisbaar, die Sakramente nie (daarom hoef ou en siek mense nie noodwendig nagmaal te gebruik nie; kinders wat sterwe sonder om gedoop te wees, gaan nie noodwendig verlore nie. Die Heilige Skrif leer dat ons deur die geloof salig word. (Joh. 5:24; 6:29; Hand. 16:31). Die Sakramente bring nie die geloof tot stand nie maar veronderstel die geloof. Die Sakramente word in die kring van die volk van God bedien (Hand. 2:41; 16:14, 15, 30, 33; 1 Kor. 11:23-32). Daar is diegene wat gered is sonder dat hulle die Sakramente gebruik het. Dink bv. maar aan die gelowiges vóór die tyd van Abraham en aan die boetvaardige misdadiger aan die kruis. (2) T.o.v. hulle doel: deur die Woord word die geloof .erewerk en versterk - die Sakramente dien net tot versterking van die geloof. (3) T.o.v. die uitgebreidheid: Die Woord moet in die hele wêreld uitgaan terwyl die Sakramente alleen aan diegene wat in die verbond is, lidmate van die kerk is, bedien word.

Die Sektes maak alleen gebruik van die Woord en ag die Sakramente gering. As die sondaar maar net "bekeerd" is; 'n metodis sou eintlik by sy bekering direk kon sterwe. Die kerk met sy ampsbediening word gedevalueer. Die Metodisme was in sy geskiedenis nie daarop ingestel om die stroom van die geestelike lewe wat opgewek is, in 'n gesonde kerklike bedding te laat vloei nie. Die toeleg is nie soseer 'n kerklike nie, maar 'n revivalistiese Christendom. Die leer van die genadeverbond word prysgegee. Dit is dan te begryp dat die tekens en seëls van die verbond dan ook in die suiwer Skriftuurlike sin in die slag sal bly. Bavinck wys op die verswakking van die Sakramentele waarde van die Doop by die Metodisme, wat 'n verkeerde praktyk as gevolg het. Die kinderdoop word dan nog wel uit gewoonte behou, "maar het geloof in zyn sakramentcele kracht; en waarde was verkwene".

Teenoor Rome het die kerke van die Reformasie steeds die prioriteit van die Woord van God beklemtoon. Rome se kontensie is dat die Sakramente alles bevat wat nodig is vir die verlossing van sondaars - dit het geen verklaring (prediking) uit die Woord nodig nie. Die Woord is dus as genademiddel oorbodig. Rome maak 'n skeiding

tussen Woord en Sakramente. Die Sakramente word bedien, ook as die Woord nie gepredik word nie, selfs aan sterwendes tuis. Vir Rome het die Sakramente, net soos pille, genesende, reddende krag. Hulle is gevul net genade en help daarom altyd. Die diens van die Sakramente neem by die Roomse Kerk 'n veel groter plek in as die diens van die Woord.

Die Reformatore sê die Woord is onmisbaar. Sommige Lutherane gaan van die gedagte uit dat 'n spesifieke genade, anders as die wat deur die Woord gewerk word, deur die Sakramente die mens toekom. Die Gereformeerdes in die algemeen verwerp dit. Die ganse, ryke, volle Christus, na sy goddelike en menslike natuur, met sy Persoon en werk, in die staat van vernedering en in die van verhoging, is die betekende saak in die Sakramente. Die Sakramente skenk geen enkele weldaad wat nie ook uit die Woord van God deur die geloof alleen ontvang word nie. Daar is nie 'n aparte doops-genade of 'n aparte nagmaalsgenade nie. Hierin moet ons ook van A. Kuyper wat wel in die rigting pleit, standpunt inneem. Terwyl die Woord sonder die Sakramente kompleet is, is die Sakramente nooit kompleet sonder die Woord nie.

In die Sakramente kom die Evangelie tasbaar, sigbaar tot ons. Dit is <u>afbeelding</u> van die genade. Maar nou moet ons daarmee volstaan. Van God mag ons nooit enige afbeelding maak nie. Die tekens wat God self ingestel het, het ons nodig en niks meer nie. Anders gaan ons op die pad van eiesinnige godsdiens. Vgl. HK. vr. 66, Sondag 35; Art. 33 N.G.B. Die genade word deur die Sakramente nie net afgebeeld nie, maar ook bevestig, gewaarborg, verseël. Die besondere krag en betekenis van die Sakramente is daarin geleë dat dit Jesus Christus vir ons op 'n ander wyse as in die lewende verkondiging van die Woord, maar in direkte verbinding en volkome harmonie daarmee, verkondig en so die Woord bevestig. In Rom. 4:11 sê Paulus van Abraham: "En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof...." Ons het reeds beklemtoon dat die Sakramente wesenlik niks anders as die Evangelie bring nie. Dit verkondig Jesus Christus as Redder en Verlosser. Die materia interna in die Sakrament, die onsigbare saak wat daarin afgebeeld en verseël word, is die verbond van die genade, Gen. 9:12, 13; 17:11; die geregtigheid van die geloof, Rom. 4:11, vergewing van die sondes, Mark. 1:4, Matt. 26:28, geloof en bekering, Mark. 1:4; 16:16, gemeenskap aan Christus, aan sy dood en opstanding, Rom. 6:3 e.v.; aan sy vlees en bloed, 1 Kor. 10:16 ens. (H. Bavinck, a.w., p. 455 ). Christus is met al sy weldade en seëninge immers die Middelaar van die genadeverbond, die Hoof van die gemeente, die ja en amen van alle beloftes van God, die inhoud van sy woord en getuienis, die wysheid, geregtigheid, heiligmaking en verlossing van die gelowiges, die profeet, priester en koning in Wie God alleen al sy genade meedeel en wat gister, vandag en in ewigheid dieselfde is.

Dit moet vas staan dat die taak van die Sakramente niks anders is as die van die Woord van God nie, naamlik dat dit Christus aan ons verkondig en voorstel en in Hom die skatte van die hemelse genade. Maar hulle skenk niks en is nie van enige

voordeel nie, tensy hulle deur die geloof aangeneem word. Net soos wyn of olie, of enige ander vloeistof, al word dit in 'n groot maat uitgegiet, tog sal wegvloei en verlore gaan, wanneer die mond van die vat nie geopen is nie, en die vat self, hoewel aan alle kante oorgiet, tog sonder inhoud en leeg sal bly staan (Calvyn Institusie, IV, 14, 17).

Die aantal Sakramente.

Vgl. H. Bavinck, a.w., p. 469 e.v., waar die sewe Sakramente van Rome, tewete die doop, vormsel, eucharistie, bieg, oliesel, ordening en huwelik bespreek word. Ons aanvaar net die Sakramente wat as sodanig deur God ingestel is, tewete die Doop en die Nagmaal, soos daar in die O.T. die besnydenis en die Pasga was. In die Nuwe-Testamentiese bedeling nie meer bloedstorting nie, omdat Christus sy versoeningsbloed eens en vir altyd aan die kruis vergiet het (Heb. 9:24-26; 10:10-14). Die Doop en die Nagmaal beeld die genade af wat Christus borgtogtelik vir ons deur sy kruisdood verwerf het. Dit kan nie van bv. die priesterordening, die huwelik, konfirmasie van lidmate (vormsel) gesê word nie. Rome beweer dat elkeen van die sewe Sakramente wat hy bedien, 'n eie genade meedeel. Hulle spreek van 'n gratia sacramentalis, d.w.s. 'n genade wat wel deur die Sakrament, maar nie deur die Woord aan ons geskenk word nie. Die gereformeerdes leer dat die genade deur God uitgedeel word nie per verbum et sacramentum nie, maar cumverbo et sacramento. Die Sakrament besit geen "miraculeuse", saligmakende krag nie. Die taak van die Sakramente is niks anders as die van die Woord van God nie, naamlik dat dit Christus aan ons verkondig en in Hom die skatte van die hemelse genade (Calvyn, a.w., IV, 14, 17). Daaraan is geen verborge krag verbonde of vasgeheg waardeur hulle op hulleself ons die gawe van die Heilige Gees sou skenk, soos die wyn in die beker aan ons gegee word nie, want van Godsweë is aan hulle slegs die taak opgelê dat aan ons die goedertierenheid van God jeens ons betuig en bevestig, en nie verder van nut is as slegs wanneer die Heilige Gees daar by kom om ons verstand en hart te open en ons geskik te maak om hierdie getuienis aan te neem nie. (Calvyn, idem). Ofskoon ons nie ontken dat God Self deur die baie kragtige werking van sy Gees sy instelling steun nie, sodat die bediening van die Sakramente wat Hy verordineer het, nie onvrugbaar en ydel sal wees nie, beweer ons tog dat die innerlike genade van die Heilige Gees, soos dit van die uiterlike bediening te onderskei is, afsonderlik oorweeg en oordink moet word. God skenk dus in waarheid al wat Hy deur die tekens belowe en afbeeld, en die tekens mis nie hulle uitwerking nie, sodat bewys word dat hulle Outeur waaragtig en getrou is.

Die besnydenis in die O.T. en die doop in die N.T. sien op die wedergeboorte, Terwyl die Pasga in die O.T. en die nagmaal in die N.T. op die heiligmaking sien. Dit dek die hele veld van die geloofslewe; ons het niks meer, geen addisionele Sakramente nodig nie. Die band tussen die Sakramente en Christus is net so sterk as die band tussen die Woord en Christus. Christus kom insgelyks in die gewaad van die Woord en van die Sakramente. Die Sakrament is 'n sigbare teken van 'n heilige saak, 'n sigbare gedaante van 'n onsienlike genade (Augustinus).

Die Gereformeerdes minimaliseer, devalueer geensins die waarde en betekenis van die Sakramente nie. Veeleer hou ons staande dat veragting van die Sakramente ons voor God skuldig stel en dat die Sakramente dien tot versterking van die geloof, van die gemeenskap met Christus, tot vernuwing van die verbond met God en tot vermeerdering van die broederlike liefde. As belydenisakte van die kant van die gelowiges stel die gebruik van die Sakramente ook in die lig dat die lede van die kerk die volk van God, die gemeente van Christus en die gemeenskap van die heiliges is. Calvyn beskou die Sakramente as belydenisakte, maar dit is allereers divinae in nos gratiae testimonia externo signo confirmata - tekens en seëls van die beloftes van God in sy Woord. Die tekens doen alleen ’n ministeriële diens. Die Sakrament gee ’n afbeelding en versekering van die handeling van Christus. Dit is sigbare, tasbare evangelie. Vgl. 1 Joh. 1:1: "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe ... vs. 3; wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle". Die Heilige Skrif leer dus dat die "sien" en die "tas", net soos die "hoor" van groot betekenis is.

Rome spreek naas die Sakramente ook van die Sacramentalia. Hulle sê die sakramente is deur God, die sacramentalia deur die kerk ingestel; e.g. werk deur die krag wat God daaraan verleen, lg. deur die voorbede en voorbede en seëning deur die kerk; e.g. bewerk onmiddellik die mens se innerlike heiliging, lg. dra slegs daartoe by deur ondergeskikte genade te verleen, asook die bewaring vir tydelike onheile; die sakramente is noodsaaklik volgens God se gebod, die sacramentalia word as nuttig en heilsaam deur die kerk aanbeveel. Tot die sacramentalia behoort voorwerpe soos kerke, altare, priesterlike klere, kelke, kolke, water, olie, sout, brood, wyn, ens., wat deur die kerk gewy en vir godsdienstige gebruik afgesonder word, en verder die handelinge van die kerk as hy besweer en seën ten einde sake en persone aan die boosaardige invloed van die duiwel te onttrek en op die heilige erf van die kerk oor te bring. (H. Bavinck, a.w., IV, p. 469, 470). Rome erken dat die sakramente en die sacramentalia onderskei moet word, maar voeg tog daarby dat die Sacramentalia hierin gelykenis met die sakramente vertoon dat hulle "ex institutione Christi" ontstaan het.

Hierdie instelling van die Sacramentalia deur die kerk hang saam met die opvatting van die verhouding tussen die kerk en die wêreld wat eie is aan die Roomse Kerk, Die kerk is volgens hulle die heilige terrein terwyl die wêreld die sfeer is waar sonde en duiwel heers.. En nou vorm die Sacramentalia die groot omheining waardeur die kerk van die wêreld afgeskei word, terwyl die sakramente die middele is waardeur God die lede van die kerk heilig en die bonatuurlike genade meedeel.

Die heilige DOOP

Analogieë van die Christelike Doop. (a) By die heidendom. In die tyd van Christus se omwandeling was dit nie heeltemal iets nuuts nie. Aan die water van die Eufraat, Indus, Ganges ens. is ’n versoenende krag toegeken. Daar het ’n vorm van doop voorgekom o.a. by die Egiptenaars en Perse. Dit het te doen gehad met sg.

godsdienstige reinigings. Dit was nog meer opvallend in Griekse en Romeinse godsdienste. By die Griekse en Romeinse misterie godsdienste was allerlei wassinge gebruiklik. Soms het dit die vorm aangeneem van 'n bad in die see, soms is 'n simboliese handeling van besprenkeling uitgevoer. Tertullianus sê dat soms die gedagte van 'n "nuwe geboorte" aan die doop verbonde was. (b) By die Jode. Hulle het baie seremoniële reinigings en wassinge gehad, maar dit het nie 'n sakramentele karakter gedra nie; dit was geen tekens en seëls van die verbond nie. Die sg. proselietedoop het meer aan die Christelike doop laat dink. Wanneer heidene in die geledere van Israel opgeneem is, is hulle besny en, ten minste in latere tye, ook gedoop. Hierdie doop was 'n soort van seremoniële wassing, in 'n lyn met die ander reinigings. Dit word soms gesê dat die doop van Johannes van die proselietedoop afgelei is, maar dit was nie die geval nie. Dit was Israel slegs te doen om 'n seremoniële reiniging om iemand sy plek in die Joodse gemeenskap te gee. Hierteenoor het die doop van Johannes te doen gehad met die oorgang in 'n nuwe bedeling, 'n nuwe lewensfeer, die naamlik van duidelike voorbereiding vir die koms van God se koninkryk. Maar wat meer is: Johannes se doop kon nooit beskou word as 'n blote seremonie nie. Dit het op die reiniging van die hart van die smet van die sonde gesien. Deur die ernstige prediking (bekeer julle!) wat daarmee gepaard gegaan het, het dit nie gedaal tot die vlak van 'n blote opus operatum (dit wat rus op die volbragte handeling self nie).

Die verband tussen die doop van Johannes en die van Jesus.

Die Roomse Kerk (vgl. Canones van Trente) verwerp die gedagte dat die doop van Johannes wesenlik dieselfde betekenis inhou as die van Jesus. Rome beskou die doop van Johannes as suiwer heenwysend. Diegene wat so gedoop was, moes weer gedoop word (aldus Rome) ten einde die ware doopsgenade te ontvang. Dit konform die Roomse dwaalleer dat die doopformule 'n soort towerformule is en die doop 'n soort towermiddel as sou dit die water self wees wat die sonde afwas, wat reinig van die erfsonde, en wat die wedergeboorte werk. Die ouer Lutherse teoloë het gesê die doop van Johannes en die van Jesus is identies t.o.v. die deel en uitwerking daarvan, terwyl latere Lutherse teoloë dit nie so aanvaar het nie. Die Gereformeerdes is van opvatting dat die doop van Johannes en die van Jesus in wese dieselfde is, al is daar kleiner punte van verskil. Die doop van Johannes en die Christelike doop (1) is deur God Self ingestel (Matt. 21:25; Joh. 1:33); (2) dit het te doen gehad met 'n radikale verandering van die lewe (Luk. 1:1-7? Joh. 1:20-30); (3) dit het in 'n sakramentele verband gestaan met die vergewing van sondes (Matt. 3:7, 8; Mark. 1:4; Luk. 3:3; vgl.. Hand. 2:28) en (4) albei het met water geskied.

Daar is egter verskil: (a) Die doop van Johannes het nog tot die ou bedeling behoort; dit het dus vooruit gewys na Christus, (b) Dit lê die hoofnadruk, in harmonie met die bedeling van die wet in die algemeen, op die noodsaaklikheid van berou, maar nie met uitsluiting van die geloof nie. (c) Dit was net vir die Jode bedoel en het daarom eerder met die Ou Testamentiese partikularisme verband gehad as met die Nuwe Testamentiese universalisme, (d) Die Heilige Gees was nog nie in sy

pinkstervolheid uitgestort toe Johannes gedoop het nie; die Christelike doop sou, na die volbragte werk van Christus, in die teken staan van die werk van die Heilige Gees as die Toepasser van die heilsweldade.

Die instelling van die Christelike doop.

G.C. van Niftrik druk dit so uit dat die Christelike doop gefundeer is in die doop van Jesus aan die kruis tot vergewing van sondes. As die sy van Jesus deurboor word, kom daar bloed en water uit (Joh. 19:34). Van Niftrik sê die doop word hier ingestel; die doop is in die gebeure van Golgota gefundeer (Kleine Dogmatiek, p. 330). Hy toon die eksegetiese gronde vir sy stelling nie aan nie. Ons wil toestem dat as Christus se versoeningsbloed nie op Golgota gestort is tot vergiffenis van ons sondes nie, daar geen sprake sou kon wees van die wedergeboorte tot 'n nuwe lewe in die genade van God nie. Of die water uit die sy van die Middelaar dan gesien kan word as sprekend van die water wat die sigbare teken by die doop is, sal eksegeties moet uitgemaak word.

In Matt. 28:19, 20 (vgl. Markus 16:15, 16) word die groot opdrag aan die kerk voorafgegaan deur die proklamasie: "Aan My is gegee alle mag (outoriteit) in hemel en op aarde". Beklee met die volheid van sy Middelaarsgesag het Hy die Christelike doop ingestel en dit so bindend gemaak vir alle komende geslagte. Hieruit is duidelik: (a) Die dissipels moes in die hele wêreld uitgaan en die evangelie aan alle nasies predik; so sal mense tot bekering gebring word en sal Jesus as die beloofde Verlosser wat gekom het, erken en aanbid word. (b) Hulle wat Christus deur die geloof aangeneem het, moes gedoop word in die Naam van die Drie-enige God, as 'n teken en seël van die feit dat hulle in 'n nuwe verhouding tot God te staan gekom het en as sodanig verplig is om te lewe volgens die wet van die Koninkryk van God. (c) Hulle moes onder die "bediening van die Woord gebring word, nie net as 'n proklamasie van die blye tyding nie, maar as uiteensetting van die verborgenhede, die voorregte en verantwoordelikhede van die nuwe verbond. Ter bemoediging van die dissipels voeg Jesus die woorde by: "En kyk, Ek (wat met gesag beklee is om hierdie bevel te gee) is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld!" (Matt. 28:20). Die gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gee meer te kenne as dat dit op bevel van God of tot belydenis van sy Naam moet geskied. Dit wil sê dat die dopeling in betrekking tot en in gemeenskap met die God gestel word wat Hom as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar het en dat die dopeling nou op grond daarvan ook verplig word om die Naam te bely en te verheerlik. Die doop is aanvanklik meer met Christus in verband gebring (Hand. 10:48; Rom. 6:3; Hand. 2:38; Hand. 19:3). Om gedoop te kan word was geloof in Christus van die begin af nodig; die doop is immers die teken en seël van die vergewing van sondes. Dit kan alleen deur die geloof aangeneem word. Die Geestesdoop wat op die Pinksterdag plaasgevind het en die doop wat in daardie fase van vestiging van die kerk deur besondere toerusting van die diensknegte van Christus (profete, apostels, evangeliste) plaasgevind het toe daar begiftiging was met buitengewone charismata van die Heilige Gees, was iets besonders. Die reël was die

doop wat na bekering en belydenis van die geloof in Christus, plaasgevind het. Dit is spesifiek aan die apostels opgedra om te doop "eis to onoma tou patros kai tou huiou kai tou hagiou pneumatos" [εἰς τὸ ὄνομα τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου πνεύματος]. Die Vulgaat vertaal die woorde "eis to onoma" met die Latyn "in nomine", Luther met "im Namen". Die woorde beteken dus "op gesag van die Drie-enige God". Die voorsetsel "eis" (in) kan weergegee word met "in verhouding tot" of "in belydenis van geloof in Iemand en in volstrekte gehoorsaamheid aan Iemand". Allen sê in sy kommentaar op Mattheüs: "The person baptized, was symbolically introduced 'into the name of Christ', that is became His disciple, that is, entered into a state of allegiance to Him and fellowship with Him".

Besprenkeling en onderdompeling.

In die loop van die geskiedenis het onderdompeling en besprenkeling albei voorgekom. Naas algehele onderdompeling van die liggaam is daar in die eerste tyd reeds gedoop deur ’n ruime begieting van die hoof. Dit het geskied wanneer persone van albei geslagte, d.w.s. manlik en vroulik tegelykertyd gedoop is, bv. Cornelius en sy huis (Hand. 10:47, 48), Lydia en haar huis (Hand. 16:15), die tronkbewaarder en sy huis (Hand. 16:33), en dan veral by die groot doopbediening op die Pinksterdag toe omtrent 3,000 persone op één dag gedoop is. Dit kan aangeneem word dat die 3,000 nie almal in die water afgedaal het nie, maar dat hulle op die neergeboë hoof ruim met water begiet is.

Die wesenlike saak by die doop is die reinigingsgedagte. Christus het hierdie uitwendige waterbad ingestel en daarby belowe dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem (HK. vr. 69). Die gedagte van reiniging was die eintlike punt van belang in al die wassinge van die Ou Testament en ook in die doop van Johannes (Ps. 51:7; Eseg. 36:25; Joh. 3:25, 26). Die doop is die teken, die beeld van geestelike reiniging (Hand. 2:38; 22:16; Rom. 6:4 e.v.; 1 Kor. 6:11? Titus 3:5; Heb. 10:22; 1 Pet. 3:21; Op.1:5). Dit is die saak waarop dit aankom en nie die vraag of daar by die doop met die hele liggaam onder die water ingegaan word nie. (Tertullianus roep midde in die tweede eeu Gen. 1:2 te hulp om te verklaar dat die Gees steeds met water ’n verbintenis handhaaf: reeds by die skepping het die Gees oor die waters gesweef). Die Baptiste e.a. sê daar moet noodwendig onder die water ingegaan en daaruit opgekom word. O.a. beroep hulle hulle op Mark. 10:38, 39; Luk. 12:50; Rom. 6:3, 4 en Kol. 2:12. Die eerste twee tekste sien op Christus se lyde, terwyl lg. twee tekste wel op die doop sien, maar nie letterlik ’n bevel behels dat dit noodwendig by wyse van onderdompeling moet plaasvind nie.

Luther het voorkeur aan onderdompeling gegee, terwyl Calvyn dit nie as ’n saak van beginsel beskou of daar by die doop onderdompel of besprinkel word nie: "Of hy wat gedoop word, heeltemal onderdompel word, en dit dan driemaal of eenmaal, en of hy slegs met water besprinkel word, is van geen belang nie; dit moet volgens die verskeidenheid van die landstreke in die vryheid van die kerke gelaat word. Ofskoon

die woord doop indompel beteken en dit seker is dat die ou kerk die seremonie van in te dompel onderhou het". (Calvyn, Institusie, IV, 15, 19). Calvyn beskou dit dus as 'n adiaphoron. Daarenteen het die Anabaptisme van die onderdompeling 'n beginsel gemaak, soos vandag nog die Wederdopers, Baptiste en andere doen. Ons handhaaf hierteenoor dat dit nie die hoeveelheid water is wat ons van ons sondes reinig nie, maar die bloed van Christus. Die gedagte van reiniging moet net tot uitdrukking kom - dit is die kern. Jesus het nie 'n duidelike voorskrif in verband met onderdompeling, oorgieting of besprenkeling gegee nie. Die voorbeelde in die Bybel skrywe ook nie 'n sekere modus voor nie. Nêrens word presies gesê hoe dit plaasgevind het nie. Die Baptiste e.a. beroep hulle op die woorde <u>bapto</u> [βάπτω] en <u>baptizo</u> [] wat in die Heilige Skrif vir doop gebruik word. <u>Bapto</u> kom in die Nuwe Testament voor in Luk. 16:24;  Joh. 13:26 en Op.19:13. In hierdie gevalle word nie na die Christelike doop verwys nie. Baptizo [βαπτίζω] beteken nie net onderdompel nie. Albei die woorde kan ook beteken om te was, te baai, om te reinig deur te was. Flavius Josephus verklaar dat baptizein [βαπτίσειν] indompel beteken; verder in die betekenis van te laat sink (bv. 'n skip); in oordragtelike betekenis om te versink (bv. in slaap, in begeertes, ens.). In die Hellenistiese Grieks kom baptein of baptizein selde voor in die betekenis van jou bad of was. In die LXX is baptein die vertaling van die Hebreeuse tabal [טָבַל], indoop of insteek (Rig. 2:14[10]; Jos. 3:15; Lev. 4:6, 17; 11:32[11]). In latere tyd het tabal en dan ook baptizein die tegniese term geword vir die rituele wassinge tot reiniging van Levitiese onreinheid. In die vier evangelies word baptizein deurgaans vir die doop gebruik. In die Griekse vertaling van die Ou Testament kom die woord net éénkeer voor, nl. in 2 Kon. 5:14, maar nie in die tegnies-kultiese betekenis van doop nie. In die betekenis van doop kom dit alleen in die N.T. voor. Die woord druk nie uit dat die liggaam noodwendig heeltemal onder die water gedruk moet word nie. Baptizein word in die Bybel meestal in die tegniese betekenis van doop gebruik, of slegs in kultiese sin soos by Joodse wassinge van hande, bekers, kanne, kopergoed en bedde (Mark. 7:1-8; vgl. Mat. 15:2). In hierdie sin kom dit nie in die LXX of in die profane Grieks voor nie. In Luk. 11:38 word die was van hande 'n doop (baptizo) genoem, Hierdie doop het d.m.v. 'n besprinkeling (Mark. 7:4 — rantizo[12]) of begieting (2 Kon. 3:10, 11; Lev. 15:11, 12) plaasgevind. Die Jode het vir hierdie reiniging deur besprinkeling die term doop (baptizo) gebruik.. Ook die wassery van bekers, kanne, kopergoed en bedde (Mark. 7:4, 8) is d.m.v. besprinkeling gereinig (Num. 19:17-22; Heb. 9:10-22). Daarom kon Jesus net na die opmerking van Luk. 11:38 praat van die Fariseërs wat die buitekant van die beker en die bord skoonmaak., maar van binne vol roof en boosheid is (verse 39, 40) In hierdie beeldspraak verwys Hy na 'n gebruik wat die volk gehad het om bekers en borde te was. Water is daaroor uitgegiet en so is dit van binne sowel as

[10] Moet waarskynlik wees Rut 2:14.

[11] Lev. 11:32 bevat nie die word nie. Lev 9:9; 14:6; 14:16, 51 bevat dit wel.

[12] Die woord rantizo kom nie voor in Mark. 7:4 nie, wel baptizo.

van buite skoongemaak. Die afwisseling van die twee woorde doop en was in dieselfde sinsverband dui daarop dat die twee woorde dieselfde saak beskrywe (vgl. Mark. 7:3, 4; Mat. 15:2; Luk. 11:38). Dat die wassery konsekwent deur onderdompeling geskied het, is hoegenaamd nie bewysbaar nie. Die beddens sou tog seker nie met onderdompeling gewas gewees het nie!

In Heb. 9:10-22 is sprake van wassinge. Dit wys terug na Eks. 40:12, 30-32 en Lev. 8:4-6; dit vind verder noue aansluiting by Lev. 16 en Num. 19. Hier is slegs die hande en voete gewas; die onreine is besprinkel. In Eseg. 36:25, 26, 27 word duidelik van die wedergeboorte gespreek, die "nuwe hart" (daarop sien die doop): "Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen". Die woord wat bv. in Heb. 10:22 met was (luo [λούω]) vertaal word, word elders in 'n ander verband gebruik (Hand. 16:33); dit kan daar hoegenaamd nie onderdompeling beteken nie, aangesien slegs die wonde van Paulus en Silas afgewas is. In Heb. 10:22 word duidelik gestel dat die was van die liggaam 'n aanduiding is van 'n reiniging wat deur middel van besprinkeling (rantizo) plaasgevind het. Wanneer Ananias vir Paulus sê: "Laat jou doop en jou sondes afwas" (Hand. 22:16), dan wys hierdie afwassing na die reiniging deur die bloed van Christus wat steeds as 'n reiniging d.m.v. besprinkeling aangedui word (Heb. 9:9-22; 10:22; 11:28; 12:24; 1 Pet. 1:2). Wanneer Paulus in Titus 3:5 (vgl. Ef. 5:25, 26) praat van die bad van die wedergeboorte verklaar hy dat die vernuwing plaasgevind het deur die Heilige Gees wat God ryklik op ons uitgestort het (vers 6). Die waterbad is 'n teëbeeld of onderpand van 'n uitstorting, en die twee moet volkome ooreenstem (Heb. 8:5), d.w.s. 'n reiniging in 'n waterbad wat d.m.v. 'n uitstorting bewerk moet word. Ons moet daarop let dat Art. 34 N.G.B. van die bediening van die doop as besprinkeling spreek - dit sien op die besprinkeling deur die bloed van Christus ("om daarmee te kenne te gee dat, net soos die water die vuilheid van die liggaam afwas wanneer ons daarmee begiet word - wat gesien word op die liggaam van hom wat die Doop ontvang en wat hom besprinkel - so ook doen die bloed van Christus dieselfde inwendig in die siel deur die Heilige Gees...."). Daar word glad nie na onderdompeling verwys nie.

"Onderdompeling soos sektariërs dit vandag uitvoer, doen afbreuk aan die Bybelse opdrag van "laat jou doop". Die passiewe objek is die dopeling, terwyl die doper die hele handeling moet volvoer. By die onderdompeling-handeling stap by die sektes die dopeling halflyf of selfs tot driekwart toe self die water in, en die doper druk net die res, gewoonlik die kop en skouers, onder die water in. Die dopeling het hom tot driekwart toe self ondergedompel. Die doper moes slegs die res onder die water indruk.

Laat ons onthou dat daar behoorlike besprinkeling moet plaasvind om daarmee die simboliek van die afwassing te behou. (Calvyn, Institusie 4, 15; H. Bavinck, Geref.

Dogmatiek IV, 565), al sou minder besprinkeling nie die wese van die doop kan skend nie, aangesien ons deur die bloed van Christus gereinig word en nie deur die hoeveelheid van die water wat gebruik word nie, (H. Bavinck, a.w. p. 564). "Ofschoon het een adiaphoron is of men driemaal (zoo in de oude kerk) dan wel eenmaal indompelt of besprengt, toch mag de bespренging ook weer niet in zoo geringe mate geschieden, dat elk denkbeeld van afwassching te loor gaat, evenzeer als het H. Avondmaal altoos een maaltyd blyven moet". (A.G. Honig, Handboek van de Geref. Dogmatiek, P. 643).

Besprinkeling is dus net so toelaatbaar as onderdompeling. Baptizo beteken nie net om te onderdompel nie. Hand. 8:36, 38 ("eis" [εἰς]) kan ook so gelees word dat hulle na die water afgegaan het. Dan, al het hulle in die water gegaan, kon dit nog ’n doop met oorgieting gewees het - dus nie noodwendig onderdompeling nie. Water reinig, só reinig die bloed van Christus ons van ons sondes - dit is die punt waarom dit gaan. Die reinigende Gees is op die kerk uitgestort (Joël 2:28, 29; Hand. 2:4, 33).

Wie mag die doop bedien?

Rome sê in ’n noodgeval ook iemand anders as ’n priester, bv. ’n vroedvrou, ook selfs ’n ketter, mits sy kettery nie ’n loëning van die Drie-eenheid inhou nie. In die Heilige Skrif lees ons dat Ananias ’n dissipel, Saulus gedoop het (Hand. 9:10-19) - so kan ons seker uit die verband aflei; Filippus, die diaken (Hand. 21:8) het die kamerling gedoop (Hand. 8:38). Enige gelowige sou onder uitsonderlike omstandighede die doop mag bedien, mits die kerk daartoe langs ordelike weg ’n opdrag sou gee (bv. in tyd van oorlogsontwrigting). In die kerk het die Here aan sy dissipels wat spesiaal daartoe afgesonder was, die opdrag gegee om in die normale gang van sake, die doop te bedien (Matt. 28:19; Mark. 16:15, 16). Ons sê dat die bediening van Woord en Sakrament by mekaar hoort. Dus by die profetiese amp. Dit is nie ’n private aangeleentheid nie. Moet in die openbare erediens bedien word. Ons erken die doop van ander kerke, ook van Rome en van sektes, tensy die Drie-eenheid, soos bv. by die Sociniane en Unitariërs-, geloën word. Die vereiste is dat die doop in die Naam van die Drie-enige God bedien moet word, dat dit net water moet geskied, en dat dit deur ’n persoon wat in sy eie godsdienstige kring daartoe ’n offisiële mandaat het, bedien moet word. In sodanige gevalle erken ons die doop.

Vir wie is die doop bedoel?

Vir die gelowiges en hulle kinders. Die doop van volwassenes: In hulle geval moet belydenis van die geloof voorafgaan (Markus 16:16; Hand. 2:41; 8:37; 16:31-33). Sodanige belydenis van geloof word deur die kerk aanvaar, tensy die kerk grondige rede het om dit in twyfel te trek. Die kerk ken nie die hart nie. Die Labadiste meen hulle kan ’n honderd persent suiwere kerk kry. Die Geref. Kerk doop vandag nog volwassenes, soos daar van die begin van die kerk se geskiedenis na Christus se opdrag in Matt. 28:19 en Markus 16:15 en 16 geskied het. Dit is persone wat tot die geloof in Christus kom (wat nog nie gedoop is nie) en wat, voordat die doop bedien word, hulle geloof bely. Vgl. die Formulier vir die doop van volwassenes.

Die doop van kinders. Vgl. HK. vr. 74. Dr. Hovey, 'n Baptis, skrywe "that only believers in Christ are entitled to baptism, and that only those who give credible evidence of faith in Him should be baptized". Dit beteken dat klein kinders (suiglinge) by die Sakrament uitgesluit is.

Die Wederdopers doop wéér - vandaar die naam. Hulle aanvaar nie dat God sy verbond ook met die kinders van die gelowiges opgerig het nie. Hulle, of sekeres onder hulle, erken wel dat onder die ou bedeling ook die kinders tot die verbond behoort het, maar, sê hulle, dit was net 'n nasionale verbond. Daaraan het alle Israeliete (ook die kinders) behoort. Volgens die Wederdopers behoort tot die genadeverbond van die nuwe bedeling net die gelowiges, d.w.s. die wat hulle geloof reeds kon bely as volwassenes. Daarin is dus vir die kindertjies nie plek nie. Die Wederdopers ag vir die voortgang van God se genadewerk die natuurlike band, die bloedband tussen ouers en kinders van geen betekenis op die erf van die genade nie. Hulle aanvaar nie dat God sy heilswerk, die voltrekking van die plan van sy verlossing voortsit in die organiese ontplooiing in die lyn van die geslagte en dat Hy sy beloftes ook aan die kinders van die gelowiges gee nie. Hulle maak 'n volstrekte teenstelling tussen natuur en genade, tussen skepping en Verlossing, tussen die geskape en verloste lewe. Die natuurlike lewe - dit is die implikasie - is as sodanig sondig en staan buite die genade.

Die Skriftuurlike grond vir die kinderdoop.

Daar is geen letterlike bevel in die Heilige Skrif dat kinders gedoop moet word nie. Nêrens word met soveel woorde gesê dat kinders wel gedoop is nie. Dit maak die doop van kinders egter nog nie onbybels nie. In die Heilige Skrif het die kinders egter ewegoed as die volwassenes die belofte van die afwassing van die sondes deur die bloed en Gees van Jesus Christus. In die kinders kan die saad van die geloof aanwesig wees (Jer. 1:5; Luk. 1:15 ). Die Anabaptiste meen dat kinders, solank hulle nog nie tot hulle verstand gekom het en kan onderskei nie, onvatbaar is vir die genade. So beperk hulle willekeurig die bedeling van die genade. Ons sê dat al kan die kind die daad van die geloof nog nie beoefen nie, hy tog die geloof as hebbelikheid kan besit. Dit kom alles op die vraag aan of die kinders al dan nie in die verbond van God inbegrepe is. Die Heilige Skrif leer dat die kinders van die gelowiges bondelinge is. Hulle het dan ook reg op die doop wat immers die teken en seël van die verbond is wat die beloftes van die verbond verseël. Hulle is in Christus geheilig. Vgl. Art. 34 N.G.B., die Doopformulier (gebed net voordat die doop bedien word), Dordtse Leerreëls I, 17. So het die kerk dit deur die eeue heen verstaan. In 252 na Christus bepaal die sinode van Kartago dat kinders op die tweede of derde dag na hulle geboorte gedoop moet word - 'n bewys dat die kinderdoop reeds algemeen in toepassing was.

Ons let daarop (1) dat die besnydenis ingestel is as teken en seël van die verbond met Abraham (Gen. 17:10). Op die beloftes daaraan verbonde val die nadruk ook in die N.T., Vgl. Rom. 4:16-18; 2 Kor. 6:16-18; Gal. 3:8, 9, 14, 16; Heb. 8:10; 11:9, 10, 13. Die besnydenis hou ook geestelike betekenis in: Deut. 10:16; 30:6; Jer. 4:4; 9:25,

26; Hand. 15:1; Rom. 2:26-29; 4:11; Fil. 3:2. Die belofte van die verbond word selfs die evangelie genoem (Gal. 3:8). Alleen die seuntjies het die besnydenis ontvang - die man is beskou as hoof van die vrou en sy is saam met hom in die verbond ingesluit. Die onbloedige verbondsteken, tewete die doop, het die plek van die bloedige ingeneem omdat die bloed van Christus aan die kruis eens vir al-tyd vergiet is.

(2) Hierdie verbond is nog geldig. Van die kinders verklaar Jesus dat hulle tot sy koninkryk behoort. Daarom behoort hulle ook tot die verbond (Matt. 19:14). Die apostels het die kinders van die gelowiges ook nie as heidenkinders behandel nie, maar as lede van die gemeente, as deelgenote van die verbond. Selfs kinders van 'n gelowige vrou en 'n heidense man noem Paulus heilig (1 Kor. 7:14). Vgl. vr. 74, HK.

Die verbond met Abraham is in wese identies met die "nuwe verbond" van hierdie bedeling. Die eenheid en kontinuïteit van die verbond in beide bedelinge volg daaruit dat die Middelaar dieselfde is: Hand. 4:12; 10:43; 15:10, 11; Gal. 3:16; 1 Tim. 2:5, 6; 1 Pet. 1:9-12; die voorwaarde (d.i. die geloof) is dieselfde; Gen. 15:6; Ps. 32:10; Heb. 2:4; Hand. 10:43; Heb. 11; en die weldade is dieselfde: regverdigmaking (Ps. 32:1, 2, 5; Jes. 1:18; Rom. 4:9; Gal. 3:6), wedergeboorte (Deut. 30:6; Ps. 51:10), geestelike gawes (Joël 2:28, 32; Hand. 2:17-21; Jes. 40:31) en die ewige lewe (Eks. 3:6; Heb. 4:9; 11:10).

(3) God verordineer dat die kinders deel in die weldade van die verbond. In die O.T. moes hulle reeds die besnydenis, direk na die sluiting van die verbond (Gen. 17) as teken en seël ontvang. God werk organies, in die lyn van families en geslagte. In die N.T. word ook van God se volk gespreek (dan nie in die sin van Israel, die volk van die verbond in die O.T. nie!): Matt. 21:43; Rom. 9:25, 26 (vgl. Hosea 2:23,); 2 Kor. 6:16; Titus 2:14; 1 Pet. 2:9 ("'n heilige volk"). In die O.T. is die kinders as integrale deel van Israel as volk van God beskou. Hulle was teenwoordig toe die verbond vernuut is (Deut. 29:10, 13; Jos. 8:35; 2 Kron. 20:13); hulle was ook teenwoordig by die godsdienstige samekomste (2 Kron. 20:13; Joël 2:16). Hulle deel in God se beloftes: Jes. 54:13; Jer. 31:34; Joël 2:28. Jesus en die apostels sluit hulle nie uit nie: Matt. 19:14; Hand. 2:39; 1 Kor. 7:14 (kinders uit so 'n huwelik gebore is heilig, hulle deel in die weldade van die verbond.

"Hagios" [ἅγιος]: "dasz Gottes Heiligkeit ihnen zur Heiligung geworden ist, und sie in die Gemeinschaft des erlösenden Gottes, des Gottes des Heils aufgenommen sind" (Cremer). Vgl. ook DL. I, 17. Die ongelowige party in die huwelik word deur die gelowige in hierdie twee-eenheid geheilig, die kinders uit die huwelik is heilig.

Die kinders van verbondsouers word nie gedoop op grond van 'n veronderstelling (die veronderstelde wedergeboorte) nie, maar o.g.v. die bevel van Christus (Matt. 28:19; Markus 16:15, 16), en o.g.v. wat ons weet, naamlik dat dit 'n kind van die verbond is. God het sy verbond opgerig met die gelowiges en hulle saad, Gen. 17:7; Hand. 2:39. Die kinders moet as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word, (Doopformulier). In die dankgebed by hierdie formulier dank ons God dat Hy ons en ons kinders deur sy Heilige Gees tot lidmate van sy eniggebore

Seun en daardeur tot sy kinders aangeneem het, en dat Hy dit aan ons met die heilige Doop beseël en bekragtig. "En voorwaar, Christus het sy bloed nie minder vergiet om die kindertjies van die gelowiges as om die volwassenes te reinig nie". (N.G.B., art. 34). Die kinders van die verbond merk ons aan as gelowiges, solank die teendeel nie geblyk het nie. Dit wil nie sê dat die kinders van die gelowiges, vir so vér hulle uitverkorenes is, almal reeds vóór die doop tot die wedergeboorte gekom het nie. God is vrymagtig, die Heilige Gees is soos die wind wat waai waar hy wil. Die wedergeboorte kan vóór, onder of na die doop plaasvind. Ons kan nie oor die hart oordeel nie. Ons voer alleen die goddelike opdrag uit in die oortuiging dat God sy beloftes sal waar maak en dat sy trouverbond in ewigheid nie sal wankel nie (Ps. 105:8). Ons glo dat ons en ons kinders as inbegrepenes in die verbond van God se genade deel het aan die genadegoedere in Christus, sonder dat ons oordeel oor die subjektiewe gesteldheid van elke bepaalde dopeling. Dit is nie vir ons om oor die hart te oordeel nie, God alleen is die kenner van die hart.

(4) In die Nuwe Testamentiese bedeling het die doop in die plek van die besnydenis gekom as teken en seël van die verbond. Van die instelling van die besnydenis lees ons in Gen. 17:10-13. By die besnydenis het bloedstorting plaasgevind, net soos by die pasga, waarby 'n lam geslag moes word. Christus het as die Middelaar van die verbond die teken van die besnydenis vervang met die teken van die doop, soos Hy die pasga met die Heilige nagmaal vervang het. Die belydenis sê: "dat Hy afgeskaf het die besnydenis wat met bloed plaasgevind het, en in die plek daarvan verorden het die Sakrament van die Doop" (N.G.B., art. 34). Dat dit geskied het, blyk duidelik uit Kol. 2:11, 12: "in Wie (tewete Christus) julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê deur die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. "Dit blyk hieruit dat ons die geestelike besnydenis ontvang het deurdat ons met Christus in die doop begrawe is. Dit sou nie so gestel gewees het as die doop nie in die plek van die besnydenis gekom het nie. Die Nuwe Testament leer dat die besnydenis sy doel gedien het: Hand. 15:1, 2; 21:21; Gal. 2:3-5; 5:2-6? 6:12, 13, 15. Christus wys die weg met 'n teken en seël in die N.T.: Matt. 28:19, 20; Mark. 16:15, 16. Dit stem ooreen met die besnydenis in sy geestelike betekenis. Die besnydenis sien op die wegsny van die sonde en die verandering van hart: Deut. 10:16; 30:6; Jer. 4:14; 9:25, 26; Eseg. 44:7, 9. So wys die doop op die wegwas van die sonde (Hand. 2:38; 1 Pet. 3:21; Titus 3:5) en geestelike vernuwing (opstanding van die nuwe mens in Christus). Vgl. Rom. 6:4; Kol. 2:11, 12. In lg. teks word, soos reeds hierbo gemeld., besnydenis en doop met mekaar verbind.

Dit is van deurslaggewende belang hoe die kinders in die gemeente beskou word wanneer hulle die heilige doop ontvang. Die kinderdoop kan alleen in volle ooreenstemming bedien word met wat die Skrif ons aangaande die betekenis van die doop leer, wanneer die kerk die kinders sien as inbegrepe in die kerk, as wesenlike deel daarvan, as diegene wat, net soos al die andere in die gemeente eweseer deel het aan al die genadegawes wat Christus aan sy gemeente geskenk en toegesê het. In die

kinderdoop word op onvergelyklike wyse weerspieël dat die ganse heil van die mens in God sy oorsprong en Outeur het. Dit kom in die doop tot openbaring dat nie die menslike wil nie, maar dat God se genadige verkiesing ten grondslag lê aan wat die Here in sy verbond aan sy gemeente wil skenk en deur die doop laat bekragtig. Die verkiesing is die cor ecclesiae. Ook in die doop gee God sy genade nie uit sy hande nie. Slegs aan diegene wat Hy na sy voorneme geroep het, gee Hy in Woord en Sakrament die verseëling van sy genade.

Dit is belangrik om te onthou dat die kinders deel van die gemeente vorm. In die N.T. word die gemeente telkens as God se volk aangedui. 'n Volk bestaan nie net uit grootmense nie! Christus het vir die volk van die "nuwe verbond" sy bloed vergiet. So gaan die belofte van Jeremia 31 in vervulling. Dit gaan om "u en u saad". Die kinders van die gelowiges is ook inherent deel van die gemeente. Dit word deur die doop beseël en bekragtig.

In die tyd van die Reformasie het veral die Anabaptiste die kinderdoop heftig bestry. Hulle het dit daarop gegrond dat die kinderdoop nêrens in die Heilige Skrif geëis of met enige stelligheid gevind word nie. Tweedens: die doop is na sy aard vir die gelowiges bedoel, terwyl, volgens die Anabaptiste, by die klein kindertjies van geloof nog geen sprake kan wees nie. Die Anabaptiste ontken die verband tussen natuur en genade, tussen "vleeslike" en "geestelike saad", soos dit in die kinderdoop en die daaragter liggende verbondsgedagte aan die dag tree. Volgens hulle standpunt bestaan daar 'n teenstelling tussen natuur en genade en kan die natuurlike verhoudinge en verbande in geen enkele opsig as weë of middele beskou word waarvan die Heilige Gees Hom bedien vir die uitdeling van die genade nie.

Karl Barth het ook die kinderdoop verwerp. Hy lê sterk nadruk daarop dat die doop in die N.T. volg op die hoor van die Evangelie en die belydenis van die geloof. Albei hierdie elemente - aldus Barth - ontbreek juis by die kinderdoop. (Vgl. sy "Die Kirchliche Lehre von der Taufe, 'n lesing voor studente in Switserland in 1943). Barth betoog dat 'n onontbeerlike moment in die Christelike doop die belydenis van sy Christelike geloof is wat die dopeling moet uitspreek en sy wens wat hy te kenne moet gee om tot die Christelike gemeente te behoort. Daarom kan die doop nie aan onmondiges bedien word nie. Hy stel die besnydenis en die doop nie op dieselfde vlak nie omdat die volk Israel in die band van die bloed gefundeer is, maar die kerk in die geloof. Die besnydenis kon dus op die agtste dag plaasvind, maar die doop moet eers, volgens Barth, op die belydenis volg. Barth lê die vinger op 'n wond as hy sê dat as die kerk sou wegdoen met die kinderdoop, dit nie langer volkskerk, massakerk sal kan wees nie, en dit wil die kerk nie loslaat nie. Hy vra of die kerk nie veelmeer "Kirche für das Volk" moet wees as "Kirche des Volkes" nie. Hy sê ons moet weer terug na die "verantwoordelike doop". In plaas van 'n passiewe "objek" van die doophandeling moet die dopeling weer 'n vry beslissende "Partner Jesu Christi" wees. 'n Gesin en 'n volk, sê Barth, het geen konstitutiewe betekenis vir die opname in die kerk nie. Dit gaan om die geestelike Israel wat almal omvat wat in geloof die Messias bely het; die ingaan in die kerk geskied nie in stamme en gesinne

nie, maar as persoonlik geroepenes. Barth het dus 'n bepaalde visie op die onverbreekbare korrelasie tussen geloof en sakrament, tussen geloof en doop. Dit bring hom tot die konklusie dat die doop nie aan onmondiges bedien mag word nie. Dit is 'n soortgelyke argument as by die Wederdopers wat aanvoer dat die sakramente vir gelowiges bedoel is, en dat dit, terwyl kinders nog nie kán glo nie, onmoontlik aan kinders bedien mag word. Hy verwerp so iets as 'n fides infantilis. Belangrik is om in hierdie verband te let op wat Calvyn ter weerlegging van die standpunt van die Wederdopers skrywe in sy Institusie IV, XVI, 17, 18 en 19. Hy verklaar dat geloof en bekering nie aan die doop hoef vooraf te gaan nie, maar dat dit genoeg is as die kinders die vrugte van die doop later voortbring. In Inst. IV, 16, 20 spreek hy daarvan dat die kinders gedoop word "tot die toekomstige bekering en die toekomstige geloof". Calvyn het nêrens 'n grens gestel wanneer die mens eers ontvanklik sou word vir die werk van die Heilige Gees nie. Hy het juis fel teen die Anabaptiste en teen Servet gepolemiseer toe hulle aan die werk en die mag en die genade van die Heilige Gees grense wou stel. Net soos by die spiritualistiese Anabaptisme vind ons hier ook die gedagte dat die natuurlike band tussen ouers en kinders geen betekenis vir die genade van God het nie. Die standpunte van die Anabaptiste en Barth vertoon hierdie ooreenkoms: (a) Vir die kinderdoop kan geen Skrifbewys aangevoer word nie. (b) Die belydenis van geloof moet vooronderstelling en vóórvereiste vir die doop wees. (c) Die essensiële korrelasie tussen geloof en sakrament is in die kinderdoop verbreek. (d) Die verhouding tussen ouers en kinders as gegewene van die "natuur" het geen konstitutiewe betekenis vir die verbond nie. Die nadruk val op die atomistiese, die persoonlike. Dit strook met die opset van die dialektiese teologie wat afgestem is op die gedagte van die inslag van die openbaring in die hede, soos die weerlig inslaan, of 'n bom 'n gat in die grond maak.

Volgens Barth is daar, soos ons voorheen aangestip het, 'n beslissende verskil tussen Israel en die kerk. In die kerk van die Nuwe verbond gaan dit nie om opvolging van die geslagte, om bindinge aan familie en volk nie, maar om die aanneem van Jesus "im Leben von einzelven Menschen". Barth slaag ondertussen beslis nie daarin om aan te toon dat die verbondstruktuur van die "jou en jou saad" in die Nuwe Verbond weggeval het nie. Hy kan dit ook nie aantoon met behulp van die teenstelling tussen "natuurlik" en "geestelik" nie, omdat dit in die Ou Verbond in die verbond met Abraham en sy saad juis gegaan het om die geestelike diepte van die verbond. Daarom is dit ook 'n nuwe, 'n vreemde skema wat deur Barth in die beoordeling van die verbond van God ingedra word. Deur daardie nuwe element sien hy in die kinderdoop 'n illegitieme daad: die opheffing van die verskil tussen Israel en die kerk, die teologiese judaïsme.

Dit is wel waar dat die doop van kinders nie in die Heilige Skrif uitdruklik beveel word nie. Maar dit staan daar ook nie met soveel woorde dat die eerste dag van die week nou die sabbat is, en dat vroue ook nagmaal mag gebruik nie. Daar is ook nie 'n bevel dat die kinders van die doop uitgesluit moet word nie. In die Heilige Skrif is daar geen voorbeeld van 'n volwassene wat in 'n Christelike huis gebore is en groot geword het, wat as volwassene eers gedoop is nie.

Die sterkste argument teen die kinderdoop is dat ’n voorwaarde vir die doop die belydenis van die geloof is (Mark. 16:16; Hand. 10:44-48; 16:14, 15, 31, 34). Daar moet goed onthou word dat Mark. 16:15, 16 ’n sendingbevel is. Veral in die eerste tyd toe die dissipels uitgegaan het, ook oor oseane heen, om die evangelie te verkondig, is groot getalle volwassenes, na belydenis van geloof, gedoop soos ons vandag nog doen in die geval van persone wat nie uit die verbond gebore is en wat nog nie gedoop is nie. Hierdie teks sien dus nie op die saak van die doop van kinders al dan nie. Die argumentasie van hierdie dwaalleraars kom daarop neer dat die kinders nie kan salig word nie. Die sillogisme: die geloof is die conditio sine qua non van die saligheid; die kinders kan nog nie blyke van die geloof gee, m.a.w. die geloof beoefen nie; daarom kan die kinders nie salig word nie. Dit sal hulle (die sektariërs) tog ook nie wil beweer nie. Die Anabaptiste sê dat ons by kinders nie sekerheid kan hê dat hulle gelowiges is nie. As dit ’n absolute vereiste moet wees, sal ook volwassenes nie gedoop mag word nie. Al sê ’n grootmens dat hy glo, kan ons nog nie finaal daarop afgaan nie, omdat die mens nie die kenner van die hart is nie.

Vgl. vir die gronde vir die doop van kinders art. 34 N.G.B.; HK. Sondag 27, vr. 74; Dordtse Leerreëls I, 17; Calvyn se Institusie IV, 16:6, 15. Vgl. Doopformulier: "Terwyl die doop in die plek van die besnydenis gekom het, moet die kinders as erfgename van die ryk van God gedoop word". Die kinders word as kinders van die verbond gedoop; hulle moet, as hulle opgroei, die verbondseis uitvoer en hulle reg uitwys. Die doop is ’n teken van afsondering. Ons geloofsbelydenis spreek van die heilige, algemene, Christelike Kerk. So was in die Ou Testament die besnydenis teken van afdondering van die heidene. In die N.T. word die gemeente ook ’n heilige volk genoem (1 Pet. 2:10). Die heiligheid geld die volk, d.w.s. volwassenes en kinders. Die Here het sy bevel aan Abraham, vader van die gelowiges, om aan die klein kinders van die verbond die teken van afsondering te bedien, nooit teruggeneem nie. Daarom volg dit vanself dat die klein kinders van die gelowiges gedoop moet word. In die N.T. is daar sprake van vyf huisgesinne wat gedoop is: Cornelius en sy huis (Hand. 10:2-47); Lydia en haar huis (Hand. 16:15); die sipier (Hand. 16:33); Crispus (Hand. 18:8); Stephanus (1 Kor. 1:16). Petrus beklemtoon op die Pinksterdag dat eweseer as onder die Ou Verbond ook onder die Nuwe die belofte van God sowel aan die ouers as aan die kinders toekom (Hand. 2:39). Deur die doop word ons tot die sigbare gemeente gevoeg (Hand. 2:41, 47? 1 Kor. 12:13, 27). Die gemeente word ook ’n kudde genoem (Jes. 40:11; Jer. 50:45; Miga 2:12; Joh. 10:16; Hand. 20:28, 29; 1 Pet. 5:2, 3). ’n Boer bring sy eiendomsmerk nie alleen aan die groot diere nie. ’n Kudde tel ook kalwers onder hulle, en ook die kalwers in die kudde ontvang die merkteken, ’n Huis, ’n kudde, ’n volk kan nie sonder suiglinge bestaan nie; onder die gemeente is daar ook suiglinge (Joël 2:15-17), die lammers (Joh. 21:15) en die kinders (Ef. 6:1; Heb. 8:10-12; 1 Joh. 2:13) as ’n deel daarvan.

Wie gee nou die mens die reg om die kind af te skeur van die liggaam van Christus, dit is sy kerk? (1 Kor. 12:13, 27). Watter reg het hulle wat die water van die kind weg hou (vgl. Hand. 10:47), terwyl die Heilige Gees ook aan die kind gegee is (vgl. Joël 2:15, 16 met Hand. 2:16, 17, 33, 36, 38, 39). Die Heilige Gees is tog die Gees van die

verbond (Jes. 59:21) en die suigeling behoort ook aan die verbond (Jes. 54:13; 59:21; Jer. 31:33, 34; Heb. 8:10, 11). En as die kind ook in die verbond inbegrepe is en die doop 'n teken van die verbond is (Gal. 3:23-29? Rom. 4:10, 11, 13, 18, 20), watter reg het hulle wat die teken van die verbond aan sommige van die bondelinge weier? Nee, die kinders moet uit krag van die verbond van God gedoop word, op grond daarvan dat God sy verbond met die gelowiges en hulle saad oprig. Ons kinders is in Christus geheilig (vgl. die Doopformulier). So sien ons hulle. Ons merk hulle aan ons gelowiges solank as die teendeel nie geblyk het nie. Daar is, volgens die Heilige Skrif, in hierdie bedeling onkruid tussen die graan. Almal is nie Israel wat uit Israel is nie.

Die sektariërs se standpunt dat die mens eers moet glo, m.a.w. eers moet groei tot volwassenheid sodat hy sy geloof kan bely, en dan mag hy eers gedoop word, impliseer dat 'n suigeling nie kan glo nie. Let op Ps. 71:6: "Op U het ek gesteun van die geboorte af, van die moederskoot af is U my bevryder", Ons mag dit nie afmaak as beeldspraak en niks meer nie. Paulus skrywe dat die ongeveinsde geloof wat in die grootmoeder en moeder van Timotheus gewoon het, ook in hom is (2 Tim. 1:5). Paulus beklemtoon hier die krag van die verbond wat vanaf die grootmoeder heen tot op Timotheus die besit van geloof bevestig. Jesus praat in Matt. 18:5 van kleintjies wat in Hom glo. Elders lees ons: "Uit die mond van kinders en suigelinge het God vir Hom lof berei" (Ps. 8:3; Matt. 21:16). Die verborge werking van die Heilige Gees is reeds in kinders aanwesig. Daar kan tog geen leeftydsgrens vir die Heilige Gees gestel word nie! (Calvyn, Institusie IV, 16, 18, 20; Berkouwer, Kinderdoop, 61). Die krag van God mag nie onregmatig begrens word nie (Calvyn, a.w., IV, 16, 17). Ons dink ook aan Jeremia en Johannes die Doper in wie die Heilige Gees vroeg reeds die beginsel van die nuwe lewe geplant het (Jer. 1:5; Luk. 1:15).

By die doop word die ouers in die geloof versterk - dit is immers verkondiging van die evangelie in sigbare gestalte. Die kinders mag weet as hulle tot hulle verstand gekom het, dat hulle as erfgename van God gedoop is. Ons word nie deur die doop self ingelyf as lidmate van Christus nie; tog is die doop die teken van ons deelgenootskap aan en ons lewende lidmaatskap van die liggaam van Christus.

Die doop moet <u>in die midde van die gemeente</u> bedien word. Die sakrament vorm deel van die openbare erediens. Deur die doop word die inlywing in Christus en sy gemeente verseël. Dit is dus aangewese dat dit in die erediens moet plaasvind.

<u>Wanneer moet die doop bedien word</u>? In die N.T. lees ons dat die doop onmiddellik bedien is as iemand belydenis van die geloof afgelê het. Wat die doop van die kinders betref, meld ons dat die Sinode van Kartago (252) onder voorsitterskap van Cyprianus bepaal het dat die kinders op die tweede of derde dag na hulle geboorte gedoop moes word. Die Griekse kerk het die doop hoogstens tot die agtste dag uitgestel. Die Roomse Kerk dring daarop aan dat die kinders so spoedig moontlik gedoop moet word. So ook die Lutherse en Geref. Kerke. Wat God gebied, moet ons doen sodra die geleentheid daar is. 'n Voorreg wat God aan ons en ons kinders wil gee, moet ons dadelik uit sy hand aanneem, by die eerste geleentheid. Indien 'n

kind sterwe voordat die doop aan hom bedien is, en daar was werklik onnodige versuim van die kant van die ouers, gaan die ouers nie geheel vry uit ten opsigte van die waardering van die doop nie. In die feit dat die besnydenis reeds op die agste dag, dit is sodra die gesteldheid van die kind dit toelaat, moes plaasvind, vind ons 'n aanwysing dat die Here wil dat die beloftes van die genadeverbond so spoedig moontlik aan die kinders van die gelowiges verseël moet word.

Die Heilige Nagmaal

Die doop en die nagmaal. Christus het albei ingestel. Albei is tekens en seëls van die weldade van die genadeverbond. By die doop is die gedagte van geboorte (inlywing in Christus) op die voorgrond, by die nagmaal die gedagte van die opgroei (voeding) en sterker word in Christus. Daarom word die doop slegs eenmaal bedien, aangesien 'n mens net eenkeer gebore (ook wedergebore) word; die nagmaal word egter gedurig weer gebruik omdat die mens wat eenkeer gebore is, gedurig voedsel nodig het om te kan groei, en dat die lewe in stand gehou kan word. By die doop is die mens (kind) lydelik, net soos by die geboorte. By die nagmaal is die mens egter aktief - hy neem die voedsel en eet en drink. As Christus sê: "neem, eet en drink" dan veronderstel dit volwassenheid. 'n Kind kan homself nog nie beproef soos Paulus in 1 Kor. 11:28 beveel nie. Die doop is die teken en seël daarvan dat ons as kinders opgeneem is in die huisgesin van God; deur die gebruik van die nagmaal word ons as kinders gevoed en onderhou in die huisgesin van God. Soos in die natuur skepping en onderhouding van alle lewe van God uitgaan, so is dit ook met die lewe in die genade. God skenk lewe en onderhou dit. Daarmee stem ook die sakramente ooreen: die doop is die sakrament van die wedergeboorte, die nagmaal van die onderhouding, van die voeding van die lewe wat uit God is.

Dis nagmaal moet dan ook 'n maaltyd van vreugde en dankbaarheid wees. Dit is nie 'n begrafnisplegtigheid nie. Die nagmaal sê G.C. van Niftrik, word wel op 'n slagveld gevier, maar dit is 'n slagveld waarop die oorwinning reeds behaal is. Dit is die maaltyd van gemeenskap met die opgestane Here wat tot ons kom met die volle seën van sy volbragte werk. Die nagmaal is gevolglik in die volle sin 'n vreugdemaaltyd, 'n verbondsmaaltyd. Die nagmaal is nie slegs 'n herinnering aan die "historiese Jesus" nie; dit is gemeenskap met die verheerlikte Christus wat 'n ewige Hoë-priester is. Hy tree vir ons in, elke dag opnuut. En die bevestiging daarvan het ons steeds opnuut nodig. Althaus skrywe: Die nagmaal is die toegekeerde sy van die hemelse plekbekleding.

Analogieë van die nagmaal by Israel. Soos daar analogieë van die doop by Israel was, so ook wat die heilige nagmaal betref. By die heidene, maar ook by Israel, is die offers wat gebring is, dikwels vergesel van offermaaltye. Dit was veral kenmerkend van die vredesoffers. Vgl. Lev. 7:28-34 - dit wat oorgebly het, het 'n offermaaltyd gevorm vir die offeraar en sy vriende mits hulle Levities rein was (Lev. 7:19-21; Deut. 12:7, 12: "En daar moet julle voor die aangesig van die Here julle God eet en vrolik wees, julle en julle huisgesinne, oor alles waar julle jul hand aan slaan waarin die Here jou God jou geseën het ..... En julle moet vrolik wees voor die aangesig van die Here julle

God, julle en julle seuns en julle dogters en julle slawe en julle slavinne....". Hierdie maaltye het uitdrukking daaraan gegee dat op grond van die geofferde en aanvaarde offerande God sy volk as gaste in sy huis ontvang en hulle die weelde van sy ryke gemeenskap laat smaak, die gemeenskap van die verbond. Dit was vir Israel verbode om deel te neem aan die offermaaltye van die heidene - dit sou immers uitdrukking gee aan gehegtheid aan ander gode. Eks. 34:15: "Maak tog nie 'n verbond met die inwoner van die land nie! As hulle agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer, dan sal hy jou uitnooi, en jy sal van sy offer eet". Num. 25:3, 5. Psalm 106:28: "Ook het hulle hul aan Baäl-Peor gekoppel en die offerandes aan die dooies geëet".

Hierdie offermaaltye wat gespreek het van die band tussen God en sy volk, was hoogtepunte van vreugde. Dit is soms misbruik, daar was verskynsels van losbandigheid, dronkenskap. 1 Sam 1:13; Spreuke 7:14; Jes. 28:7, 8: "En ook die manne hier wankel deur die wyn en waggel deur sterke drank; priester en profeet wankel deur sterke drank, hulle is verward van die wyn ... want al die tafels is vol van walglike uitbraaksel, sodat daar geen plek is nie". Die Paasfees het ook met 'n maaltyd gepaard gegaan. In die eerste plek was dit 'n soenoffer (Eks. 12:27; 34:25). Die lam is deur die Leviete geslag en die bloed deur die priesters uitgegooi (2 Kron. 30:16; 35:11; Esra 6:19). Maar daar is nie net geoffer nie. Dit het ook met 'n maaltyd gepaard gegaan. Eks. 12:8-10: "En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed. Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die more toe nie; maar wat daarvan tot die more oorbly, moet julle met vuur verbrand". Die N.T. skrywe aan die Paasfees 'n voorafskaduwende betekenis toe: 1 Kor. 5:7; dit herinner nie net aan die verlossing uit Egipte nie, maar dit is ook 'n teken en seël van die verlossing van die slawerny van die sonde en van die gemeenskap met God in die beloofde Verlosser. Dit was by die paasmaaltyd dat Christus die nagmaal ingestel het. So het Hy Self die oorgang te weeg gebring..

<u>Die leer van die nagmaal in die geskiedenis.</u> In die tyd van die apostels is die viering van die nagmaal vergesel van <u>agapae</u>, liefdesmaaltye. Die mense het die voedsel saamgebring. Dit het soms tot misbruike, wanordelikhede gelei (1 Kor. 11:20-22). Die gawes wat gebring is, is gaandeweg offerandes genoem en is deur die priester met 'n dankgebed geseën. Dit het later die vorm aangeneem van 'n offer wat die priester bring; die danksegging is gesien as 'n heiliging, van die gawes. Vroeë kerkvaders (Origines, Gregorius van Nazianze e.a.) het die simboliese of geestelike betekenis van die sakramente geleer, terwyl andere (Cyrillius, Gregorius van Nyssa, Chrysostomus) geleer het dat die vlees en bloed van Christus op 'n manier verbintenis het met die brood en wyn by die gebruik van die sakrament. <u>Augustinus</u> spreek van die brood en wyn as die liggaam en bloed van Christus; hy onderskei tussen die teken en die saak waarop die teken wys. Hy het nie 'n verandering in die brood en wyn aanvaar nie. Hy beklemtoon die gedagteniskarakter van die nagmaal. Gedurende die Middeleeue is Augustinus se standpunt al meer verdring deur die leer van die transsubstansiasie. In 1818 A.D. verdedig Rabbertus reeds hierdie leer en in

die elfde eeu maak Lanfranc die stelling dat "the very body of Christ was truly held in the priest's hand, broken and chewed by the teeth of the faithful". Calvyn noem die transsubstansiasieleer van Rome ’n misgeboorte van die skolastici. Thomas van Aquino (1225-1274), die groot dogmatikus van Rome, verklaar dat waar ook ’n priester deur die krag van Christus die sakramentele konsekrasie verrig, die substansie van die brood en die substansie van die wyn in die substansie van die liggaam en bloed van Christus verander. Die inkarnasie word dus voortgesit.

In 1215 aanvaar die vierde Lutheraanse Konsilie die leer van die transsubstansiasie. Trente het daaraan ’n finale beslag gegee; deur die wydingswoorde word "die substansie van die brood en wyn verander in die liggaam en bloed van Christus". Die "hele Christus" is in elke stukkie brood en druppel wyn aanwesig. Elkeen wat dus ’n klein stukkie en ’n druppeltjie ontvang, ontvang die hele Christus. Trente wy in sy besluite agt hoofstukke en elf canones aan die nagmaal. Rome leer dat Christus in die elemente aanwesig is selfs voordat die kommunikante dit ontvang. In die lig van Christus se teenwoordigheid is die aanbidding van die brood en wyn vanselfsprekend. Die sakramente bring te weeg "’n vermeerdering van heiligende genade; spesiale genade word in werking gestel, verlossing van vergeeflike sonde, bewaring van doodsondes en die vaste hoop op die ewige saligheid".

Gedurende en na die Reformasie. Die Hervormers verwerp die gedagte dat die nagmaal ’n offerplegtigheid is; hulle verwerp ook die leer van die transsubstansiasie. Daar kom egter verskille na vore oor wat die Skrif positief i.v.m. die nagmaal leer. Teenoor Zwingli staan Luther op die letterlike interpretasie van die woorde van die instelling en van die liggaamlike teenwoordigheid van Christus by die nagmaal. Luther leer die konsubstansiasie, d.w.s. dat Christus "in, met en onder" die elemente van brood en wyn is. Hy handhaaf geen wesensverandering nie, maar mede-aanwesigheid van Christus se liggaam en bloed in, met en onder die tekens. ’n Nie-saamval van die menslike en goddelike natuur van Christus (vgl. antwoorde 47 en 48, HK., Sondag 18) was vir Luther onaanvaarbaar. Daar is vir Luther één Christus, mens en God tegelyk. Waar hierdie Christus is, daar is Hy heeltemal - na sy goddelike sowel as na sy menslike natuur. Die menslike het deel gekry aan die goddelike natuur se eienskappe. Dit is die leer van die communicatio idiomatum. Op hierdie manier is Christus liggaamlik alomteenwoordig.

Zwingli lê die nadruk meer op wat die gelowige as op wat die Here in die nagmaal doen. By hom word deur sommige die invloed van die Haagse humanis, Cornelis Hoen, bemerk. Calvyn staan aan die kant van Zwingli in so vêr hy ook nie van ’n liggaamlike teenwoordigheid van Christus in die tekens van brood en wyn wou weet nie. (Die Lutherse kon dit ook net volhou deur te leer dat Christus in sy hemelvaart sy goddelike eienskappe aan sy menslike natuur meegedeel het; daarmee is ’n panteïstiese beginsel aanvaar wat nie rekening hou met die wesenlike onderskeid tussen Skepper en skepsel nie). Calvyn het egter die probleem met Zwingli dat hy die nagmaal te uitsluitend as ’n belydenisakte beskou; Zwingli sien in die nagmaal geen ander gemeenskap met Christus as die van die geloof soos dit ook buite die

nagmaal om in beoefening gebring word nie. Daarteenoor lê Calvyn die nadruk op wat Christus in die nagmaal doen en hoe ons daardeur tot die verborge lewensgemeenskap met Christus kom. Hierdie lewensgemeenskap het sy grond in God se vrederaad en is in beginsel in die wedergeboorte tot stand gebring. Die nagmaal voer die geloof op ’n besondere wyse op tot Christus. Vgl. die Formulier.: "Dat ons dan nou met die waaragtige hemelse brood Christus gespysig mag word, laat ons met ons harte nie aan die uitwendige tekens van brood en wyn bly hang nie, maar ons harte opwaarts in die hemel verhef waar Jesus Christus is, ons Voorspraak, aan die regterhand van sy hemelse Vader, waarheen die Artikels van ons Christelike geloof ons ook wys, sonder om te twyfel dat ons so waaragtig deur die werking van die Heilige Gees met sy liggaam en bloed aan ons siele gespysig en geloof word as wat ons die heilige brood en drank tot sy gedagtenis ontvang." Christus laat ons dus in sy gemeenskap deel nie deurdat Hy as't ware, liggaamlik na die aarde "neergetrek" word om só dan in die tekens van brood en wyn teenwoordig te wees nie (Rome en Luther), maar deurdat Hy ons harte deur die sigbare tekens "optrek" na bo! Saam met Zwingli ontken Calvyn die liggaamlike teenwoordigheid van Christus in die nagmaal, maar teenoor Zwingli handhaaf hy die reële, alhoewel geestelike teenwoordigheid van Christus by die nagmaal - Christus se teenwoordigheid as bron, fontein van geestelike dapperheid en krag. Verder, in plaas van die nagmaal meer te sien as ’n handeling van die mens (van gedagtenis vier of ’n belydenis aflê), beklemtoon Calvyn dat die nagmaal vóór alles spreek van die gawe van God se genade, en dat dit eers in die tweede plek ’n gedagtenis en ’n belydenis is. Vir Calvyn is dit in die eerste plek ’n weg deur God verordineer om die geloof te versterk. Die Sosiniane, Arminiane en Mennoniete sien, saam met die Rasionalisme, in die nagmaal net ’n gedagtenis, ’n belydenisdaad en ’n weg tot sedelike verbetering. Schleiermacher beklemtoon dat die nagmaal die middel is waardeur die lewende gemeenskap met Christus in die boesem van die kerk bewaar word op ’n besonder lewenskragtige wyse.

Skriftuurlike name vir die nagmaal. Vir die doop in die Heilige Skrif net één naam, vir die nagmaal meer as een:

(l) Deipnon Kuriakan [δεῖπνον κυριακὸν]. Paulus onderskei die nagmaal so van die agapae wat die Korintiërs daaraan verbind het.. Dit het tot 'misbruik gelei (1 Kor. 11:20). Spesiale nadruk val daarop dat dit die nagmaal van die Here is. Dit is iets anders as ’n maaltyd waar die rykes die armes as hulle gaste uitnooi en hulle dan swak behandel; nee, dit is ’n fees waarin die Here in ryke volheid voorsien.

(2) Trapezes Kuriou [τραπέζης κυρίου] (1 Kor. 10:21). Die Korintiese heidene het aan afgode geoffer en het daarna offermaaltye gehou. Korintiese Christene het blykbaar saam maaltyd gehou omdat vleis vleis is, al word dit aan afgode gewy. Paulus vermaan en se dat dit neerkom op gemeenskap met duiwels. Dit is, soos Paulus laat blyk, in teenspraak met die aansit aan die tafel van die Here waardeur die geloof in Hom bely en met Hom gemeenskap geoefen word.

(3) Hand. 2:42 (ook Hand. 20:7): Têi klêsei tou artou [τῇ κλάσει τοῦ ἄρτου] (in die

breking van die brood). Die bedoeling is waarskynlik liefdemaaltye en/of die nagmaal.

(4) 1 Kor. 10:16; 11:24: eulogīas [εὐλογίας]: (seën met) danksegging; kai eugaristasis eklasen [καὶ εὐχαριστήσας ἔκλασεν]: en nadat Hy gedank het (eucharistiai danksegging). Vgl. Matt. 26:26, 27. Die begrip seën en danksegging word saam gebruik. Die beker van danksegging en seën is die heilige beker.

Die instelling; van die heilige nagmaal. Ons lees daarvan in elk van die sinoptiese evangelies en in 1 Kor. 11 (dus vier plekke in die Heilige Skrif). Johannes spreek van die Paaslam eet, maar verwys nie na die instelling van die nagmaal nie. Die vier plekke vul mekaar aan. Die nagmaal is blykbaar voordat die Paasmaaltyd afgelope was, verbind met die sentrale element van die Pasga. Die een het in die ander oorgegaan.

In 1 Kor. 10:16 noem Paulus die nagmaalbeker die "beker van danksegging". Dit was die naam vir die derde beker wat gewoonlik by die paasfeesviering die rondte gedoen het. Christus is die ware Paaslam. Hy het ons immers verlos uit die Egipte, die dienshuis van die sonde. Die Pasga was ook 'n dankfees waarby die paaslam geëet is. Ons eet en drink op geestelike wyse die vlees en bloed van die Paaslam wat vir ons geslag is, Jesus Christus (Joh. 6:48-58). Christus het sterk daarna verlang om die Pasga met sy dissipels te eet (Luk. 22:15). Waarom? Omdat Hy deur sy priesterlike selfofferande aan die kruis daardie Pasga tot die laaste Pasga gemaak het. Toe Jesus vir die laaste keer met sy dissipels die pasta gevier het, sou die Pasga as offer weldra sy vervulling kry in die selfofferande van Christus as die ware Paaslam, as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Die "skaduwee" van die Pasga sou verdwyn vir die werklikheid. Die geslagte lam by die Pasga was 'n skaduwee van Christus deur Wie se bloed ons die lewe het, Wie se vlees en bloed vir ons die spyse en drank is tot die ewige lewe (Eks. 12:13). Dat die Pasga inderdaad op Christus gesien het, blyk uit o.a. Jes. 53:7b, Joh. 1:29b en 1 Kor. 5:7b, By die instelling van die Heilige Nagmaal verkeer Jesus en sy dissipels aan die paasdis; die O.T.-paasfees gaan in die N.T.-nagmaal oor. Die nagmaal neem dan ook die vorm van 'n maaltyd aan. Dit is in die nagtelike uur gevier; dit wys op die geslagte lam en die vergote bloed; dit bepaal ons by die bevryding van die dood en dit is die onderpand van ons verlossing uit die Egipte van die sonde en van die heerskappy van Satan. Dit moet gevier word tot gedagtenis aan Christus se dood en opstanding tot op sy wederkoms.

Die brood in die plek van die lam. Die bloed van die lam het gevloei; soos met alle offers in die O.T. die geval was, spreek hierdie bloed daarvan dat bloedstorting tot versoening van die skuld nodig is. Die bloed in die offerdiens van die O.T. het vooruit gewys na die groot offerande in die volheid van die tyd, die bloed van die versoening. Die bloed van die paaslam het ook nasionale betekenis gehad in die sin dat dit van Israel as volk se verlossing uit Egipte gespreek het. Christus se volbragte middelaarswerk, sy offerande aan die kruis, het alle verdere bloedvergieting onnodig gemaak. Dit is nou vervang met die onbloedige teken wat ewe-eens voedende krag inhou. Hierdie teken was nou nie net meer, soos vir Israel in sy volksgeskiedenis. van nasionale betekenis nie. Die middelmuur van skeiding was nou afgebreek (Ef.

2:14-19) deur Christus se middelaarsdood. Die evangelie moes na alle nasies uitgedra word, die kerk word universele wêreldkerk (Matth. 28:19, 20).

Betekenis van die verskillende handelinge en terme.

(a) Simboliese handelinge. Al vier bg. Skriftuurplekke verwys na die breking van die brood. Christus laat blyk dat dit spreek van die verbryseling van sy liggaam ter wille van die versoening van ons sondes. Christus breek die brood voor die oë van die dissipels. So moet die teken duidelik spreek. Daarna het Jesus die beker geneem. Die wyn moet voor die oë van die kommunikante ingegiet word. Die dissipels was aan tafel - hulle het gelê, volgens oosterse gebruik. Ons sit. Of gestaan of gekniel word - dit is nie 'n beginselsaak nie.

(b) Die woorde. Jesus beveel: "neem, eet". Dit sien nie net op 'n fisiese eet nie, maar geestelik, deur die geloofgemeenskap met Christus in sy lyde. "Doen dit tot my gedagtenis" (Luk. 22:19; vgl. 1 Kor. 11:24). Ja, gedagtenis, maar ook méér as dit (Joh. 6:32, 33; 50, 51; 1 Kor. 11:26-30). Dit is 'n bevel ook t.o.v. die beker. "Drink almal daaruit ... deel dit onder julle (volgens Lukas). Die beker is dus ook rondgegee dit is nie van die "leke" teruggehou, soos Rome doen nie.

Christus sê: "Dit is my liggaam". Rome wil te kenne gee dat Christus letterlik met sy liggaam in sy hande gestaan het, al het dit soos brood gelyk en gesmaak. Ons sê: sy liggaam en die brood is hier gans en al nie dieselfde nie, anders moes Hy gesê het: "hierdie brood word nou my liggaam." Luther c.s. erken dat Jesus hier figuurlik spreek. Hy wil volgens Luther sê: waar julle die brood by die gebruik van die nagmaal sal hê, sal julle my liggaam hê in, onder en saam daarmee, alhoewel die substansie van albei afsonderlik sal bly. Ons het, soos voorheen aangedui, groot probleme met Luther se ubikwiteitsleer. Aan die liggaam van Christus word naamlik alomteenwoordigheid, dit is 'n goddelike eienskap, toegeskrywe.

Saam met Calvyn handhaaf die gereformeerdes dat Christus se woorde beteken: Hierdie brood sien op, is beeld van my liggaam (soos wanneer Christus in Johannes 6:35 sê: "Ek is die brood van die lewe," en in Joh. 15:1: "Ek is die ware wynstok" — dit is klaarblyklik figuurlike taal!). Die brood is nie net 'n teken nie, dit is ook 'n seël wat dien tot; versterking van die geloof. Jesus voeg by: "wat vir julle gegee word" (Luk. 22:19) - tot julle (alle uitverkorenes se) verlossing. Van die beker sê Jesus: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word", (Luk. 22:20): Christus se bloed teenoor die van die ou verbond (vgl. Eks. 24:8: Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die Verbond wat die Here met julle gemaak het op grond van al hierdie Woorde). Die "bloed van die verbond" was heenwysend na die bloed van die versoening op Golgota. Let daarop: "vir julle", "wat vir julle gegee word" (Luk. 22:19, 20). Dit is: vir alle ware gelowiges. 1 Kor. 11:26 wys op die blywende "betekenis van die nagmaal: "totdat Hy kom".

Waarvan die nagmaal 'n teken is en wat dit verseël.

(l) Waarvan is die nagmaal 'n teken? Die uiterlike teken wys op 'n geestelike saak. Hier hoort tot die taal van die teken nie net die sigbare elemente van brood en wyn nie, maar ook die breek van die brood en die giet van die wyn, die eet en die drink,

en dit geskied in gemeenskap met ander kommunikante; (a) Dit spreek van die dood van Christus (1 Kor. 11:26). Die sentrale feit van die versoening, voorafgeskadu in die offerandes van die Ou Testament, kom sprekend na vore in die tekens van die Nuwe Testamentiese Sakrament.. "Vir julle gebreek", "gestort vir baie" wys daarop dat die dood van Christus 'n offerdood was, ter wille van en in die plek van sy volk. (b) Dit spreek ook van die gelowige se deelgenootskap aan die gekruisigde Christus, Die kommunikante kyk nie net na die tekens nie, maar ontvang dit en eet en drink dit; Joh. 6:53. Dit is in hierdie teks figuurlike taal: "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie". Die weldade deur die offerdood van Christus word deur die geloof by vernuwing in die nagmaalganger opgeneem, soos die brood en wyn in sy liggaam by die eet en drink daarvan oorgaan in die bloedstroom. Elkeen (almal wat saam aansit) eet en drink. Dit wys op die persoonlike deelname. Die brood en wyn spreek van ons voeding en verkwikking met die Brood van die lewe, d.i. Jesus Christus. Die brood is in die Skrif die staf van die lewe om die mens te versterk en die wyn dien tot lafenis en verkwikking (Ps. 104:15). In die brood en wyn wat ons almal gemeenskaplik gebruik lê die eenheidsgedagte: ons het almal saam gemeenskap aan die liggaam en bloed van Christus (1 Kor. 10:16, 17). "Tewens word ons deur dieselfde Gees ook met mekaar, as lidmate van een liggaam, in waaragtige broederlike liefde saamverbind, soos die heilige apostel spreek: Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood. Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word, en uit baie druiwekorrels as hulle gepars word, een wyn en drank vloei, en tot een vermeng word, net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, deur broederlike liefde om Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys". (Nagmaalformulier). (c) Die nagmaal spreek nie net van die dood van Christus as die objek van die geloof nie, en van die handeling, aktiwiteit van die geloof wat die gelowige met Christus verenig nie, maar ook van die uitwerking - dit gee lewe, krag, blydskap aan die siel. Soos die brood en wyn die liggaamlike lewe van die mens voed en versterk, so voed (onderhou) en verkwik Christus die lewe van die siel. Die Skrif spreek daarvan dat die gelowiges hulle lewe, krag en saligheid (geluk) in Christus het. (d) Die nagmaal simboliseer ook die eenheid van die gelowiges met mekaar. Ons is lede van die mistieke liggaam van Christus, 'n geestelike eenheid. Vgl. die bostaande aanhaling uit die Nagmaalformulier - die graankorrels wat gemaal en die druiwekorrels wat gepars word. Ons eet dieselfde brood en drink dieselfde wyn (1 Kor. 10:17; 12:13); ons ontvang die brood en wyn van mekaar as 'n geestelike huisgesin wat saam aansit. So word die gemeenskap op intieme wyse beoefen. Deur die Sakrament van die nagmaal wil God ons aanskoulike onderwys gee ter verduideliking van sy belofte dat Hy ons op grond van die lyde en sterwe van Christus aan die kruis, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk. Hy laat ons daardeur sien dat sy dood 'n plekbekledende, 'n skuldbetalende, 'n versoenende offerdood is. Ons sien die brood

en wyn (lg. spreek van die bloed van die versoening); die brood en wyn word ons toegereik, dit word na ons aangegee; ons ontvang dit (dit spreek van die genade wat ons toebedeel word, ons het dit nie uit onsself nie!); dan eet ons die brood en ons drink die wyn (soos brood en wyn ons tydelike lewe onderhou, so wil Christus ons met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed voed en laaf tot die ewige lewe. Dit word ons sigbaar voor oë gestel dat God die Vader ons sy eie Seun gegee het as die Brood en Drank uit die hemel, waarmee Hy ons honger vir altyd wil stil en ons dors vir altyd wil les. Die Sakrament leer ons dat ons van onsself midde in die dood lê en dat ons die lewe buite onsself in Christus Jesus moet soek; dat daar vir ons alleen lewensbehoud is as ons die gekruisigde liggaam van Christus eet en sy vergote "bloed drink.

(2) Waarvan is die nagmaal 'n seël? Die nagmaal met alles waarvan dit spreek is 'n seël. Daar is verband tussen die nagmaal as teken en die nagmaal as seël. Die seël is verbind aan dit wat aangedui word deur die teken. Dit is 'n waarborg van die verbondsgenade van God, dit is 'n onderpand wat die nagmaal verkondig. HK., Sondag 29, vr. 79: (a) Dit is vir die nagmaalganger 'n seël van die liefde van Christus, dat Hy Homself in die dood as Middelaar van die verbond van God se genade oorgegee het. Dit spreek van die feit dat dit werklik gebeur het: Hy het Homself ten offer gegee. Verder verseker die nagmaal dat ek persoonlik die objek van daardie weergalose liefde was. (b) Die nagmaal gee die persoonlike versekering dat al die beloftes van die verbond deur God aan ons uit genade geskenk is, sodat ons persoonlik reg daarop het. (c) Dit verseker dat dit my persoonlike besit is. So seker as wat die liggaam gevoed en verfris word deur brood en wyn, so seker is hy wat Christus se liggaam en bloed deur die geloof ontvang, nou in besit van die ewige lewe, en so seker sal hy dit ontvang, altyd oorvloediger. (d) Die gebruik van die nagmaal hou 'n belydenis in van ons geloof in Christus as ons Saligmaker en ons band met Hom as ons Koning. In die beoefening van die verbondsgemeenskap aanvaar ons by vernuwing om 'n lewe van gehoorsaamheid aan sy gebooie te ly.

Net soos by die doop, val ook by die nagmaal sterk nadruk op die verseëlende krag van die sakrament. Met die sakrament van die nagmaal as seël bevestig en verseker die Here aan ons die geloofwaardigheid en betroubaarheid van sy belofte. Die Here sê hiermee dat Hy opreg is met sy belofte, dat Hy dit werklik bedoel met sy belofte, dat dit waaragtig waar is wat Hy aan ons in die Evangelie belowe, dat ons nie bedroë sal uitkom as ons ons op sy beloftes verlaat nie. As onse Here Jesus Christus sê: "Dit is my liggaam en dit is my bloed", sê Hy daarmee aan ons: Met hierdie brood en met hierdie wyn gee Ek my gekruisigde liggaam en vergote bloed, gee Ek Myself aan u met al die heil wat Ek vir u verwerf het. Elkeen wat gelowig die sakrament van die nagmaal gebruik, mag dan ook sê: So seker as ek die brood van die nagmaal eet en die wyn drink, so seker eet ek die gekruisigde liggaam van Christus en drink ek sy vergote bloed.

Hoe is Christus teenwoordig. hoe is die relasie van die teken tot dit waarvan dit 'n teken is? Daar is vier standpunte: (a) Rome sê Christus is fisies aanwesig. Wanneer

die priester verklaar: "Hoc est corpus meum" verander die brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus. Daarna, sê hulle, smaak dit nog soos gewone brood en wyn. Die eienskappe van die brood en wyn, die vorm, kleur en smaak verander nie. Rome leer dat net die "substansie" van brood en wyn verander (vandaar die woord "transsubstansiasie"). In die vorm van brood en wyn is Christus liggaamlik aanwesig. Hulle wil hê ons moet aanvaar dat wat soos brood en wyn smaak, werklik vlees en bloed is. Die konsekwensie is dat Christus dan ook op verskillende plekke op dieselfde moment teenwoordig is. Aan die liggaam word dus ’n goddelike eienskap toegeskrywe, In die brood en wyn word Christus aanbid. Die HK. noem dit tereg "vervloekte afgodery".

Rome sê; aangesien Christus in elke deel geheel aanwesig is, kan die wyn aan die "leke" onthou word; hulle mis daardeur niks wesenliks nie; ook in die brood is die hele Christus teenwoordig. (b) Luther het wel met die Roomse transsubstansiasieleer gebreek, maar hy het tog nie daarvan losgekom nie. Die Lutherse leer van die konsubstansiasie behels dat dit gewone brood en wyn bly, maar daar is tog ’n misterieuse en wonderdadige, werklike aanwesigheid van die hele persoon van Christus, liggaam en bloed, in, onder en saam met die brood en die wyn, sodat die gelowiges met die brood en die wyn van die nagmaal tog ook die liggaam van Christus eet en sy bloed drink. Christus is dus liggaamlik ook orals teenwoordig. D.i. die ubiquiteitsleer. Aan die liggaam van Christus word, soos in die geval van Rome, goddelike eienskappe toegeskrywe. (c) Zwingli. Hy leer dat die brood en die wyn van die nagmaal alleen tekens, afbeeldinge van die liggaam en bloed van, Christus is. As Jesus van die brood sê: "Dit is my liggaam", dan bedoel Hy daarmee alleen; Hierdie brood is ’n teken, ’n afbeelding van my liggaam. As Hy van die wyn sê: "Dit is my bloed...", dan bedoel Hy daarmee alleen: Hierdie wyn is ’n teken, ’n afbeelding van my bloed. Die nagmaal is ’n sigbare voorstelling van wat op Golgota gebeur het en daardeur word die gelowiges herinner aan die lyde en sterwe van Christus aan die kruis. Met die gebruik van die Sakrament van die nagmaal doen die gelowige belydenis van sy geloof. By die viering van die nagmaal is veral die gelowiges die handelende, persone. Dit gaan daarby veral om wat die gelowige mens doen. Die sakrament van die nagmaal is veral ’n teken van wat in die gelowige mens aanwesig is, van sy geloof.

By Zwingli val die nadruk dus baie sterk op die nagmaal as ’n gedagtenis-maaltyd en verder meer op die handeling van die kommunikant as op dit wat God in die nagmaal verkondig. (d) Die gereformeerde standpunt: Calvyn leer dat die brood en wyn van die nagmaal nie alleen tekens of afbeeldinge van die gekruisigde liggaam en die vergote bloed van Christus is nie, maar dat dit ook en veral onderpande daarvan is. In die brood en wyn van die nagmaal word die gekruisigde liggaam en die vergote bloed van Christus voorgestel en geskenk. As onse Here Jesus Christus sê: Dit is my liggaam en dit is my bloed, dan sê Hy daarmee ook: So seker as Ek u hierdie brood en hierdie wyn gee, so seker gee Ek u my gekruisigde liggaam en vergote bloed; om u te red van die verderf en salig te maak, gee Ek Myself aan u, met al die heil wat Ek vir u verwerf het; ek skenk u die versoening en vergewing van sondes deur my bloed

en die vernuwing van u hart en lewe deur my Gees, skenk Ek u die ewige lewe.

Calvyn sê die nagmaal het nie net betekenis as herinnering aan die werk van Christus in die verlede nie - dus net terugdink aan Christus wat gesterf het (soos dit voorkom Zwingli dink nie), maar dit het ook te doen met die teenswoordige werk van Christus, met die lewende Christus wat in heerlikheid triomfeer. Calvyn sê Christus is aanwesig - die volle Christus - nie liggaamlik nie, dit is eerder 'n mistieke gemeenskap met Christus deur die werking van die Heilige Gees. Deur die geloof ontvang ons die liggaam en bloed van Christus. Ons nagmaalformulier spreek van: die harte opwaarts in die hemel verhef. Vgl. N.G.B., Art. 24; HK., vr. 75, 76.

Christus is in die nagmaal teenwoordig. Hierdie teenwoordigheid kan ons nie begryp nie. Calvyn verklaar: "Ek ervaar dit meer as wat ek dit begryp" (Calvyn, Institusie IV, 17, 32).

Die nagmaal as genademiddel – sy krag

Die sakrament is slegs vir gelowiges bedoel. Dit gaan uit van die gedagte dat die genade in die hart van die nagmaalganger aanwesig is. Hand. 2:42, 46. In 1 Kor. 11:23, 29 word die noodsaaklikheid van selfondersoek voor toetrede tot die nagmaal beklemtoon. Dit versterk, laat groei. Dit sien dus op die heiligmaking. Die nagmaal is nie 'n verdienende oorsaak om dan só die genade te ontvang nie. By Rome is die nagmaal nie net 'n sakrament nie, dit is ook 'n offer, en dit dan in die vernaamste plek. Dit is die onbloedige vernuwing van die offerande aan die kruis. Die offerande van Christus in die nagmaal, sê Rome, is 'n werklike offer en dit het versoenende betekenis. Rome sê die Sakrament werk ex opere operato: uit krag van wat in die sakrament self aanwesig is; dit het niks te doen met die gesteldheid by die kommunikant of van die dienaar (ex opere operantis) nie.

Dit beteken dat elkeen wat die brood en wyn ontvang, of hy 'n gelowige of 'n ongelowige is, ook die genade wat aangedui, afgebeeld is, ontvang - as 'n substansie wat in die brood en wyn aanwesig is. Die Sakramentele plegtigheid self dra die genade by die ontvanger in.

Ons sê: die Sakrament werk nie ex opere operato nie. Die sakrament is net 'n middel in God se hand. Dit vereis nie net die aanwesigheid nie, maar ook die aktiwiteit van die geloof by die kommunikant. Ongelowiges ontvang die brood en die wyn, maar nie dit waarvan die brood en wyn 'n teken is nie.

Vir wie is die nagmaal ingestel?

Hierdie vraag word in Sondag 30 (vr. 81) soos volg beantwoord: "Vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishaag en tog vertrou dat dit hulle vergewe is om Christus wil, en dat ook die oorblywende swakheid met sy lyde en sterwe bedek is; die wat ook begeer om hoe langer hoe meer hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie met 'n opregte hart tot God bekeer nie, die eet en drink 'n oordeel oor hulleself". Vgl. in hierdie verband ook die duidelike riglyn in die nagmaalformulier.

Kinders mag nog nie nagmaal gebruik nie omdat hulle nog nie ryp is vir die eis van die benodigde selfondersoek nie (vgl. 1 Kor. 11:28). Die nagmaalganger moet die liggaam van die Here kan onderskei (1 Kor. 11:29); hy moet die brood en wyn met die nodige volwassenheid kan sien as tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus. Dit is met 'n baie goeie rede dat die kerk eers tot die nagmaaltafel toelaat nadat in die openbaar belydenis van die geloof afgelê is. A.A. van Ruler wys daarop dat in die sakrament van die nagmaal God nie alleen handel nie. Die mens word ook handelend daarby ingeskakel. "Hy ondergaat het niet alleen. Het komt niet puur over hem. Hy maakt het ook. God en mens tezamen vieren het Avondmaal.

Dit is de grote kwestie van de mondigheid! Als een mens ergens mondig is, dan in het gebruik van het Avondmaal ..... Hoofdzaak is dat het geloof in het gebruik van het Avondmaal op het toppunt van zjfti kracht is. Daar doet de mens helemaal mee met
God" (In sy boek "Waarom zou il: naar de kerk gaan?" skrywe hy oor die onderwerp in die hoofstuk "Om in het openbaar het geloof te belijden". Die vraag kom vandag ook in die kringe van die Geref. Kerk in Nederland na vore of "kindercommunie" nie toelaatbaar moet gemaak word nie. Vgl. ds. B.J. Aalbers se boek "Kinderen aan het Avondmaal?" Hierdie skrywer antwoord met 'n versigtige ja op die vraag of kinders nie ook nagmaal behoort te gebruik nie.

In die Heidelbergse Kategismus word gevra: Moet ook diegene aan hierdie Nagmaal toegelaat word wat hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra? Die antwoord lui: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die ganse gemeente verwek. Daarom is die Christelike kerk verplig, volgens die ordening van Christus en van sy apostels, om sulke mense deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.

As die tekens van verharding en ongeloof aan die lig tree, moet die kerklike tug toegepas word.

Die ongelowiges wat kom, eet en drink 'n oordeel oor hulleself (vgl. nagmaalformulier). 1 Kor. 11:28-32 gee te kenne dat gelowiges ook nie altyd as 'n vanselfsprekendheid nagmaal mag gebruik nie. Wanneer daar vervreemding van God is en van ons naaste, sal ons misplaas wees aan die tafel wat van gemeenskap spreek. Die gebrek aan innerlike sekerheid van ons saligheid hoef ons egter nie van die nagmaal weg te hou nie, omdat die sakrament juis ingestel is om die geloof te versterk.

Die nagmaalformulier lê sterk nadruk daarop dat ons alleen na 'n tyd van ernstige voorbereiding na die tafel mag kom. Ten onregte word egter gemeen dat 'n mens sommer "van die vloer af" na 'n preek kan gaan luister, maar dat jy jou vir die nagmaal pertinent moet voorberei. Om nagmaal te kan vier, is daar voorwaardes, en so moet dit wees. Jy moet jou hart ondersoek, jy moet sekere simptome, kenmerke by jouself vind. Maar ons mag ondertussen nie die bediening van die sakrament van die nagmaal bo die bediening van die Woord van God stel nie. Dit is nie volgens Skrif

en belydenis nie. Die bediening van die Woord is die primêre. Die prediking van die Evangelie is immers die middel wat die Heilige Gees wil gebruik om die geloof te werk en te versterk (Rom. 10). Deur middel van die prediking behaag dit God om die wat glo salig te maak. Vir die luister na die prediking geld geen ander voorwaardes as vir die viering van die nagmaal nie. Die eis van selfbeproewing geld nie alleen vir die viering van die nagmaal nie, maar ook vir die wat by die bediening van die doop (die ouers, en ingeval van die doop van 'n volwassene, dan die dopeling self) betrokke is, en dan in gelyke mate ook vir hulle wat na die prediking van die Woord van God luister. Selfondersoek moet daar altyd in ons lewe wees - nie alleen wanneer ons nagmaal vier nie. Ons moet ons altyd weer rekenskap gee van wat die Here in die verbond van ons vra.

Dit is 'n groot genade dat ons Here Jesus Christus die heilige nagmaal vir ons ingestel het in die nag waarin Hy verraai en oorgelewer is. Hoe vurig het Hy begeer om die Pasga met sy dissipels te eet (Luk. 22:15). Deur sy priesterlike selfofferande aan die kruis het Hy daardie Pasga tot die laaste Pasga gemaak. Die Pasga sou as offer sy vervulling kry in die selfofferande van Christus, as die ware Paaslam, as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Die skaduwee sou verdwyn vir die werklikheid van die vervulling. Onse Here Jesus Christus sou Homself, as die ware Paaslam, laat slag om die sondes van sy volk te versoen, om die wat aan Hom behoort te red van die verderf en hulle salig te maak. Om dit aan sy dissipels en aan ons voor oë te stel en te bevestig, het Hy in daardie nag die nagmaal ingestel (Matt. 26:26-28; Markus 14:22-24; Luk. 22:19, 20; 1 Kor. 11:23-26).

Dit is merkwaardig dat die Sakrament as 'n maaltyd bedien word. Dit is die intiemste saambinding wat in 'n gesin tot openbaring kom wanneer elkeen sy plek aan die familietafel inneem. Die kinders moet hulle vooraf klaarmaak vir die ete om netjies, ordelik te verskyn. Daaruit spreek ook die nodige agting en die vooruitsig dat dit 'n hoogtepunt van voeding en vreugde sal wees. As daar een plek leeg is, is dit 'n gemis. Die gesin openbaar hom in sy eenheid. Die gelukkigheid van 'n gesin al dan nie, tree nêrens so opsigtelik aan die lig as aan die tafel nie. Die voedsel wat deur die hoof van die gesin verdien is, word uitgedeel aan die afhanklikes. Daar is dankbaarheid, orde en stigting. Daar is toesig. Die kom na die tafel het reeds die erkentenis van afhanklikheid ingehou. Nadat saam geniet is deur te ontvang, word daar ook behoorlik gedank. Daar is erkentlikheid vir die oorvloed wat gesmaak is in die gemeenskap van die heiliges (vr. 55, HK.).

Die nagmaal, hierdie verbondsmaaltyd, wys heen na, is 'n antisipasie van die hemelse bruilofsmaal (Matt. 26:29). Die nagmaal moet gevier word <u>totdat Hy kom</u> (1 Kor. 11:26). Dit hou die belofte, die waarborg in dat sy wederkoms aanstaande is. Die <u>nag</u> vir die strydende kerk is dan verby. Die nag het nou reeds ver gevorder en dit is amper dag (Rom. 13:12). Die nagmaal van die ecclesia militans gaan dan oor in die vreugde van die bruilof. Salig is hulle wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam (Op.19:9).

# DIE LEER VAN DIE LAASTE DINGE.

Ons stel voorop dat ten opsigte van hierdie saak binne die begrensing van die Heilige Skrif gebly moet word. Maar dan moet groot erns gemaak word met wat die Heilige Skrif ons wel openbaar. Die bedoeling van die Heilige Skrif is nie om alle nuuskierige vrae te beantwoord nie. Alles is nie geopenbaar nie (vgl. die onderskeiding tussen God se verborge wil - die wil des besluits, en sy geopenbaarde wil - die wil des bevels). Aan ons word slegs bekend gestel wat werklik vir ons nodig is om in hierdie lewe te weet, maar dit is dan ook volkome genoegsaam. Ons mag, by die nagaan van die Skrifgegewens nie inlegkunde pleeg, nie in spekulasie verval nie.

Eskatologie in filosofie en religie.

D.i. opmerklik: waar die mens ook al oor die menslike bestaan nagedink het, is nie net gevra waarvandaan dit kom nie, maar ook waarheen dit op pad is, die mens as individu en die ganse menslike geslag. Daar is al onderskei tussen individuele en universele eskatologie. Die vraag het mense van alle tye besig gehou of die mens by die dood verdwyn en vernietig word, of gaan hy ’n ander bestaan binne, óf van geluk óf van smart. Is daar ’n telos, ’n doelpunt? En as ons op pad is na ’n staat van geluksaligheid, sal die geslagte wat gekom en gegaan het op enige manier deel daaraan hê, en, indien wel, hoe? Of het hulle net gedien as ’n brug na daardie klimaks? Eintlik kan net die wat glo dat, soos die geskiedenis van die wêreld ’n begin gehad het, dit ook ’n einde sal hê, spreek van ’n voleinding en ’n leer van die laaste dinge.

Dat daar ’n bestaan na die dood is, dat daar in een of ander vorm so iets as onsterflikheid moet wees, word deur alle mense op ’n manier aangevoel, selfs deur hulle wat die gebrekkigste godsdienstige voorstellinge daarop nahou. Dit is te begryp, want God het immers die ewigheid in die hart van die mens gelê (Prediker 3:11). Hy is nie vir die verganklikheid geskape nie, maar vir die ewigheid, en daarom gaan daar selfs uit die diepste dale van die verganklikheid die grypende hande omhoog na die onverganklike. Die wysbegeerte is sonder die leer van die onsterflikheid hol en leeg - daarom sien ons dat die uitnemendste onder die denkers, ook uit die heidene, soos Plato en Socrates, aan die onsterflikheid vasgehou het. Die leer van die onsterflikheid is nie op ’n wetenskaplike redenering gebou nie, maar is met die bewussyn van die mens onverbreekbaar verbonde. Dit is hiermee soos met die bestaan van God waarvan die sekerheid onmiddellik by ons vasstaan. Die siel van die mens gaan na God uit en vind geen rus voordat die rus in Hom gevind is nie. Die mens se verlangens, sy uitsigte en hunkering na sekerheid strek hom vér uit buite die grense van hierdie aardse bestaan. Daar is ’n algemene aanvoeling by die mensheid dat die dood nie vernietiging kan beteken nie; dat die dood teennatuurlik is, dat dit nie tot die wese van die mens behoort nie. Dit is ’n donker vyandige mag waarby die mens nie kan berus nie. Die standpunt van H.M. Kuitert is verwerplik dat die dood nie deur die sonde in die wêreld gekom het nie. Hy sê daar kan geen lewe sonder dood wees nie. Beide is reeds op struktuurgronde vir die biologie "co-existent, co-temporeel en met de stelling dat door de zonde de dood in de wereld is gekomen (er was eentyd dat de dood er niet was) kan de bioloog niets beginnen". Hy pleit vir ’n

"heroriëntering" omtrent die dood; die dood moet ook "geontmitologiseer" word. "De gedachte dat het sterven door de zonde een "moeten" is geworden, zal de Christelijke dogmatiek moeten loslaten". (Anders gezegd, p. l41 e.v,). Volgens die Heilige Skrif en ons eie ervaring as mense, is die dood inderdaad 'n teennatuurlike mag.

In die filosofie het Plato die onsterflikheid van die siel geleer (vgl. sy boek Phaedo). Daar is, volgens Plato, vir die siel 'n voortgesette bestaan na die dood. Die liggaam is die kerker van die siel; net die siel gaan die ewigheid in om vergelding te ontvang vir die goeie en die kwaad wat hier bedrywe is. Hy het dus nie geglo aan die liggaamlike verrysenis nie. Hierdie dualistiese siening van siel en liggaam het deurgewerk. Ons vind dit bv. in die Doperse teenstelling tussen gees en stof. Die liggaam word in hierdie kringe as minderwaardig beskou. Christus onderskei wel tussen liggaam en siel (Matt. 10:28), maar dit steun nie die bg. dualisme nie. Die hele mens is vir die ewigheid geskape en die hele mens gaan, sy dit dan ook deur sterwe en graf, deur dood en ontbinding heen, na sy ewige huis. Die mens gaan deur die dood heen na die nuwe aarde. Dit is nie net die liggaam wat deur die poort van die dood gaan nie. Die uitdrukking "stoflike oorskot" is heidens - ons liggaam is nie 'n stuk oorskiet nie, dit is die tempel van die Heilige Gees. Die mens is vir die ewigheid bestem, hy sal voortbestaan in geluksaligheid of in rampsaligheid.

Spinoza het geen plek vir die leer van onsterflikheid in sy panteïstiese sisteem nie; Leibnitz leer dit wel. Kant onderskryf die leer van die onsterflikheid as 'n postulaat van die praktiese rede. Die idealistiese filosofie van die negentiende eeu verwerp dit. Hearing verklaar: "Pantheism of all sorts is limited to a definite mode of contemplation, and does not lead to any 'ultimate'".

Die filosowe het diep nagedink oor die toekoms van die individu, maar ook oor die van die wêreld. Die Stoïsyne het gepraat van suksessiewe wêreldsiklusse en die Boeddhiste van wêreld-tydperke waarin telkens 'n nuwe wêreld verskyn en weer verdwyn. Selfs Kant het gespekuleer oor die geboorte en dood van wêrelde.

In die religie het ook valse godsdienste (meer primitief en meer ontwikkeld) hulle eskatologie ; die Boeddhisme sy Nirvana, die Mohammedanisme sy sinnelike paradys, die Indiërs hulle gelukkige jagvelde. Die geloof in die voortgesette bestaan van die siel kom menigvuldig voor, in verskillende vorms. Daar is seker haas geen stam of nasie of godsdiens waar dit ontbreek nie. Sommige meen die dooies dwaal nog hier by ons rond. Dit vind ons in die voorouerverering, in die soek na gemeenskap met die dode, in die konsepsie van mense in die onderwêreld of in die idee van 'n "transmigration of souls", ens. In hierdie godsdienste is dit egter alles vaag en onseker. Dit is in die Christelike godsdiens waar die leer van die laaste dinge omlyning vind. Die Heilige Skrif bied vaste grond, sekerhede, vastigheid vir die toekoms.

Die eskatologie in die geskiedenis van die Christelike kerk.

Die Heilige Skrif het deur die eeue heen vir die gelowiges perspektiewe gebied: (1)

Van die tyd van die apostels tot in die begin van die vyfde eeu. Die kerk gee hom rekenskap van die verskillende elemente in die Christelike hoop, soos bv. dat die fisiese dood nog nie die ewige dood is nie, dat die siel van die dode voortlewe, dat Christus weer kom, en dat daar 'n geluksalige opstanding van die volk van God sal wees; dat daar 'n eindoordeel sal wees: die goddelose na die verdoemenis, die gelowiges na die geluksaligheid. Daar is egter nie gekom tot 'n sistematiese uiteensetting nie.

(2) Van die vyfde eeu tot by die Reformasie. Onder die leiding van die Heilige Gees is die aandag van die kerk van die toekoms na die hede gerig. Veral onder invloed van Origines en Augustinus het - terwyl die Chiliasme in die eerste tydvak na vore gekom het - anti-chiliastiese standpunte in die kerk voorrang gekry. Tog nog nie genoegsaam sistematiese deurdenking nie. Daar is geglo in 'n lewe na die dood, in die wederkoms van Christus, in die opstanding van die dode, in die finale oordeel en in die ryk van heerlikheid. Die gedagte van 'n materiële en tydelike koninkryk is teruggedring deur die gedagte aan die ewige lewe en die saligheid wat wag. In die loop van tyd het die kerk die meeste aandag ontvang. Die hiërargiese kerk is met die koninkryk van God geïdentifiseer. Die standpunt is gestel dat daar buite hierdie kerk geen saligheid is nie. Veel aandag is aan die tussentoestand gewy, veral aan die leer van die vagevuur. Hiermee steek die kerk as instituut met sy clerus die hande oorkant die grens van hierdie lewe. In hierdie verband kom gebede vir die dode, die aflaatstelsel, die leer aangaande oortollige goeie werke, en so meer aan die orde. As reaksie teen hierdie ekklesiastisisme het die chiliasme by sektes 'n sterk inslag gevind. Dit was in 'n sin 'n reaksie van 'n piëtistiese aard teen die veruitwendiging en verwêreldliking van die kerk.

(3) Die tydvak na die Reformasie. Die manne van die Reformasie het aanvaar wat die vroeë kerk geleer het insake die wederkoms van Christus, die opstanding, die eindoordeel en die ewige lewe. Hulle het hulle gedistansieer van die chiliasme wat deur die Anabaptistiese sektes in 'n kras vorm na vore gebring is. In hul opposisie teen Rome het hulle hulle ook met die leer aangaande die tussentoestand besig gehou. Die liberale teologie het later die eskatologiese leringe van Christus geïgnoreer en al die nadruk op sy etiese voorskrifte laat val. Wêreldontvlugting het plek gemaak vir wêreldaanvaarding; die hoop op die ewige lewe is vervang met die sosiale verwagting van 'n koninkryk van God, 'n koninkryk net van hierdie wêreld. In die plek van die hoop op die opstanding van die dode en die toekomstige heerlikheid het die gedagte gekom dat God beter dinge "diesseitig[13]" vir ons in die mou voer as wat ons nou geniet.

A. Kuyper wys daarop dat die eskatologie die afronding, die sluitsteen van die hele Dogmatiek bied. In die Locus de Deo is die vraag hoe God finaliter volkome verheerlik sal word in die werk van sy hande en hoe die raad van God ten volle vervul sal word; in die antropologie is die vraag hoe die verwoestende invloed van die sonde

[13] Hierdie kant.

ten volle oorkom word; in die Christologie hoe die werk van Christus met volkome oorwinning bekroon word; in die soteriologie hoe die werk van die Heilige Gees die volmaakte verlossing en heerlikmaking van die volk van God te weeg bring; in die ekklesiologie die vraag van die finale apotheosis van die kerk.

Dit sal nie 'n eindelose proses wees nie, maar geskiedenis in die ware sin; dit stuur met gewisheid af op 'n vaste - doelpunt. Dit loop volgens die Heilige Skrif op 'n krisis uit, en die feite en gebeurtenisse wat met hierdie krisis in verband staan, vorm die inhoud van die eskatologie. Die woord eskatologie: die laaste dae (eschatai hemerai [εσχαται ημεραι] - Jes. 2:2; Miga 4:1; die laaste tyd esXatou Toon Xronoon [ἐσχάτου τῶν χρόνων] - 1 Pet. 1:20; die laaste uur - esXatê hoora estin [ἐσχάτη ὥρα ἐστίν], 1 Joh. 2:18). Ons spreek van die wederkoms van Christus en die voleinding waarby alle mense betrokke is. Met die wederkoms hang saam die algemene opstanding, die laaste oordeel, die volle intrede van die koninkryk van God en die finale staat van die gelowiges en die goddelose. Daar kan ook gespreek word van 'n individuele eskatologie, Christus se wederkoms vir die individu met sy sterwe wanneer hy die grens finaal oorgaan. Die tussentoestand betref die individu - dit is hulle wat sterwe vóór die paronsia wat met die eindgerig sal plaasvind. Ons het beswaar teen die sg. futuristiese eskatologie wat 'n blikverenging openbaar, 'n beperking tot die laaste dae en wat die feit ontken dat die einde reeds midde in die hede daar is, en ons het tegelykertyd beswaar teen die skeeftrekking na die ander uiterste, naamlik die sg. gerealiseerde eskatologie wat leer dat alles in die hede geabsorbeer is en wat nie in aanmerking neem die volheid van die gebeurtenisse wat nog moet plaasvind nie.

Die individuele eskatologie.

Die Heilige Skrif leer 'n geestelike, fisiese en ewige dood. Die vonnis van die dood as die besoldiging van die sonde het nie alleen die mens se liggaam nie, maar ook sy siel en selfs primêr die siel getref (Gen. 2:17: die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe). Die hele mens het onder die dood gekom, In Matt. 10:28 en Luk. 12:4 word van die dood van die liggaam gespreek, onderskeie van dié van die siel (to sooma, tên psuXên [τὸ σῶμα, τὴν δὲ ψυχὴν]). Die dood beteken 'n skeiding van liggaam en siel (Pred. 12:7; vgl. Gen. 2:7; Jak. 2:26). Vgl. ook die gebruik van eksodus (ten eksodon [τὴν ἔξοδον]) in Luk. 9:31; 2 Pet. 1:15, 16. Die dood beteken nie vernietiging nie. God vernietig nie wat Hy eenmaal geskape het nie. Lewe en dood staan nie teenoor mekaar as bestaan en nie-bestaan nie, maar staan teenoor mekaar as verskillende wyses van bestaan. Die dood desintegreer die natuurlike lewensverhoudinge. Sonde is per se die dood - dit spreek van 'n breuk in die lewensverhoudinge waarin die mens, geskape na God se beeld, teenoor sy Maker staan. Dit beteken die verlies van daardie beeld in enger sin (d.w.s. wat die ware kennis, geregtigheid en heiligheid betref) en dit versteur gevolglik al die lewensverhoudinge. Hierdie breuk voltrek hom ook in die skeiding van liggaam en siel - dit word aangedui as die fisiese dood.

Die band tussen die sonde en die dood.

Pelagius en die Sosiniane leer dat die mens sterflik geskape is, nie alleen in die sin dat hy die dood ten prooi kon val nie, maar in die sin dat hy, kragtens die feit dat hy geskape is, onder die wet van die dood verkeer en in die loop van die tyd bestem is om te sterwe. Adam was dus al voor die val vatbaar vir en onderworpe aan die dood. Opmerklik dat hierdie kettery by H.M. Kuitert e.a. weer so flagrant na vore kom dat die dood 'n gegewenheid by die skepping is, 'n biologiese noodwendigheid (vgl. Kuitert, anders gezegd, p. 141 e.v.).

Die fisiese dood is volgens die Heilige Skrif nie die gevolg van die voortsetting van die oorspronklike staat van die mens, a.g.v. daarvan dat hy nie deur sy gehoorsaamheid kon opklim tot die hoogte van onsterflikheid nie. Nee, dit is die gevolg van sy geestelike dood (Rom. 6:23; 5:21; 1 Kor. 15:56: Jak. 1:15). Die dood het deur die sonde in die wêreld gekom, as 'n straf op die sonde (Gen. 2:17; 3:19; Rom. 5:12, 17; 6:23; 1 Kor. 15:21; Jak. 1:15). Die dood is nie iets natuurliks in die lewe van die mens nie, dit is nie slegs die tekort skiet in die bereik van 'n ideaal nie, maar dit is beslis iets vreemds en vyandigs teen die menslike bestaan; dit spreek van die verskroeiende branding van God se toorn (Ps. 90:7, 11); dit vloei voort uit 'n vonnis (Rom. 1:32), 'n veroordeling (Rom. 5:16), 'n vloek (Gal. 3:13). Dit vul die harte van die kinders van die mense met vrees en bewing net omdat dit aangevoel word as iets onnatuurliks in die mees uiterste vorm, in 'n radikaal oortreffende trap - soos wanneer 'n mens terugskrik as jy in 'n gaskamer beland en die giftige, stinkende walms die reukorgane in reaksie bring. Die sonde het die skepping kom ontwrig (Rom. 8:20-22). God kon <u>direk</u> na die sondeval die dood in volle sterkte laat intree het (Gen. 2:17). Deur sy algemene genade hou Hy egter die werking van die sonde en die dood terug (daar is dus 'n remmende werking), en deur sy besondere genade in Jesus Christus oorwin Hy die vyandsmagte (Rom. 5:17; 1 Kor. 15:45; 2 Tim. 1:10; Heb. 2:14; Op.1:18; 20:14). Die wat in Christus is, is bevry van die mag van die dood, is herstel in die gemeenskap met God en het die ewige lewe (Joh. 3:36; 6:40; Rom. 5:17-21; 8:23; 1 Kor. 15:26, 51-57; Op.20:14; 21:3, 4).

Die betekenis van die dood van die gelowiges.

Die Heilige Skrif spreek van die dood as die straf, die besoldiging van die sonde aangesien die gelowiges geregverdig is en nie meer genoegdoening hoef te verskaf nie, kom die vraag: Waarom moet hulle sterwe? Vraag 42, HK. Die strafaspek is uit die dood van God se kinders weg. Hulle hoef nie die werkverbond te vervul nie, hulle het volkome vergiffenis van hulle sondes ontvang, Christus het vir hulle 'n vloek geword en so die straf van die sonde weggeneem. Maar waarom moet hulle dan ook nog sterwe? Waarom nie dadelik, opeens oorgeplaas na die hemel nie? Dit is slegs 'n oorskakeling, 'n deurgang, 'n laaste beproewing, 'n loutering wat die heiligmaking afrond. Die dood is nie die einde nie, maar die ingangspoort, deur Christus die opgestane Here, geopen, na die volkomenheid. Die angel is uitgeruk (1 Kor. 15:55). Dit is, volgens die Heilige Skrif, 'n slaap o.a. (1 Thess. 4:13 e.v.).

Veldkamp e.a. beklemtoon tereg dat die ware gelowige nie alleen ’n eie lewensbeskouing het nie, maar ook ’n eie sterwensbekouing. Die kinders van God neem op heeltemal ’n ander wyse afskeid van hierdie lewe as die kinders van hierdie wêreld. Net die gelowige ontslaap, al sterwe ongelowiges soms soos ’n kers wat langsamerhand uitvlam, terwyl by die gelowige onder onbeskryflike benoudheid die siel uit die liggaam geskeur word. Die skyn bedrieg. Van buite gesien was by die ryk man (Luk. 16:19-31) alles mooi en voortreflik. Dit was ’n eersteklas. begrafnis. Daar was heel waarskynlik baie blomme, groot kranse, koetse in ’n lang stoet, ’n hele ry sprekers by die graf. Tog het hierdie man nie ontslaap nie. In die geval van Stefanus het skerp klippe deur die lug gesuis wat sy borskas verbrysel en sy skedel aan splinters geslaan het (Hand. 6:8 e.v.). Die ryke het egter gesterwe terwyl Stefanus onder die gereën van klippe rustig ingeslaap het - hy het ontslaap. Die onderskeid lê nie in die sigbare voorkant nie, maar in die onsigbare agterkant. Daar is diegene wat sterwe en hulle oë in pyn oopmaak, daar is ander wat ontslaap. Hulle word na die skoot van Abraham gedra. Jesus het in die mees letterlike sin gesterwe. Hy het immers na die hel neergedaal (vraag 44, HK.). Hy was van God verlate (Matt. 27:46) en dit is die betekenis daarvan om dood te wees. Hy het die dood wat die besoldiging van die sonde is in sy volle omvang borgtogtelik deursterwe.

Die dood is nie letterlik ’n slaap nie, maar soos ’n slaap.

Die siel verkeer nie in ’n slapende, bewustelose toestand, in die dowwe staat van sluimerendes nie (vgl.. Lasarus in Luk. 16:19 e.v. en Op.6:9 e.v.).

Waarom is die dood van die gelowige dan net soos ’n slaap? Dit is nie slegs ’n mooi woord vir ’n afskuwelike saak nie. Wat is verkwikkender as ’n diepe slaap? Nadat gelowiges weggeval het, was die Thessalonisense in die war. Paulus wys dan daarop dat die dood eintlik soos ’n slaap is (1 Thess. 4:14 e.v.). Slaap is geen doel op homself nie, dit is net ’n middel. Dit is die deel van hulle wat in Christus verlos is van die arbeid met al sy moeite en stryd in hierdie sondige wêreld. Op.21:4. Die slaap vorm die oorgang, van die donker lewensaand na die ligtende more.

Die verdriet en sorge van hierdie lewe is vergeet. Dit is ’n rus om dan verkwik te ontwaak. Dit spreek van ’n nuwe begin, die eerste stap op die weg na ’n heerlike ontwaking. Dit is ’n deurgang (vr. 42, HK.), dit open die deur vir ’n nuwe more waarop geen aand meer sal volg nie (Op.21:23, 25; 22:5). Hy wat gaan slaap, bly lewe. U deel tog nie gesinslede wat reeds gaan slaap het, by die dode in nie, maar by die lewende. Hulle wat ontslaap, gaan dan eers in die volle sin lewe. Ons sterwe om ewig te lewe. As ’n mens gaan slaap, staan jy uitgerus weer op. Wanneer die doodsklokke lui, word vir die goddelose die ewige wag van die eindelose sterwe ingelui, maar vir die gelowige die nuwe more van ’n blye ontwaking. Die dood is uit ons graf uitgedrywe.

Hierdie "sterwensbeskouing" hang saam met ’n bepaalde lewensbeskouing. Hy wat waarlik daarop ingestel is dat sy dood net soos ’n diepe, verkwikkende slaap sal wees, se lewe sal vanselfsprekend deur die nodige waaksaamheid gekenmerk word. 1

Thess. 5:1-11. Wie wil slaap, moet eers gewaak het. Die slaap gedurende die nag sal soeter wees namate die waak gedurende die dag intenser was. Die lewe van die gelowige as lidmaat van die strydende kerk is moeilik en inspannend. Dit is 'n bestaan op die slagveld (Ef. 6). Wie dit oordag maklik neem, kan gewoonlik nie so goed slaap as die nag kom nie - so sien ons dit in die natuurlike lewe. Die gelowige slaap, na die aardse stryd (Ps. 73:10, 11 berymd), en in God se arms om dan te ontwaak in die morestond van die geluksalige ewigheid. Dan word die ou sondeklere nie meer aangetrek nie. Johannes sien in Op.7:9 die "groot menigte wat niemand kon tel nie" waar hulle voor die troon en voor die Lam gestaan het, "bekleed met wit klere". In vers 14 lees ons dat hulle hulle klere gewas en hul klere wit gemaak het in die bloed van die Lam.

Die onsterflikheid van die siel.

Ons het reeds daarna verwys dat die fisiese dood die skeiding tussen liggaam en siel beteken. Dit is die einde van ons teenswoordige fisiese bestaan. Dit loop op die ontbinding van ons liggaam uit. So kom die huidige lewe op 'n end. Maar wat van die siel? Bring die fisiese dood die bestaan van die siel op 'n end of bly die siel na die dood voortbestaan?

Ons moet daarop wys dat in die mees absolute sin God alleen onsterflik is. 1 Tim. 6:15, 16: die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit ... Hy verleen onsterflikheid aan engele en mense. Hy alleen besit dit van ewigheid tot ewigheid op Goddelike wyse. By sy skepsele is dit 'n gegewe, skepselmatige onsterflikheid. Die kosmos is in die tyd geskape. Dit het 'n begin gehad. Die mens bly binne die tydkader, ook na hierdie lewe. "There is time beyond death. It is not a timeless life". Hier leef ons in tyd met die element van verganklikheid daarin. Dit maak die mens gespanne en gejaagd, dit put uit, dit bring die ouderdom met sy swakheid en aftakeling. Dit is die verganklikheid wat met die sonde sy intrek in die tyd geneem het, en die element van verskrikking in die haastig voortsnellende tyd gebring het. Op die nuwe aarde word ook die tyd, saam met, as onderdeel van die skepping van God, gesuiwer van die sonde, tot volmaaktheid gebring wanneer die skepping vrygemaak sal wees van die slawerny van die verganklikheid (Rom. 8:19-21). Die menslike ewigheid het - anders as God se ewigheid - 'n begin (vgl. Gen. 1:1: In die begin het God die hemel en die aarde geskape). Dit het egter nie 'n einde nie. In Op.10:6 staan "dat daar geen tyd meer sal wees nie" (Afrikaanse vertaling). Die nuwe Nederlandse vertaling lui: daar sal geen uitstel meer wees nie. Die mens is ewig-tydelik, hy is op skepselmatige wyse ewig. Op die nuwe aarde sal ons, terwyl ons hier op aarde gedurig moes kla: Ek het geen tyd nie - daar sal ons tyd hê! Salige gedagte. En die tyd sal ontdaan wees van die sondige wat in hierdie bedeling daarin was, soos dit uitdrukking vind in die gejaagdheid, aandrywing, aftakelende krag ens.

Onsterflikheid by die mens was 'n oorspronklike gegewenheid by die skepping. Die mens was van die begin af vry van die saad van die verderf, verganklikheid en dood. Die moontlikheid was egter nie uitgesluit dat die mens aan die dood onderworpe

kon raak nie. Alhoewel die mens oorspronklik nie aan die dood onderworpe was nie, was hy wel vatbaar daarvoor. Hy kon deur te sondig onderworpe raak aan die wet van die dood. Met die sondeval het hy in die greep van die dood gekom (Gen. 2:17: die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe).

Daar word ook van onsterflikheid in die sin gespreek dat die mens nie meer vir die dood vatbaar sal wees nie. Die mens was nie onsterflik in hierdie hoogste sin van die woord kragtens sy skepping nie, alhoewel hy na God se beeld geskape is. Onsterflikheid sou langs die weg van die werkverbond gerealiseer gewees het, maar dit kan nou net die vrug wees van die werk van die verlossing wat in die voleinding voltooi sal wees (vgl. Op.21:4, 5, 6).

Die getuienis van die algemene openbaring oor die onsterflikheid van die siel.

Die vraag van Job: as 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? (Job 14:14) bly altyd van belang. Selfs die laagste vorms van godsdiens glo dat daar 'n hiernamaals is. Onder invloed van die materialisme is daar diegene wat twyfel of die mens na die dood lewe, wat dit selfs ontken. Tog word 'n toekomstige, persoonlike en bewuste bestaan van die mens deur die meeste mense aanvaar.

Daar word sogenaamde bewyse vir die onsterflikheid van die siel aangevoer. Ons sê dat, net soos die sogenaamde bewyse vir die bestaan van God geen werklike bewyse is nie, so ook in hierdie geval. Dit is hoogstens heenwysinge.

(1) Die ontologiese argument. Die consensus gentium is net so sterk t.o.v. die onsterflikheid van die siel as t.o.v. die bestaan van God. Dit is 'n aanvoeling onder alle rasse en volkere. Daar moet dus ten opsigte hiervan 'n natuurlike ingesteldheid op die onsterflikheid wees, iets wat van die samestelling van die menslike natuur deel uitmaak.

(2) Metafisiese argument. Dit is 'n argument wat Plato reeds gebruik het. Dit kom hierop neer: Die siel is nie uit verskillende onderdele saamgestel nie. By die dood word stof (materie) in sy dele ontbind. Die siel is egter 'n geestelike entiteit. Dit het nie samestellende onderdele nie; daar kan dus nie van ontbinding sprake wees nie. Die ontbinding van die liggaam bring dus nie noodwendig ook die van die siel mee nie. Die siel bly by die dood intakt.

(3) Die teleologiese argument. Dit lyk of die menslike wese toegerus is met haas onbegrensde kapasiteite wat nooit in hierdie lewe tot volle ontwikkeling kom nie. Dit lyk of die meeste mense net begin om sommige van die groot dinge wat hulle in die vooruitsig stel, hier te verwesenlik. Daar is ideale wat vér duskant vervulling vassteek, begeertes, aspirasies wat in hierdie lewe nie bevredig word nie, verlangens wat teleurgestel word. Nou word geargumenteer dat God nie aan die mense sulke vermoëns en talente sou gegee het net om hulle dan te laat faal in wat hulle tot stand probeer bring het nie; God sou die hart nie met sulke begeertes en aspirasies gevul het net om dit dan op teleurstelling te laat uitloop nie. God moes as noodwendige konsekwensie 'n toekomende bestaan skenk waarin die menslike bestaan tot volvoering sal kom. Daar is by al die gebrokenheid in hierdie lewe onteenseglik iets

in die mens aanwesig wat heengryp na die ewigheid. (4) Die morele argument. Die menslike gewete impliseer die bestaan van 'n morele gesag wat reg spreek en reg sal laat geskied. Feit is egter dat die reg in hierdie lewe nie ten volle in sy eise bevredig word nie. Daar is 'n baie ongelyke en oënskynlik onregverdige distribusie van goed en kwaad. Die goddelose is dikwels voorspoedig, hy word ryk, hy smaak 'n oormaat vreugde in die lewe, terwyl die vromes meermale in armoede krepeer, pynlike en vernederende terug-slae ondervind en baie beproewinge moet deurmaak. Dit kan tog onmoontlik die slottafereel wees. Daar moet 'n toekomstige bestaan wees waarin geregtigheid sal seëvier en die ongelykhede (anomalieë) van hierdie lewe reg gestel sal word. (5) Die antropologie se argument is gegrond op die onderskeid tussen mens, dier en plant. Die mens onderskei hom deur sy verstand, sy rede en sy godsdiens. Dit gaan bo die stoflike wêreld uit en moet uitmonding in die ewigheid vind.

Getuienis van die besondere openbaring aangaande die onsterflikheid van die siel.

Die Heilige Skrif se dat God alleen onsterflikheid besit (1 Tim. 6:15). Dit word nie eksplisiet van die siel gesê dat hy onsterflik is nie; daar word ook nie gekom by 'n bewys hiervoor nie. Daarom ontken die Russeliete en Millenial Dawnists dat die siel onsterflik is. Die Heilige Skrif postuleer eenvoudig die onsterflikheid van die siel, net soos dat God bestaan. Daar word nie oor geredeneer nie.

(1) Die leer van die onsterflikheid in die Ou Testament (vgl. K. Dijk. Over de laatste dingen, I, p. 54 e.v.). In die more van die skepping klink te midde van paradysheerlikheid die bange woord, "sterwe" op: "Want die dag as jy daarvan (d.i. van die boom van kennis van goed en kwaad) eet, sal jy die dood sterwe" (Gen. 2:16, 17). Jy sal die dood in sy ganse omvang al sterwende sterwe. (Vgl. die woorde in die Doopformulier dat hierdie lewe 'n gestadige dood" is. Dit is inderdaad 'n dreigende doodsklank. Die dood kom dus as straf, dit is hoegenaamd nie 'n natuurlike noodwendigheid nie. Dit hoort nie tot die oorspronklike wese van die mens nie.

In die O.T. word die onsterflikheid minder eksplisiet as in die N.T. geleer. Sterk nadruk val op die seën van 'n lang lewe hier op aarde (vgl. die vyfde gebod) en op die weelde en vreugde daarvan. Die oorwinning van Christus oor dood en graf is nog hunkerend tegemoet gesien in hierdie skadubedeling. Die historia revelationis was nog in 'n proses van ontplooiing. Vgl. 2 Tim. 1:10: "Maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van onse Verlosser, Jesus Christus., wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie....."

Die koms van die beloofde Verlosser (Gen. 3:15) is nog verwag wanneer die volheid van die tyd sou aanbreek. Tog is die leer van die O.T. duidelik met die uitsig wat geopen word op 'n toekomstige, bewuste bestaan van die mens in die sin van onsterflikheid, 'n voortlewe van. die siel, (a) Vgl. in hierdie verband die leer van die O.T. oor God en mens. Die wortel van Israel se hoop op onsterflikheid is gevind in sy geloof in God as Skepper en Verlosser, die Verbondsgod wat sy volk nooit sal begewe nie. Hy was vir die gelowiges in die O.T. die lewende, die ewige, die getroue

God in Wie se gemeenskap hulle vreugde, lewe, vrede en volkome versadiging in alle behoeftes gevind het. Hoe kon dit alles die geval gewees het as hulle van die gedagte moes uitgaan dat dit alles slegs vir ’n baie kort tyd sou wees, met die immer winkende dood as die einde van hulle bestaan? Verder: Die O.T. laat ons die mens sien as geskape na die beeld van God, geskape om te lewe en nie om te sterwe nie. God het die ewigheid in ons hart gelê (Pred. 3:11). (b) Ons wys vervolgens op die leer van die O.T. insake die se-ool. Die O.T. leer dat die dode na die se-ool [שְׁאוֹל] gaan. Dit is ’n bewuste bestaan na die dood (Ps. 16:10; Ps. 49:14, 15). In die Griekse vertaling word se-ool as hades [αδην] weergegee as aanduiding van die plek waarheen die afgestorwenes gaan - die doderyk. In die statevertaling word se-ool soms as graf en soms as hel weergegee. Dit is die land sonder terugkeer (Job. 7:9 e.v.; 10:7-12; 16:22). Hades beteken die onsigbare, hulle wat dus hier van die toneel verdwyn het, wat nou op die dag van die finale oordeel wag, is daar (Op.6:8; 20:13, 14). Dit is dus nie die hel nie, dit is ’n voorstadium waarin die gelowiges ook verkeer: vir die gelowiges ’n voorstadium in heerlikheid, vir die goddelose in pyniging, rampsaligheid en gerig omdat hulle lot reeds beslis is, soos die van ’n gevangene wat weet dat hy skuldig is en dat daar nie die minste kans op ontkoming is nie, al wag hy nog die vonnis af. Die vromes verkeer na die dood dus onmiddellik in geluksaligheid (vgl. Luk. 16:19 e.v.; Luk. 23:43), al is dit in dié sin ’n voorlopige, afwagtende geluksaligheid aangesien die siel wag op die hereniging met die liggaam (Op.6:9-11) met die opstanding op die dag van Christus se wederkoms op die wolke. Die goddelose verkeer ewe-eens in ’n staat van voorlopigheid, maar in hulle geval ’n voorlopige rampsaligheid. Die hades (se-ool) is dus die woord vir die verblyfplek tot met die jongste gerig (Matt. 16:18; Hand. 2:27, 31). Net Henog en Elia het die dood nie gesien nie, maar buiten hulle het almal deur die donker poort gegaan en in die se-ool gekom.

Ons moet die se-ool onderskei van die gehenna [γέεννα] (Mark. 9:43), d.i. die helse vuur, die buitenste duisternis, ens. (H. Bavinck, Geref. Dogm. IV, p. 583). Die ryk man was in pyn toe hy in hades sy oë opgehef het (Luk. 16:23. Dit is egter nog nie die plek van die onuitbluslike waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie (Mark. 9:43, 44, 46, 48). Gehenna - dit was die naam van die plek (dal van die seuns van Hinnom) aan die suidekant van Jerusalem. Sedert Agas, die koning, is daar kinders aan Molog geoffer. Koning Josia het hierdie afgodsdiens die nek ingeslaan. Hy het die altare in puin laat lê, die offerplekke uitgewis. Sedert hierdie tyd was hierdie dal die vullishoop. Liggame van misdadigers en dooie diere-karkasse is ook daar weggegooi. Daar moes dit deur vuur verteer word. Dit het vir Israel die sinnebeeld van die helse vuur geword (Matt. 5:22; vgl. Mark. 9:44). (c) I.v.m. die leer van die onsterflikheid in die O.T. is ook van belang die waarskuwings teen die raadpleging van die dode. Dit gaan naamlik hier oor persone wat geeste sogenaamd opgeroep en van hulle ’n boodskap ontvang het. Lev. 19:31; 20:27; Deut. 18:11; Jes. 8:19; 29:4. Die O.T. laat verstaan dat die dode wel daar is, maar om hulle te wil "raadpleeg" - dit mag nie! (d) Ons moet ook let op die leer van die O.T. oor die opstanding van die dode. Christus wys daarop dat die leer van die opstanding in die verklaring behels is: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God

van Jakob (Matt. 22:32; vgl. Eks. 3:6). Christus bestraf die Jode omdat hulle die Skrifte op hierdie punt nie verstaan nie. Die opstanding word in die O.T. o.a. op die volgende plekke geleer: Job 19:23-27 (Ek weet my Goël lewe); Ps. 16:9-11; 17:15; 49:15; 73:24; Jes. 26:19; Dan. 12:2. (e) Op sekere plekke spreek die O.T. van die gelowige se genieting in gemeenskap met God na die dood: Job 19:25-27; Ps. 16:9-11; 17:15; 73:23, 24, 26. Dit spreek van die vertrouende verwagting van vreugde in die teenwoordigheid van God.

(2) Die leer van die onsterflikheid in die N.T. Nadat Christus die lewe en onsterflikheid deur die kruis en opstanding aan die lig gebring het, kan ons begryp hoe voor die hand liggend dit is dat die bewysplekke in die N.T. menigvuldig voorkom. Daar is verskillende groeperinge: (a) oor die voortbestaan van die siel – 'n voortbestaan van sowel die regverdiges as die goddelose. Dat die siel voortbestaan: Matt. 10:28; Luk. 23:43; Joh. 11:25 e.v.; 14:3; 2 Kor. 5:1; ook dié van die goddelose: Matt. 11:21-24; 12:41; Rom. 2:5-11; 2 Kor. 5:10. (b) Die opstanding waarin die liggaam ook deel. So word deur die gelowiges die volle heerlikheid ingegaan: Luk. 20:35, 36; Joh. 5:25-29; 1 Kor. 15; 1 Thess. 4:16; Fil. 3:21 ens. Die goddelose gaan na die hereniging van siel en liggaam die ewige dood in: Joh. 5:29; Hand. 24:15; Op.20:12-15. (c) Die geluksalige lewe van die gelowiges in gemeenskap met God. Dit sal nie 'n kleurlose bestaan wees nie, maar die volsalige lewe in gemeenskap met God. Matt. 13:43; 25:34; Rom. 2:7, 10; 1 Kor. 15:49; Fil. 3:21; 2 Tim. 4:8; Op.21:4; 22:3, 4.

Die tussentoestand (vgl. K. Dijk, a.w.; bv. wat hy op bl. 74 oor Luk. 16:19-31 skrywe). Ons het reeds gemeld dat alle siele van afgestorwenes hulle tot Christus se wederkoms in die hades bevind (Matt. 11:23; Luk. 16:23; Hand. 2:27, 31; Fil. 2:10; Op.20:13). Wat die Heilige Skrif leer kom hierop neer : (a) Wat die gelowiges tussen die sterwe en die opstanding betref, die siel gaan dadelik die hemelse heerlikheid in. Luk. 23:43; 2 Kor. 5:8; HK. vr, 57. Die gelowiges is daar in volle mate in die lewe en ten volle bewus (Luk. 16:19-31; 1 Thess. 5:10), in 'n staat van rus en eindelose geluk (Op.14:13). (b) Wat die goddelose betref. hulle gaan onmiddellik die rampsaligheid in, soos ons reeds met verwysing na die Skrifgegewens aangestip het,. Die ryk man (Luk. 16:19-31) is bewus van sy toestand, hy is erg begaand oor sy broers en wil hê dat hulle dringend gewaarsku moet word.

As 'n mens sterwe - of dit in die ware geloof is of nie - is jy finaal hier weg. Kan daar dan so iets wees as 'n verskyning van 'n gees aan 'n mens hier op aarde nie? Ja, die Bybel leer dat daar so iets as 'n geestewêreld is. Uit hierdie geledere kan wel verskynsels na vore tree, maar ons het dan beslis nie met geeste van afgestorwenes te doen nie. Dit is niks anders nie as pneumatiese werkinge van die duiwels. By die dood kom 'n algehele breuk met die lewe aan hierdie kant van die graf tot stand. Pred. 9:5, 6, 10; Job 14:21. Op.6:9-11 word aangevoer om 'n wisselwerking tussen die nog lewendes en die ontslapenes te probeer bewys, maar dit gaan nie op nie. Die Heilige Skrif gee geen grond om te beweer dat die siele in die hemel en die siele wat in die hel is, die plek waar hulle hul bevind kan verlaat nie. Nee, die mens gaan na sy

ewige huis: Pred. 12:5b; Luk. 16:19-31.

In sy boek "Koning Saul" gee prof. J.H. Kroeze aandag aan die regte verklaring van 1 Samuel 2-8 (bl, 105 e.v.). H. Bavinck verwys na hierdie hoofstuk wanneer hy die bygelowige praktyke, ook by Israel, behandel (Geref. Dogm. IV, p. 600). 'n Waarseggende gees kom in Lev. 20:27 ter sprake: "En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene of 'n gees wat waarsê is, dan moet hulle sekerlik doodgemaak word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle". (Hierdie verskynsel het 'n rol gespeel binne die kader van die heidendom - by die Egiptenaars, die Kanaäniete, die Babiloniërs e.a.). Daar was by Israel ook sprake van persone wat hierdie gees besit, 1 Sam. 28:7, 8, wat deur iemand ondervra word, 1 Sam. 28:8 en deur wie iemand 'n dooie laat opkom, 1 Sam. 28:9. Die wet en die profete bevat egter besliste uitsprake hierteen en roep die volk van die Here terug tot sy openbaring en getuienis, Eks. 22:18; Lev. 19:26, 31; 20:6, 27; Deut. 18:11; 1 Sam. 28:19; Jes. 8:19; 47:9-15; Jer. 27:9; 29:8; Miga 3:7; 5:11; Neh. 3:4; Mal. 3:5. Die Ruwe Testament druk sy seël daarop, Luk. 16:29; Hand. 8:9 e.v.; 13:6 e.v.; 19:13 e.v.; Gal. 5:20; Ef. 5:11; Op.9:21; 21:8; 22:15. Dit is onbewysbaar dat die oproep en verskyning van gestorwenes deur die Heilige Skrif gesanksioneer word. Daar het wel soms deur God se wondermag opwekking van dooies plaasgevind; die Heilige Skrif erken demoniese kragte en werkinge wat die vermoë van die mens te bowe gaan, Deut. 13:1, 2; Matt. 24:24; 2 Thess. 2:9; Op.13:13-15. Maar nêrens leer die Heilige Skrif die moontlikheid of die werklikheid van 'n dodeverskyning nie. Die enigste plek wat hierteen aangevoer kan word, is 1 Sam. 28, waar Saul die toevlug tot die towenares te Endor neem; want die verskyning van Moses en Elia met Christus op die berg van verheerliking, Matt. 17, Luk. 9, is sonder menslike bemiddeling deur God alleen bewerk. Terwyl Bavinck die rasionalistiese verklaring verwerp wat in hierdie geskiedenis niks anders sien as 'n opsetlike bedrieëry van die vrou nie, stel hy hom radikaal teenoor die gedagte van 'n objektiewe reële verskyning van Samuel. Saul sien Samuel nie met eie oë nie, vs. 14; die vrou sien hom wel, maar sy verkeer in 'n hipnotiese toestand, vs. 12, en sy sien hom soos hy in sy lewe op aarde gelyk het, as 'n ou man en in 'n profetemantel gehul, vs. 14. Die skrik van die vrou, vs. 12, het dan ook sy oorsaak nie daarin dat sy teen haar verwagting in Samuel werklik gesien het nie, maar hierin dat sy, terwyl sy Samuel sien, in haar hipnotiese toestand ook onmiddellik Saul herken en vir hom vrees. Nadat Saul onder die indruk gebring is dat 'n onderaardse, geestelike wese uit die aarde opgekom en dat Samuel self verskyn het, word Saul by monde van die vrou die oordeel aangekondig. Bavinck is daarvan oortuig dat daar niks in 1 Sam. 28 is wat bo die bekende verskynsels van hipnotisme en somnambulisme uitgaan en nie in terme daarvan verklaar kan word nie.

Daar is 'n ou Joodse opvatting dat die verskyning van Samuel te Endor as werklikheid aanvaar moet word (vgl. Jesus Sirag, "Die lof aan die Vaders", hoofstukke 44 en 45. Dit wil voorkom of die Septuagint en Augustinus met hierdie opvatting saamstem. Merkwaardig genoeg dat die Bybel met Verklarende Aantekeninge (Kaapstad, 1958) hiermee saamstem: "Soos Elia en Moses op die berg van verheerliking verskyn en met Christus gespreek het, so het die Here Samuel gestuur om Saul finaal te bestraf.

Hierdie verskyning van Samuel het dus niks met die sogenaamde oproeping van geeste in spiritistiese sin te doen nie. God Self gryp hier in. Dit is nie die vrou wat Samuel laat verskyn het nie, maar dit is God wat hom stuur". Intussen vermeld die Verklarende Aantekeninge ook dat talle Skrifverklaarders meen dat Samuel nie werklik verskyn het nie en dat alles slegs op inbeelding van die vrou berus het. Kroeze sê tereg dat ons, ook by die verklaring van 1 Sam. 28, sterk met demoniese werkinge rekening moet hou. Die ou statevertalers sê daar het 'n bose gees in die gedaante van Samuel verskyn. Deur haar duiwelse kuns het die vrou so 'n bose gees opgeroep. Dit is ook die standpunt van Luther en Calvyn (ook van F.L. Bakker in sy Geschiedenis der Godsopenbaring p. 318). Ander sê dat hier alleen bedrog gepleeg is deur die vrou. Dit kom hierop neer dat daar dus eintlik niks verskyn het nie. Flavius Josefus het in sy boek oor Joodse oudhede (IV, 15, 2) reeds hierdie verklaring gegee. Hy dink aan "buiksprekery". Die rasionalistiese wêreldbeskouing waarin vir demoniese verskynsels geen plek is nie, vind hierdie mening aanvaarhaar. Die slim vrou sou dan in een vertrek gewees het en voorgegee het dat sy woorde van Samuel deurgee, met 'n veranderde stem (Jes. 8:19). Sy het Saul se innerlik gebroke en verwarde toestand uitgebuit waarin hy gekom het om 'n orakelstem te verneem en waarin hy sielkundig gekondisioneer was om te glo wat die vrou aan hom sou voorhou. Daar was dus geen Samuel wat gepraat het nie. Die vrou het demonies, met geraffineerde bedrog, haar spel baie fyn gespeel.

Dit kom dan hierop neer dat ons nie kan aanvaar dat Samuel werklik verskyn het nie. God het Saul immers dikwels genoeg gewaarsku en het nou opgehou om hom te antwoord (vs. 6). "Sou Hy dan tóg nog weer gaan antwoord en vir hom so 'n antwoord laat afdwing deur hierdie afskuwelike middel? Dit is in stryd met God se heiligheid.

God het geen boodskap meer aan Saul gehad nie. Aan sy Seun op aarde het Hy wel 'n boodskap gehad en dit laat oorbring deur Moses en Elia. Dit het God Self bewerk en op 'n heerlike wyse. Daarby was niks van die dood en sy onreinheid nie." (Kroeze, a.w., p. 112). Die werk van die duiwel en die bedrog van die vrou loop hier saam. Hierdie duiwelbesweerster is 'n instrument van die duiwel. As die duiwel deur haar 'n bose gees laat verskyn in die gestalte van Samuel, is dit 'n spel van bedrog. Saul is lankal slagoffer van 'n bose gees en nou, aan die einde, sak die duiwelse magte in volle gewig op hom toe. Saul het self die pad na die vrou, na die duiwel gesoek. As daar in hierdie gebeure kragte soos hipnose (aldus Sillevis Smit), somnambulisme, telepatie, hallusinasie, clairvoyance werksaam was, was hulle in diens geneem deur die bose samewerking van die duiwel en die dodebesweerster in sy diens. Saul verklaar ten aanhore van die vrou: God het my verlaat. Hy dink hy sê dit vir Samuel, maar hy bieg by die duiwel. Die verskyning wat die vrou dan sou gesien het, sê presies wat Saul wel weet, dat naamlik die koningskap hom ontneem en aan Dawid gegee sal word, omdat hy nie na die stem van die Here geluister het nie.

Die Heilige Skrif gaan van die gedagte uit dat die dood n totale breuk beteken met die lewe aan hierdie kant van die graf.

Bavinck skrywe (Geref. Dogm. IV, p. 602) dat die gestorwenes herinneringe behou aan wat hier op aarde met hulle gebeur het. Die ryk man en die arm Lasarus weet wie en wat hulle hier gewees het en in welke omgewing hulle gelewe het, Luk. 16. In die laaste gerig is die mense hulle bewus van wat hulle op aarde gedoen het, Matt. 7:2.2. Die werke volg hulle na wat in die Here ontslaap het, Op.14:13. Wat ons hier op aarde gedoen het, word ons sedelike eiendom en gaan met ons mee in die dood. Bavinck twyfel ook nie daaraan dat die gestorwenes die mense wat hulle op aarde geken het, sal herken nie; die onderaardse bewoners begroet spottend die koning van Babel, Jes. 14; die magtige helde spreek uit die sjeool die vors en volk van Egipte toe, Eseg. 32; die ryk man herken Lasarus, Luk. 16. Die vriende wat ons hier deur weldoen verwerf het, ontvang ons eenmaal met vreugde in die ewige tabernakels, Luk. 16:9.

Ons kan saamstem dat daar by die ontslapenes herinnering aan hierdie lewe bestaan. Dit kan egter vanselfsprekend by die gesaligdes geen <u>smartvolle</u> herinnering wees nie. Veeleer sentreer die herinneringe rondom die groot daad van verlossing in Jesus Christus wat Hy hier volbring het. Dit is dus 'n herinnering wat opvoer tot lof - en danksegging tot verheerliking van God. Vgl. die nuwe lied van die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge in Op.5:9,: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers". Vgl. Skrifberyming 8 vers 2, waar ook gespreek word van wat hier in hierdie bedeling gebeur het: "U't van die hemel hoog op aarde neer wou daal..."

Die Heilige Skrif leer duidelik dat die gemeenskap met hierdie aarde by die dood totaal verbreek word. Die gestorwenes het geen deel meer in alles wat onder die son geskied nie (Pred. 9:5, 6, 10). Of hulle kinders tot eer kom of in armoede verval, hulle weet dit nie, Job 14:21, Abraham weet nie van die kinders van Israel en Jakob ken hulle nie? daarom roep hulle tot die Here wat immers hulle Vader is, Jes. 63:16. Van 'n verkeer van die gestorwenes met die lewendes is nêrens sprake nie; hulle behoort tot 'n ander ryk wat van die aarde totaal geskeie is.

<u>Ondertussen stel ons voorop dat die gemeenskap tussen die strydende en die triomferende kerk iets wesenliks is.</u> Dit is in Jesus Christus, net soos die gemeenskap van die heiliges op aarde in Christus geleë is. Omdat die twee onderafdelings van die kerk (triumphans et militans) deel het aan dieselfde Christus, het hulle ook met mekaar gemeenskap.

<u>Die Roomse leer aangaande die verblyf van die siel na die dood.</u>

<u>Purgatorium.</u> Dit is die dogma wat Rome reeds op sy groot konsilies in die vyftiende eeu vasgelê het (ons noem veral die konsilie van Florence, 1439). Origines is die vader van hierdie gedagte. Daarvolgens gaan die siele van die ongelowiges onmiddellik na die dood na die hel, terwyl die siele van die martelare, die van klein kindertjies wat gedoop is (magiese werking!) en die van die volmaakte heiliges (sic!)

onmiddellik in die hemel opgeneem word. Die siele van al die ander gelowiges gaan eers na die vagevuur om daar eers vir 'n korter of langer tyd gestraf en gelouter te word totdat hulle geskik is om die hemel in te gaan. Dit blyk vir ons na 'n braaipan waarin die vet uitgebraai word. Vagevuur - dit is 'n vuur wat skoon "veeg". Die gedagte is dat Christus vir die "doodsondes" betaal het, nou moet die siele self instaan vir die tydelike strawwe. Diegene wat nog op die aarde is kan bid vir hulle wat in die vagevuur is dat die straf verkort mag word. Rome beroep hom vir hierdie leer o.a. op 1 Kor. 3:15: "... alhoewel hy self sal gered word, maar asof deur vuur heen". Maar hier is tog geen sprake van 'n louteringsvuur waar straf gely en waar die smette van die siel uitgewis word nie. Nee, die teks sê juis dat die persoon self sal ontkom aan die straf, maar dat sy werke verbrand word. D.i. 'n loutering nie voor nie, maar op die oordeelsdag. Christus se volkome verlossingswerk word deur Rome misken. Die Heilige Skrif leer dat die gelowige dadelik na Christus gaan. "Vandag sal jy met My in die paradys wees!" (Luk. 23:43).

Rome leer hiermee 'n stelsel van menslike afbetaling. God gaan dan na wanneer die rekening klop. So word die stelsel van goeie werke tot na die dood geprolongeer, dit word in die vagevuur afgerond. Hoe vér staan dit van die sola gratia wat die gereformeerde bely! Vgl. die aflaathandel waarby Tetzel in die tyd van Luther betrokke was; hy kon presies met sy Roomse smoushandel bepaal wanneer die siel uit die vagevuur gaan spring - so het hy gemeen, Luther noem hierdie sogenaamde louteringsvuur 'n spook van die duiwel.

Rome praat van siele (van martelare, besondere heiliges en klein, gedoopte kinders) wat by die dood volmaak skoon is! Hulle gaan onmiddellik in die hemel die gelukkige aanskouing van God smaak (Matt. 25:46; Fil. 1:23). Hulle wat nog met die skuld van vergeeflike sondes (peccata vernialia, teenoor mortalia) belaai is, wat nog nie die tydelike straf op hulle sonde gedra het nie - dit is natuurlik met die meeste die geval - moet hierdie proses van reiniging ondergaan voordat hulle in die hoogste geluksaligheid en vreugde van die hemel kan ingaan. Die vagevuur is dus nie 'n oord met bekeringsmoontlikheid vir die ongelowige nie.

In plaas van dadelik in die hemel in te gaan, gaan die bogemelde gelowiges dus in die vagevuur - dit is diegene wat by hulle dood nog nie gereed is om die blydskap van die geluksalige visio Dei te smaak nie. Gedurende die verblyf van hierdie siele in die vagevuur ly hulle die pyn van verlies, d.w.s. die angs as gevolg van die feit dat hulle nog uitgesluit is van die geluksalige sien van God. Die lengte (duur) en die intensiteit van hulle lyde varieer volgens die graad van reiniging wat nog nodig is. Dit kan verkort en verlig (getemper) word deur die gebede en die goeie werke van die getroues op die aarde en veral deur die offer van die mis (dus die Roomse clerus wat hulle hande tot oor die graf uitstrek - Rome, die mater van haar kroos, alleensaligmakend!) Dit is moontlik dat iemand in die vagevuur moet bly tot die tyd van die laaste oordeel. Die pous sou dan jurisdiksie oor die vagevuur hê. Dit is sy besondere prerogatief om vryspraak, tegemoetkoming toe te staan wat die lyde in die vagevuur ligter maak of selfs beëindig. Rome beroep hom vir hierdie leer hoofsaaklik op 2 Makkabeërs 12:42-

45 - ’n boek wat die Protestante nie as kanoniek aanvaar nie. Maar hierdie gedeelte uit die apokriewe bewys te veel, meer as wat die Rooms-Katolieke self wil bely, naamlik die moontlike bevryding van soldate van die vagevuur wat in die doodsonde van afgodsdiens gesterf het. Rome beroep hom ook o.a. op Jes. 4:4; Miga 7:8; Sag. 9:11; Mal. 3:2, 3; Matt. 12:32; 1 Kor. 3:13-15 (soos reeds aangedui); 1 Kor. 15:29. Dit is flagrante inlegkunde. Saamvattend stel ons dat Rome die spoor byster is met sy uitgangspunt (a) dat die mens iets aan die werk van Christus moet toedoen; (b) dat die mens se goeie werke verdienstelik is; (c) dat die mens oortollige goeie werke kan verrig, werke bo die bevele van God wat behels wat die mens verplig is om te doen, en (d) dat die sleutelmag van die kerk in ’n judisiële sin absoluut van karakter is. Daarvolgens kan die kerk die lyde in die vagevuur verkort, verlig en selfs beëindig.

<u>Die limbus patrum.</u> Die Latynse woord <u>limbus</u> (rand, Engels: "fringe") is in die Middeleeue gebruik om twee plekke aan die rand, in die uithoeke van die hel aan te dui, nl. die limbus patrum en die limbus infantum. E.g. is die plek waar, volgens die Roomse leer, die siele van die O.T. gelowiges gehou was in ’n staat van afwagting tot by die opstanding van Jesus Christus uit die dode. Hulle sê dat Christus na sy dood aan die kruis neergedaal het na die verblyfplek van die vaders om hulle van hulle tydelike bewaring vry te laat en om hulle in triomf na die hemel te dra. Dit is dus die Roomse interpretasie van Christus se neerdaling na Hades.

Hades word beskou as die verblyfplek van die afgestorwe siele; dit het afdelings: een vir die regverdiges en een vir die goddeloses. Die afdeling wat deur die geeste van die regverdiges bewoon word, is die Limbus patrum, aan die Jode bekend as die boesem van Abraham (Luk. 16:23) en paradys (Luk. 23:43). Rome sê dat die hemel nie vir iemand oop was totdat Christus werklik vir die sonde van die wêreld betaal het nie.

<u>Die limbus infantum.</u> Dit is die verblyfplek van die siele van al die ongedoopte kinders, afgesien van hulle afkoms uit heidense of Christelike ouers. Rome sê ongedoopte kinders het nie toegang tot die hemel nie, hulle kan die koninkryk van God nie binne gaan nie (Joh. 3:5). Hierdie kinders vind nou ’n heenkome (terwyl hulle uit die hemel uitgesluit is) in ’n plek aan die rand van die hel waar sy ergste vlamme nie bykom nie. Rome deins dus terug om te leer dat hierdie ongedoopte kinders wat nie in die hemel kan kom nie, in die hel gepynig word. Hulle soek ’n uitweg. Sommige teoloë meen dat sulke kinders miskien deur die geloof van hulle ouers gered sou kan word; ander sê God mag dit aan engele opdra om sulke kinders te doop. Maar die gedagte dat hulle aan die rand van die hel in bewaring gehou word, het by Rome die meeste ingang gevind. Hierdie kinders bly ewig daar - geen hoop op bevryding nie. Meeste Room-Katolieke aanvaar dat hierdie kinders daar geen positiewe straf ly nie, maar dat hulle tog uitgesluit is van die vreugde en saligheid van die hemel. Hulle ken en het God lief deur die gebruik van hulle natuurlike aanleg (vgl. "theologia naturalis") en geniet volle natuurlike geluk. ’n Mens slaan die hande saam oor soveel opperste Roomse snert.

Na die dood voer die siel 'n bewuste bestaan.

Dit is ontken op grond daarvan dat die siel in sy bewuste aktiwiteit op die brein aangewese is, en dus nie daarsonder kan funksioneer nie. Ons sê die siel kan ook anders werk as deur die brein heen. Luk. 16:19-31; 2 Kor. 5:6-9; Fil. 1:23; Heb. 12:23. Hierdie tekste dui op 'n bewuste bestaan. Die siele onder die altaar roep, Op.6:9; die siele regeer saam met Christus, Op.20:4.

Die leer van die sieleslaap (psychopannychia).

Hulle sê die siel bestaan wel afsonderlik, maar in 'n staat van onbewustheid.

In die tyd van die Reformasie het sommige Anabaptiste die beskouing gehuldig. Calvyn weerlê hulle in sy geskrif Psychopannychia. Die Russelliete sê die liggaam en siel gaan in die graf, die siel in 'n slaaptoestand wat eintlik op 'n staat van nie-bestaan neerkom. Wat opstanding genoem word, is in werklikheid 'n nuwe skepping. Gedurende die millennium (volgens hulle) sal die goddelose 'n tweede kans hê, maar as hulle geen merkbare verbetering gedurende die eerste honderd jaar toon nie, sal hulle vernietig word. As daar 'n mate van inkeer kom, sal hulle straf nog voortgaan, maar dit eindig by onboetvaardigheid in vernietiging. Daar is geen hel, geen plek van ewige straf nie. Die leer van die sieleslaap het blykbaar 'n besondere bekoring vir hulle wat swaar kry om te glo in 'n voortgang van bewustheid apart van die liggaamlike organisme.

Vir die leer van die sieleslaap word Skrifbewyse aangevoer: (1) Die Heilige Skrif spreek van die dood as 'n slaap (Matt. 9:24; Hand. 7:60; 1 Kor. 15:51; 1 Thess. 4:13). Hierdie slaap, sê hulle, kan nie 'n slaap van die liggaam wees nie? daarom moet dit 'n slaap van die siel wees. (2) Dit mag wel lyk of sekere skrifgedeeltes leer dat die dode nie bewus is van wat aangaan nie, bv. Ps. 6:6; 115:17; 146:4; Pred. 9:10; Jes. 38:18, 19. (3) Hulle (voorstanders van die leer van die sieleslaap) voer verder aan dat die bestemming van die mens volgens die Heilige Skrif bepaal sal word deur 'n finale oordeel en dat dit vir sommiges 'n verrassing sal wees; gevolglik kan dit nie aangeneem word dat die siel onmiddellik na die dood sy bestemming bereik nie (Matt. 7:22, 23; 25:37-39, 44; Joh. 5:29; 2 Kor. 5:10; Op.20:12 e.v. (4) Nie een van die persone wat uit die dood opgewek is, het al ooit 'n verslag van hulle ervaring gegee nie. Dit kan die beste verstaan word indien ons aanvaar dat hulle siele onbewus was in die liggaamlose staat.

(Die standpunt word ingeneem dat die siel nie sonder die liggaam kan funksioneer nie, dat die siel hiervoor aangewese is op die gebruik van die sintuie. Ons stem toe dat siel en liggaam op mekaar aangelê is en dat die siel deur die organe van die liggaam heen werk [die twee is in die mens as psigosomatiese wese saamgevoeg - die siel sien deur die oog, hoor deur die oor – ensomeer]. Maar dit neem nie weg dat God kragte in die siel gelê het wat bewustelik na die dood tot ontplooiing kan kom nie).

I.v.m. die argumente ten gunste van die leer van die sieleslaap, soos hierbo genoem, net die volgende: (1) Die Bybel sê nêrens dat die mens se siel of liggaam by die dood aan die slaap raak nie. Die dood is soos die slaap. Ons het reeds hieraan aandag

gegee. Die Bybel laat ons veeleer die gelowiges sien terwyl hulle ’n bewuste lewe geniet in gemeenskap met God en met Jesus Christus <u>onmiddellik</u> na die sterwe (Luk. 16:19-31; 23:43; Hand. 7:59; 2 Kor. 5:8; Fil. 1:23; Op.6:9; 7:9; 20:4). (2) Die tekste wat oënskynlik leer dat die dode onbewus is, wil onderstreep dat die dode in geen opsig meer ’n aandeel kan neem in die bedrywighede van hierdie teenswoordige wêreld nie. (3) Die mens se ewige bestemming hang nie af van ’n verhoor op die laaste dag nie. Nee, die finale skifting sal dan plaasvind, die openbare afkondiging; die geregtigheid van God sal dan geopenbaar word in die teenwoordigheid van mense en engele (waaronder die duiwels). Die verbasing waarvan sekere tekste blyke gee, het te doen met die grond waarop die oordeel rus, meer as met die oordeel self (bv. Matt. 25:37 e.v.: Here, wanneer het ons U honger gesien ... vs. 44 e.v.: Here, wanneer het ons U honger gesien ... en U nie gedien nie?) (4) Dit is waar dat niemand wat uit die dode terug gekom het, iets van die ervaring meegedeel het nie. Maar dit bewys vir die sieleslaap niks. Wat daar ervaar is, kan heelwaarskynlik nie in menslike taal beskrywe word nie. Paulus sê dit is deur geen oog gesien, geen oor gehoor, ens. nie, en in 2 Kor. 12:4 spreek hy van "’n man in Christus" wat "weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat ’n mens nie mag uitspreek nie".

<u>Die leer van vernietiging en van kondisionele onsterflikheid.</u>

Hiervolgens is daar geen bewuste bestaan (indien selfs enige bestaan) van die goddelose na die dood nie. Die leer van die vernietiging sê dat die mens onsterflik geskape is, maar dat die siel wat in sonde volhard deur ’n positiewe handeling van God van die gawe van onsterflikheid beroof en dat dit uiteindelik vernietig word, of - volgens sommige - vir ewig van bewustheid beroof word; dit is prakties dieselfde as om tot ’n nie-bestaan gebring te word.

Volgens die leer van die kondisionele onsterflikheid is onsterflikheid nie ’n natuurlike toerusting van die siel nie, maar is dit ’n gawe van God in Christus aan hulle wat glo. Die siel wat Christus nie aanvaar nie, hou uiteindelik op om te bestaan of verloor alle bewustheid. Sommige segsmanne leer ’n beperkte duur van bewuste lyde vir die goddelose in die toekomende lewe en behou dus in ’n sekere sin die idee van ’n positiewe straf. Uiteindelik gaan hierdie mense soos diere tot niet.

Hulle beroep hulle op die Skrif: (1) Die Heilige Skrif leer dat God alleen inherent onsterflik is (1 Tim. 6:16). (2) Die Heilige Skrif spreek nooit van die onsterflikheid van die siel in die algemeen nie, maar leer die onsterflikheid as ’n gawe van God aan hulle wat in Jesus Christus glo (Joh. 10:27, 28; 17:3; Rom. 2:7; 6:22, 23; Gal. 6:8). (3) Sondaars word in die Heilige Skrif met die dood en ondergang gedreig - hulle sal "vergaan". Daar word woorde gebruik wat kan verstaan word dat die ongelowiges (goddeloses) tot nie-bestaan gereduseer sal word (Matt. 7:13; 10:28; Joh. 3:16; Rom. 6:23; 8:13; 2 Thess. 1:9).

<u>Hierop antwoord ons:</u> (1) Dit is so dat God alleen onsterflikheid besit, maar die mens het dit, binne die kader van sy menswees, omdat hy na die beeld van God geskape is, ontvang - dus ’n ingeskape onsterflikheid. God het immers die ewigheid

in sy hart gelê. (2) Die ewige lewe is inderdaad ’n gawe van God in Jesus Christus, ’n gawe (die ewige geluksaligheid) wat die goddelose nie ontvang nie, maar dit beteken geensins dat die goddelose sal ophou om te bestaan nie. (3) Die woorde in die Heilige Skrif dat die goddelose sal sterwe, vergaan, ens., beteken nie ’n reduksie tot niebestaan nie. Die Heilige Skrif leer dat die gelowiges en die goddeloses ewig sal bestaan (Prediker 12:5: "want die mens gaan na sy ewige huis": Matt. 25:46: "En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe"; Rom. 2:8-10; Op.14:11; 20: 10). Die goddelose sal ewige straf verduur; dit beteken dat hulle ewig bewus sal wees van ’n pyn wat hulle sal erken as hulle verdiende betaling (straf). Daar sal derhalwe nie sprake van vernietiging wees nie.

Daar sal grade in die straf van die goddelose wees. Uitwissing van bestaan of bewusteloosheid laat nie opening vir grade nie maar spreek van ’n straf wat vir almal gelyk is. Vgl. hierteenoor Luk. 12:47, 48; Rom. 2:12). God vernietig nie sy werk nie, al raak die gestalte (vorm) daarvan gewysig. Vernietiging kan nouliks ’n straf wees. Dan is daar tog geen bewustheid van pyn, of smart nie, geen selfverwyt nie. Daar is wel diegene wat na vernietiging verlang, om van niks meer bewus te wees nie - dit is wanneer hulle vir die lewe moeg geword het. Vir hulle sou dit nie ’n straf nie, maar ’n uitkoms wees.

Die Spiritisme ag kommunikasie tussen die lewendes en die dooies moontlik. Die vraag aan dooies word reeds in Deut. 18:11 en in Jesaja 8:19 genoem. Reeds toe het die raadpleging van afgestorwenes voorgekom. Die Here noem dit egter ’n gruwel. Die moderne spiritisme vind sy oorsprong in enkele okkulte gebeurtenisse in 1847 in die staat New York, Amerika. Dit het groot invloed laat geld in ’n tyd van weinig geestelike lewe, van toenemende ongeloof, van growwe materialisme, van dodende lewensversaakliking; in die stofvergoding (materialisme) is geen bevrediging gevind nie. Dit is as ’n nuwe evangelie beskou wat teenoor die kille rasionalisme en harde materialisme die werklikheid van die gees volgens die spiritiste oortuigend bewys.

’n Verskyning van die dode is nie moontlik nie, tensy God deur sy mag dit laat plaasvind, soos met Moses en Elia op die berg van verheerliking. Vgl. Lasarus en die ryk man (Luk. 16:19-31). As kommunikasie, soos die spiritiste leer, moontlik was, sou die ryk man seer seker self aan sy broers verskyn het om hulle te waarsku; nou vra hy dat ’n engel na hulle gestuur moet word. Die Heilige Skrif leer ons dus dat geen mens, ook geen "medium", die skeiding, die breuk wat by die sterwe intree, kan oorbrug nie. Geen skepsel kan tussen die lewendes en die dooies kontak te weeg bring nie. Die mag oor die dood en oor die dooies berus nie by die mens, ook nie by ’n "medium" nie, maar by die almagtige God alleen, want Hy is dit wat laat sterwe en wat lewend maak. Die spiritistiese strewe is ’n vergryp aan wat God enkel en alleen in sy eie mag gestel het, al hul die spiritisme hom dikwels in ’n vroom gewaad van allerlei godsdienstige terme.

By die spiritisme kom óf bedrog, óf suggestie, óf clairvoyance te pas. Geesink sê dit is hallusinasie. Vgl. H. Bavinck, Geref.

Dogmatiek IV, p. 601. Baie van die sg. "openbaringe" is te verklaar uit inwerking van bose geeste. In hierdie anti-Skriftuurlike en daarom anti-christelike valse profesie sien ons die werk van die vors van die duisternis; dit is nie onwaarskynlik dat hy sy bose geeste uitstuur om die mediums te eksploiteer nie. Hierdie bose geeste doen heelwaarskynlik onthullinge uit die doderyk, al kan hulle van die hemel niks meedeel nie. In sy "openbaringe" is die duiwel die vader van die leuen.

In die heidendom is vroeg reeds met die dooies kontak gesoek. Die pretensie is gevoer dat vrae aan die dooies deur hulle beantwoord word. Die Here verbied hierdie praktyk ten strengste by Israel (Deut. 18:10-12; Jes. 8:19). Al sou 'n medium nie van die invloed van die duiwel beskuldig kan word nie; al moet ons net dink aan clairvoyance en telepatie, aan hallusinasie en suggestie, die begeerte om kontak met die dooies te hê, die wil oproep van die dooies is - al bly die saak vir die mens onmoontlik - sonde, 'n gruwel voor God. Dit is oortreding van die derde gebod wat ons gebied om die Naam, dit is ook die openbaring van die Here, reg te gebruik en alleen in die openbaring te soek wat ons nodig het vir hierdie en die toekomende lewe. Jes. 8:20.

Die Spiritisme moet sonder reserwe veroordeel word. Hulle kan hulle ook nie op 1 Sam. 28 (die geskiedenis van Saul en die towenares van Endor, waarna ons reeds verwys het), beroep nie. Christendom en Spiritisme is onverenigbaar.

<u>Die dwaling van die "nuwe liggaamlikheid".</u>

Die vraag het na vore gekom of vir die bewuste lewe hiernamaals en vir die onderlinge kontak in die hemel dit nie noodsaaklik is dat die verlostes 'n soort nuwe liggaamlikheid moet kry nie. Hoe kan die siele anders mekaar sien en met mekaar spreek, en kan uit so 'n nuwe liggaamlikheid ook nie die verskyninge van die dooies, wat die spiritiste selfs gefotografeer het, verklaar word nie? Indien dit die geval was, sou heelwat geheimsinnighede vir ons opgelos gewees het en sou ook die verblyf van die siele in die hemel en hulle bewuste verblyf, vir ons veel beter verklaarbaar wees. Want al verwerp ons die leer van die sieleslaap, 'n siel sonder liggaam bly vir ons tog altyd 'n onwesenlike, 'n ongrypbare, 'n onvoorstelbare iets, wat veral in sy bewustheid vir ons 'n geheimenis bly wat raaiselagtig is. Dit is, in die soeke na lig op hierdie punt dat met die gedagte van 'n "nuwe liggaamlikheid" na vore gekom is. Omdat geredeneer is dat die siel sonder die liggaam nie ingedink kan word nie, en die siel volgens hulle (bepleiters van die leer se) voorstelling nie sonder die liggaamsorgane kan lewe en werk nie, het hulle die mening verkondig dat die siele, wanneer hulle uit hierdie aardse liggaam verlos word, 'n nuwe <u>eteriese liggaam</u> ontvang.

Hierdie nuwe liggaam moet ons dan vir ons so voorstel dat die siel wanneer die skeiding van sy liggaam plaasvind óf die grondvorm van hierdie liggaam behou, óf 'n heeltemal nuwe liggaam ontvang wat uit die allerfynste stof saamgestel is, waardeur die siel met die buitewêreld in gemeenskap kan bly. Leibritz, Böhme en Swedenborg is onder die voorstanders van hierdie kettery. Sekere Lutherane verdedig hierdie

"Geistleiblichkeit" en bring dit in verband met die konsubstansieleer. Hiermee hang saam die gedagte van 'n "Zwischenleiblichkeit", 'n tydelike, interimistiese liggaam, tussen sterwe en opstanding - 'n "tussen liggaam" wat by die opstanding weer wegval wanneer siel en liggaam herenig word. Die Teosowe se gedagte van 'n "astrale liggaam" stem hiermee ooreen. 'n Sterk beroep word op 2 Kor. 5:1 e.v. gedoen om die standpunt te staaf (die Teosofie is 'n oosterse valse profesie).

Hierteenoor stel ons; Die Heilige Skrif spreek wel oor die afgestorwenes in die taal van hierdie aarde. Dit kan moeilik anders gedoen word. Vgl. die antropomorfismes oor God. Daaruit volg tog nie dat God 'n liggaam het nie. So ook in die geval van engele. Daarby laat die Heilige Skrif ons duidelik verstaan dat ons in die hemelinge met siele, met geeste te doen het (vgl. Hand. 7:59; Heb. 12-:23; Op.6:9; 20:4), wat mekaar kan sien en hoor en met mekaar gemeenskap kan oefen, maar dan op 'n manier wat vir ons verborge bly en waarin ons ook nie moet probeer indring nie. Dit is 'n antropomorfe manier van spreek oor die dooies. Hieruit mag ons nie konkludeer tot 'n soort tussenliggaamlikheid nie, hoe fyn en astraal, hoe hemels en supranatureel hierdie liggaam ook al ingebeeld word. Ons is hier nie in 'n Christelike nie, maar in 'n puur heidense gedagtewêreld.

Die Heilige Skrif ken nie so iets as 'n derde (tussen-)liggaam nie. Daar is nie 'n "tussentyd" tussen die siel en die liggaam hier op aarde, wat ook die opstandingsliggaam sal wees nie. Calvyn vermaan om nie onbekende sake verder te ondersoek as wat God ons toestaan om te weet nie. Watter leraar of onderwyser sal ons dan openbaar wat God verberg het? (Institusie III, 25, 6). Dit is 'n misterie wat geopenbaar is dat God die mens met 'n eie liggaam en 'n eie siel geskape het, elkeen van eie substansialiteit, en dan so saamgestel dat, al bly die breking van die band tussen liggaam en siel 'n straf op ons sonde, die siel nogtans sonder die liggaam bewus kan bly bestaan en ook bewus salig is in die Vaderhuis by Christus. So het God dit aan die eenvoudige gelowiges geopenbaar. Ons het gewis nie die verwagting van 'n nuwe liggaamlikheid nodig om in vrede te ontslaap en getroos die saligheid tegemoet te gaan nie.

Die wederkoms van Christus

Die gelowiges sien met brandende verlange uit na die salige dag wanneer die Bruidegom sy verskyning op die wolke van die hemel sal maak. Dat Christus weer sal verskyn, is nie blote spekulasie, 'n ydele droombeeld nie. Dit is nie 'n illusie, 'n vae verwagting van 'n oorspanne gees wat nooit in vervulling sal gaan nie. Dit is immers die hoogste trap in die staat van Christus se verhoging. Vgl. vr. 52, HK.; Art. 37, N.G.B. Die kerk van die Here moet wees soos die bruid wat, nadat sy lank gewag het, op die strand of spoorwegstasie staan om haar bruidegom wat uit 'n vér land kom, te ontmoet. Haar oë tintel van vurige verlange, haar hart klop van smagtende hoop. Sy hou haar asem in om tog die eerste geluid van sy nadering te hoor. Haar oë staar in die één rigting vanwaar haar geliefde moet kom. Dit is 'n gespanne verwagting, gedra deur vaste geloofsversekerdheid.

Die gemeente van die Here leef gedurig tussen herinnering en verwagting - herinnering aan die eerste en verwagting van die tweede koms van Christus op aarde; herinnering aan Hom wat aan die kruis gesterwe het as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra, en verwagting van Hom wat in heerlikheid sal terug-keer as die Regter om te oordeel die lewende en die dode. Die

verlange na sy wederkoms is so natuurlik en normaal soos die van ’n reggeaarde bruid wat uitsien na die koms van die bruidegom en haar vereniging met hom.

Die letterlike. sigbare wederkoms van Christus word weggeredeneer:

(a) Sommige sê "die Here kom" (Maranata) beteken daardie ondervinding wat die siel deurmaak as die Here in ’n mens se lewe kom en daar woning kom maak. Daar sal geen sigbare koms van Christus wees nie - daar is net hierdie onsigbare, mistieke, geestelike koms van Christus na ons hart. (Kuitert sê Christus is hier, Hy kom nie van buite af nie. Hy word net weer sigbaar). Die wederkoms word vergeestelik; daarsonder word verstaan dat die Gees van Christus meer en meer beslag op die mensheid sal lê, dat sy beginsels geleidelik dieper in die lewe sal deurdring. En wanneer dit die lewe straks heeltemal beheers en besiel, sodat dit vol van Christus se werking is, dan mag ons dit die Paronsie noem. Jesus het dan in sy volheid as't ware weer gekom en is hier aanwesig; ja, Hy is dan in ’n sekere sin in die geadelde mensheid beliggaam.

Die Heilige Skrif hou die saak egter anders aan ons voor. Die Skrif spreek wel van die deurdringende en heiligende krag wat van die Gees van Christus op die lewe van die mensheid uitgaan, maar dit is heeltemal iets anders as die wederkoms om te oordeel die lewende en die dode. Dit mag nie daarmee vereenselwig word nie. Jesus Christus sal op die wolke van die hemel verskyn, al weet ons die dag en die uur nie.

(b) Ander sê die koms van Christus beteken die koms van sy koninkryk op aarde. Hoe meer die Evangelie oor die hele wêreld gepreek word, hoe meer kom Jesus op onsigbare, geestelike wyse - deur die prediking van die Woord.

(c) Nog ander sê die wederkoms sien uitsluitlik op die dag wanneer ons sterwe. Ons sterfdag is dan vir ons die dag van die koms van Christus. Dit is natuurlik waar dat die gelowige, wanneer hy by sy sterwe die grens oorgaan, Christus ontmoet, "altyd by die Here" is, maar daarbenewens spreek die Heilige Skrif van Christus se koms op die wolke om te oordeel: Dan. 7:13; Ps. 98:9; Matt. 24:30 (Luk. 21:27); Hand. 1:11; Heb. 9:28; 2 Pet. 3:3 e.v.; Op.1:7. Volgens die Heilige Skrif staan dit onwrikbaar vas dat daar ’n werklike, sigbare koms en verskyning van Christus op die wolke sal plaasvind. Die slotfase van die eeue het met Christus se eerste koms ingetree (Heb. 1:1). Die koninkryk van die hemele is nou besig om sy majestueuse gang deur die wêreld te volvoer. Die koninkryk het, soos Johannes die Doper wegbereidend aangekondig het, gekom, en is besig om te kom. Die oes is besig om ryp te word vir die groot oesdag. Ons mag daarom ook die boek Openbaring nie óf net "zeitgeschichtlich" óf net "endgeschichtlich" verklaar nie, maar albei: ’n boodskap vir hierdie tyd en daarby die perspektief op die telos, die voleinding.

Christus verwys dikwels na sy wederkoms, bv. Matt. 24:30; 25:19, 31; 26:64; Joh. 14:3. Met sy hemelvaart stel die engele dit in vooruitsig: Hand. 1:11. Die apostels spreek dikwels daarvan: Hand. 3:20, 21; Fil. 3:20; 1 Thess. 4:15, 16; 2 Thess. 1:7, 10; Tit. 2:13; Heb. 9:28 (as Hebreërs deur 'n apostel geskrywe is).

In die Heilige Skrif kom verskillende woorde in die verband voor:

(a) Apokalupsis. [ἀποκάλυψις] Die werkwoord beteken om die bedeksel weg te neem, te onthul, openbaar (oopmaak) wat verborge was; tot kennis, tot die juiste insig bring, om te leer verstaan, om aan die lig te bring. Luk. 17:30: die verskyning van die Seun van die mens by sy wederkoms. Die selfstandige naamwoord (apokalupsis): die ontdekking, onthulling van wat verborge was, dit wat nog 'n mustêrion was. Die wéér-verskyning van Christus waarby Hy in sy heerlikheid (doksa) eers ten volle openbaar sal word (1 Kor. 1:7; 2 Thess. 1:7; 1 Pet. 1:7, 13; 4:13.

(b) Epiphaneia. [ἐπιφάνεια] Die werkwoord (epiphainoo): sig vertoon, te voorskyn kom, verskyn, sigbaar word. Die selfstandige naamwoord (hê epiphaneia): die verskyning (by die Griekse skrywers veral van die verskyn van gode om redding aan te bring). In die N.T. deurgaans van die sigbare wederkoms van Christus, die paronsie (2 Thess. 2:8; 1 Tim. 6:14; 2 Tim. 4:1, 8; Tit. 2:13; van sy koms in die wêreld, sy heilaanbringende werksaamheid (2 Tim. 1:10). Dit sien dus op Christus se koms uit 'n bedekte (verskuilde) agtergrond met die ryke seëninge van verlossing en saligheid.

(c) Paronsia. [παρουσίᾳ] Van pareimi. Dubbele betekenis: (1) daar wees, teenwoordig Wees, en (2) om te gekom het, om nou teenwoordig te wees. Dus: 1. die teenwoordigheid (2 Kor. 10:10; Fil. 2:12; (2) die koms, die aankoms (1 Kor. 16:17; 2 Kor. 7:6, 7.) Die koms, wederkoms van Christus (Matt. 24:3, ens.). Paronsia kom dui op die dinge wat die teenwoordigheid voorafgaan, of wat die teenwoordig as resultaat het (Matt. 24:3, 27, 37? 1 Kor. 15:23; 1 Thess. 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess. 2:1-9; Jak. 5:7, 8; 2 Pet. 1:16; 3:4, 12; 1 Joh. 2:28).

Die wederkoms is één gebeurtenis.

Daar is diegene wat twee wederkomste verwag. Daar is die opvatting dat Christus se eerste wederkoms daarin bestaan dat Hy nie na die aarde sal kom nie, maar dat Hy in die hemelruim sal verskyn. Diegene wat in die Here gesterwe het, sal, volgens hierdie opvatting, opstaan; die gelowiges wat op daardie tydstip nog op die aarde lewe sal verander word en saam gaan hulle dan die Here in die lug ontmoet. Dit word ook genoem die koms vir sy heiliges (vgl. 1 Thess. 4:15, 16). Dan volg 'n tussenpose van sewe jaar. In die tyd gaan die Evangelie uit (Matt. 24:14), Israel kom tot bekering (Rom. 11:26), die groot verdrukking vind plaas (Matt. 24:21, 22) en die Antichris kom tot openbaring (2 Thess. 2:8-10). Hierna, meen hierdie mense, is daar 'n tweede wederkoms van Christus, nou saam met sy heiliges (1 Thess. 3:13); dit is die "openbaring" van die dag van die Here. Nou kom Hy wel na die aarde - anders as met die eerste wederkoms. Hierdie koms sal deur sekere tekens voorafgegaan word. Dit is met hierdie wederkoms dat Christus die nasies oordeel (Matt. 25:31-46) en die

ryk van duisend jaar word ingelui. Die eerste wederkoms word dus gevolg deur die heerlikheid van die heiliges, en dan die tweede wederkoms, sewe jaar later, wat meebring die oordeel oor die nasies en die vestiging van God se koninkryk.

Hierteenoor verstaan ons die Heilige Skrif so dat daar net één wederkoms sal wees. Matt. 24:29-31. Die koms van die Seun van die mens, wanneer die uitverkorenes volg onmiddellik ná die groot verdrukking terwyl bg. mense leer dat dit gebeur vóór die verdrukking. Volgens hulle sal die kerk nie deur die verdrukking gaan nie. Maar Matt. 24:22; Luk. 21:36; 2 Thess. 2:3; 1 Tim. 4:1-3; 2 Tim. 3:1-5; Op.7:14 se anders.

Gebeurtenisse wat die wederkoms vooraf gaan.

Wanneer Christus van sy wederkoms spreek, is dit nie altyd eskatologies bedoel nie. Soms het Hy die koms in geestelike kragsopenbaring op die Pinksterdag op die oog; soms sy koms om die oordeel met die verwoesting van Jerusalem te voltrek. Hy en sy apostels wys egter op sekere dinge wat vóór sy wederkoms moet plaasvind.

Sy wederkoms sal deur voortekens vooraf gegaan word. Die mens se ouderdom meld hom vantevore aan deur die verkleur van die hare, plooie, 'n krom stram, vooroor geboë gestalte, stadige tred ens. 'n Stoomboot verraai sy nabyheid wanneer dit self nog onsigbaar is deur die rookkolomme wat vér bo die horison waargeneem kan word. 'n Oorlog breek alleen onverwags uit vir diegene wat nie op die voorafgaande simptome daarvan in die wêreldgebeure ag gee nie. Die staatsliede sien die oorlog dikwels uit groot verte reeds dreigend aankom. 'n Swaar weer kondig hom aan deur die saampak van donker wolke, die veraf gedonder, die neerskroeiende, elektries gelaaide blitse ens.

Die eerste koms van Christus het plaasgevind toe die tyd daarvoor ryp was: één wêreld (die Romeinse Ryk), één wêreldtaal (Grieks), die bankrotskap van die heidense godsdienste soos gemanifesteer in die uitsigloosheid van die Epikuriërs, Stoïsyne, Skeptisiste, ens.), die tamheid van die godsdiens van Israel (Fariseërs, Sadduseërs, Esseners ens.). Die ou Simeon en Anna in die tempel verteenwoordig die ou verbond in sy brandende verlange, sy sterk verwagting dat die Messias moes kom (Luk.. 2:25 e.v.).

Met Christus se wederkoms sal daar bepaalde voortekens wees dat die magtige omkering voor die deur is. Die groot, ingrypende gebeurtenisse van die toekoms staan nie los op sigself nie., maar wortel in die verlede en die hede (organies). Alleen hulle wat met inspanning daarna soek en speur kan egter jare vantevore reeds die fyn wortelvesels van wat in die toekoms sal word, ontdek. So kan ook die allereerste simptome van die voleinding met sy geweldige skudding eeue tevore waargeneem word deur elkeen wat die strominge, die loop van die dinge sorgvuldig gadeslaan.

Matt. 24 gee die breedvoerigste beskrywing van die voortekens. Jesus knoop aan by die verwoesting van Jerusalem (Matt. 24:1, 2).

"Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" Jesus noem dan 'n aantal tekens wat sowel op die

verwoesting van Jerusalem as op die wêreldeinde betrekking het; dit is tekens wat telkens in die wêreldgeskiedenis herhaal word en steeds in ernstiger en magtiger afmetings tot openbaring kom, hoe nader dit aan die eindtyd beweeg, die dag van die wederkoms van Christus. Dit is soos golwe wat, terwyl dit die strand nader met reëlmatige deininge aanswel totdat hulle op die rotse breek en skuimend uiteenspat.

Die tekens van die tye behoort nie net tot die tyd wat onmiddellik die wederkoms voorafgaan nie. Christus is altyd die komende Christus (dit is die allesbeheersende refrein in die boek Openbaring; vgl. Op.1:7, 8: "Kyk, Hy kom met die wolke,, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"). Sedert die Pinkstergebeure leef ons in die "laaste dae."

Van die tien tekens wat in Matt. 1-14[14] genoem word, word die tiende direk aan die voleinding verbind (vs. 14). Vergelyk, in kontras daarmee, vs. 6, 8 en 9. Na die daarmee gepaard gaande verdrukking waarby die opkoms van die Antichris aan die lig tree, verskyn die teken van die Seun van die mens in die hemel (vs. 29,30). Dit is die sigbare wederkoms van Christus op die wolke.

Ons noem vlugtig die tien voortekens volgens Matt. 24.

(1) Valse Christusse (vs. 5). Hier word nie van Antichristusse gespreek nie, maar van valse Christusse. Hulle kom onder die Naam van Christus en sê: "Ek is die Christus". Hierdie profesie sal in die eindtyd waarskynlik nog ’n besondere vervulling vind wanneer die valse profeet as handlanger van die Antichris sal optree (vgl. Openb. 13:11 e.v.). Vgl. Matt. 24:23, 24. Hulle sal probeer namaak, met demoniese kragwerking die massa probeer begoël, of deur bedrog, valse skyn, of deur magiese, sataniese kragte soos die towenaars van Egipte. Dit beteken ’n vervalsing van die Christendom , ’n vervalste Christusbeeld in die plek van die ware Christendom en die ware Christus. Sien ons nie iets hiervan in die sg. teologie van die revolusie nie. Wat is bv. die Christologie van D. Sölle anders, en die teologie wat onder Christelike vlag deur die "fibtreerder" van die Neo-marxisme van Ernst Bloch (ateïs) en Marcuse gegaan het? Hierdie soort vervalsing sal al meer sentreer rondom begaafde persoonlikhede, totdat die "kampioenmens" van die wetteloosheid as uitstaande eksemplaar onder die mense, ’n leier wat begeester en satanies imponeer, sal verskyn. Hy sal van sodanige formaat wees dat hy dit sal aandurf om in die tempel te gaan sit en voor te gee dat hy God is!

(2) Oorloë en gerugte van oorloë (vs. 6). Die oorloë van die Romeinse Ryk van ouds en die beleg en verwoesting van Jerusalem wat Jesus voorspel het, was nie die einde van bloedvergieting en oorlog op aarde nie. Volgens die Heilige Skrif sal daar geen vrederyk voor Christus se wederkoms wees nie, maar ’n donker tydperk van bloedige oorloë. Oorloë op ’n al meer uitgebreide skaal - soos ’n groot onkeerbare bosbrand;

[14] Moet waarskynlik Matt 24 wees.

die een land na die ander daarby betrokke.

Gerugte van oorloë. In die ou tyd het daar geen pers, telegraaf, radio of televisie bestaan nie. Die wonders van die tegniek het afstande nou uitgeskakel. Die steeds meer geperfeksioneerde bewapening, die gebruik van gifgasse, vlammewerpers, atoombomme, (telkens hoor ons van kerntoetse wat uitgevoer word), vliegtuie met al vinniger en akkurate, dodelike slaan- en trefkrag, duikbote, radiobeheerde-projektiele, meganisering van die weerbare landmag - veel ontsettender as 'n geveg van man teen man. 'n Menseslagting op wêreldomvattende skaal.

(3) Hongersnode (vs. 7). In die dae van Jerusalem se beleg was daar 'n ontsettende hongersnood - daarna in verskillende wêrelddele. In die jongste verlede o.a. in Rusland, China, Indië., en onder die inboorlingstamme van Afrika. Dit word 'n bedreiging van wêreldomvang (lug- en waterbesoedeling, opeising van al groter oppervlaktes vir bou van stede, paaie ens., oorbevolking, dit is belangrike bydraende faktore). Enersyds mense wat vér onder die broodlyn lewe, wat sterwe van honger, terwyl andersyds daar 'n oorproduksie van lewensmiddels is waarvan groot dele, ten einde die mark in ewewig te hou, besigheidsbelange te beskerm, eenvoudig vernietig word. As agterryer van oorlog sal hongersnood ook altyd 'n terugkerende verskynsel wees. Vgl. Op.6. Die ruiter op die swart perd kom reeds binne die gesigsveld (inflasie, skaarste, pryse wat die hoogte inskiet sodat geld al minder werd word en salaris aanpassings lank nie kan tred hou nie),

(4) Pessiektes (vs. 7). Epidemies gaan dikwels gepaard met oorloë en hulle nagevolge. Ondervoeding, verswakking van die gestel weens skaarste aan (die regte) voedsel. Pokke, cholera, tifus-epidemies het in die geskiedenis duisende en tienduisende afgemaai. Die griep-epidemie van 1918 het in omvang en in die getal van sy slagoffers almal oortref. Miljoene is deur daardie wêreldwye pessiekte in alle dele van die wêreld weggemaai.

(5) Aardbewings (vs. 7). Hierdie natuurrampe geskied op verskillende plekke en is deur die eeue herhaal. In ons land was daar reeds ook sterk aanmanings, bv. veral te Tulbagh en Ceres, en onlangs in die Britstown omgewing. Tienduisende het in die loop van die geskiedenis op hierdie manier omgekom (1755: 60,000 in Portugal; 1857: 12,000 in Napels; in Kalifornië (1906) toe 'n groot deel van San Francisco verwoes is; verder veral in Japan, China ens.: menselewens, waardevolle geboue, voortbrengsels van eeue-oue kultuur en beskawing). Hierdie uitbarstings van die natuur is 'n voorafskaduwing van wat sal plaasvind in die eindtyd. Op wêreldwye skaal as al die berge en die eilande in magtige skuddinge van hierdie planeet, met vuurspuwende uitbarstings, soos 'n vomerende kolos, uit hulle plekke versit sal word (Op.6:2-17; 16:17-21) en die verskroeide, lawa-oorstroomde aarde van gedaante sal verander.

Die heftige skuddinge, revolusionêre uitbarstings, waardeur die mensheid in die kritieke getye van die geskiedenis fel bewoë is, tril na in die ryk van die natuur. Rom. 8: die ganse skepping sug en is in barensnood. Die skepping ruk aan die boeie van

die verganklikheid. Skokke gaan soos hewige stuiptrekkinge (konvulsies) deur die liggaam van die aarde, 'n Golwende bodem onder ons voete (insakkinge, soos by die "holy city", Carletonville). Vulkanisse, instortings - en tektoniese (hang saam met die bou, die struktuur van die aarde) aardbewings. Op.6:8. Die aarde met al sy volheid en mag, sy weelde en genot, bied geen vaste en blywende steunpunt vir ons voet nie. Dit is geen onbeweeglike fondament nie, dit word geskud, dit waggel soos 'n dronk man, dit swaai heen en weer soos 'n hangmat (Jesaja),

(6) Verdrukking en vervolging (vs. 9). Van die kant van die magte van die ongeloof, van 'n goddelose staat of owerheid. In elke eeu - sedert die Christenvervolginge onder die goddelose keiser Nero in die eerste eeu - was dit waar: Matt. 24:9. In hierdie (twintigste)eeu: Rusland en sy satellietstate. Deur die goddelose kommunisme is nie alleen die profetiese mond met geweld gesnoer in sy getuienis nie, maar duisende moes die martelaarskap terwille van die geloof in Jesus Christus ondergaan en hulle Christelike belydenis met hulle bloed beseël. Kerke is afgebreek of tot teaters, koeistalle, dobbelhuise, bordele ens. omskep. Verbete pogings om die Christelike godsdiens uit te roei deur verbanninge, konsentrasiekampe, doodstraf ens. Hongarye, en elders. Angola, Mosambiek e.a. gebiede in Afrika miskien nou ook aan die beurt. Begerige oë na Rhodesië, S.W.A. en ons Republiek. Onheilspellende verloop van sake - penne van kommunisme reeds op ons grense en in ons eie midde ingeslaan.

Van Stefanus (eerste martelaar van N.T.-kerk) af 'n rooi draad van martelaarskap deur die geskiedenis van die kerk. Verskeie apostels het bloedgetuies geword (dit hou heelwat meer in as die getuienis waartoe alle gelowiges geroep word. Onder die Romeinse vervolginge - jongvroue e.a. vir wilde diere gegooi (Colosseum in Rome). Skavotte, brandstapels, kerkers, pynbanke. Satan toets sy metodes uit vir finale fase, sy beoogde "grand finale".

(7) Valse profete (vs. 11). Vgl. 1 Tim. 4:1, 3 e.v. In ons tyd: Russelliete, Mormone, Spiritisme, sekere (God is dood-) teoloë van die revolusie. Christus word geloën in sy wêreldverlossende betekenis en algenoegsame kruisverdienste. Ook in die kerk kom dit na vore: Christus se opstanding, Christus se plaasvervangende genoegdoening (Wiersinga) geloën. Christus net 'n voorbeeld, 'n leermeester; die Bybel 'n feilbare, menslike boek wat deur selfversekerde, aanmatigende kritiek op vele plekke weerspreek en gekorrigeer kan word; wat in kultuur en opvoeding die heil van die wêreld sien i.p.v. in die genadewerk van Christus aan die kruis; wat die Godheid van Christus ontken, sy maagdelike geboorte loën, die liggaamlike opstanding as onmoontlik beskou, spot met die wederkoms van Christus, ens.

In die aangesig van blatante ateïsme wat in vele lande sy hoof opsteek, en van 'n neo-paganisme wat in wye kringe sy bekoring laat voel, verkry die vraag 'n nuwe aktualiteit: "As die Seun van die mens kom, sal Hy wel geloof op die aarde vind?" (Luk. 18:8).

(8) Vermeerdering van ongeregtigheid (vs. 12). Die voortgang van die mensheid is

nie steeds vooruitgang nie. Die remme al meer los. Algemene genade al meer ingetrek. Wetteloosheid, misdaad neem skrikbarend toe: koelbloedige moord, losbandigheid, selfmoord, egskeiding, onsedelikheid, skaamteloosheid, ontug, geweld, "vrye liefde" (die pil), proefhuwelike, naakkultuur - uitingsvorme van die nuwe, "beskaafde", "verligte", "gekultiveerde", geskoolde heidendom. 2 Tim. 3:1-5. Die sondige, selfversekerde,"mondige", outonome mens die absolute norm - dit loop uit op hom wat op die uiterste punt van die humanisme, die los-van-God-beweging sal staan in sy selfvergoddeliking, die Antichris.

(9) Verkoeling van die liefde (vs. 12). Die egoïsme van die sonde. Verkoud: d.i. ’n geleidelike proses, nie as by towerslag nie. ’n Vlam wat kwyn - langsamerhand, as dit nie met nuwe brandstof gevoed word nie. Ten slotte sink dit in tot ’n rokende vlaswiek, waarin nouliks nog ’n vonkie van die eers so koesterende gloed skuil gaan, om eindelik heeltemal uit te doof. Die hart wat God en die naaste nie liefhet nie, verval tot selfvergoding en selfsugtige sondediens. Daar is egter nog diegene wat sal volhard tot die einde toe (vs. 13).

(10) Wareldwye evangelieverkondiging (vs. 14). Vgl. Op.6: die wit perd voorop. Die triomfgang van die Evangelie: alles in Op.6 hang met die loop van die Evangelie saam; die ander drie perde se ruiters is agterryers van die ruiter op die wit perd.

Met Matt. 24:14 word nie bedoel dat al die mense, hoof vir hoof, van alle nasies die Evangelie sal hoor, of dat ’n wêreld-kerstening sal plaasvind nie, maar dat die Evangelie as ’n getuienis aan al die nasies verkondig sal word, sodat daar onder al die volke diegene sal wees wat dit hoor. Naas die groot afval staan die teken van die verkondiging van die Evangelie aan alle kreature (vgl. Christus se opdrag in Matt. 28), ongeag die grense en skeidsmure wat volk van volk skei - maatskaplik, polities, taalkundig, kultureel ens. Die opdrag deur Christus aan sy dissipels by sy -289-

hemelvaart gaan tans metterdaad in vervulling. Ook die eindes van die aarde kan die Evangelie van die reddende Christus verneem.

Benewens Matt. 24:1-14 is daar ook ander dele van die Heilige Skrif wat duidelik oor Christus se wederkoms spreek. In die N.T. word meer keer daarna verwys as die aantal bladsye wat dit beslaan.

Daar moet sekere dinge aan voorafgaan. 2 Thess. 2:2-4. Matt. 25:19: na ’n lang tyd; die bruidegom talm (Matt. 25:5). 2 Pet. 3:3-9: 1,000 jaar soos een dag ... Ons moet ag gee op die tekens: Matt. 24:32, 33. (a) Die roeping van die heidene. Die Evangelie moet aan al die nasies gebring word: Mark. 13:10; Rom. 11:25. Heidene sal toevergader word: Matt. 8:11; 13:31, 32; Luk. 2:32; Hand. 15:14; Rom. 9:24-26; Ef. 2:11-20. Die nasies moet geëvangeliseer word - tot ’n getuienis. So sal die volheid van die heidene ingaan - van die nasies. Die uitverkorenes sal toevergader word langs die middellike weg (Rom. 10 oor die prediking van die Woord, d.i. onmisbaar),

(b) Die bekering van die pleroma van Israel. Die O.T. en die N.T. spreek van ’n toekomstige bekering van Israel (Sag. 12:10; 13:1; 2 Kor. 3:15, 16; Rom. 11:25-29 - dit lyk of dit aan die voleinding verbind word). Premillennialiste sê dat daar ’n

nasionale herstel en bekering van Israel sal wees, dat die Jode in die Heilige Land hervestig sal raak en dat dit sal plaasvind onmiddellik voorafgaande of tydens die 1,000-jarige heerskappy van Jesus Christus. Ons sê die Heilige Skrif leer nie dat Israel as volk, hoof vir hoof, die Messias sal aanneem nie. Dit lyk wel of sommige O.T.-profesië dit voorsê, maar hulle moet in die lig van die N.T. gelees word. Matt. 19:28 en Luk.. 21:24 impliseer nie die toekomstige herstel en bekering van Israel as 'n volk nie. Israel word, soos alle ander volke, gered in sy uitverkorenes! Die Here spreek duidelik daarvan dat Israel sy voorregte verbeur het: Matt. 8:10, 11, 12; 21:28-46; 22:1-14; Luk. 13:6-9; Matt. 21:43. Rom. 9-11 laat blyk die beloftes is nie vir Israel na die vlees nie, maar vir die geestelike Israel, die geestelike nasate van Abraham, die vader van die gelowiges (onder hulle tel ook ons wat nie Joodse bloed in ons are het nie!); tweedens dat God sy uitverkorenes ook onder Israel tel, 'n oorblyfsel volgens die verkiesing: Rom. 11:1-10. Die heidene moet Israel tot jaloersheid stem. God sal ook hier (onder die heidene) sy uitverkorenes vergader, die pleroma, dit is die getal (volle getal) van uitverkorenes, ook uit die heidene. Met die volheid van die heidene sal ook die volheid van Israel inkom.

(c) Die groot afval en die groot verdrukking. Jesus noem dit saam, in een asem: Matt. 24:9-12; 21:24; Mark. 13:9-22; Luk. 21:22-24. Hierdie woorde is gedeeltelik voor die verwoesting van Jerusalem vervul, maar dit sal ten volle vervul word in die tyd voor Christus se wederkoms: Matt. 24:21; Mark. 13:19. Paulus spreek ook van die groot afval: 2 Thess. 2:3; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1-5 (sware tye, in die laaste dae, liefhebbers van hulleself, ens.); Paulus sien al tekens daarvan in sy eie tyd, maar dit sal in die tyd van die voleinding gewis 'n veel groter omvang hê. Die kerk sal dit - soos sommige meen - vryspring nie. Nee, hulle word vóór die storm verseël (Op.7), maar hulle sal ook daardeur getref word, ten seerste: Matt. 24:24; Luk. 21:28. Die groot afval: 2 Thess. 2:3 (d..i. die afval binne die geledere van die wêreldgelykvormige kerk - die goddelose het immers klaar geval!). Daar kom swaar tye: 1 Tim. 4:1, 2; 2 Tim. 3:1-5.

(d) Die Antichris. Die Satan (vuurrooi draak, Op.12), die Antichris en die valse profeet (Op.13) - 'n onheilige drieheid. Die Antichris is 'n persoon (V. Hepp: De Antichrist, p. 154; Hodge., p. 812/813 (unus homo en nie 'n genus hominum nie!). Sal dit 'n Jood wees? (Hodge, p. 833).

Is die Antichris naby?

(a) Let op die groot geestelike en sedelike afval in baie lande. Opkoms van die ongeloof op globale skaal, openlike godsdienshaat, veral in Rusland. Die verwoestende werking van die alles aantastende mag van die leuen, huigelary, valse propaganda in wêreldpolitiek. Geen interesse in die waarheid, leuen as waarheid gekroon. Onheilige, onwaaragtige spel in V.V.O.

(b) Die verskynse1 van 'n wêreldwye uitgesproke Antichristelike ideologie (kommunisme) wat 'n nuwe, Godlose orde op aarde wil stig. Mobiliseer hom tot 'n georganiseerde, militante, wêreldwye, Godlose aksie.

(c) Die geweldige prestasies in die tegniek van hierdie openlik antichristelike

kommunisme, (ruimtevaart, vervaardiging van wapens met verbysterende uitdelgingskrag ens.), gerugsteun deur ontembare waagmoed, deursettingsvermoë (avontuur in Angola), 'n geweldige militêre mag en slaankrag.

(d) Die ontkerstening van die ou Westerse volke, die eeuelange bakermat van die Christelike beskawing en kultuur. Proses van ontbinding, innerlike verrotting in die geledere van die Christendom (ook die Protestantisme). Valse ekumenisiteit. Godsdiens bo geloofsverdeeldheid, organisatories gekonsolideer in die Wêreldraad van Kerke. Die toneel skuiwe reg vir die verskyning van 'n goddelose wêrelddiktator. Die Christelike godsdiens, in die tyd van die Romeinse keisers religio illicita, al meer voëlvry verklaar in die gees van Friedrich Nietzsche se waansinnige kreet: "Ek spreek teen die Christelike kerk die vreeslikste van alle aanklagte uit wat 'n aanklaer ooit in sy mond geneem het. Hierdie kerk is vir my die ergste van alle denkbare korrupsies wat niks onaangeroerd gelaat het met sy verrotting nie. Ek noem die Christendom die enigste groot vloek, die enigste groot innerlike verdorwenheid. Ek noem dit die enigste groot skandvlek van die mensheid".

Die woord Antichristos [ἀντίχριστος] vind ons net in die briewe van Johannes, nl. in 1 Joh. 2:18, 22; 4:3; 2 Joh. 7. Die vorm van die woord beskrywe (1) een wat die plek van Christus wil inneem; dan word "Anti" geneem in die sin van "in plaas van"; of (2) een wat, terwyl hy in die gewaad van Christus poseer, Hom teenstaan; dan word "Anti" gebruik in die sin van "teen". Dit is nie duidelik of Johannes 'n spesifieke persoon bedoel met baie voorlopers nie, en of hy die beginsel wil verpersoonlik, personifieer wat in verskillende antichriste beliggaam is, die beginsel van die bose wat stry teen die koninkryk van God nie. Soos daar in die Heilige Skrif 'n duidelik afgetekende ontwikkeling is in die koms van Christus en die koninkryk van God, so is daar ook 'n progressiewe openbaring van die Antichris. Die voorlopers verskil, maar die profiel word duideliker namate die openbaring vorder.

By die meeste profete in die O.T. sien ons die beginsel van die ongeregtigheid wat werk in die goddelose nasies wat hulle vyandig teenoor Israel betoon en wat deur God geoordeel word. In Daniël kry ons meer spesifieke trekke (vgl. bv. Dan. 7 - die dieregestaltes). Die lyne loop deur na 2 Thess. 2. Daniël vind die goddelose "beginsel beliggaam in die "klein horinkie" (Dan. 7:8, 23-26), en beskrywe dit baie duidelik in Dan. 11:35 e.v. Dit is nie duidelik of Daniël aan 'n bepaalde koning, nl. Antiochus Epiphanes as 'n tipe van die Antichris dink nie. In die lig van die N.T.-openbaring is dit duidelik dat hierdie Antiochus Epiphanes wel 'n tipe was, al het Daniël miskien selfs nie so aan hom gedink nie.

Jesus Christus spreek van pseudoprophetai [ψευδοπροφῆται] en pseudochristoi [ψευδόχριστοι] wat teen Hom stelling inneem, en teen sy koninkryk (Matt. 7:15; 24:5, 24; Mark. 13:21, 22; Luk. 17:23). In 2 Thess. 2 korrigeer Paulus die verkeerde gedagte by die Thessalonicense. Eers moet die afval kom en die mens van die anomia geopenbaar word voordat Christus se dag daar is. Hy beskrywe hierdie mens (2 Thess. 2:3, 4); dit herinner aan Dan. 11:36 e.v. 'n Duidelike verwysing na die

Antichris. Die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net hy wat (of dit wat) teëhou moet uit die weg geruim word. As dit geskied het, sal hy verskyn (vs. 7-9). Die persoonlike element tree deurgaans in 2 Thess. 2 na vore. Die Antichris is nie slegs 'n "collectiefbegriff" nie, maar 'n "Einzelpersoonlichkeit". Hy sal die gees van die afval, van Godterging en gesagverwerping vergestalt, 'n geïnkarneerde duiwel. In die boek Openbaring tree die antichristelike beginsel of mag na vore in die twee diere wat uit die see en uit die aarde opkom (Op.13). Die eersgenoemde sien op regerings, politieke, staatkundige magte, 'n wêreldimperium; die tweede op valse godsdiens, valse profesie, die valse wetenskap - veral e.g. twee. Hierdie beginsel wat teenstaan noem Johannes finaliter in sy brief antichristos, 1 Joh. 2:22: Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën, dit is die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie - dit is die verleier en die Antichris. 2 Joh. 7. Dwaalleraars wat die bestaan van God loën (ateïste) en wat die koms van Christus in die vlees as kurios [κύριος], as Sotêr [σωτήρ] verwerp, adem die gees van die Antichris. Dit is Antichristelik om die Godheid van Christus te ontken of te loën dat daar 'n historiese Christus op aarde geleef het.

Dit is duidelik dat die antichristelike beginsel reeds in die dae van Paulus en Johannes aan die werk was, volgens hulle eie getuienis; (2) dat dit sy klimaks teen die tyd van die voleinding sal bereik; (3) dat Daniël die politieke (staatkundige), Paulus die kerklike en Johannes in Openbaring albei teken - die twee elemente mag suksessiewe openbarings van die antichristelike mag wees; en (4) dat hoogs waarskynlik hierdie mag finaliter, heel konkreet in 'n enkele persoon (hy wat in die tempel sal gaan sit, die mens van die anomia) gekonsentreer sal wees, die beliggaam van die ongeregtigheid, soos ons telkens 'n ideologie verpersoonlik sien in een van sy mees "rasegte" eksponente.

Oor hierdie vraag of die Antichris 'n persoon sal wees, is daar verskil van mening. Sommige meen dat die uitdrukkinge Antichris, die mens van die sonde, die seun van die verderf en die figure (gestaltes) in Daniël en Openbaring net beskrywings is van die goddelose en antichristelike beginsel wat hom in die opstand van die wêreld teen God en sy koninkryk openbaar, deur die hele geskiedenis van daardie koninkryk, 'n opposisie, soms swakker, soms sterker, maar op sy sterkste teen die einde van die tyd. Hulle verwag nie 'n persoonlike Antichris nie. Ander wil in die Antichris nie net 'n mag sien nie. Die Heilige Skrif spreek immers nie net in abstracto van 'n gees, 'n gesindheid nie, maar van werklike persone, mense wat 'n goddelose of antichristelike gees geadem en houding geopenbaar het, soos die Romeinse keisers wat die Christene vervolg het en die pouse wat hulle ook hiervoor geleen het. Die meer algemene opvatting is egter dat die term Antichris 'n eskatologiese persoon aandui, in homself die konsentrasie van al wat goddeloos is, die inkarnasie van opstand, revolusie teen die gesag van God, en wat 'n gees, houding, lewensopenbaring verteenwoordig wat altyd min of meer in die wêreld aanwesig is en wat verskillende voorlopers of wegbereiders in die geskiedenis het. Hierdie standpunt het in die vroeë kerk reeds na vore gekom as die oorheersende. Ten gunste daarvan kan gesê word: (a) Die aankondiging van die Antichris in Dan. 11 is min of meer persoonlik - dit

kan na ’n definitiewe persoon verwys as ’n tipe van die Antichris.

(b) Paulus spreek van die Antichris as die mens van die wetteloosheid en die seun van die verderf. Die verband begunstig die gedagte dat ’n persoon bedoel word. Hy staan teen, hy werp homself op as God, hy is die wettelose, ens.

(c) Terwyl Johannes spreek van baie antichriste as reeds teenwoordig, spreek hy ook van die Antichris in die enkelvoud as een wat nog in die toekoms sal verskyn – 1 Joh. 2:18.

(d) Selfs in die boek Openbaring waar die voorstelling grootliks simbolies is, ontbreek die persoonlike element nie, bv. Op.19:20: die Antichris en sy volgelinge sal in die poel van vuur gegooi word; en

(e) Terwyl Christus ’n Persoon is, is dit net logies om te dink dat die Antichris ook ’n persoon sa .wees.

In 2 Thess. 2 sê Paulus dat die groot afval eers moet kom, dan die Antichris, en dan sal Christus kom en hom met die asem van sy mond verdelg (vs. 8). Dit skrywe Paulus reeds in ongeveer 53 na Christus. Hy spreek van "wat" die Antichris nog teëhou (vs. 6) en van "hy" wat teëhou. (vs. 7). Iets en ’n persoon. Die "Iets" is reeds gesien as die owerheidsamp, die weerhoudende invloed van die publieke opinie, die gewete, die organiese verbande in die menslike bestaan kragtens God se algemene genade, en die evangelieverkondiging in die wêreld wat ook ’n binding op die mag van die goddeloosheid uitoefen, Vgl. Veldkamp: De dag van de Zoon des Menschen. In die grond van die saak is "Hy" wat teëhou, Christus Self, wat aan God se regterhand sit, deur Wie die Vader alle dinge regeer. Hy ontsluit die boek van God se raad (Op.5) en Hy wat beklee is met alle mag in hemel en op aarde (Matt. 28) oefen sy koningsmag só uit dat die geskiedenis nog sy loop kan hê, sodat al sy uitverkorenes toevergader kan word. Ondertussen sal sy kerk nie met rus gelaat word nie, en sal uit die afval die Antichris as die beliggaming daarvan na vore gekom. Soos Esau saam met Jakob in die tente van Isak opgegroei het - in die kring van die verbond - so sal die Antichris nie ’n blinde heiden wees nie. Die seun van die verderf sal in die verbondskring, in die kerk "eingeburgert" wees. Soos Judas Iskariot die renegaat was met Christus se eerste koms, so sal die Antichris dit wees met Christus se wederkoms. Hy is dus by uitstek ’n persoon wat die sonde teen die Heilige Gees sal begaan.

Die paronsia - die wederkoms van Christus.

Die valse profete sal baie mislei, die valse Christusse sal wonders en tekens doen, hulle sal, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes verlei. Daar sal selfs tekens aan son, maan en sterre wees (Matt. 24:29, 30; Mark. 13:24, 25; Luk. 21:25, 26.) Dieselfde dinge het hulle in die geskiedenis voorgedoen - nou net ’n groot toename in omvang en intensiteit. Die dinge sal uitgroei tot ’n eenheidsbeeld. Luk. 21:25, 26. "As julle al hierdie dinge sien gebeur"... Matt. 24:33.

Na die tekens (naderende voetstappe) sal die teken van die Seun van die mens gesien

word (Matt. 24:30). (1) Van die dag en die uur weet niemand nie - net my Vader alleen (Matt. 24:36). Die tyd van die wederkoms, die presiese dag en uur is dus verborge. Dit sal in die dag van die voleinding wees. Matt. 24:3. Die koms en die einde val saam. Matt. 24:29-31, 35-44 (vgl. Matth. 13:38, 40). Paulus en Petrus spreek ook so: 1 Kor. 15:23, 24; 2 Pet. 3:4-10. Dan vind ook die opstanding van die dode plaas. 1 Kor. 15:23; 2 Thess. 4:16. Jesus verseker ons dat Hy hulle sal opwek op die laaste dag (Joh. 6:39, 40, 44, 54). (2) Dan sal die wêreld geoordeel word (Matt. 25:31-46), veral die goddelose op die oog (2 Thess. 1:7-10). Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte, wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges ... (3) Dit hou in die herstel van alle dinge (Hand. 3:20, 21) - dit is soos dit vóór die val in die sonde was (die tyd van die wederoprigting van alle dinge).

Wat God betref is die wederkoms altyd naby — 1,000 jaar by Hom soos één dag.

Die wyse van die wederkoms.. (1) Dit sal 'n persoonlike wederkoms wees. Hand. 1:11. Netsoos Hy as Persoon opgevaar het. So sal Hy weer kom. Dit is dus nie in die Heilige Skrif net figuurlike taal nie. Matt. 24:44; 1 Kor. 15:22; Fil. 3:20; 2 Tim. 4:8; Titus 2:13; Heb. 9:28. (2) 'n Fisiese verskyning. Hand. 1:11; 3:20, 21; Heb. 9:28; Op.1:7. Liggaamlik. Dus nie 'n parousia wat slegs sy geestelike teenwoordigheid in die kerk bedoel nie. Parousia beteken teenwoordigheid, maar dit beteken ook aankoms. Christus is dus nie net na sy Gees teenwoordig (soos Hy trouens nou ook is nie!), nee, Hy sal kom! Die woorde apokalupsis, epiphaneia en phanerosis wys op 'n koms wat gesien sal kan word.

Verder: daar word na die wederkoms verwys as iets wat nog in die toekoms lê (Fil. 3:20; 1 Thess. 3:13; 4:15, 16; 2 Thess.1:7-10; Titus 2:13). Dit pas nie in by die gedagte dat die koms alreeds in die verlede (op die Pinksterdag) plaasgevind het nie, (3) 'n Sigbare wederkoms. Die Russelliete sê die wederkoms van Christus en die begin van die millennium het onsigbaar in 1874 plaasgevind en dat Christus in 1914 die mag oorgeneem het ten einde sy kerk te beveilig en die koninkryk van die wêreld omver te werp. Toe in 1914 niks sigbaars gebeur nie het hulle gesê Christus verberg Hom omdat daar nog nie genoeg boetvaardigheid is nie. Christus het dus al gekom, onsigbaar! Nee, Christus sal sigbaar kom. Matt. 24:30; 26:64; Mark. 13:26; Luk. 21:27; Hand. 1:11; Kol. 3:4; Titus 2:13; Heb. 9:28; Op.1:7. (4) Dit sal 'n skielike koms wees. Ja, daar sal vóórtekens wees, tog sal dit onverwags, skielik plaasvind en mense verras. Matt. 24:37-44; 25:1-12; Mark. 13:33-37; 1 Thess. 5:2, 3; Op.3:3; 16:15. Die profete het gespreek van tekens wat die eerste koms sou voorafgaan - tog sal dit nog 'n verrassing wees. Die meerendeel gee geen ag nie. Met sy wederkoms sal die waaksaamheid op 'n laagtepunt wees. Dit sal wees soos die weerlig wat skielik inslaan en in die nag alles in heldere lig plaas. (5) Dit sal 'n glorieryke en triomferende koms wees. Anders as sy eerste koms. Nie in dienskneggestalte nie. Heb. 9:28. Die wolke sy wa (spreek van die verhewenheid - begeleidende natuurverskynsel). God trek voor uit in 'n wolkkolom (Eks. 13:21), 'n wolk oor die tabernakel (Eks. 40:38); op die berg van verheerliking - 'n helder, ligte wolk (Matt.. 17:5); 'n wolk by die hemelvaart

(Hand. 1:9). Engele sy lyfwag (2 Thess. 1:7); die aartsengele sy heroute (1 Thess. 4:16), en die heiliges van God sy glorieuse metgeselle (1 Thess. 3:13; 2 Thess. 1:10). Hy sal kom as die Koning van die konings en Here van die here, as oorwinnaar oor alle bose magte; al die vyande sal onder sy voete gestel word (1 Kor. 15:25; Op.19:11-16).

Die doel van sy wederkoms.

Die eeue word voleindig. Dit is die slottafereel van die wêrelddrama. Die dode sal opgewek en die finale oordeel voltrek word. Die dag van die ewigheid sal ingelui word. Matt. 13:49, 50; 16:27; 24:3; Joh. 5:25-29; Hand. 17:31; 1 Kor. 15:23; 1 Thess. 4:13-17; 2 Thess. 1:7-10; 2 Tim. 4:18; Op.22:l2. Dit is die groot keerpunt - die ondergang vind plaas van alle ongeregtigheid en die werkers daarvan (2 Thess. 2:8; Op.20:14).

Die Millenialisme

Aan die wederkoms van Christus word die idee van 'n millennium verbind, óf onmiddellik voor óf onmiddellik na die wederkoms - dit is Premillenialiste en Postmillenialiste. Ander sê die Bybel gee geen grond om 'n millennium te verwag nie - dit is die sg. Amillenialiste.

Premillenialiste. Die Chiliaste leer 'n tweërlei koms van Christus en tweërlei opstanding van die dode. By sy eerste wederkoms sal Christus die Antichristelike magte neerwerp, die Satan bind, die gestorwe gelowiges opwek en die gemeente - insonderheid die gemeente van die bekeerde en na Jerusalem teruggekeerde Israel rondom Hom vergader. Verder sal Christus van die gemeente uit oor die hele wêreld heers en vir sy volk 'n tydperk bring van geestelike bloei en van stoflike welvaart. Aan die einde van die eeue sal Christus andermaal weer kom om alle mense uit die dode te laat opstaan en hulle voor sy regterstoel daag om hulle ewige lot af te kondig.

Hulle droom dus oor 'n oorgangstoestand tussen die "Diesseits" en die "Jeuseits". Hierdie 1,000 jaar is nog vis nog vlees - daar sal, by hulle vredesdroom, nog steeds sonde wees, en ook die dood.

Die Chiliaste verwag 'n volksbekering van Israel en veronderstel 'n terugkeer na Palestina. Ons handhaaf o.g.v. die Heilige Skrif dat, soos die geval is wat alle ander volke betref, die kern van die Joodse volk salig sal word; so kry Israel ook in die ry van die volkere 'n plek op die nuwe aarde. Ook vir die Jood is daar net; één weg tot die saligheid, en dit is in en deur Jesus Christus.

Vgl. die verklaring van H. Bavinck (Geref. Dogmatiek IV, p. 648-652) van o.a. Rom. 11:26a. "Gans Israel" - dit is die volle getal van uitverkorenes uit Israel. Hulle vorm 'n kern, 'n geheel. Die boom bly behoue, dit is net takke wat verlore gaan. Soos die ander nasies, word Israel in sy uitverkorenes gered. Paulus spreek hoegenaamd nie van 'n terugkeer van die Jode na Palestina, van 'n herbou van stad en tempel en van 'n sigbare Christusregering nie.

Die Chiliaste wil te kenne gee dat die teenswoordige bedeling slegs 'n intermezzo is

waaraan daar 'n einde kom as Jerusalem weer die middelpunt is en die Jode weer by uitnemendheid die volk van God is. Nee, die verkiesing en roeping van Ismaël was 'n intermezzo. Voor dit was die bedeling van die verbond - universeel. Hierdie toe-stand het sedert die Pinksterdag weer teruggekeer. In Abraham sou al die geslagte van die aarde geseën word.

Daar is baie skakeringe in die leer van die Chiliaste. Vgl. K. Dijk: Het ryk der duizend jaren. Die twee hoofpunte is die herstel van Israel, en die sg. duisendjange vrederyk. Die locus classicus in hierdie verband is Op.20.

Postmillenialisme. Die hele wêreld word vooraf vir Christus gewin. Dit is met die Heilige Skrif in stryd. Daar kom teen die tyd van die voleinding 'n groot afval, nie 'n algemene bekering tot die geloof in Christus nie.

Die opstanding van die dooies.

In die tyd van Christus se omwandeling was daar verskil onder die Jode oor die opstanding. Die Fariseërs het dit aanvaar, die Sadduseërs nie (Matt. 22:23; Hand. 23:8). Paulus het in Athene daarvan gespreek. Daar is met hom gespot (Hand. 17:32). Sommige Korintiërs ontken dit (1 Kor. 15); Hymenaeus en Filetus verstaan dit louter geestelik - hulle meen dit het al plaasgevind (2 Tim. 2:18). Celsus, een van die vroegste teenstanders van die Christendom, het veral met hierdie leer die spot gedrywe. In die tweede eeu het Celsus sy aanslag op die opstanding geloods. Hy verklaar die geloof in die opstanding is twyfelagtig omdat dit berus op die getuienis van drie onbetroubare mense, tewete op die van Maria Magdalena wat Celsus 'n "histeriese, halfkranksinnige" noem; en van Petrus, 'n "onstabiele, impulsiewe visterman", en op die van Paulus, 'n "epileptikus" wat tot die sien van gesigte geneig was.

Die Gnostieke wat die materie as inherent boos beskou, verwerp die leer van die opstanding. Origines verdedig hierdie leer teenoor die Gnostieke en Celsus, maar glo nie dat dieselfde liggaam wat in die graf gelê word weer sal opstaan nie. Hy beskrywe die opstandingsliggaam as 'n nuwe, gelouterde, vergeestelikte liggaam. Die meerderheid kerkvaders het egter die identiteit van die teenswoordige liggaam met die opstandingsliggaam beklemtoon. Die kerk spreek reeds in die apostolicum sy geloof uit in die opstanding van die vlees (sarkos [σαρκὸς]). Die kerk in die Ooste het 'n meer geestelike siening as die Weste (aangaande die opstanding) gehuldig Die teoloë van die Reformasie het saamgestem dat dieselfde liggaam sal opstaan. Al die belangrikste Belydenisse van die kerk lui dat die opstanding sal plaasvind gelyktydig met die tweede koms van Christus, die eindoordeel en die voleinding van die wêreld. Hulle skei nie gebeurtenisse soos die opstanding van die regverdiges en die van die goddelose, en die koms van Christus en die einde van die wêreld deur 'n tydperk van 1,000 jaar van mekaar nie. Die Premillenialisme wil so 'n skeiding handhaaf. Onder invloed van die Rasionalisme en met die vordering van die natuurwetenskappe is sommige van die probleme met die opstanding benadruk; die opstanding word deur moderne religieuse liberalisme ontken, dit word nie letterlik nie, maar figuurlik

beskou, m.a.w. daar is geen liggaamlike opstanding nie..

Die Heilige Skrif oor die opstanding. O.T. Jesus gryp in Matt. 22:29-32 terug na Eks. 3:6. God is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob. God is nie ’n God van die dode nie, maar van die lewende. Die skrywer aan die Hebreërs meld dat die patriarge vooruitgesien het na die opstanding (Heb. 11:10, 13-16, 19). Vgl. ook waar daar gespreek word van die bevryding van sjeool (Ps. 49:15; 73:24, 25; Spr. 23:14), verder die woorde van Job (Job. 19:25-27); Jes. 26:19; Dan. 12:2; Eseg. 37:1-14.

N.T. Die hoogtepunt in die Godsopenbaring is die liggaamlike opstanding van Jesus Christus. Teenoor die ontkenning van die opstanding deur die Sadduseërs gryp Christus terug na die O.T.: Matt. 22:23-33 (Exod. 3:6); verder: Job 5:25-29; 6:39, 40, 44, 54. Locus classicus: 1 Kor. 15.

Die aard van die opstanding. Dit is ’n werk van die Drie-enige God. Soms word in die Heilige Skrif gesê dat God die dooies opwek - dus nie ’n Persoon in die Drie-eenheid spesiaal in die verband gemeld nie: Matt. 22:29; 2 Kor. 1:9. Dit word spesifiek aan die Seun toegeskrywe in Joh. 5:21, 25, 28, 29; 6:38-40, 44, 54; 1 Thess. 4:16. Indirek ook aangedui as werk van die Heilige Gees (Rom. 8:11).

Dit is ’n fisiese, liggaamlike opstanding. In die tyd van Paulus is daar diegene wat meen dit is net geestelik: 2 Tim. 2:18 waar ons lees van Himeneüs en Filetus wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om. In 1 Kor. 15:20, 23 word Christus die Eersteling uit die dode genoem; Hy is die Eersgeborene van die dode (Kol. 1:18; Op.1:5). Dit impliseer dat ons, net soos Christus, liggaamlik sal opstaan. Christus se verlossingswerk sluit ook die liggaam in (Rom. 8:23; 1 Kor. 6:13-20). God sal deur sy Gees ons sterflike liggame opwek (Rom. 8:11). Die opstandingsliggaam sal in fundamentele sin identies wees met ons huidige liggaam (1 Kor. 15:35-49, 53 e.v.). Die liggaam mag na die dood vergaan en wat sy stofmassa betref in allerlei ander organismes omgesit word, maar daar bly, soos Bavinck ook sê, iets oor wat die sub-straat van die opstandingsliggaam uitmaak. Dit is ook al genoem ’n "skema der individualiteit", die continuitat (das Band) mit dem gegenwärtigen Leibe des Menschen". Elke siel het sy eie liggaam, is op die liggaam aangelê, vir daardie spesifieke liggaam bestem.

In hierdie verband wys ons op twee ketterse afwykinge: (a) B. Telder (sterven en dan?) se standpunt is dat die siel en liggaam nie by die dood uitmekaar gaan nie. Daar is nie so iets as ’n voorlopige siele-saligheid (liggaamlose siele) nie. Hy beskou die gedagte dat die siel by die dood na die hemel gaan (dié van die gelowige) as heidens-wysgerig. Ons handhaaf dat dit die leer van die Heilige Skrif is, soos dit ook deur ons Belydenis (Sondag 22, vraag 57, HK.) ingehou word. Telder is reg as hy sê dat die ganse mens sterwe (vgl. "Die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe", Gen. 3). Die siel ontsnap nie aan die eindkrisis, die dood wat die besoldiging van die sonde is nie. Siel en liggaam (die mens) gaan die poort van die dood in. Maar die siel van

die gelowige gaan na die hemel (in 'n staat van afwagting op die hereniging met die liggaam by die opstanding) en die siel van die ongelowige gaan na die rampsaligheid, sy dit dan ook in 'n staat van afwagting (vgl. Luk. 16: Lasarus en die ryk man, Op.6: die siele onder die Altaar, ens.). Telder dwaal dus op flagrante wyse as hy leer dat die ganse mens, d.w.s. liggaam <u>en siel</u> in die graf gaan.

(b) Die tweede dwaling is om die liggaam by die dood aan verbranding prys te gee, die praktyk van lykverassing. Die liggaam is kosbaar. Paulus gebruik in 1 Kor. 15:35 die beeld van die koringkorrel. 'n Boer sal die saad tog nie eers in die vuur gooi en dit dan op die akker strooi nie. As hy dit doen, sal dit duidelik uit sy handelswyse blyk dat hy geen oes verwag nie. Lykverassing is dus in stryd met die toekomsverwagting van die gelowige. Die liggaam word in die aarde gelê, soos 'n saadkorrel. Die aarde bewaar dit vir die dag van die opstanding. Dit sal weer te voorskyn kom, soos die koringkorrel wat in die aarde sterf, maar wat juis so ontkiem en opspruit. In die koringkorrel is inherent aanwesig dieselfde lewe as in die halm; die halm met sy soveel heerliker, nuwe gedaante - dus dieselfde lewe en, soos dit daar as wuiwende graan met goue are nou op die akker staan, tog ook so anders (vgl. Paulus se woorde in 1 Kor. 15: gesaai in verderflikheid, oneer en sterflikheid, opgewek in onverganklikheid, heerlikheid en onsterflikheid - vs. 43 e.v.).

<u>Weeropstanding</u> - die woord impliseer <u>dieselfde</u> liggaam. Christus se liggaam was identies na sy opstanding, sodat Hy in sy verskyninge herken is (natuurlik nou verheerlik, in opstandingsglorie), terselfdertyd sal die liggaam tog ook verander word, soos hierbo met verwysing na 1 Kor. 15:43 e.v. vermeld. Verandering is nie strydig met behoud van identiteit nie. Elke sewe jaar is daar 'n totale stofwisseling in ons liggaam, tog behou dit sy identiteit. Daar sal 'n bepaalde fisiese verband tussen die ou liggaam en die nuwe wees, maar die aard daarvan is nie geopenbaar nie. Sommige sê daar is 'n oorblywende kiem waaruit die nuwe liggaam ontwikkel, ander sê die "organiserende prinsipe" van die liggaam bly.

<u>Dit is 'n opstanding van die regverdiges en die goddelose.</u> Volgens Josephus het die Fariseërs die opstanding van <u>die goddelose</u> geloën. Die leer van vernietiging en van kondisionele onsterflikheid het in verskillende gradasies aanhang gevind in sektes soos die Adventiste en die Millennial Dawniste. Hulle glo in die totale vernietiging van die goddelose.

Die Heilige Skrif leer dat die goddelose ook sal opstaan: Dan. 12:2; Joh. 5:28, 29; Hand. 24:15; Op.20:13-15. In die Heilige Skrif is die soteriologiese aspek van die opstanding duidelik op die voorgrond - daarby is natuurlik die regverdiges alleen betrokke. Hulle baat by die opstanding, die goddelose nie. Lg. gaan by hulle opstanding die dood in sy volle diepte en omvang in. Die dood met sy volle gewig kom nou oor hulle. Hulle opstanding is nie 'n daad van verlossing nie, maar van soewereine geregtigheid van die kant van God. By gelowige en goddelose word liggaam en siel herenig. By e.g. nou die volle lewe, by lg. die volle betaling deur die dood (Joh. 5:28, 29).

Die tyd van die opstanding. Die Premillenialiste sê dat die opstanding van die heiliges duisend jaar geskei sal wees van die van die goddelose. Hulle spreek van tweërlei wederkoms van Christus. Met die eerste koms staan die gelowiges van al die geslagte wat ontslaap het, op. Die gelowiges wat op daardie tydstip lewe word verander in 'n oogwink. Maar in die sewe jaar wat dan volg (na die parousia) sterwe baie ander heiliges, veral in die groot verdrukking. Hulle moet ook opstaan en hulle opstanding sal plaasvind by die openbaring van die dag van die Here, sewe jaar na die parousia.

Maar hulle kan nie hier stop nie (aldus die Premillennialiste). Terwyl die opstanding aan die einde van die wêreld gereserveer is vir die goddelose, moet daar nog 'n ander opstanding wees van die heiliges wat gedurende die milleunium sterwe, wat die van die goddelose voorafgaan, want die twee groepe kan, volgens hulle, nie op dieselfde tydstip opgewek word nie..

Skrifgegewens oor die tyd van die opstanding. Dit val saam met die parousia. met die aanbreek van die dag van die Here, onmiddellik voor die algemene en finale oordeel.

Ons sê: Die regverdiges en die goddelose gelyktydig: Dan. 12:2; Joh. 5:28, 29; Hand. 24:15; Op.20:13-15. Hier is geen aanduiding van 1,000 jaar tussenin nie! Joh. 5:21-29: die opstanding (sluit ook dié van die regverdiges in) en die oordeel (sluit ook dié van die goddelose in) val saam. 2 Thess. 1:7-10: die parousia (vs. 10) die openbaring (vs. 7) en die oordeel oor die goddelose (vs. 8, 9) val saam. Verder: die opstanding van die gelowiges word in direkte verband gebring met die wederkoms van Christus in 1 Kor. 15:23; Fil. 3:20, 21; 1 Thess. 4:16. En dit geskied aan die einde: Joh. 6:39, 40, 44, 54 - die laaste dag. Dit beteken dat die gelowiges op die laaste dag opstaan en dit is die dag van Christus se koms. Hulle opstanding vind nie 1,000 jaar voor die einde plaas nie. In Op.20:4-6 word van 'n eerste opstanding gespreek, en van 'n duisend jaar, dan 'n tweede opstanding. Maar dit is nie 'n liggaamlike opstanding nie - Dit is 'n gesig, nie op die aarde nie, naar in die hemel. Die uitdrukkinge wat gebruik word dui nie op 'n liggaamlike opstanding nie. Dit is "siele" wat "lewe" en regeer. En hulle lewe en regeer met Christus word die eerste opstanding genoem. Dit kan sien op die ingang in die verheerlikte staat by die dood.

Die finale oordeel (die supremum ju dicium).

Dit gaan ook saam met Christus se wederkoms. (Christus het tot 'n krisis gekom). Dit word in die apostolicum bely. Dit sal, volgens die Skrif nie 'n geestelike, onsigbare en eindelose proses wees wat identies is met God se voorsienigheid in die geskiedenis nie. Hiermee ontken ons nie dat God in 'n sekere sin in die geskiedenis van individue en nasies gerig hou nie. Die Bybel leer dat God ook in hierdie lewe die kwaad straf en die goeie beloon - dikwels is dit die natuurlike voorsienige gevolge van kwaad wat gedoen is en van die goeie wat bedrywe word, (Deut. 9:5; Ps. 9:16; 37:28; 59:13; Spr. 11:5; 14:11; Jes. 32:16, 17; Klaagl. 5:7). Die menslike gewete lewer ook hiervan getuienis. Maar, die Heilige Skrif leer dat hierdie vorm van God se gerigsoefening nie finaal is nie. Schelling: "die geskiedenis van die wêreld is die gerig van die wêreld".

Dit hou die gedagte in dat God dan ook slegs ’n passiewe toeskouer is by die gerigsvoltrekking. God se oordeel word in hierdie lewe reeds op mense en volkere voltrek. Elke sonde baar sy eie straf - daar is nie ’n bepaalde dag vir die oordeel van God nie. Elke deug bring sy eie beloning mee. Daar sit waarheid in, maar daar is tog ook nog ’n oordeelsdag - Dan. 7:l0; Matt. 25:31; Hand. 17:31; Rom. 14:10 (vgl. 2 Kor. 5:10); Heb. 9:27; Op.20:12. Soms woeker die kwaad sonder vergelding voort, en die goeie word nie altyd bekroon met die beloofde seëninge in hierdie lewe nie! Die goddolose vra in Mal. 2:17: Waar is die dag van God se gerig? Dit lyk of die goddelose vry spel het: Mal. 3:14, 15. Job en sy vriende worstel met die probleem van die lyde, beproewinge van die regverdiges, en ook Asaf (Ps. 73). Die Heilige Skrif wys ons heen na die finale oordeel, wat beslissend sal wees en alle duisterhede sal opklaar: Matt. 25:31-46; Joh. 5:27-29, Hand. 25:24; Rom. 2:5-11; Heb. 9:27; 10:27; 2 Pet. 3;7; Op.20:11-15. Hierdie gedeeltes wys nie op ’n uitgestrekte proses nie, maar op ’n definitiewe gebeure aan die einde. Dit val saan met die koms van Jesus Christus, die opstanding van die dode en die vernuwing van hemel en aarde.

Die eindoordeel: ’n forensiese daad; publieke beslissing oor die finale staat van die mens; formeel, publiek, finale uitspraak. Dit sal ’n enkele gebeurtenis wees - ’n dag (nie dae) van oordeel (Job. 5:28, 29; Hand. 17:31; 2 Pet. 3:7). "Daardie dag" (Matt. 7:22; 2 Tim. 4:8; die dag ... Rom. 2:5).

Christus sal as Middelaar die Regter wees: Matt. 25:31, 32; Joh.5:27; 2 Tim. 4:1; Fil. 2:9, 10: d.i. as loon op sy versoeningswerk en as ’n deel van sy verhoging. (Alle opera ad extra is werk van die Drie-enige God – Christus egter veral met die oordeel besig). Hy red sy volk tot die uiterste, voltooi hulle verlossing, regverdig hulle in die openbaar, en verwyder die laaste konsekwensies van die sonde. Engele sal Hom bystaan (Matt. 13:41, 42; 24:31; 25:31). Die heiliges sal in ’n sekere sin saam met Hom oordeel - alhoewel dit moeilik is om te sê wat dit presies sal inhou - vgl. Ps. 149:5-9; 1 Kor. 6:2, 3; Op.20:4 (soos hofbeamptes). Die engele vergader die gelowiges en skei die goddeloses van hulle af (Matt. 13:49; 24s 31).

Wie daar sal verskyn, (1) Die gevalle engele sal voor die vierskaar van God staan (Matt. 8:29; 1 Kor. 6:3; 2 Pet. 2:4; Judas 6) - Satan en sy demone sal hulle finale vonnis hoor. (2) Verder elke individu van die menslike geslag: Pred. 12:14; Ps. 50:4-6; Matt. 12:36, 37; 25:32; Rom. 14:10; 2 Kor. 5:10; Op.20:12. Die gelowiges sal daar verskyn, maar as hulle wat vergiffenis ontvang het. Die mens sal vir elke ydel woord geoordeel word (Matt. 12:36), alles wat geheim was (Rom. 2:16; 1 Kor. 4:5. ) Ook die regverdiges: Matt. 13:30, 40-43, 49; 25:14-23, 34-40, 46. Die Heilige Skrif leer nie duidelik dat ook die regverdige engele sal verskyn nie - hulle sal diens lewer, dit weet ons (Matt. 13:30, 41; 25:31; 2 Thess. 1:7, 8). Die tyd van die oordeel. Aan die einde. Die hele lewe van elke mens sal geoordeel word (Matt. 13:40-43; 2 Pet.3:7). Dit sal saamhang met die parousia van Christus (Matt. 25:19-46; 2 Thess. 1:7-10; 2 Pet. 3:9, 10). Dit sal dadelik volg na die opstanding van die dode (Dan. 12:25 Joh. 5:28, 29; Op.20:12, 13). Hoe lank dit sal duur? - die Heilige Skrif spreek van ’n dag. 1 Kor. 3:13 spreek van die dag van die oordeel. Op.14:7 - want die uur van sy oordeel het

gekom. Dit lyk of die oordeel en die koms van die nuwe aarde onder ’n nuwe hemel sal saamval. (Op.20:11; 2 Pet. 3:7; Op.21:1). Dit sal God se dag wees - dus nie noodwendig 24 uur nie (vgl. eerste drie skeppingsdae).

Die maatstaf by die oordeel. Dit sal die geopenbaarde wil van God wees. Die boeke word oopgemaak (Op.20:12 - Dan. 7:9-10). Die boeke is die boeke van ons herinnering en ons gewete (vgl. N.G.B. Art. 37: boeke, d.i. gewetens) enersyds en die boek van die lewe andersyds, d.i. God se ewige besluite en alwetende verkiesing t.o.v. wie die ewige lewe deelagtig is. Die een is bo die ander bevoorreg - in korrelasie daarmee dan elkeen se verantwoordelikheid (Matt. 11:21, 24; Rom. 2:12-16). Daar sal grade van heerlikheid en grade van rampsaligheid wees. Dit sal afhang van wat in die vlees verrig is (Matt. 11:22, 24; Luk. 12:47, 48; 20:47; Dan. 12:3; 1 Kor.9:6). Die heiden sal geoordeel word volgens wat in sy hart geskrywe staan, die Israeliete van die ou bedeling volgens die O.T. - Openbaring - die ander wat die lig van die algemene openbaring, die Openbaring in die O.T. en van die N.T. gehad het, daarvolgens. Alles sal in oënskou geneem word: ook die gedagtes, geheime bedoeling en van die hart. Die Heilige Skrif spreek simbolies daarvan as die opening van die boeke (Dan. 7:10; Op.20:12). God se geregtigheid sal voor almal se oë uitstraal. Die Regter sal die mensheid in twee groepe laat uiteen gaan, soos die herder die skape van die bokke skei (Matt. 25:32 e,v.).

Die finale staat

Ewige geluksaligheid of ewige rampsaligheid.

(1) Wat die goddelose betref: (a) Die plek. D.i. ’n plek, nie net ’n toestand nie. Die Annihilasioniste (vernietiging) en die wat die kondisionele onsterflikheid leer, aanvaar vanself geen plek soos die verdoemenis nie. Die moderne liberale teologie sê ook daar is nie ’n hel nie - di. ’n subjektiewe toestand wat selfs hier op aarde hom al kan voltrek - dit kan dan miskien in die toekoms permanent word.

Die Bybel leer die ewige bestaan van die goddelose: Matt. 24:5; 25:30, 46; Luk. 16:19-31. D.J. Barnard: Die Wederkoms van Christus, p. 160 e.v. B. Telder: Sterven en dan? p. 190 e.v. (sjeool p. 181 e.v.). Die plek van pyniging word gehenna genoem - ’n naam, afgelei van die Heb. ge (land of vallei) en hinnom of beney hinnom. d.i. Hinnom of seuns van Hinnom. Hierdie naam is oorspronklik gegee aan ’n vallei Suidwes van Jerusalem - dit was die plek waar bose (goddelose) afgodsdienaars hulle kinders vir Molog geoffer het deur hulle deur die vuur te laat gaan. Dit is dus onrein geag en is later die vallei van tophet genoem, as ’n geheel en al veragte plek. Die vuur het altyd daar gebrand om die afval (vullis) van Jerusalem te verteer. So het dit die simbool van ewige pyniging geword. Matt. 18:9 spreek van ten geënnan tou puros [τὴν γέενναν τοῦ πυρός] (die gehenna van vuur) - dit word gebruik as sinoniem van "die ewige vuur " in die vorige vers. Die Bybel spreek ook van ’n "furnace of fire" (Matt. 13:42) en van ’n poel van vuur (Op.20:14, 15) - dit vorm ’n kontras met die see van glas soos kristal (Op.4:6). Ook die woorde gevangenis (l Pet. 3:19), afgrond (Luk. 8:31) en tartarus (2 Pet. 2:4 [ταρταρόω]) kom voor. Dit alles dui daarop dat die

hel 'n plek is: plekke word aangedui. Die Heilige Skrif praat van die wat "buite" is, en van "in die hel gewerp". Luk. 16:19-31 dui op 'n plek.

Hoe sal die bestaan van die goddelose wees? (1) 'n Totale afwesigheid van die guns van God; (2) 'n eindelose ontwrigting van die lewe a.g.v. die komplete deurwerking van die sonde, (3) positiewe pyne en lyde in liggaam en siel en (4) subjektiewe strawwe soos gewetenswroeging, angs, wanhoop, geween, gekners van die tande (Matt. 8:12; 13:50; Mark. 9:43, 44, 47, 48; Luk. 16:23, 26; Op.14:10; 21:8). Daar sal grade in die straf wees - Matt. 11:22, 24; Luk. 12:47, 48; 20:17. Die straf sal vir al die ongelowigas dieselfde wees - nl. helse vuur, dog daar sal 'n verskil wees in die intensiteit of graad van lyding in die verdoemenis. God werk altyd met variasie, nooit gedagtelose eentonigheid nie. Dit sal bepaal word deur die mate van lig wat hulle hier gehad het. Dit sal in elke geval egter ewige straf wees (Matt. 18:8; 2 Thess. 1:9; Op.14:11; 20:10). Die Heilige Skrif spreek oor die hel en die hemel in figuurlike taal.

Die duur van die straf. Ewig – Matt. 25:46. "onuitbluslike vuur" (Mark. 9:43), die wurm sal nie sterf nie (Mark. 9:48). Die kloof tussen die regverdiges en goddeloses is onoorbrugbaar (Luk. 16:26).

Die finale staat van die regverdiges. Ons het "diesseitige" beskrywinge van "jenseitige realiteite" (Bav.).

Die nuwe skapping. Die teenswoordige wêreld sal oorgaan in die nuwe aarde - daar sal 'n nuwe aarde wees (Matt. 19:28: wedergeboorte; Hand. 3:21: herstel van alle dinge. Vgl. Heb. 12:27; 2 Pet. 3:13 (vgl. vs. 12; Op.21:1). As die nuwe aarde daar is, daal die nuwe Jerusalem uit die hemel. Die ou aarde nie vernietig nie, maar gelouter (2 Pet. 3; Op.20:11; 21:1; Ps. 102:26, 27; Heb. 1:10-12; 12:26-28).

Die ewige verblyf van die regverdiges. Die hemel deur sommige 'n subjektiewe toestand geag wat hier geniet kan word en wat in die weg van geregtigheid vanself permanent in die toekoms kan word. Die Heilige Skrif spreek van (a) die wolkehemel, die lug (b) die sterrehemel, die firmanent en (c) die woonplek van God en die engele, en die bestemming van die verlostes. Paulus spreek van die derde hemel (2 Kor. 12:2), die paradys, die troon van God. Die Heilige Skrif leer dat die hemel 'n plek is: Christus het opgevaar na die hemel: dus van die een plek na die ander plek. Dit word beskrywe: Joh. 14:1 - dit is 'n plek, nie net 'n staat (kondisie, toestand) nie. Die regverdiges is binne. die goddelose buite (Matt. 22:12, 13; 25:10-12). Die regverdiges sal nie alleen die hemel erf nie, maar die hele nuwe skepping (Matt. 5:5; Op.21:1-3). Die see nie meer: gedagte van verwydering; lewensbedreigende werking.

Die aard van die geluksaligheid: nie net 'n eindelose bestaan nie., maar 'n lewe in sy ganse volheid, sonder die onvolkomenhede en versteuringe van die hede (Matt. 25:46; Rom. 2:7). Die volheid van die lewe sal in gemeenskap met God geniet word - dit die essensie van die ewige lewe (Op.21:3). God in Christus sien van aangesig tot aangesig, volle bevrediging in Hom vind, in Hom blydskap smaak, Hom verheerlik. Nie alleen geestelik, ook liggaamlik geluksalig: herkenning, sosiale verkeer op 'n hoë

vlak. Die sagmoediges sal die aarde beërwe, sê Jesus (Matt. 5:5). Die lewe op die nuwe aards sal ’n egte menslike lewe wees. Ons menslike lewe sal daar tot sy voltooiing en bloei kom. Ryk: al die wonderlike skatte en kragte van die Skepping, die Skeppingsweelde wat ons sal geniet. Voor alles: visio Dei, altyd by die Here!

Die Heilige Skrif teken die ewige lewe op negatiewe wyse: noem dinge wat nie daar sal wees nie: geen dood ... (Op.21:4); noem geen nag (Op.21:25); nie iets wat verontreinig nie (21:27), geen vervloeking (22:3). Onder die sonde bring die aarde dorings en distels voort (Gen. 3:17). Die skepping sal vry gemaak word (Rom. 8:19). Nuwe hemele en ’n nuwe aarde: 2 Pet. 3:13; Op.21:1. Daar sal ook grade van geluksaligheid wees (Dan. 12:3; 2 Kor. 9:6). Die vreugde van elke individu sal tog volmaak en vol wees. (Jesus - Saligmaker - Hy maak ten volle salig).

Tyd en ewigheid

In Op.10:5,6 lees ons: "En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie".

Dit is duidelik dat hier onder eed deur die engel ’n baie belangrike aankondiging gedoen word. Hoe moet ons dit verstaan "dat daar geen tyd meer sal wees nie"?

Onthou: die kosmos is in die geskape; die tyd het tegelyk met die skepping ’n aanvang geneem. Gen. 1:1, 2 val van die eerste moment af in die vorm van die tyd. Ons weet nie hoe lank dit geduur het nie. Wêreldaanvang en die begin van die tyd is begrippe wat mekaar volkome dek. God wou ewig dat juis toe (ons, eindige skepsels, kan dit nie anders uitdruk nie) die kosmos daar sou wees. Wanneer in die Heilige Skrif na die sondeval van tyd gespreek word, impliseer dit dat die skepping ’n sekere bestemde duur het en dat, onderwyl hy sy leef tyd geleidelik vol uring, ’n geskiedenis afspeel wat na ’n bepaalde doel heengelei word.

Die sondeval het geweldige telluriese veranderinge te weeg gebring. Rom. 8:19-21: diensbaarheid aan die verganklikheid - dit het ongetwyfeld op al die geskapene, m.a.w. ook op die tyd betrekking.

Jesus Christus het as Verlosser en Saligmaker in die volheid van die tyd gekom, nie om ons van die tyd los te maak nie. Hy verklaar na sy hemelvaart in sy verskyning aan Johannes: "Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige". Joh. 8:58: "Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek". Hy het gekom om die vloek oor God se skepping as Middelaar weg te neem, dus ook die vloek oor die tyd, wat deel van die geskapenheid is. Die vloekelement in die tyd vanweë die sonde, is dat dit die mens meevoer na die dood, die besoldiging van die sonde. As die eerste Adam die werkverbond vervul het, sou die tyd in geluksaligheid meegevoer het. Daar sit nou in die tyd die element van verganklikheid, nietigheid, dat dit voortjaag en uitput in sy gespannenheid tot die dood toe.

Hiervan het Christus ons kom verlos. Op.10:6, 7 se engeleboodskap beteken dat daar o.g.v. Christus se verdienste geen tyd van hierdie aard meer sal wees nie. "Die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut" (Op.21:4, 5). Nuwe Nederlandse vertaling: Daar sal geen uitstel wees nie.

Daar sal nog tyd wees. Die skepping word immers nie vernietig nie, maar herskep, vernuut - dit geld ook die tyd as inherente deel daarvan. In Luk. 16:19-31 lees ons: "En toe (tyd!) hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl (tyd!) hy in smarte was - ". In Op.6:10 vra die siele onder die altaar: "Hoe lank (tyd!) oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?"

Die mens is binne die tyd geskape - so sal dit in die ewigheid ook nie tydloosheid wees nie. "It is not a timeless life. There is time beyond death". Dit is hier waar ons geen tyd het nie! Hier leef ons in tyd wat deur die dood aangevreet is, dit maak gespanne, gejaagd, grys, stadig in die tredhou met gebeure, swak en sieklik. Dit is verganklikheid in die tyd.

Op die nuwe aarde sal die dood nie meer wees nie (Op.21). Ook die tyd word tot volmaaktheid gebring.

310/...

- 310 -

God het die tyd geskape en dit so met al die geskapene verbind dat dit sonder tyd nie kan bestaan nie, ook in die herskepping. Dit is nie strydig met die leer van die Heilige Skrif dat God die ewigheid in die hart van die mens gelê het nie (Pred. 3:11). Ons moet onderskei tussen God se ewigheid wat geen begin of einde het nie, wat nie vanuit die tyd gedefinieer kan word nie., en die ewigheid van die mens wat 'n begin maar geen einde het nie en wat geskape ewigheid is. Ons is ewig tydelik, die tyd hou die nuwe aarde nie op nie maar dit is kontinuïteit van tyd, bevry, verlos gereinig, herskape, saam met die nuwe hemel onder 'n nuwe aarde. God se ewigheid is 'n ryke lewensvolheid; so sal dit op skepselmatige wyse die geval op die nuwe aarde wees met die mens wat na God se beeld geskape is. In die hel is daar ook ewige tydelikheid - maar dan tyd, steeds onder die vloek.

* * * * * * * * * * *

# Skrifindeks

## Ou Testament


Genesis
1 ............................37, 44, 60, 61, 63
1:1............................30, 60, 194, 229
1:2..........................61, 104, 165, 229
1:3..................................................46
1:3-24 ........................................115
1:14-19 ..........................................61
1:26.................................. 44, 63, 64
1:26-28 ..........................................64
1:27................................................63
1:28................................................63
1:31.............................60, 63, 66, 74
1-3 .. ..............................................80
2 ............................................63, 74
2:1..................................................61
2:2..................................................66
2:3..................................................64
2:4..................................................63
2:7.................................... 103, 191
2:15................................................64
2:16.................................... 64, 196
2:17.....64, 76, 77, 91, 191, 192, 195, 196
2:19................................................38
2:20................................................38
3 ........................................... 74, 196
3:1-6 ..............................................69
3:2..................................................74
3:3..................................................69
3:7-15 ............................................79
3:9..................................................17
3:14................................................63
3:1522, 75, 83, 86, 90, 108, 155, 196
3:16-19 ..........................................75
3:17.................................... 77, 229
3:19.................................... 77, 192
3:20................................................38
3:22................................................74
3:24................................................62
4:1..................................................38
4:13..............................................128
4:25................................................79
5:3..................................................75
5:29................................................38
6:3................................................104
6:5............................................75, 76
6:5-7 ..............................................53
6:8..................................................79
6:12................................................79
6:17..............................................103
8:1................................................103
8:21.................................. 75, 76, 83
8:22................................................83
9:12..............................................160
9:13..............................................160
9:17................................................83
12:1................................................79
15:6.................................. 123, 170
15:12..............................................17
15:17..............................................17
16:11-13 ........................................45
17 ................................................170
17:1................................................79
17:5................................................38
17:7............................... 84, 143, 170
17:10............................................169
17:10-13 ......................................171
17:11............................................160
17:15..............................................38
19:1................................................45
19:24..............................................45
28:12.........................................17, 40
32:2................................................40
32:28..............................................38
49:10..............................................86
15,17 .. ..........................................85

Eksodus
3 .......... 54
3:6 .......... 170, 197, 222
3:14 .......... 40
6:2 .......... 40
7:13 .......... 57
8:5 .......... 57
9:7 .......... 57
12:8-10 .......... 177
12:13 .......... 180
12:27 .......... 177
13:21 .......... 220
15:3 .......... 40
19:18 .......... 17
20:2 .......... 84
20:4 .......... 37
20:5-7 .......... 77
20:11 .......... 62
22:18 .......... 199
23:7 .......... 131
24:8 .......... 181
25:18 .......... 62
28:30 .......... 17
28:41 .......... 87
31:2-4 .......... 105
33 .......... 36
34:15 .......... 176
34:25 .......... 177
40:12 .......... 167
40:15 .......... 87
40:30-32 .......... 167
40:38 .......... 220
Levitikus
4:6 .......... 166
4:17 .......... 166
7:19-21 .......... 176
7:28-34 .......... 176
8:4-6 .......... 167
11:32 .......... 166
15:11 .......... 166
15:12 .......... 166
16 .......... 167
18:5 .......... 81
19:26 .......... 199
19:31 .......... 197, 199
20:6 .......... 199
20:27 .......... 197, 199
24:10-23 .......... 38
Numeri
6:24-26 .......... 45
6:27 .......... 38
16:3 .......... 138
19 .......... 166
19:17-22 .......... 166
20:4 .......... 138
25:3 .......... 177
25:5 .......... 177
Deuteronomium
4:12 .......... 37
4:15 .......... 37
4:16 .......... 37
4:20 .......... 79
4:35 .......... 44
4:37 .......... 54
5:8 .......... 37
6:4 .......... 44
7:6 .......... 59
7:6-8 .......... 54, 79
7:8 .......... 59
8:3 .......... 66
8:4 .......... 66
8:7 .......... 46
9:5 .......... 225
10:15 .......... 54
10:16 .......... 169, 171
12:5 .......... 38
12:7 .......... 176
12:12 .......... 176
13:1 .......... 199
13:2 .......... 199
18:5 .......... 54
18:10-12 .......... 207
18:11 .......... 197, 199, 206
18:15 .......... 86
18:18 .......... 46
28:58 .......... 38

29:10 170
29:13 170
29:29 42
30:6 119, 127, 169, 170, 171
31:30 138
32:4 41
32:6 40
33:2 62
Josua
1:1 86
3:15 166
5:14 40
8:35 170
Rigters
2:14 166
Rut
1:20 38
1 Samuel
1:13 177
4:4 40
10:1 87
10:24 54
11:3 62
15:1 87
15:11 53
15:22 72, 128
15:29 41, 53
15:35 53
28:7 199
28:8 199
28:9 199
28:19 199
2 Samuel
2:4 87
6:2 40
7:12-16 46
14:20 62
22:11 62
23:3 86
1 Konings
1:34 87
8:27 32, 37
8:32 131
8:46 75
19:11 103
19:16 87
22:19 40, 61
2 Konings
3:10 166
3:11 166
5:14 166
20:1 54
2 Kronieke
2:6 37
6:23 131
20:13 170
30:16 177
35:11 177
Esra
6:19 177
Nehemia
3:4 199
9:6 60, 62
13:1 138
Job
1 69, 75, 195
1:14 62
5:25-29 223
6:39 223
6:40 223
6:44 223
6:54 223
11:7 31
11:7-9 32
12:13 41
12:23 66
14:4 75
14:14 69, 75, 195
14:21 198, 201
19:23-27 198
19:25 86
19:25-27 198
22:12 37
26 67
26:13 61, 104
26:14 42

33:4....46, 66, 104, 105
38 ....18, 66
38:19-38....66
Psalms
2:6....93
2:7....46, 87, 93
2:26....87
5:12....38
6:6....204
8:3....175
8:4....87
8:9-15....42
9:16....225
11:4....36
14 ....32
14:1....36
16:9-11....198
16:10....197
17:15....36, 198
18:10....62
19 ....18
19:1....60
19:2....60, 116
19:3....116
19:5....116
19:13....77
24:1....74
32:1....69, 170
32:2....170
32:5....170
32:8....36
32:10....170
33:6....44, 46, 60, 61, 96, 105, 115
33:9....41, 44, 60, 115
33:11....53
33:13....66
33:15....66
34:4....38
34:7....62
34:18....36
35:9....18
36:10....125
37:28....225
40:9....128
45:78....87
46:11....116
49:14....197
49:15....197, 198, 223
50:4-6....226
51:6....69, 128
51:7....75, 165
51:10....170
51:11....103
51:12....119, 127
51:19....128
59:13....225
68:17....40, 62
71:6....175
71:22....103
73 ....226
73:1....42
73:10....194
73:11....194
73:23....198
73:24....198, 223
73:25....223
73:26....198
78:70....54
80:1....40, 62
80:4....40
81 ....58
83:19....40
89:6-8....40
89:18....103
89:21....87
90:2....41
90:3....77
90:7....192
90:11....192
91:11....62
94:9....39
98:9....209
99:1....62
99:9....42
102:26....228
102:27....228

103:13 .......... 45
103:17 .......... 40
103:19 .......... 66
103:20 .......... 61, 62
103:21 .......... 40, 61
104 .......... 66
104:15 .......... 182
104:24 .......... 35, 53
104:30 .......... 44, 66, 104, 105
105:8 .......... 171
110 .......... 93
110:1 .......... 46, 87, 93
110:4 .......... 87, 94
115:1 .......... 55
115:3 .......... 37, 41
115:17 .......... 204
122:1-4 .......... 38
126:2 .......... 128
138:8 .......... 53
139:7 .......... 46, 96
139:7-10 .......... 104
139:16 .......... 66
145:3 .......... 32
145:9 .......... 42
146:4 .......... 204
147:5 .......... 41
147:8-12 .......... 66
148:2 .......... 40, 61, 62
148:5 .......... 61
149:5-9 .......... 226
2,67,86,87 .. .......... 110
Spreuke
3:19 .......... 53
4:23 .......... 69
6:30 .......... 72
7:14 .......... 177
8 .......... 61
8:22-31 .......... 44
11:5 .......... 225
14:11 .......... 225
16:4 .......... 57, 59
16:33 .......... 36
19:21 .......... 53
21:1 .......... 36, 67
23:14 .......... 223
24:16 .......... 71
24:18 .......... 36
Prediker
3:11 .......... 188, 197, 231
3:20 .......... 77
7:1 .......... 38
9:5 .......... 198, 201
9:6 .......... 198, 201
9:10 .......... 198, 201, 204
12:5 .......... 198, 206
12:7 .......... 191
12:14 .......... 226
Jesaja
1:18 .......... 72, 170
2:2 .......... 191
4:4 .......... 203
5:1-7 .......... 127
6 .......... 17
6:2 .......... 40, 62
6:3 .......... 42, 47
6:6 .......... 62
7:14 .......... 17, 46, 86
8:19 .......... 197, 199, 206, 207
8:20 .......... 207
9:5 .......... 46, 86, 87
10:15 .......... 59
10:20 .......... 103
14 .......... 201
14:27 .......... 42, 54
25:6-10 .......... 145
26:19 .......... 198, 223
28:7 .......... 177
28:8 .......... 177
29:4 .......... 197
29:13 .......... 128
32:16 .......... 225
32:17 .......... 225
37:16 .......... 40, 62
38:18 .......... 204
38:19 .......... 204
40 .......... 18

40:11 ... 174
40:12-14 ... 60
40:13 ... 104
40:14 ... 104
40:15- ... 32
40:22 ... 36
40:25 ... 36
40:26 ... 36, 60, 66
40:31 ... 170
41:14 ... 103
42:1 ... 55, 88
42:5 ... 60
42:8 ... 40
43:1 ... 116
43:3 ... 103
44:6 ... 79
45:1-4 ... 115
45:5 ... 44
45:7 ... 66, 78
45:7- ... 61
45:18 ... 60
46:10 ... 66, 79
47:9-15 ... 199
48:8 ... 69
48:12 ... 41
48:13 ... 60
48:17 ... 103
49:1 ... 116
50:8 ... 131
53 ... 46, 86, 88, 90, 155
53:4 ... 90
53:6 ... 91
53:7 ... 180
53:9 ... 88
53:10 ... 91
54 ... 155
54:10 ... 130
54:13 ... 170, 174
55:1-3 ... 155
55:6 ... 155
55:7 ... 155
57:15 ... 64
58:5-8 ... 128
59:21 ... 174
61:1 ... 45, 82, 87, 88
63:10 ... 103
63:11 ... 103
63:16 ... 40, 45, 201
64:8 ... 40
65 ... 62
66:1 ... 37
11,19,60 .. ... 110
6319 .. ... 36

Jeremia

1:5 ... 54, 169, 175
3:10 ... 127
4:4 ... 169
4:14 ... 171
9:25 ... 169, 171
9:26 ... 169, 171
10:12 ... 53
13:23 ... 127
17:9 ... 69, 70, 76
23:5 ... 46
23:6 ... 46
23:23 ... 32
23:24 ... 32, 41
23:29 ... 153
27:9 ... 199
29:8 ... 199
30:21 ... 86
31 ... 155
31:3 ... 52
31:18 ... 127
31:33 ... 118, 119, 155, 174
31:34 ... 155, 170, 174
50:45 ... 174
51:15 ... 53

Klaagliedere

5:7 ... 225
5:21 ... 127

Esegiël

1 ... 62
11:19 ... 121
32 ... 201
33:11 ... 118

34:23 ... 86
36:25 ... 155, 167
36:25-28 ... 155
36:26 ... 119, 167
36:27 ... 167
36:31 ... 128
37:1-14 ... 223
37-5,6 ... 103
44:7 ... 171
44:9 ... 171
Daniël
1:7 ... 38
4:35 ... 42
7 ... 87, 217, 225
7:8 ... 217
7:9-10 ... 226
7:10 ... 227
7:13 ... 209
7:23-26 ... 217
8:16 ... 62
9:21 ... 62
10:13 ... 62
10:21 ... 62
11 ... 217
11:35 ... 217
11:36 ... 217
12:2 ... 198, 223, 224, 225
12:3 ... 227, 229
12:25 ... 226
Hosea
2:23 ... 170
6:6 ... 72
6:7 ... 79
11:1 ... 46
12:4 ... 40
12:5 ... 40
12:6 ... 40
13:5 ... 54
13:14 ... 53
Joël
2:13 ... 128
2:15 ... 174
2:15-17 ... 174
2:16 ... 170, 174
2:28 ... 168, 170
2:29 ... 168
2:32 ... 145, 170
Amos
3:6 ... 66
6:1 ... 58
Jona
3:4 ... 54
3:8 ... 128
3:10 ... 128
4:2 ... 53
Miga
2:12 ... 174
3:7 ... 199
4:1 ... 191
5:1 ... 86
5:11 ... 199
7:8 ... 203
Sefanja
2:2 ... 53
Haggai
1:13 ... 62
Sagaria
3 ... 71, 87
3:1 ... 71, 86
6:12 ... 86
6:13 ... 86
9:9 ... 86
9:11 ... 203
12:10 ... 215
13:1 ... 215
481-6 ... 87
Maleagi
1:6 ... 40, 45
2:7 ... 62
2:17 ... 226
3:1 ... 62
3:2 ... 203
3:3 ... 203
3:5 ... 199
3:6 ... 53
3:14 ... 226

3:15............226

## Nuwe Testament

Matteus

1:19............89
1:21............121
1:21-25............108
1:35............134
1-14 .. ............266
2-8:1 ............44
2-8:9 ............44
3:7............203
3:8............203
3:16............53, 109, 118
3:17............53, 54
4 ............105
4:1-11 ............114
4:4............26
4:23............119
5:5............288, 289
5:17............26, 119
5:17-19............195
5:22............87, 89, 246
5:28............87, 94
5:34............41
5:45............40, 54, 55, 82
6 ............76
6:9............47, 55
6:12............87, 169
6:26............83, 84
6:26-29............82
6:26-30............40
6:28............84
6:33............164
7:2............251
7:3............89
7:13............258
7:15............183, 272
7:15-20............87
7:21............161
7:22............156, 256, 284
7:23............256
7:29............31
8:10............270
8:11............269, 270
8:12............270, 287
8:15............76
8:29............285
9:1-8 ............55
9:6............31
9:24............256
9:28............156
9:34............79
10:25............92
10:28............236, 238, 247, 258
10:29............40, 82
10:30............40, 82
10:32............86
10:33............86
11:10............77
11:20............89
11:21............90, 286
11:21-24............247
11:22............286, 287
11:23............27, 248
11:24............286, 287
11:26............63
11:27............54
11:28............70
12:29............79
12:30............86
12:31............139
12:32............57, 254
12:36............90, 285
12:37............285
12:41............247
12:45............76, 89
13 ............148
13:20............156
13:21............156
13:30............285
13:31............269
13:32............269
13:40-43............285
13:41............284, 285
13:42............284, 287

13:43..........248
13:49..........277, 285
13:50..........277, 287
15:4..........26
15:19..........87, 88
15:20..........87
16:15-18..........184
16:16..........109
16:18..........43, 173, 181, 246
16:19..........188
16:21..........119
16:27..........96, 277
17..........250
17:19..........156
17:20..........156
18:5..........220
18:8..........288
18:9..........287
18:10..........76, 78
18:15-18..........189
18:18..........188
18:20..........44
19:4..........27
19:5..........27
19:14..........212, 213
19:17..........42
19:28..........118, 270, 288
20..........69
20:25..........189
20:26..........189
20:28..........119
21:16..........220
21:24..........270
21:25..........203
21:28-46..........270
21:29..........159
21:31..........63
21:32..........159
21:42..........26
21:43..........213, 270
22..........288
22:1-14..........270
22:14..........66
22:23..........278
22:23-33..........279
22:25..........27
22:29..........280
22:29-32..........279
22:30..........76
22:32..........246
22:37..........90
22:38..........90
22:41-45..........110
23:5..........158
23:14..........158
23:23..........89
24..........264, 266, 285
24:1..........265
24:1-14..........269
24:2..........265
24:3..........262, 263, 275, 277
24:5..........272, 287
24:9..........268
24:9-12..........270
24:14..........264, 269
24:21..........264, 271
24:22..........264
24:23..........266
24:24..........250, 266, 271, 272
24:27..........263
24:29..........274
24:29-31..........264, 275
24:30..........262, 274, 275, 276
24:31..........284
24:32..........269
24:33..........269, 275
24:35-44..........275
24:36..........76, 275
24:37..........263
24:37-39..........27
24:37-44..........276
24:44..........275
25:1-12..........276
25:5..........269
25:14-23..........285
25:19..........262, 269

25:19-46 ... 285
25:30 ... 287
25:31 ... 76, 262, 283, 284, 285
25:31-34 ... 118
25:31-46 ... 264, 275, 284
25:32 ... 284, 285, 286
25:33-46 ... 118
25:34 ... 248
25:34-40 ... 285
25:37 ... 257
25:37-39 ... 256
25:41 ... 65, 79
25:44 ... 256
25:46 ... 253, 258, 285, 287, 288, 289
26:17 ... 114
26:26 ... 225
26:26-28 ... 234
26:27 ... 225
26:28 ... 200
26:29 ... 234
26:42 ... 120
26:53 ... 76
26:54 ... 120
26:64 ... 109, 262, 276
27:3 ... 159, 161
27:11 ... 115
27:46 ... 54, 241
27:50 ... 31, 115
28 ... 109, 147, 178, 269, 274
28:18 ... 84
28:19 ... 53, 116, 120, 122, 131, 132, 139, 185, 192, 196, 204, 210, 213, 215
28:20 ... 204, 215
Markus
12:26 ... 26
12:36 ... 109
12:37 ... 109
14:22-24 ... 234
15:2 ... 115
16:15 ... 149, 192, 204, 210, 213
16:16 ... 204, 210, 213
Lukas
1:1 ... 29
1:1-7 ... 203
1:3 ... 25
1:6 ... 89
1:15 ... 211, 220
1:26-38 ... 53
1:31-33 ... 43
1:32 ... 46
1:3546, 109, 110, 111, 118, 131, 134
1:37 ... 50
1:75 ... 46
2:1 ... 12
2:8 ... 19
2:11 ... 109
2:21 ... 108
2:32 ... 269
2:34 ... 68, 69
2:40 ... 112
2:49 ... 109
2:52 ... 111
3:3 ... 203
3:8 ... 160
3:17 ... 118
3:22 ... 109, 134
3:38 ... 14, 54
4:14 ... 131
4:32 ... 31
5:8 ... 91
6:12 ... 184
6:13 ... 184
6:41 ... 89
6:45 ... 87
7:21 ... 76
7:24 ... 77
8:2 ... 76
8:30 ... 76
8:31 ... 287
9 ... 250
9:1 ... 31
9:26 ... 76
9:31 ... 238
9:51 ... 77
11:21 ... 76

11:23 ... 86
11:26 ... 76
11:38 ... 207
12:4 ... 238
12:12 ... 130
12:47 ... 258, 286, 287
12:48 ... 258, 286, 287
12:50 ... 206
13:6-9 ... 160, 270
14:15 ... 195
15 ... 160
15:10 ... 78, 151
15:17 ... 158
15:18 ... 157
16 ... 251, 252, 281
16:9 ... 252
16:17 ... 26
16:19 ... 241
16:19-31 ... 241, 248, 249, 255, 256, 259, 287, 290
16:23 ... 246, 248, 254, 287
16:24 ... 206
16:26 ... 287, 288
16:29 ... 249
17:23 ... 272
17:28-33 ... 27
17:30 ... 263
18:8 ... 268
20:17 ... 287
20:35 ... 76, 247
20:36 ... 76, 247
20:37 ... 27
20:47 ... 286
21:22-24 ... 270
21:25 ... 274
21:26 ... 274
21:27 ... 262, 276
21:28 ... 271
21:36 ... 264
22:15 ... 225, 233
22:19 ... 227, 228, 234
22:20 ... 227, 228, 234
22:27 ... 27
22:28 ... 114
22:32 ... 153
22:66 ... 187
23:2 ... 115
23:34 ... 90
23:43 ... 246, 247, 248, 253, 254, 256
24:25 ... 26
24:26 ... 120
24:39 ... 76, 116
24:49 ... 132
24:50-52 ... 117
384 ... 109

Johannes
1 ... 19
1:1 ... 55, 110
1:1-3 ... 53, 73, 74
1:3 ... 56, 83, 110
1:4 ... 157
1:5 ... 157
1:9 ... 169
1:10 ... 56
1:12 ... 153, 155
1:13 ... 150, 152, 153
1:14 ... 19, 31, 40, 54, 108, 110, 113
1:16 ... 145
1:17 ... 108
1:18 ... 16, 41, 54, 119
1:20-30 ... 203
1:29 ... 226
1:32 ... 109
1:33 ... 118, 203
1:34 ... 118
2:11 ... 119
2:23 ... 156
2:24 ... 55, 156
2:25 ... 55
3:3 ... 150, 151
3:3-8 ... 57
3:5 ... 132, 136, 148, 150, 255
3:6 ... 94, 132
3:8 ... 129
3:16 ... 53, 121, 258
3:18 ... 68, 147

3:19 147
3:24 134
3:25 205
3:26 205
3:34 109, 111, 118
3:36 155, 195, 240
4:24 41, 80, 129
4:34 120
5:17 82
5:18 54
5:21 280
5:21-29 282
5:22 118
5:24 149, 199
5:25 146, 179, 280
5:25-29 247, 277
5:26 55
5:27 118, 284
5:27-29 284
5:28 146, 280, 282
5:29 146, 248, 256, 280, 282
5:39 25, 26
6:29 199
6:32 227
6:33 227
6:35 227
6:38 53
6:38-40 280
6:39 171, 275, 283
6:40 240, 275, 283
6:44 70, 275, 280, 283
6:48-58 225
6:53 228
6:54 275, 280, 283
6:70 66
7:17 34
8:44 55, 76, 78, 86, 91
8:46 110
8:47 184
8:58 110, 290
10:15 121
10:16 179, 181, 184, 218
10:27 257
10:28 171, 257
10:31 26
10:35 26
10:36 67
11:7 16
11:25 247
12:27 114
12:31 79, 92
13:1 121
13:26 206
14:1 288
14:2 117
14:3 117, 262
14:6 107
14:16 130, 131, 132, 136, 138
14:16-18 56
14:17 128, 137
14:21 138
14:23 56
14:26 102, 130, 132, 134, 138
14:30 79, 110
15 68, 168
15:1 227
15:1-5 154, 176, 181
15:4 155
15:26 56, 57, 102, 123, 128, 130, 132, 134, 138
16:2 183
16:3 12
16:7 57, 138
16:8 130, 138
16:8-11 148
16:11 79
16:13 56, 128, 132, 134, 136
16:14 130, 132, 134, 138, 188
16:115 97
17 105, 109
17:3 34, 53, 257
17:5 112
17:6 43
17:8 184
17:9 68, 121
17:12 68

17:17 184
17:19 168, 169
17:21 182
17:24 117
18:19 115
19:1 114
19:11 89
19:34 204
20:17 54
20:23 188
20:28 110
20:31 25, 113
21:15 218
21:15-17 188
21:25 25
26:14 16
36:26 16
38:7 55
50,51 .. 227

Handelinge

1:1-11 117
1:9 276
1:11 118, 262, 275
2 127
2:2-4 139
2:4 209
2:14 193
2:16 219
2:17 219
2:17-21 212
2:23 63, 67
2:27 246, 248
2:28 203
2:31 246, 248
2:32 116
2:33 116, 132, 136, 209, 219
2:36 109, 219
2:37 161
2:38 160, 205, 206, 215, 219
2:39 106, 179, 213, 214, 218, 219
2:41 199, 210, 218
2:42 181, 225, 231
2:43 185
2:44 186
2:46 231
2:47 173, 218
3:17 90
3:19 159
3:20 262, 275
3:21 262, 275, 288
4:12 212
4:28 63, 120
5:3 56, 122, 131
5:4 122, 131
5:11 173, 181
5:31 160
5:32 134
6 186
6:8 241
7:48 46
7:56 109
7:59 256, 260
7:60 256
8:9 249
8:13 156
8:22 158
8:29 130
8:36 209
8:37 210
8:38 209
9:1-19 162
9:5 108
9:10-19 209
9:15 63, 66
9:31 173
10 193
10:2-47 218
10:22 76
10:38 131
10:42 118
10:43 212
10:44-48 217
10:45 136
10:47 205, 219
10:48 205
11:18 160

11:21.............................................160
11:30.............................................186
13:2....................................... 56, 130
13:22.............................................105
13:33...............................................55
13:48.............................................152
13-48 .. ..........................................153
14:17................................. 16, 21, 22
14:23.............................................186
15 .................................................187
15:1..................................... 211, 214
15:2..................................... 186, 214
15:10.............................................212
15:11.............................................212
15:14.............................................269
15:18...............................................62
15:28............................... 12, 56, 130
16:4.................................................12
16:14....152, 157, 193, 194, 199, 217
16:15....................199, 205, 217, 218
16:17...............................................46
16:30.............................................199
16:31................................... 199, 217
16:31-33.......................................210
16:33....................199, 205, 208, 218
16:34.............................................217
17:15...............................................21
17:25...............................................48
17:26................................ 82, 95, 182
17:27...............................................41
17:28............................20, 41, 48, 54
17:30.............................................160
17:31....................118, 277, 283, 284
17:32.............................................278
18:8...............................................218
18-24 .. ..........................................156
19:3...............................................205
19:12...............................................76
20:7...............................................225
20:21.............................................160
20:28.............................................218
20:29................................... 183, 218
21:8...............................................209
21:21.............................................214
22:5...............................................187
22:16.................................. 206, 208
23:8...............................................278
24:15.................................. 248, 282
25:17.............................................192
25:18.............................................192
25:24.............................................284
26:20.............................................159
26:27.............................................156
27:13...............................................63
Romeine
1:2...................................................23
1:16...............................................192
1:17...............................................164
1:18-32...........................................86
1:19.................................................16
1:20............................16, 20, 41, 146
1:21.................................................23
1:23.................................................41
1:32................................ 86, 89, 239
2:4...................................................49
2:5.................................................284
2:5-11 ................................ 247, 284
2:6...................................................49
2:7...............................248, 257, 289
2:8-10 ...........................................258
2:10...............................................248
2:12...............................................258
2:12-14...........................................86
2:12-16 .........................................286
2:14........................................ 23, 147
2:15........................................ 39, 147
2:16.................................... 118, 285
2:26-29 .........................................212
3:10-18...........................................95
3:22...............................................155
3:23........................................ 94, 163
3:24...............................................163
3:25.................................................49
3:26.................................................49
3:34...............................................164
3:85.................................................70

4:5 ... 163
4:9 ... 212
4:10 ... 219
4:11 ... 200, 212, 219
4:13 ... 219
4:15 ... 86
4:16-18 ... 211
4:17 ... 73, 145, 149
4:18 ... 219
4:20 ... 219
4:25 ... 117, 120
5 ... 100, 103
5:1 ... 120
5:5 ... 136
5:10 ... 117, 120
5:12 ... 86, 93, 94, 239
5:12-21 ... 101
5:15 ... 105
5:16 ... 239
5:17 ... 94, 239, 240
5:17-21 ... 240
5:18 ... 94
5:19 ... 94, 120, 164
5:21 ... 239
6:1 ... 70
6:2 ... 70
6:3 ... 120, 200, 205, 206
6:4 ... 67, 116, 121, 206, 215
6:5 ... 116, 154
6:8 ... 67
6:9 ... 116
6:13 ... 161
6:19 ... 95
6:22 ... 257
6:23 ... 89, 239, 257, 258
7:7 ... 87, 95
7:7-26 ... 169
7:10 ... 101
7:14 ... 95
7:22 ... 161
8 ... 22, 267
8:2 ... 136, 143, 167
8:3 ... 114, 115
8:4 ... 136, 195
8:5-8 ... 87
8:7 ... 95, 150
8:9 ... 57, 123, 132, 133, 137
8:10 ... 143
8:11 ... 116, 130, 132, 137, 280
8:13 ... 258
8:14 ... 136, 152
8:14-16 ... 167
8:15 ... 54, 136, 171
8:16 ... 56, 136
8:17 ... 167
8:19 ... 289
8:19-21 ... 242, 290
8:20-22 ... 240
8:23 ... 171, 240, 280
8:26 ... 56, 136, 138
8:27 ... 138
8:28 ... 63
8:29 ... 63, 66, 99, 166
8:30 ... 63, 66, 145, 146, 149, 168
8:31 ... 117
8:32 ... 54
8:33 ... 120, 164
8:34 ... 164
8:38 ... 171
8:39 ... 171
8:155 ... 47
9:1 ... 132
9:11 ... 149, 171
9:13 ... 68
9:16 ... 70, 148, 152
9:17 ... 68, 91
9:18 ... 68
9:21 ... 68, 71
9:22 ... 68, 69
9:23 ... 60
9:24 ... 149
9:24-26 ... 179, 270
9:25 ... 213
9:26 ... 213
9-11 ... 270
10 ... 142, 193, 233, 270

10:1 .... 63
10:5 .... 101
10:10 .... 155
10:14 .... 147, 193
10:17 .... 193
11 .... 64, 154, 176, 181
11:1-10 .... 270
11:7 .... 68
11:25 .... 269
11:25-29 .... 270
11:26 .... 264, 277
11:29 .... 64, 149, 152
11:33 .... 48
11:33-36 .... 35, 91
11:34 .... 131
11:36 .... 50, 68, 99
12:2 .... 49
12:4-8 .... 181
13:9 .... 195
13:12 .... 234
14:7 .... 136
14:9 .... 118
14:10 .... 283, 285
14:23 .... 158, 161
15:13 .... 131, 136
15:19 .... 131
16 .... 173
16:5 .... 173
16:29 .... 97
16:55 .... 181
985 .... 110

1 Korinthiërs

1:7 .... 118, 263
1:9 .... 179
1:16 .... 218
1:20 .... 34
1:21 .... 34, 192
1:23 .... 152, 192
1:24 .... 152, 192
1:27 .... 66
1:28 .... 66
1:30 .... 56, 143, 145, 167, 168
2:1 .... 192
2:2 .... 192
2:4 .... 95, 131
2:10 .... 56, 130
2:11 .... 57, 122, 130, 131
2:12 .... 136
2:13 .... 134
3:6-9 .... 148
3:12-15 .... 89
3:13 .... 286
3:13-15 .... 254
3:15 .... 253
3:16 .... 56, 131, 134, 174, 176
3:17 .... 56, 176
3:23 .... 54
4:1 .... 165
4:5 .... 118, 285
5:2 .... 190
5:7 .... 119, 222, 226
6:2 .... 285
6:3 .... 285
6:9 .... 89
6:11 .... 136, 137, 206
6:13-20 .... 280
6:14 .... 116, 117
6:45 .... 173
7:14 .... 212, 213
8:4 .... 53
8:5 .... 97
8:6 .... 54, 56, 83
8:65 .... 47
9:6 .... 286
10:16 .... 200, 225, 228
10:17 .... 228, 229
10:20 .... 97
10:21 .... 225
10:32 .... 173
11:10 .... 78
11:17-34 .... 183
11:18 .... 181
11:20 .... 222
11:20-22 .... 223
11:23 .... 231
11:23-26 .... 234

11:23-32 .......... 199
11:24 .......... 225, 227
11:26 .......... 118, 227, 228, 234
11:26-30 .......... 227
11:28 .......... 190, 221, 232
11:28-32 .......... 233
11:29 .......... 231, 232
12:3 .......... 109, 136, 153
12:4 .......... 134
12:4-6 .......... 57
12:4-7 .......... 181
12:4-11 .......... 57
12:6 .......... 162
12:11 .......... 56, 131
12:12 .......... 176
12:13 .......... 176, 218, 219, 229
12:27 .......... 218, 219
12:30 .......... 128
14:14 .......... 173
15 .......... 280, 281
15:8 .......... 152, 162
15:9 .......... 90
15:12-21 .......... 94
15:20 .......... 116, 280
15:20-22 .......... 116
15:21 .......... 93, 239
15:22 .......... 93, 95, 120, 275
15:23 ... 117, 121, 263, 275, 277, 280, 282
15:24 .......... 275
15:25 .......... 276
15:26 .......... 240
15:27 .......... 120
15:28 .......... 120
15:29 .......... 254
15:33 .......... 143
15:35 .......... 280, 281
15:35-49 .......... 280
15:43 .......... 281
15:44 .......... 137
15:45 .......... 240
15:49 .......... 248
15:51 .......... 256
15:51-57 .......... 240
15:53 .......... 280
15:55 .......... 240
15:56 .......... 239
16:17 .......... 263
16:19 .......... 173

2 Korinthiërs

1:9 .......... 280
1:19 .......... 185
1:22 .......... 137, 157
2:5-10 .......... 190
3 .......... 105
3:15 .......... 270
3:16 .......... 131, 270
3:17 .......... 118, 119, 132
3:18 .......... 143
4:4 .......... 79, 97
4:10 .......... 117
4:11 .......... 117
4:14 .......... 117
5:1 .......... 247, 260
5:5 .......... 137
5:6-9 .......... 255
5:8 .......... 248, 256
5:10 ...... 118, 247, 256, 283, 284, 285
5:18 .......... 120
5:19 .......... 164
5:21 .......... 110, 111
6:15 .......... 92
6:16 .......... 176, 211
6:16-18 .......... 176, 211
6:17 .......... 55, 179
6:18 .......... 46, 55
7:1 .......... 87
7:6 .......... 263
7:7 .......... 263
7:10 .......... 158, 159
8:9 .......... 112, 113
9:6 .......... 289
10:10 .......... 263
11:3 .......... 78
11:14 .......... 76
12:2 .......... 288

12:4 .......... 257
12:20 .......... 183
12:21 .......... 183
13:13 .......... 53, 122, 131, 132
Galasiërs
1:2 .......... 181
1:6 .......... 179, 183
1:7 .......... 183
1:8 .......... 184
1:13 .......... 173
2:3-5 .......... 215
2:16 .......... 155, 164
2:20 .......... 67, 120, 155, 168
3:6 .......... 212
3:8 .......... 211
3:9 .......... 211
3:10 .......... 49
3:12 .......... 101
3:13 .......... 101, 115, 119, 239
3:14 .......... 211
3:16 .......... 211, 212
3:23-29 .......... 219
3:24 .......... 105
3:36 .......... 166
4:1-3 .......... 105
4:1-7 .......... 105
4:4 .......... 99, 110, 111, 113, 120
4:5 .......... 113, 166
4:6. 56, 132, 133, 136, 138, 167, 171
4:14 .......... 77
4:26 .......... 174, 176
5 .......... 136
5:2-6 .......... 214
5:6 .......... 165
5:16 .......... 136
5:17 .......... 87, 136
5:20 .......... 249
5:21 .......... 89
5:22 .......... 128, 136
5:24 .......... 87
5:25 .......... 136
6:8 .......... 257
6:14 .......... 115, 160
Efesiërs
1:3 .......... 68, 177
1:3-14 .......... 56
1:4 .......... 60, 61, 62, 66, 68, 177
1:4-12 .......... 71
1:5 .......... 63, 66, 67
1:6 .......... 167
1:9 .......... 196
1:10 .......... 67, 99
1:11 .......... 49, 59, 99, 177
1:13 .......... 137, 157
1:20 .......... 117
1:20-23 .......... 176, 184
1:21 .......... 76, 77
1:22 .......... 121, 134, 173, 181
1:23 .......... 134, 173
2:1 .......... 149, 151
2:2 .......... 79, 98
2:3 .......... 165
2:4 .......... 49
2:6 .......... 67, 117
2:8 .......... 49, 63, 68, 153, 164, 198
2:9 .......... 49
2:10 .......... 170
2:11-20 .......... 270
2:12 .......... 165
2:13 .......... 165
2:14 .......... 105
2:14-19 .......... 226
2:18 .......... 136
2:19-22 .......... 176
2:20 .......... 121, 182
2:21 .......... 174
2:22 .......... 134, 136, 174
3 .......... 77
3:9 .......... 196
3:10 .......... 64, 76, 78, 83
3:11 .......... 63
3:15 .......... 47
3:16 .......... 143
3:18 .......... 11
3:155 .......... 54
4:3 .......... 136

4:4 ... 136
4:4-6 ... 182
4:7 ... 181
4:11 ... 185
4:12 ... 185
4:17-19 ... 87
4:22-24 ... 158
5:2 ... 119
5:4 ... 90
5:5 ... 164
5:11 ... 250
5:14 ... 179
5:25 ... 208
5:26 ... 208
5:30 ... 181
6 ... 242
6:1 ... 218
6:10-17 ... 178
6:11 ... 92
6:12 ... 76, 92, 98
6:13 ... 161
10 ... 77
Filippense
1:1 ... 186
1:6 ... 161, 171
1:13 ... 63
1:19 ... 123, 132, 133, 138
1:23 ... 253, 255, 257
1:29 ... 153
2 ... 109, 170
2:6-7 ... 112
2:6-11 ... 113
2:7 ... 112, 113, 114, 120
2:8 ... 113
2:9 ... 116, 120, 284
2:10 ... 109, 248
2:11 ... 108, 109
2:12 ... 71, 263
2:13 ... 71, 148, 152
3:2 ... 212
3:10 ... 117
3:12-14 ... 158, 161
3:14 ... 161
3:20 ... 118, 262, 275, 276, 283
3:21 ... 143, 247, 248, 283
Kolossense
1:15 ... 41, 54, 55, 83
1:15-17 ... 110
1:16 ... 74, 75, 76, 77
1:17 ... 67, 84
1:18 ... 116, 173, 181, 280
1:27 ... 196
2:4 ... 11
2:5 ... 155
2:9 ... 54
2:10 ... 77
2:11 ... 214, 215
2:12 ... 117, 206, 214, 215
2:14 ... 12
2:17 ... 105
3:1 ... 67, 121
3:4 ... 118, 276
3:9 ... 158
3:10 ... 158
4:14 ... 170
4:15 ... 173, 174, 181, 187, 188
1 Timoteus
1:3 ... 11
1:13 ... 90
1:17 ... 41
1:20 ... 170
2:4 ... 121
2:5 ... 53, 102, 212
2:6 ... 212
2:14 ... 92
3:6 ... 85
3:8 ... 186
3:15 ... 189
3:16 ... 92, 114, 196
4:1 ... 184, 268, 271
4:1-3 ... 264
4:2 ... 184, 271
4:3 ... 268
4:14 ... 187
5:2 ... 65
5:17 ... 186

5:21 ... 65
6:14 ... 263
6:15 ... 42, 242
6:16 ... 16, 41, 242, 257
2 Timoteus
1:5 ... 220
1:10 ... 240, 245, 263
2:13 ... 49
2:14 ... 11
2:17 ... 170
2:18 ... 278, 280
2:19 ... 44
2:25 ... 157, 160
3:1-5 ... 264, 268, 271
3:1-6 ... 27
3:5 ... 156
3:10 ... 63
3:15 ... 31, 193, 194
3:16 ... 27, 28, 29, 31, 131, 193, 194
4:1 ... 118, 263, 284
4:5 ... 185
4:8 ... 248, 263, 275, 284
4:10 ... 171
4:18 ... 277
Titus
2:13 ... 118, 263, 275, 276
2:14 ... 213
3:5 ... 132, 150, 206, 208, 215
3:6 ... 136
3:10 ... 190
Filemon
1:2 ... 188
Hebreërs
1:1 ... 24, 40, 74, 262, 288
1:2 ... 40, 56, 74
1:3 ... 54, 56, 84, 110
1:5 ... 55
1:6 ... 55
1:8 ... 109, 110
1:9 ... 109
1:14 ... 76, 78
2:4 ... 212
2:6-9 ... 109
2:7 ... 117
2:9 ... 113, 116, 117
2:10 ... 121
2:11 ... 121
2:14 ... 115, 240
2:15 ... 115
2:17 ... 111
2:18 ... 111
3:1 ... 118
3:12 ... 87
4:4 ... 82
4:9 ... 81, 213
4:10 ... 81
4:12 ... 192, 194
4:13 ... 40, 48
4:15 ... 110, 111, 114, 115
5:7 ... 114, 115
5:8 ... 114
6:1 ... 161
6:4-6 ... 140, 156
6:4-8 ... 90, 171
6:17 ... 60, 63, 64, 99
6:18 ... 64
6:20 ... 119, 120
7:1 ... 46, 119
7:9 ... 95
7:10 ... 95
7:21 ... 159
7:23 ... 119
7-10 ... 121
8:1 ... 119
8:2 ... 119
8:5 ... 208
8:10 ... 211, 219
8:10-12 ... 219
8:11 ... 219
9:5 ... 77
9:9-22 ... 208
9:10-22 ... 207, 208
9:14 ... 57, 110
9:24-26 ... 201
9:27 ... 284
9:28 ... 262, 263, 275, 276

10:5-7 ........................................... 134
10:10-14 ....................................... 201
10:15 ........................................... 134
10:22 .................................. 206, 208
10:26-29 ......................................... 90
10:26-31 ....................................... 171
10:27 ........................................... 284
11 ............................................... 212
11:1 ................................... 155, 157
11:1-3 ............................................ 44
11:3 ...................................... 73, 146
11:6 ............................................. 155
11:9 ............................................. 211
11:10 ........................... 211, 213, 279
11:13 ........................................... 211
11:13-16 ....................................... 279
11:19 ........................................... 279
11:28 ........................................... 208
12:2 ................................... 111, 116
12:9 ............................................... 54
12:17 ........................................... 161
12:22 .................................. 174, 176
12:23 .................................. 176, 255
12-:23 .......................................... 260
12-:23 .......................................... 260
12:24 ........................................... 208
12:27 ........................................... 288
13:8 ............................................. 102
Jakobus
1:13 ............................................... 69
1:14 ............................................... 69
1:15 ............................... 69, 92, 239
1:17 ................................. 48, 54, 64
2:8-11 .......................................... 195
2:9 ................................................. 86
2:10 ......................................... 86, 90
2:14-26 ........................................ 165
2:19 ............................................. 156
2:26 ........................... 157, 159, 238
3:2 ........................................ 89, 169
4:1 ................................................. 88
4:2 ................................................. 88
4:7 ................................................. 98
5:7 ............................................... 264
5:8 ............................................... 264
5:9 ............................................... 118
5:12 ............................................... 41
1 Petrus
1:1 ............................................... 131
1:2 ..................... 53, 63, 66, 131, 208
1:3 ............................................... 117
1:4 ............................................... 167
1:5 ................................................. 99
1:7 ............................................... 263
1:9-12 .......................................... 212
1:10 ............................................... 25
1:11 ............................................... 25
1:12 ......................................... 76, 78
1:13 ............................................. 263
1:19 ............................................. 111
1:20 ............................... 67, 102, 238
1:23 .................................... 151, 193
1:23-25 ........................................ 194
2:2 ............................................... 194
2:4-9 ............................................ 177
2:5 ............................................... 174
2:7 ................................................. 68
2:8 ........................................... 68, 69
2:9 ........................ 152, 169, 182, 213
2:10 ............................................. 218
2:15 ............................................. 181
2:16 ............................................. 181
2:22 ............................................. 110
2:24 ............................................. 114
3:15 ...................................... 37, 181
3:18 ............................................. 114
3:21 .................................... 206, 215
3:22 ............................................... 77
4:13 ............................................. 263
5:1 ............................................... 186
5:2 ...................................... 176, 218
5:3 ............................................... 218
5:8 ................................................. 76
2 Petrus
1:4 ................................................. 47
1:10 ......................................... 66, 71

1:15 ... 239
1:16 ... 239, 264
1:19-21 ... 27
1:21 ... 19, 29, 131, 134
2:1 ... 11, 171
2:1-3 ... 184
2:4 ... 65, 78, 79, 92, 285, 287
2:11 ... 76
3:3 ... 262, 269
3:4 ... 264
3:4-10 ... 275
3:7 ... 284, 285, 286
3:8 ... 48
3:9 ... 178, 285
3:10 ... 285
3:12 ... 264
3:13 ... 121, 288, 289
9:000 ... 269
9:1 ... 269

1 Johannes
1:1 ... 202
1:2 ... 117
1:5 ... 42, 48
1:8 ... 169
1:17 ... 91
2:1 ... 130, 138
2:2 ... 120
2:13 ... 47, 219
2:18 ... 238, 272, 274
2:18-23 ... 184
2:20 ... 57
2:22 ... 272, 273
2:27 ... 57, 134
2:28 ... 264
3:1-10 ... 55
3:4 ... 86, 195
3:5 ... 110
3:8 ... 76
3:8-10 ... 76
3:9 ... 160
3:14 ... 89
3:20 ... 48
3:41 ... 149
4:1 ... 11, 181
4:1-3 ... 184
4:2 ... 114
4:3 ... 272
4:8 ... 47
4:9 ... 49
5:3 ... 195
5:7 ... 53
5:16 ... 140, 171
5:20 ... 110

2 Johannes
1 ... 186
1:10 ... 190
7 ... 114, 272, 273

3 Johannes
1 .. 186

Judas
1:4 ... 68, 70
1:6 ... 78, 79, 92, 285
1:9 ... 78
1:20 ... 131
1:21 ... 131

Openbaring
1 ... 188
1:4 ... 46, 174
1:4-6 ... 53
1:5 ... 108, 116, 206, 280
1:7 ... 118, 262, 265, 275, 276
1:8 ... 46, 55, 265
1:11 ... 174
1:13 ... 110
1:17 ... 46, 83
1:18 ... 240
1:20 ... 174, 196
2 ... 183
2:1 ... 186
2:2 ... 190
2:4 ... 161
2:5 ... 160, 161
2:6 ... 11
2:7 ... 56, 174
2:10 ... 11
2:11 ... 174

2:13 ... 11
2:14 ... 190
2:16 ... 160
2:17 ... 43, 174
2:20 ... 190
2:24 ... 11, 190
2:85 ... 46
3:1 ... 132, 183
3:3 ... 11, 276
3:8 ... 11
3:10 ... 11
3:11 ... 11
4 ... 77
4:6 ... 287
4:8 ... 46
4:11 ... 74
5 ... 22, 84, 112, 117, 120, 274
5:9 ... 252
5:11 ... 77, 78
5:12 ... 112
6 ... 267, 269, 281
6:2-17 ... 267
6:8 ... 245, 267
6:9 ... 241, 255, 257, 260
6:9-11 ... 246, 249
6:10 ... 290
7 ... 271
7:9 ... 242, 257
7:14 ... 264
9:21 ... 250
10:5 ... 289
10:6 ... 74, 243, 289, 290
10:7 ... 290
11:17 ... 46
12 ... 92, 271
12:7 ... 78
12:9 ... 79
12:10 ... 78
13 ... 140, 271, 273
13:13-15 ... 250
14:7 ... 286
14:10 ... 76, 287
14:11 ... 258, 288
14:13 ... 248, 251
14:14 ... 109
15:3 ... 46
16:7 ... 46
16:14 ... 46
16:15 ... 276
16:17-21 ... 267
17:7 ... 196
19:7 ... 174
19:9 ... 234
19:10 ... 25
19:11-16 ... 277
19:13 ... 206
19:20 ... 274
20 ... 92, 277
20:2 ... 79
20:4 ... 255, 257, 260, 285
20:4-6 ... 283
20:10 ... 78, 79, 258, 288
20:11 ... 286, 288
20:11-15 ... 284
20:12 ... 256, 284, 285, 286
20:12-15 ... 248
20:13 ... 245, 248, 286
20:13-15 ... 282
20:14 ... 240, 245, 277, 287
20:15 ... 287
21 ... 290
21:1 ... 286, 288, 289
21:1-3 ... 288
21:2 ... 174
21:3 ... 100, 240, 289
21:4 ... 240, 241, 243, 248, 289, 290
21:5 ... 243, 290
21:6 ... 46, 243
21:8 ... 250, 287
21:23 ... 241
21:25 ... 241, 289
22 ... 277
22:3 ... 248
22:4 ... 44, 248
22:5 ... 241
22:12 ... 96

22:13..........................................46, 99
22:15..............................................250
22:16..............................................108
22:17..............................................139
21,22 .. ..........................................121